

DIE
LAAT-VICTORIAANSE
MOSELBAAI 1870 - 1902

deur



2

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor
in die Wysbegeerte aan die Universiteit
van Stellenbosch

Promotor: Prof. dr. P.W. Grobbelaar

Maart 1990

8. BADPLAAS EN GESONDHEIDSOORD

8.1 Totstandkomming van strandoorde

Vakansieoorde het in die middel van die 19de eeu by die dosyne aan die kus van Engeland ontstaan. Die totstandkomming van 'n spoorwegnetwerk het nie net welvaart tot gevolg gehad nie, maar het ook groot verandering op die gebied van ontspannings- en reismoontlikhede gebring (Burchell 1967: 68). Kusoorde was voorheen nie onbekend nie, maar dié badplase is alleen deur die aristokrasie besoek. Koning George IV het byvoorbeeld in 1820, as Prins van Wallis, 'n Oosterse pawiljoen as kuspaleis in Brightonstone opgerig. Die komst van die spoorweg het egter die gewone burgery van Engeland ook in staat gestel om die kus te bereik. Brightonstone is teen omstreeks 1870 in so 'n mate deur plesiergangers oorgeneem dat die adel na oorde op die Europese vasteland uitgewyk het (Hern 1967: 46–47; 50). Brighton, soos die dorp van toe af genoem is, het daarna in die eerste ware Britse strandoord ontwikkel (Hern 1967: 8; 14). Gereelde plesiertreine is reeds van 1860 ingestel om die vakman en sy gesin na die kus te neem. In 1871 was die Britse treinspoornetwerk feitlik voltooi toe die Bank Holiday Act uitgevaardig en vakansiedae vasgestel is. Laasgenoemde het die gewildheid van strandoorde verder aangehelp en die tydperk van die kusbesoek het in alle erns aangebreek (Hern 1967: 71; 75).

Dieselde het in Frankryk gebeur. Van die oorde aan die noordkus het wêreldbekendheid vir hul elegansie verwerf en vakansiegangers het in manjifieke hotelle met tot 200 kamers en pragtige uitsigte oor see en promenade tuisgegaan. Hierdie oorde en die gepaardgaande tydsgees is op voortreflike wyse deur die Franse Impressioniste in hul werk vasgevang (Burchell 1967: 59; 68).

8.2 Plaaslike omstandighede

In Suid-Afrika het die spoorweë veel later as in Brittanje en op die Europese vasteland tot stand gekom. Dit was in die voorspoorse dae moeilik vir binnelanders om die kus te besoek. Die tog van Kaapstad na Mosselbaai het byvoorbeeld per private kar bykans 'n week geduur. Die reis kon per poskar in slegs 33 uur afgelê word, maar was duur en uiter vermoedend (MBA 26.10.1887: Overland). Mosselbaai was as gevolg van die gereelde diens van die Royal Mail Steamship Service makliker bereikbaar as ander kusdorpies en is dus af en toe besoek (MBA 28.2.1883). Die mense het dikwels om gesondheidsredes gekom en die Mossel Bay Advertiser het dan na "our healthy little town" verwys (MBA 21.3.1883).


Alhoewel besoekers Mosselbaai eers in die 20ste eeu per trein kon bereik, kon hulle van 1887 reeds 'n gedeelte van die reis afle met dié opwindende vervoermiddel wat teen 88 kilometer per uur voortgesnel het. Bolandse besoekers kon via Worcester tot op Ashton reis en daar 'n passasier skar na Swellendam haal waar die poskar vir die laaste skof na Mosselbaai gereed gestaan het. Die hele reis het slegs 'n bietjie langer as twee dae geduur en is as betreklik gerieflik beskou (Burchell 1967: 59; MBA 26.10.1887: Overland).

Die meeste van die vakansiegangers wat Mosselbaai gereeld sou besoek, was van omliggende distrikte. Hulle het per ossewa gereis en was nie van die spoor afhanklik nie. Dit is dus opmerklik dat hulle eers van die laat tagtigerjare na die kus gekom het. Dit het moontlik daarmee te doen gehad dat seebaaiery aanvanklik as vreemd beskou is en slegs ná lang veldtogte by die gemeenskap inslag gevind het. Volgens die skrywer Victor de Kock moes volwassenes eers hul skuheid vir die water oorwin voordat kinders aangemoedig kon word om te swem. Daar is in die Victoriaanse Tyd veral klem gelê op die heilsaamheid van

kusvakansies eerder as op die genot wat dit sou bied (De Kock 1955: 119).

Volgens die verslaggewer van die pas gestigte Cape Times (Shaw 1975: 3), wat goewerneur sir Bartle Frere se reisgeselskap in 1877 vergesel het, was Mosselbaai "the dullest seaport town on the face of the globe". Hy het verder verklaar: "It is a sun scorched little settlement prolific, one would suppose, in scorpions and livelier vermin" (C Times 28.8.1877: Tour). Mosselbaai was tot en met die voltooiing van die Kleinbosch-waterskema (1886) inderdaad 'n droë en boomlose plek. Eerw. W.F. Taylor van die Anglikaanse Kerk het die gebrek aan vakansiegangers daaraan toegeskryf dat daar nie voldoende water vir besoekers se persoonlike behoeftes was nie. "What drives the best people out of the place is the utter depression of spirit produced by its utter barrenness, its dirt and discomfort, making them loathe the idea of long continuing here [...]", het hy in Desember 1884 verduidelik. Ná die voltooiing van die waterskema sou die dorp volgens hom gou 'n "less utterly desolate, miserable appearance" verkry en sou besoekers na Mosselbaai stroom (MBA 17.12.1884: Correspondence). Vader Taylor het plaaslik meteorologiese opnames vir die Kaapse sterrewag gemaak (Anoniem 1892: 6).

Dit was nie net die Cape Times wat die dorp as onaantreklik beskou het nie: Mosselbaai was Koloniewyd berug vir die ongunstige indruk wat dit van die ankerplek af gemaak het (MBA 24.12.1884: Meeting). Die South African Trade Journal and Shipping Gazette (Feb. 1893a: 220) het die dorp soos volg beskryf: "The town of Mossel Bay is not imposing from the anchorage. A bare, stony hill in rear of the place monopolizes the view to such an extent that the town itself is dwarfed, and lacks that picturesque surrounding necessary to make the habitations of man attractive to the eye. On the opposite side of the Bay, however, the Outeniqua Mountains present a grand line of scenic beauty. At the eastern end of the town, the hill above and the rock-strewn beach beneath extend to Cape St. Blaize, where the bold lighthouse-crowned profile of the



Whateley Elliot se voorstelling van die toneel wat besoekers aan boord van die posboot begroet het. Saans is op die houtkai gewandel waar soms promenadekonserte aangebied is.

Foto: Africana Museum E80

patron saint forms an abrupt and appropriate termination to both. It is only after landing that one gets a more favourable idea of the town itself, and the busy jetty shows at once that life and activity exist."

Volgens die redakteur van die Scotsman het Mosselbaai aan 'n Egiptiese begraafplaas herinner. Redakteur Powrie was dit met hom eens en het geskryf dat passasiers dikwels aan boord uitgeroep het: "What a God-forsaken place!" (MBA 5.5.1896: Notes). Dit is interessant om daarop te let dat die Duitser H.T. Wangemann, direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap, 'n gans ander mening as die Brits beïnvloede besoekers gehuldig het. Hy het op 23 Mei 1885 per skip aangekom en het die dorp, wat teen terrasse uitgelê is, as "ein schöner malerischer Anblick" ('n pragtige, skilderagtige toneel) beskryf (Wangemann 1886: 390). Hy het meermale in sy dagboek gemeld hoe pragtig Mosselbaai vir hom was.

In Maart 1883 het 'n vroeë groepie toeriste met 'n kusvaart van die Cape Mail Service by Mosselbaai geland en 'n dag of twee oorgebly. Die vakansiegangers is daarna met 'n ander posboot na Tafelbaai terug (C Times 9.3.1883: Local).

8.3 "The Brighton of South Africa"

Afgesien van die sogenaamde onaantreklike rotskoppie agter die dorp het Mosselbaai oor verskeie eienskappe beskik wat metertyd toeriste-potensiaal sou verseker. Die dorp is teen 'n steil helling bo die halfmaanvormige baai aangelê en kyk uit oor die see en Outeniekwaberge. Wangemann het die uitsig as "grossartig schön" (groots en pragtig) beskryf (Wangemann 1886: 391). Die ruwe skoonheid van die rotsagtige en grotryke kus by die Punt het besoekers, onder andere goewerneur Jan Janssens, van die vroegste tye aangegryp (KA: BR 550 Dagverhale 1 1804: 15). Een van die mooiste natuurlike swemplekke in Suid-Afrika word hier aangetref (Rabenheimer 1943: 12). Sandstrande aan die

westekant van die dorp bied ook veilige swemplek. Die gematigde klimaat is besonder gunstig vir vakansiegangers -- die gemiddelde jaarlikse temperatuurspeling is slegs sowat 7 grade Celsius (Stroebel 1969: 11). Die gemiddelde reënval van 430 millimeter is eweredig deur die jaar versprei (Nel 1947: 99).

Britse gebruik is met groot belangstelling op Mosselbaai gevolg. Redakteur Powrie het Mosselbaai van 1886, die jaar waarin die Kleinbosch-waterskema voltooi is, as kusoord en "first rate watering place" begin bemark. Dit was volgens hom slegs die gebrek aan spoorverbinding wat vakansiegangers weerhou het om na die Baai te stroom (MBA 13.1.1886: Resort). Die spoor was egter reeds in aanbou en sou Ashton slegs anderhalfjaar later bereik (MBA 26.10.1887: Overland). Die versiende redakteur het geweet dat Kolonianers spoedig op soek sou wees na strandoorde waar hulle, net soos die Britte, kon gaan ontspan.

'n Eertydse inwoner het gemeen dat Mosselbaai nie sy toeristepotensiaal, wat sy grootste bron van inkomste kon wees, ontgin het nie. Hy het verklaar dat die dorp oor geen toeriste-aantreklikhede beskik het nie en het die aanlê van "'Lovers Walks' and carriage drives along the windings of the coast and round the hills in the vicinity" voorgestel. Die Dorpsraad moes ook die aanstootlike Aloestraat (Sien Aloestraat) met 'n esplanade vervang en 'n boomlaning na die Punt aanplant. Mosselbaai het volgens hom die potensiaal gehad om, net soos die Duitse badpase en die Franse suidkus, 'n gereelde stroom "valetudinarians", soos graag na welgestelde invalides verwys is, te lok (MBA 23.10.1888: Correspondence; 10.9.1889: Hoofartikel).


In 1889 het daar 'n besonder gunstige berig oor Mosselbaai as badplaas en gesondheidsoord in die Kimberley Independent verskyn. Die natuurskoon, natuurlike swemsloep en oesters is hoog aangeprys. Volgens die blad sou dit voordelig wees as Mosselbaai met die westelike spoorwegnet en so ook met Hfst. VIII

Kimberley verbind kon word aangesien dit toegang tot die nuwe gesondheidsoord sou verleen (MBA 29.10.1889: Railway).

Die South African and International Exhibition wat drie jaar later (1892) in Kimberley gehou is, het die dorp die eerste geleentheid gebied om homself daadwerklik onder reisigers te bemark. Die opskrif van die uitstalling was "Mossel Bay as Health Resort". Dit het bestaan uit drie groot borde van sowat $1 \times 1 \frac{1}{2}$ meter, "most tastefully executed and finished in a most artistic manner" met foto's en beskrywings van plaaslike aantreklikhede, die temperatuur en afstande van ander dorpe. Die volgende inligting is ook gegee: "Mossel Bay offers great attractions as a watering-place and seaside resort. Magnificent marine scenery, a splendid climate, excellent sea-bathing in a naturally-protected bathing place, render it unequalled among South African health resorts, and should be specially attractive to Colonists residing up-country" (SATJ March 1893b: 5).

Onderaan elke plakkaat was 'n "wall pocket of scarlet plush with gold lettering" met gratis reisgidse. Die titel van die brosjure van sewe bladsye was: "General Description of the Town and District of Mossel Bay, an Unjustly neglected Port and undeveloped Watering Place and Health Resort". Die stuk open met 'n beskrywing van die Baai se ligging en waarsku onmiddellik dat die dorp van die ankerplek 'n ongunstige indruk maak. Die skrywer verduidelik egter dat water van oor 'n afstand van sowat 60 kilometer aangelê is, bome aangeplant word en dat die dorp spoedig nie meer as dor en onaantreklik beskryf sou kon word nie. Die voornemende vakansieganger word verder onder meer ingelig dat daar drie goeie hotels op die dorp is en dat, indien vooraf getelegrafeer word, 'n kar reisigers by Prins Albertwegstasie sou haal en binne twee dae op die dorp sou besorg (Anoniem 1892: 1-7).

Die titel van die inligtingstuk het die gemeenskap se ontevredenheid met die Hfst. VIII



Die voorblad van die reisgids wat vir die South African and International Exhibition (1892) saamgestel is. Die titel toon die gemeenskap se misnoëë met die owerheid se spoorwegbeleid.

owerheid se spoorwegbeleid verraai. Soos reeds vroeër aangedui, is Mosselbaai se natuurlike hinterland as gevolg van hierdie beleid grootliks verklein en moes die hawe 'n groot deel van sy handel aan Port Elizabeth en Kaapstad afstaan (Sien "This the Cinderella of the ports").

Mosselbaai se uitstalling op Kimberley was 'n sukses en verskeie koerante het met lof daaroor geskryf (MBA 13.9.1892: Resort). Die Diamond Fields Advertiser het verklaar: "we are delighted to see a too little known health resort of South Africa, Mossel Bay, pushing its claims to the front in a truly enterprising style". Die oord is volgens die illustrasies, "photographs, and therefore absolutely unexaggerated [...] really a charming place, combining country and seaside attractions, and yet offering all the comforts of ample civilisation", het die blad bygevoeg (MBA 8.11.1892 Resort).

Die Diamond Field Advertiser het Mosselbaai daarna sporadies as gesondheidsoord aanbeveel. Volgens die blad was die plaaslike seunskool van 'n hoogstaande gehalte en het 'n verblyf daar dus nie beteken dat seuns hul skoolopvoeding moes onderbreek nie (MBA 15.8.1893). Die oord was hierna "crowded with visitors from all the surrounding districts, bent upon holiday-making and enjoying the sea-breezes". Die hotelle was vol en besoekers wat vir 'n kuur van 'n paar maande gekom het, het huise gehuur. Die Advertiser het geskryf dat slegs spoorverbinding nodig was om Mosselbaai die mees gesogte kusoord van nie net die Kolonie tot by Kimberley te maak nie, maar ook van die Vrystaat, en selfs Transvaal. "Who knows but what with a railway we might become a second Margate, or Ramsgate, or St. Leonard's!", het die koerant gedroom. Daar is dikwels na Mosselbaai as die "Brighton of South Africa" verwys. Powrie het van toe af in die seisoen weekliks 'n lys van besoekers geplaas wat by die hotelle tuisgegaan het (MBA 7.2.1872: Planting; 16.1.1894: Notes; 6.2.1894: Visitors).

Die vakansiegids van die Koloniale spoorweë het Mosselbaai, tot die inwoners se
Hfst. VIII

misnoë, glad nie genoem nie (MBA 4.1.1898: Resorts). Die Union Line Gazette het egter die oord aangeprys: dit was besonder gesond, die dreinering goed, die strate wyd, die huise van plaaslike klip en die sterftesyfer laag. Laasgenoemde vermelding was belangrik aangesien daar in die Laat-Victoriaanse Tydperk groot klem op sterftesyfers by gesondheidsoorde gelê is en oorde met mekaar gewedywer het om die laagste syfer per duisend te hê (Hern 1967: 115). In die Kaapkolonie het hierdie inligting eers van 1 Januarie 1895 beskikbaar geword toe die registrasie van sterftes (en geboortes) verpligtend gemaak is (MBA 4.12.1894). Mosselbaai was trots daarop om onder die sestal Kaapse dorpe te kon tel met 'n sterftesyfer laer as dié van Engeland en Wallis. Die oord se sterftesyfer vir 1896 was slegs 16 per 1 000 blankes (in vergelyking met die Kaapse gemiddeld van 23). Die syfer vir Kleurlinge was 23 per 1 000 terwyl dié vir die Kolonie 46 was (MBA 2.11.1897: Notes). Die Union Line Gazette het die Mosselbaaise natuurskoon as aantreklik beskryf en gemeld dat vis en oesters billik bekom kon word (Jan. 1897: 188). Laasgenoemde skulpdiere was in die Victoriaanse Tyd 'n gesogte geregt en is in Brittanie deur alle lae van die gemeenskap geniet (Hern 1967: 78). In die Kaapkolonie was dit egter betreklik skaars (Blount 1821: 37) met die gevolg dat dit as een van Mosselbaai se groot toeristeattraksies beskou is (MBA 29.10.1889: Railway). Posbote het ook soms daarvan vir hul passasiers ingeneem (C Times 9.3.1883: Local). (Sien ook Hotelle.)

In die laat negentigerjare is die dorp nie meer soos in die middel van die dekade as "crowded" beskryf nie, maar as "swarming with visitors" (MBA 10.1.1899). Van die vakansiegangers moes selfs vanweë 'n gebrek aan huisvesting omdraai (MBA 11.1.1898: Jottings). Die Advertiser het geskryf dat die besoekers, wat hoofsaaklik van Oudtshoorn was, net een doel voor oë gehad het en dit was "to forget for a while the dust and the heat from the Karroo, and disport themselves in the briny waters and breezes of Mossel Bay" (MBA 25.1.1898: Jottings). In Januarie 1896 het 'n ongewone groepie van elf meisies

en seuns vir 'n paar dae buite die dorp gekampeer. Die jongmense was van Uniondale, het per verewa gereis en was begelei deur twee getroude mans. Hulle was in die "bovenland" op skool en is ná hul kort seevakansie aan boord van die Roslin Castle na Tafelbaai (Jonathan 1898/1899: 501-505).

Mosselbaai was besonder gewild onder Engelse geestelikes. Afgesien van predikante van nabijgeleë dorpe, het ook 'n Johannesburgse priester (MBA 21.5.1889) en die deken van Kaapstad (MBA 22.4.1890) per geleentheid hul verlof hier deurgebring. Eerw. A. Hall, redakteur van die South African Baptist, het korrek voorspel dat dit 'n gewilde aftree-oord sou word. Hy het gesê dat Mosselbaai hom herinner aan sy eertydse gemeente, dié van die Britse kusoord St. Leonard's naby Hastings (MBA 1.4.1902: Interview). Dié mening is meermale uitgespreek. Ook die feit dat Mosselbaai se klipgeboue met die hulp van Corniese klipkappers opgerig is, moes daar toe bygedra het dat die dorp besoekers aan Engeland laat dink het. 'n Verslaggewer van die Cape Times het egter per geleentheid van die dorp verklaar: "It is certainly about the most un English [sic] place in the world" (C Times 28.8.1877: Tour). Sy uitspraak het eerder na die gebrek aan weelderige plantegroei verwys as na die geboue of inwoners. Laasgenoemde was besonder Britsgesind en lojal aan die Britse kroon (MBA 1.10.1884: Hoofartikel).

Die Advertiser was daarvan oortuig dat Mosselbaai ná spooraanleg die vernaamste badplaas van die land sou word. Die koerant het die stadsvaders probeer beïnvloed om die toeristepotensiaal vroegtydig te ontgin sodat die oord gereed sou wees wanneer die toestroming kom (MBA 2.5.1899: Hoofartikel). Volgens die blad was die "Bayonians" nie toerismegerig nie en het hulle niks gedoen om die dorp te verfraai nie. Die koerant het die reël van vermaaklikhede soos watersport en konserte voorgestel (MBA 25.1.1898: Jottings) en gevoel dat 'n esplanade noodsaaklik was (MBA 2.5.1899: Hoofartikel).

Die helende eienskappe van 'n seevakansie is met die eeuwisseling steeds sterk beklemtoon (Hern 1967: 16; 23). Die Advertiser het die Baai nie net as die mees heilsame oord in Suid-Afrika beskryf nie, maar ook as een van die gesondstes ter wêreld. Volgens redakteur McIntyre was die moontlikheid dat 'n epidemie die dorp sou tref, gering aangesien die dreineringstelsel van sementslote en die skerp helling verhoed het dat water stagneer en "festering hotbeds of disease producing germs" vorm (MBA 24.12.1900: Hoofartikel). Die koerant het deur die jare veel tot die totstandkoming van hierdie uitstekende stelsel bygedra deur gedurig beswaar te maak oor "the state of our street drains, the exhalations from some of which are at times anything but odiferous, and strongly suggestive of fever and diseases of the most malignant and fatal description". Daar is in hierdie tyd algemeen aanvaar dat onwelriekende dampesiekttetoestande veroorsaak het (MBA 10.9.1889: Hoofartikel) en groot klem is op die heilsaamheid van die inaseming van osone gelê (Hern 1967: 18). Die Advertiser was dus geskok toe die Dorpsraad, ten spyte van herhaalde like vertoe in hoofartikels, besluit het om die municipale perdestalle nie net midde-in die dorp nie, maar op die strandgebied aan die onderent van Beachweg op te rig. Afgesien daarvan dat die "delightful ozone laden sea-breezes" versteur sou word, was die gebied volgens redakteur McIntyre "eminently fitted to be adorned with marine villas to improve the view from the sea" (MBA 24.12.1900: Hoofartikel; 10.6.1902: Building; Hoofartikel).

8.4 Mosselbaai gemeet aan Britse vakansieoorde

"An Inhabitant" het in 1874 soos volg aan die Advertiser geskryf in verband met Mosselbaai se moontlike ontwikkeling as kusoord: "I conceive Aliwal, Mossel Bay, might become the Brighton of South Africa, because of its nearness to Cape Town now by steamer, but no doubt by-and-by by railway, because of its pleasant situation in the neighbourhood of George Town and the Knysna; because its pleasant seashore and sands, where very beautiful specimens are to be found for Hfst. VIII



"The Brighton of South Africa". Vroue in lang tabberts en sambrele kuier in die son op die Munrostrand terwyl 'n man met pak en keil op die voorgond rus. Die spoorlyn is reeds om die baii aangelê. Die huis met die palmboom heel regs, is die voorste van die Munrohoekhuise.

Foto: Kaapse Argief AG9779

a marine aquarium, surpassing that of the south-coast Brighton in England in splendour and variety; because its sea-bathing is perfect and invigorating. And in its flower gardens might be found not only all English plants and flowers, but in their season both chandelier and other lilies and native plants" (MBA 4.3.1874: Correspondence).

Hoe het Mosselbaai in werklikheid gevaaar teenoor die kusoerde van die Laat-Victoriaanse Engeland waarmee die inwoners dit so graag vergelyk het? Volgens Anthony Hern, wat 'n studie oor die geskiedenis van die Engelse kusoord gemaak het, was vakansies in dié tyd bedoel om die vakansieganger goed te doen ("to Do You Good"). Die hoofaannname was dat die besoeker heelwat tyd aan besigtiging sou afstaan en sy kennis sou wou uitbrei deur die plaaslike argeologie en flora te bestudeer en plant- en fossielmonsters te versamel. Selfs op die strand sou hy die skulpkunde wou bestudeer. Die reisgidse het sterk daarop klem gelê en mense aangespoor om hulself tydens hul verlof geestelik op te hef en intellektueel te verryk (Hern 1967: 20; 93).

Mosselbaai het nie net heelwat te bied gehad wat marinelewe betref nie, maar die gebied om die dorp was in die vorige eeu oortrek van die protea, suikerbos, heide, aalwyn, wildevy, boegoe en ander medisinale plante (MBA 19.8.1874; 10.5.1892: Hoofartikel; 28.3.1893: Notes). Gedurende die lente was die veld 'n blommetapyt van madelliefies, wilde-ertjies en die helderblou grasklokkies waarvoor die Britte besonder lief was (MBA 19.8.1874; 28.8.1900: Brokkie; 8.11.1892: Notes; 9.9.1902: L&G). Voorhistoriese afvalhope, wat uit skulpe van die Strandlopers bestaan het, het algemeen langs die kus voorgekom en het saam met dié in die grot onder die Kaap St. Blaise-vuurting veel studiemoontlikheid gebied. Ene George Leith het in 1888 opgrawings in die grot gedoen en talle klipwerkstuie gevind (Goodwin & Malan 1935: 112). Die vuurtoringwagter het ook in 1900 'n artefak aan die voet van die kaap gevind (MBA 24.4.1900: Brokkie). 'n Biblioteek en leeskamer, wat besoekers teen



'n Bekoorlike foto van Blandstraat. Inwoners, meestal mans met pak en hoed, kom van die kaai aangestap waar hulle 'n geleentheid bygewoon het. Die groot gebou by die hawe met die seinpaal voor, is die "Queen's Warehouse". Die mees berugte afvoersloot was daaragter en het die straat met stank omgewe. Die gestreepte verandadak van die Standard Hotel verskyn regs op die voorgrond. Houtskutte beskerm boompies teen perde aan die linkerkant van die straat. Die vissers se nuwe strandjie kan dofweg in die verte links van die seemuur onderskei word.

Foto: Bartolomeu Dias-museum PBM 00200

betaling kon gebruik, was 'n vereiste by 'n goeie Britse oord (Hern 1967: 92). Die Mosselbaaise reisgids van 1892 het die plaaslike biblioteek in dieselfde asem as die swem- en hengelmoontlikhede aanbeveel (Anoniem 1892: 6).


In Engeland was die pier die verpersoonliking van 'n kusoord. Alhoewel die veel korter kaai wêreldwyd voorkom, is dié struktuur feitlik uniek aan die Britse Eilande. Mense het op die lang dek gewandel, die seelug met sy osone ingeasem en sonsondergange daarvandaan bewonder. Wandelaars kon al die heilsaamheid van 'n seevaart ondervind sonder om die negatiewe eienskappe, soos seesiekte, te trotseer. Die eerste pier is by Brighton opgerig en die langste, wat twee kilometer die see ingestrek het, by Southend. Pawiljoene is dikwels op die wandelhoofde gebou en allerlei vermaaklikhede is daar aangebied (Hern 1967: 63; 66-67; 104). Veral gewild was musiekuitvoerings saans (Hern 1967: 81). Die rubriekskrywer van "Notes by the Way" het in 1892 die plaaslike kaai, wat pas herstel is, as "a capital promenade" beskryf. Hy het dit net betreur dat "that gallows arrangement by which goods are hoisted from and into the lighters" nie verwijder is nie (MBA 14.6.1892: Notes). Die kraan waarna verwys word, het inderdaad aan 'n galg herinner en kan geredelik op foto's van die hawegebied uitgeken word. In die middel sewentigerjare is 'n bankie op die kaai aangebring en het die Advertiser die hoop uitgespreek dat "the pier of this so-called Brighton of the Colony will now be more generally used as a promenade especially on bright moonlight nights" (MBA 23.6.1875: L&G). Inwoners het dikwels saans tydens die roeiiseisoen hier op en af gekuier terwyl hulle gekyk het hoe die bemannings van snelbote vir die regatta oefen (MBA 16.4.1884). Wanneer skepe saans verwag is, het talle mense ook na die hawe gestroom, soos toe die Dunolly met 31 passasiers aangekom het en "the whole town seemed to have assembled on the jetty" (MBA 1.11.1898). Die hawegebied was op mooi aande volgens die Advertiser 'n romantiese toneel: "In the evening especially, with the sea calm as a mirror, and the vessels all more or less lit up, the launches each with its light, gliding over the waters lit up by the

moon and sparkling under its radiance, afforded a feast to the eye viewing it from the balconies or stoeps of the houses facing the pretty picture" (MBA 20.6.1899: Activity). Die stoomsleepboot kon deur "Pleasure Parties" vir vaarte op die baai gehuur word. Soms is ook "Moonlight excursions" om Robbe-eiland aangebied (MBA 6.9.1876: Notice; 20.2.1884: Advertensie; 26.11.1901: L+G).

Volgens Hern het min so vinnig 'n sosiale lewe vir 'n gemeenskap geskep soos die kom van 'n regiment (Hern 1967: 161). Van die Engelse vissersdorpies het hul hele ontwikkeling in vooruitstrewende kusoorde aan regemente te danke gehad. Die twee was so verweef dat militêre orkeste tot vandag sinoniem met 'n Britse seevakansie is en elke oord wat sy sout werd is, 'n besoek van 'n militêre orkes op sy program het. Hierdie orkeste het gewoonlik op die pier of in die park opgetree (Hern 1967: 161-163).

Die Mosselbaaise gemeenskap was dus besonder ingenome toe die Oudtshoorn Rifle Volunteer Corps aan die einde van 1894 'n weeklange kamp by die Punt gereël het. Redakteur Powrie het geskryf: "Military displays are out of the run of the usual Mossel Bay excitements and the novelty will be an attractive one. We shall fancy ourselves one of the 'Cinque Ports' of the Colony (which by the way we literally are), and we shall give ourselves all the airs of a garrison town, and throw ourselves madly into the whirl of all the gaieties and dissipations thereof. C.O. parades, camp inspections, sham fights, and church parades, will raise the military enthusiasm to [...] a pitch" (MBA 11.12.1894: Hoofartikel).

Die 73 man het die dorp op Sondag, 30 Desember, binnegemarsjeer. Met die orkes vooraan en 'n skare agterna is die korps met Marshstraat af tot by die Punt waar hulle kamp opgeslaan was. Die korps het onder aanvoering van kapt. Hadfield met drie muilwaens tot by Diepkloof gereis waar die mars begin het. Die orkes se bydrae tot die opwindende week was so belangrik dat die Advertiser elk van die 21 lede by die naam genoem het met die instrument wat hy bespeel



Die Oudtshoorn Rifle Volunteer Corps het einde 1894 en 1895 weeklange kampe met drilparades en skyngevegte by die Punt gehou. Die blaasorkes se uitvoerings was besonder gewild. "Point House" kan op die grasvlakte agter die tente gesien word met die vuurtoring hoër op. Van die vuurtoringpad, wat as wandelroete een van die vernaamste toeristeaantreklikhede was, is dikwels opwindende seevos- en walvisgevegte gade geslaan.

Foto: Bartolomeu Dias-museum AA PBM 00180

het. Die instrumente was van 'n hoë gehalte en is spesiaal vir die groep in Londen vervaardig. Die orkes het elke dag opgetree en het hoofsaaklik dansmusiek en marse uitgevoer. "Gems of Scotia" en "Death of Nelson" was besonder gewild. Oujaarsaand het ses- tot sewehonderd mense by raadslid C.W. Black se huis op die heuwel byeengekom om die Nuwejaar in te wag en na 'n uitvoering te luister. Die landgoed was verlig met Sjinese lanterns en 'n groot vreugdevuur is aangepak. Verskeie warmlugbalonne is opgestuur.

Die orkes het ook op die kaai musiek gemaak. In 'n lang hoofartikel is soos volg oor hierdie suksesvolle optrede berig: "Never before has there been such a concourse of people on the Jetty as assembled on Thursday evening to hear the Band. It is estimated that nearly a thousand people were there, and the occasion will be an historical one in Mossel Bay annals for the reason that electric light was utilized for public illumination for the first time." Gedurende die Volunteers se verblyf was daar ook onder andere 'n konsert in die Stadhuis, 'n optrede in die park, 'n dansparty ter ere van die korps en 'n uitvoering tydens die Mosselbaai-Oudtshoorn-krieketwedstryd. Die orkes was 'n bron van vreugde en die gemeenskap het £20 tot die orkesfonds bygedra en 'n thek van drie ghienies aan mnr. George Hind, die orkesleier, oorhandig. Die Volunteers se ander bedrywighede het ook belangstelling gewek. Daar was 'n skyngeveg met loskruitpatrone en gevulde bajonette by die Poort, 'n kerkparade by die St. Peter's kerk en daaglikse drilparades by die Punt (MBA 8.1.1895: Volunteers).

Die korps het die dorp die volgende jaar weer met 'n besoek vereer. Die Advertiser het die twee promenadekonserte, wat net sowel by 'n Britse oord gehou kon wees, soos volg beskryf: "On Tuesday afternoon the Band gave a promenade concert in the Park. The weather was lovely and the scene in the Park was a gay one. Red coats here and there dotted the scene, and together with the bright holiday costumes of the ladies made up a very pretty picture."

Van die uitvoering op die kaai is geskryf: "A brilliant moon looked out from a clear sky on the bandsmen and the promenaders as they assembled on the jetty on Wednesday evening. The weather was perfect, and with music, moonlight, and the merry voices of strollers, the usually prosaic jetty underwent a pleasing transformation" (MBA 7.1.1896: Volunteer). Die orkes het Mosselbaai aan die einde van 1899 en 1900, sonder die korps, besoek. Die musikante het in tente en waens langs die see gekampeer (MBA 19.12.1899: Advertensie; 8.1.1901: Band; Muziek). Redakteur McIntyre het in 1902 voorgestel dat 'n musiekkoepel op die kaai opgerig word (MBA 26.8.1902: Promenade). In Engeland was orkesverhoë op die piers algemeen (Phillips 1978: 110).

Mosselbaai self het in die tagtigerjare oor 'n blaasorkes beskik. Die gewildheid van hierdie orkeste -- teen 1900 was daar reeds 5 000 in Engeland -- kan daaraan toegeskryf word dat die instrumente as gevolg van die tegnologiese ontwikkeling betreklik goedkoop was. Die metaal was veel lichter as vroeër en die groot instrumente kon gevoldelik makliker gedra word. 'n Groot deel van die bekoring van die instrumente was dat dit redelik maklik bemeester en bespeel kon word. Die metaalinstrumente is anders as stryk- of houtblaasinstrumente nie deur nattigheid benadeel nie en kon dus buitenshuis in plaas van in duur gehuurde sale bespeel word (Phillips 1978: 119). Die Mossel Bay Brass Band, 'n afdeling van die Musical Society, is in September 1883 gestig. Dit het tot in die laat tagtigerjare bestaan (MBA 8.8.1883: Brokkie; 17.9.1884: Band; 22.6.1887: Jubilee). In 1902 is daar weer 'n orkes op die been gebring. Die elf spelers onder leiding van kapt. Lacey het een aand tydens die Ring van George se sitting op Mosselbaai op die stoep van die Masonic Hotel in Marshstraat opgetree om musiek aan die wandelaars te verskaf (MBA 14.10.1902: Nachtmaal). Met die stigting van die blaasorkes het "Bandsman" se Our Brass Band in die Advertiser (21.1.1902) verskyn:

"Hurrah! At last, at last,
A band of reed and brass
Is formed -- a long-felt want--
Since the first became defunct.

[...]

Thus, as we attain perfection,
We will give you a selection
Of music bright and gay,
So, wake up Mossel Bay!"

Die park, dikwels 'n "pleasure garden" genoem, was 'n belangrike aantreklikheid by Britse vakansieoorde. In Eastbourne het 'n orkes in 1880 twee keer per dag in die park opgetree (Hern 1967: 40; 118). Mosselbaai se park was die dorp se trots en is gedurig deur besoekers bewonder (MBA 6.12.1898: Supplement). Die gedagte om 'n park aan te lê, het in die sewentigerjare by die toenmalige resident-magistraat, George Hudson, ontstaan. Die park was noordwes van die dorp en het tot by die magistraatskantoor gestrek. Die 12,55 hektaar is op 7 Junie 1876 aan die munisipaliteit toegeken (AK: MBF 1: 28). Met koningin Victoria se Goue Jubileum in 1887 is die park "Victoria Park" gedoopt, 'n "Jubilee Tree" geplant en is in alle erns begin om die bosryke gebied te tem, bome te plant en paadjies uit te lê (MBA 22.6.1887: Jubilee). Die park was vir jare die enigste skaduryke plek op die dorp en mense het dit graag, veral op Sondae, besoek. "The view over the town and bay and the surrounding mountains is splendid [...] Already it is pleasant to walk through the winding pathways and 'Rosamond Bower' sort of avenues and to find one's self at the top of the ground, with a commanding view of all around", het die Advertiser in 1881 geskryf (MBA 31.8.1881: Hoofartikel). Later kon besoekers in 'n "airy summer house" ontspan (MBA 30.12.1890: Notes). Daar was in die negentigerjare ook nog wildebokke in die park (MBA 11.12.1894: Council). In 1885 en in 1896 is tennis- en kroukiebane onderskeidelik in die park gebou (Sten Tennis en Hfst. VIII

Kroukie) en in 1900 'n ornamentale sputfontein wat smiddae gespuit het (MBA 1.1.1900: Brokkie). Die park is die jaar daarna van 'n "garden engine and lawn mower" voorsien (MBA 5.3.1901). Tee, koffie, kakao, sjokoladedrank en boeljon kon daagliks van seweур soggens tot tienuur saans, "daintily dispensed", by die Park Tea Rooms geniet word. Die gebou is deur die burgemeestersvrou, Emily Vintcent (dogter van dr. Kitching), en ander vroue opgerig en het uit "general Rooms, Ladies' Parlour and Spacious Apartment for Families desiring more privacy" bestaan (MBA 25.6.1901: Tennis, 9.7.1901: Council; 8.9.1903: Advertensie). So 'n teekamer is in elke deftige Britse kusoord aangetref (Hern 1967: 79).

Een van die mees buitengewone vertonings wat in die park aangebied is, was dié van "Professor J.W. Price, the world's champion aeronaut". Hy het Mosselbaai in Oktober 1900 tydens 'n professionele reis besoek en sou met 'n warmlugballon opstyg en daarna met 'n valskerm land. Die toertjie is in sy advertensie beskryf as "The Greatest, Grandest and Most Wonderful Feat of Science, Skill and Nerve ever witnessed in South Africa". Die eerste poging is op die laaste nippertjie laat vaar toe ontdek is dat die boonste deel van die ballon deur vuur beskadig was. Die vlug het uiteindelik op Woensdagmiddag, 21 November, plaasgevind. Die groot ballon was van ongebleekte linne en was met 'n laag kunsstof behandel. Dit is met warm lug van 'n geïmproviseerde oond gevul. Die Advertiser beskryf die gebeure: "After the inflation the balloon presented a noble appearance, which was regarded with extreme interest by the concourse of spectators within the precincts of the Park, as also by the vast crowds that lined the fence. The start of the balloon on its upward flight was an exciting one and elicited great admiration. From below hung the parachute, and somewhat further down was the professor seated on a trapeze, while the gaze of everyone was fixed on the aeronaut who became smaller to appearance as the balloon soared heavenwards."

Advertiser, Tuesday, October 23, 1900.

**GRAND BALLOON
ASCENT
AND PARACHUTE
DESCENT,
BY THE WORLD'S CHAMPION
AERONAUT,
Prof. J. W. Price,
FROM THE PARK,**

MOSEL BAY,

Near the Summer House, on

Wednesday, Nov. 7th,

AT 4:30 P.M.,

The Greatest, Grandest and
Most Wonderful Feat of
Science, Skill and Nerve ever
witnessed in South Africa.

Come **early** and see the
Monster Balloon inflated by
Prof. Price's Special Process.

GATES open at 3:30 p.m.

INFLATING BALLOON at 4 p.m.

ASCENT 4:30 p.m.

Admission, Adults—2s.

Children—1s.

DON'T FORGET DAY AND DATE!
TICKETS may be obtained at
the following places:

Mrs. Wiggett, The Standard
Hotel, Trevanion Hotel, Ma-
sonic Hotel & Mr A. Cronson.

Special Notice.—As
Prof. Price's expenses are very
heavy, he has decided to place
tickets on Sale now, and as the
price of Admission is so small,
he hopes that the citizens of
Mossel Bay and the Farmers
of the District will show that
they appreciate his efforts to
please them by giving him
their hearty support.

**GROOTSCHE
BALLOON OPVAART**

EN

PARACHUTE NEDERDALING,

Door der Wereld Kamioen
Lucht Schipper,

Prof. J. W. PRICE,

UIT DE PARK, MOSEL BAAI,
Nabij het Zomer Huis, op

Woensdag, Nov. 7,

TEN 4:30 N.M.,

Het Grootste, Prachtigste en
Wonderlykste Feit der
Wetenschap, Kunde en
Geesteskracht ooit in Zuid
Africa beschouwd.

Kom **vroeg** en zie hoe de
Monster Ballon met lucht ver-
vuld wordt door middel van
de speciale bewerking van
Prof. Price.

HEKKEN open te ... 3:30 n.m.

OPBLAZEN VAN BALLON 4 p.m.

Opvaart 4:30 p.m.

Toegang—Volwassenen—2s.
Kinderen—1s.

VERGEET DEN DAD EN DATUM NIET!

Toegang Kaartjes te kry-
gen by Mrs Wiggett, De
Standard Hotel, De Trevan-
ion Hotel, De Masonic Hotel
en by Mr A Cronson.

SPECIALE KENNISGEVING.—
Daar de onkosten zoo zeer
groot zyn, heeft Prof. Price
besloten de tickets thans ten
verkoop te stellen, en daar de
prys van toegang zoo klein is,
hoopt hij dat de burgers van
Messel Baai en de Boeren in
het Distrik toonen zullen dat
zy zyne pogingen om hen
genoegen te doen zullen waarde-
eren en hunne hartelijke
ondersteuning geven.

"Professor" J.W. Price se ballon was van behandelde
ongebleekte linne en is met warm lug van 'n geïmproviseerde
oond gevul. 'n Reuse-skare het in die park toegekyk hoe die
lugreisiger, sittend op 'n sweefstok, hemelwaarts gevaar het.

(MBA 23.10.1900)

Ook hierdie poging het nie volgens plan verloop nie. Die "Lucht Schipper" kon as gevolg van probleme met die herstelde deel van die ballon nie hoog genoeg styg om met die valskerm af te spring nie. Alhoewel die skare teleurgesteld was dat die "Parachute Nederdaling" hulle nie beskore was nie, is die "Grootsche Ballon Opvaart" as baie besonders beskou en het dr. Francis McIntyre in sy koerant geskryf dat Mosselbaai nie kon verwag om weer so 'n skouspel te beleef nie. 'n Paar bote was gereed om die ballonvaarder op te pik indien hy oor die see sou afkom (MBA 23.10.1900: Advertensie; 20.11.1900: Brokkie; 27.11.1900: Balloon).

Volgens Hern is Britse vakansiegangers op Punch and Judy-vertonings vermaak. Daar was ook onder andere kragmanne, swaardslukkers, hansworse op stelte, mans met afgerigte bere, afgerigte muise en draaiorrels en ape (Hern 1967: 110). Vermaak soos dié is wel op Mosselbaai aangebied, maar nie deurentyd nie. Die groot afstande en swak reisomstandighede in die Kaapkolonie het tot gevolg gehad dat dit vir artieste veel moeiliker was om hier op te tree as byvoorbeeld in Engeland. Daar was ook veel minder mense op 'n plek soos Mosselbaai en gevoglik minder geld. Inwoners en besoekers kon sporadies Punch and Judy- en marionetvertonings geniet (MBA 2.4.1873: L&G; 28.6.1876; 22.5.1894: Marionettes), of na 'n meermin (MBA 5.10.1897: Council), eland (MBA 10.5.1882) of driebeenige perd (MBA 25.7.1899: Entertainment) gaan kyk. Nat Braham, "Scientist Palmist", het nie net die toekoms voorspel nie, maar ook gehore met sy "Wonderful Performing Fleas" vergas (MBA 25.8.1896: Fleas). Mnr. Bennett se "shadowgraphy"- vertonings en "paper tearing novelty", is deur die Advertiser as "free from every trace of vulgarity" beskryf (MBA 22.5.1894: Marionettes). Wat laasgenoemde behels het, is ongelukkig nie bekend nie. Die mallemeule is van tyd tot tyd op die veldjie naby die see en Stadhuis opgerig waar die draaiorrelmusiek mense van alle stande en range nadergelok het. Die mallemeule het gewoonlik vir 'n paar weke op 'n keer vertoeft (MBA 26.1.1892: Notes; 16.2.1892: Brokkie; 26.10.1897: Jottings). Die sirkus het die oord gereeld

Hfst. VIII

besoek en Christy Minstrel-vertonings, wat besonder gewild by Engelse kusoerde was (Hern 1967: 145), is gereeld op Mosselbaai aangebied (Sien Toneelverenigings en opvoerings).


8.5 Natuurlike aantreklikhede

Die ruwe Puntgebied met sy natuurlike swemsloep, die Poort, is as die oord se vernaamste natuurlike aantreklikheid beskou. Die mansprofiel wat deur die rotse van die grot gevorm word, was besonder gelief en foto's van die verskynsel is nie net aan besoekende seekapteins van oor die wêreld oorhandig nie, maar ook aan die Britse eerste minister, W.E. Gladstone, gestuur. Sommige mense het gemeen dat die profiel soos syne gelyk het, ander weer dat dit dié van die Hertog van Wellington of Sint Blasius was. Groot konsternasie het in Junie 1898 geheers toe dit op 'n dag bekend geword het dat die profiel om bouklip vir die nuwe hawe te bekom, weggeskiet sou word. Die steengroewe was by die Punt en 'n groot deel van die voorpunt van Kaap St. Blaise, onder meer 'n tweede grot, is deur die jare weggeskiet. Dr. Francis McIntyre, natuurliefhebber en redakteur van die plaaslike blad, het onder die opskrif, "To the Rescue!", betoog dat "the utmost romantic feature on the whole of the coast line" beskerm moes word aangesien dit eerlank, wanneer spoorverbinding bewerkstellig was, deur selfs meer besoekers bewonder sou kon word. Die skietery kon volgens hom ook weer die vuurtoring, soos agtien jaar vantevore, beskadig. Die volgende dringende telegram is onmiddellik deur burgemeester C. H. Bruns aan die Kommissaris van Kroongrond gestuur: "The Municipal Commissioners strongly object to the Harbour Works contractors quarrying stones under the Light-house, disfiguring the face of old St. Blaize, permission having been granted them by Public Works Department. Public Meeting to-morrow night. Please order encroachment to be stopped for the present" (MBA 14.6.1898: Rescue).

Die owerheid se beslissing om die steengroefwerk tydelik te stop, is die volgende aand, 15 Junie, op die vergadering in die Stadhuis bekend gemaak. Die kommissaris was die saak goedgesind: "I am most concerned at what you tell me regarding old St. Blaize", lui sy telegram. Die vergadering, die oproerigste tot toe in die dorp se geskiedenis, is in brieue aan die pers as 'n "public scandal" beskryf. Daar is na "personal abuse and an exhibition of temper" verwys. Burgemeester Bruns was in die voorsitterstoel. Dr. Alfred J. McNally, plaaslike geneesheer en voorstander van ontwikkeling, "poured forth his feelings with an acrimony that was visible in their expression, and which was directed against the chairman", aldus die Advertiser. Te midde van "thundering demonstrations from the back of the hall and interruptions from other parts of it" het die medikus verklaar: "[...] we do not care about making Mossel Bay a mere museum, or to allow any mere sentiments of aestheticism to stand in the way of advancement and improvement. All natural beauties will have to make way for these. Even if we have to blow St. Blaize down in our efforts to obtain this, he will have to go with the rest".

R.G. Dymond, vennoot van Hudson, Vreede & Co, het hom ondersteun. Die Advertiser het berig: "Mr Dymond [...] carried away by the excitement of the moment (to put it in its mildest form), proceeded amid deafening demonstrations from the lower part of the hall, to make a savage onslaught on ourselves [die Mossel Bay Advertiser] and next turning his vials of his wrath upon the chairman." Die invloedryke sakeman en latere parlementslid, A.I. Vincent, was ook bereid om, ten spyte van sy aanvanklike teenkanting, hom aan die kant van die ontwikkelaars te skaar en die profiel prys te gee.

'n Briefskrywer wat homself "A Mechanic" genoem het, het die gevoelens van die gewone burgery oor die vergadering weergegee: "They all think it was a disgrace to the town and I think so too, and I write this to let the people know that we trades-people are ashamed of Dr. McNally and Mr. Dymond the way



Die tonnelgrotte soos gesien deur 'n vroeë fotograaf. Dit was in die vorige eeu 'n gewaardeerde toeristeaantreklikheid. Hierdie deel van die kuslyn het besoekers aan die Britse oord, St. Leonard's-on-the-Sea, herinner. Die gebied word vandag selde besoek en is nog heeltemal ongerep.

Foto: Bartolomeu Dias-museum, afdruk geskenk deur P. Storrar

they went on last night, and I do think Mr. Dymond should have been huddled out neck and crop out of the hall. Really I was white with anger with that man and I am thankful that he is not one of our class but a gentleman -- nice sort of gentleman to be sure" (MBA 21.6.1898: Correspondence; Meeting).

Die steengroefwerk is elders by die Punt voortgesit en die profiel is gered (MBA 21.6.1898: Settled!). Bruns het hom in 1902 steeds teen die skietery by die Punt uitgespreek (MBA 9.9.1902: Council).

'n Ander natuurlike aantreklikheid was die Tonnelpoort wat destyds sowat drie kilometer van die dorp geleë was. 'n Inwoner van Durban het in 'n brief aan die Natal Mercury beskryf hoe hy en Hugh Mackay van die Standard Hotel waar hy (die Durbaniet) tuis was, een maanligaand daarheen gestap het. Volgens hom het dié deel van die Mosselbaaise kus hom sterk aan St. Leonard's-on-the-Sea herinner. Hy beskryf hoe hulle teen die steil afdraande afgeklouter het en met 'n kers deur die grot is. Hul moeite is volgens hom beloon met die uitsig wat aan die anderkant gewag het: "On the other side huge cliffs confronted our view, apparently unscalable; the majestic ocean, glistening with the resplendent rays of the moon -- each ripple of the waves assuming the appearance of molten silver -- enhanced the effect, which was almost indescribable. We gazed on the picture in mute adoration, inwardly bewailing our inability to depict the picturesque effect on canvas" (MBA 11.6.1895: Resort).

Groot waarde is in hierdie tyd aan gesondheidswandelings of "constitutionals" geheg. 'n Gewilde roete, in die woorde van die koerant, "one of the grandest walks at Mossel Bay", het by die park begin, verby C.W. Black se landgoed (sy huis, die eerste op die kop, was in die huidige Brunsstraat geleë) geleë, by die vuurtoring afgegaan en daarna by Marshstraat aangesluit. Hierdie voetpaadjie is as een van die dorp se hooftoeristaantreklikhede beskou (MBA 5.6.1900: Hoofartikel). Seldsame gesigte is van bo teen die rand gesien, soos

die Sondagmiddag toe twaalf seilskepe met wit seile vol in die son die baai binnegekom het (MBA 6.9.1882). Wandelaars het ook dikwels opwindende gevegte tussen walvis en seevos ("thresher shark") aanskou. Tydens dié gevegte het die haai uit die water gespring en die walvis se rug met sy verlengde stert geslaan sodat die water hoog die lug ingeskiet het. Die slae en die walvis se gebulk kon duidelik aan wal gehoor word. Die haai was soms van 'n swaardvis vergesel wat die walvis met sy swaardneus van onder aangeval het (MBA 27.10.1880; 1.12.1880: Odds; 18.10.1882; 15.9.1891: Brokkie; 21.10.1890: Brokkie). Die seevos behoort tot die haaifamilie Alopiidae en het 'n algehele lengte van sowat ses meter waarvan die boonste stertvin amper die helfte uitmaak (EB Mac 16 1974: 498).

'n Ander wandelroete was met die Georgepad langs vanwaar "an enchanting view of the town might be either photographed or sketched in water colour". 'n Inwoner het die wandeling soos volg beskryf: "Here it is we have the fair rising ground of wild Nature on the one side, and hear the music of the waves of the deep blue sea on the other, with that lovely range of George mountains, tipped with snow, as at this season, in a bright blue ethereal sky; and so we go on, till we scarp the hill leading to Diepkloof and now we are in the bush, and wending our way, see the beauty of these everlasting hills" (MBA 19.8.1874: Correspondence).

Die gewildste wandeling vir diiegene wat lus was vir "pedestrian exertion" was egter na die Punt waar die skoonheid van die ruwe rotse en oop see dit die ideale plek gemaak het om 'n middag te vertoef (MBA 13.10.1880: Odds). Die lug was ongelukkig dikwels nie suwer nie aangesien die strand tot 6 November 1894 as stortingsterrein vir karkasse gebruik is (Sien Karkasse). Die lyk van 'n pasgebore baba is ook eenmaal hier gevind (MBA 18.9.1878: L&G).

As badplaas en gesondheidsoord was Mosselbaai se grootste pluspunt die Hfst. VIII



'n Waterverftekening van die Puntgebied met die vuurtoring en seinpos daarbo. Die vuurtoringpad kan duidelik gesien word. Sportbyeenkomste is op die grasvlakte gehou en die prysuitdelings het dikwels voor "Point House" plaasgevind. Let daarop dat die huis hier reeds twee verdiepings het.

Foto: Bartolomeu Dias-museum B PBM 00734

Poortswemsloep en die geleentheid wat dit inwoners en besoekers gebied het om die heilsame uitwerking van 'n seebad te kon geniet.

8.6 "Sea bathing"

Seebaaiery het in die middel van die 19de eeu in Engeland gewild geword nadat die aanleg van die spoorwegnet die totstandkoming van kusoorde moontlik gemaak het (EB Mic IX 1974: 722). Van die Antieke beskawings het groot waarde aan die swemkuns geheg, maar die sport het gedurende die Middeleeue uitgesterv vanweë die wanopvatting dat buitelugswemmery vir die epidemies van die tyd verantwoordelik was. Hierdie vooroordeel is eers gedurende die Laat-Victoriaanse Tydperk genoegsaam te bowe gekom sodat watersport, eers in Groot-Brittanje en later elders, hervat kon word (EB Mac 17 1974: 860).

Aanvanklik is daar slegs ter bevordering van die gesondheid gebaai. Edward Blount, wat Kaapstad in 1820 besoek het, noem dat seebaaiery nie gewild was nie en dat dorpsvullis op die strand gestort is sodat die gety dit kon wegspoel (Blount 1821: 101). Die gebruik om 'n seebad te neem het slegs twee jaar na sy besoek 'n geweldige stoot gekry toe 'n "bathing machine" onder die beskermheerskap van goewerneur Lord Charles Somerset, op die strand naby die Kasteel beskikbaar gestel is (Laidler & Gelfand 1971: 143).

"Bathing machines" is algemeen in Engeland gebruik. Dit het bestaan uit 'n regkoekige klein houtkamer op 'n onderstel met wiele. Daar was 'n deur in elke kort sy en 'n venstertjie in elke lang sy. Die baaier het met houttrappies ingeklim en begin ontklee terwyl 'n werker die perd aan die seekant van die "machine" ingespan het. Die rytuig is die see ingetrek totdat die vloer van die kleedkamer gelyk met die water was. Nadat die perd na die ander kant omgespan is, kon die baaier die deur oopmaak waar die baagids gereed was om hom onder te dompel indien hy te senuagtig was om self kop eerste die water in

te plons. Die gidse was as "dippers" bekend. Ná die bad is die gas weer met behulp van die trappies die hokkie in waar hy aangetrek het terwyl die wa na die droë sand teruggetrek is. Van die badkoetse het 'n "Modesty Hood", 'n gekurfde seilkap, voor aan die hokkie gehad wat afgeslaan kon word om vroue of misvormdes te verberg. Vroue is van flanelrokke voorsien en is deur vrouegidse gehelp (Hern 1967: 23, 30).

Die Kaapse badkoets is deur ene mnr. Henry Brest bedryf. Dit was van 'n groot kap voorsien wat tot in die water gestrek het. Die gerief kon teen 'n bedrag van 12 riksdaalders per maand of 1 riksdaalder per keer gehuur word tussen vyf- en nege-uur soggens, ongeag die gety. Die bedrag het, net soos in Engeland, begeleiding ingesluit. Somerset het die storting van vullis naby die baaiplek verbied maar dit is nie goed beheer nie en die baaiplek was in 1825 dikwels weersinwekkend vanweë drywende vullis (Laidler & Gelfand 1971: 143). Badkoetse het in 1877 op die strand van Port Elizabeth en in 1895 op dié van Oos-Londen verskyn. Aan die einde van die eeu was die laaste van hierdie geriewe by Woodstock in gebruik (Laidler & Gelfant 1971: 344).

Daar was allerlei regulasies en voorsorgsmaatreëls verbonde aan baaiery, of "a dip in the briny", soos graag daarna verwys is. Die Royal Humane Society het in 1871 via die Mossel Bay Advertiser diegene wat aan duiseligheid, flouheid of hartkloppings gely het, gewaarsku om eers mediese advies in te win voordat hulle die water ingegaan het. Mense is ook ten sterkste afgeraai om te baai wanneer hulle uitgeput of natgesweet was (MBA 6.9.1871; 29.10.1889: Railway). Die geskikste tyd vir 'n seebad was, volgens die artikel, sowat twee uur ná ontbyt en niemand behalwe die mees robuuste mense moes dit waag om op 'n leë maag te swem nie (MBA 6.9.1871). Die plaaslike geneesheer het ook hierdie mening gehuldig. Die sewentienjarige Agnes Vintcent (die latere mev. John X. Merriman) skryf tydens 'n vakansie op Groot-Brakrivier aan haar suster Maria: "we still go out bathing every morning, we only go at about half past six as Dr Hfst. VIII

Kitching does not quite approve of very early bathing" (SAB: MSC 512 A. Vintcent -- M. van der Bijl, 7.2.1871). Mense het selde op die warmste deel van die dag geswem aangesien geneeskundiges lank geglo het dat die porieë van die vel nie op 'n onnatuurlike wyse geopen moes word nie. Baaiers is om dié rede aangeraai om slegs te baai wanneer die liggaam en die water koel was (Hern 1967: 21).

Baaillery was met Mosselbaai se dorpswording in 1852 so ongewoon dat die eerste munisipale regulasies geen bepalings hieroor bevat het nie (Gazette 15.7.1852). Die plaaslike strande is net soos dié van Kaapstad as afvalterrein gebruik (Scheffler 1986: 24). Die eerste vermelding van 'n swemmery in die Mossel Bay Advertiser was in 1873 toe die "streetkeeper" opdrag ontvang het om toe te sien dat daar nie by die kaai geswem word nie (MBA 19.3.1873). Kort daarna het die blad berig dat die natuurlike baaiplek by die Punt daardie seisoen dikwels deur inwoners sowel as vakansiegangers besoek is en dat 'n uitstekende pad daarheen gebou is (MBA 9.4.1873). In 1875 is gemeld dat die damesbadhuisie net onderkant die sakegebou van Barry, Hudson & Co deur vandale beskadig is (MBA 7.7.1875). Afgesien van hierdie drie verwysings was daar geen ander vermelding van baaillery tussen 1873 en 1880 nie. Daar kan aangeneem word dat van die inwoners gereeld gebaat het, maar dat die gebruik nog nie hoog mode was nie.

Met die koms van die tagtigerjare het die koerant skielik gewemel van berigte oor baaillery. Die Mossel Bay Advertiser het hom daarvoor beywer om die Poort vir vroue oopgestel te kry aangesien die blad dit as onregverdig beskou het dat slegs die "lords of creation" die koel water kon geniet (MBA 8.12.1880: Odds). Hierdie verandering kan daaraan toegeskryf word dat swemmery in die vroeë tagtigerjare groot opgang in die Kolonie gemaak het. In 1882 is daar byvoorbeeld 'n veilige seebaampiek vir vroue en kinders by Seepunt ingerig. In 1883 is 'n baadiens by Woodstock ingestel waar swemkussings, handdoeke en swemdrag gehuur kon word en mense te midde van vullis en wrakstukke ontspan

het. Port Elizabeth se baaigeriewe met sy twee varswaterstorte en kleedkamers is in dieselfde jaar deur meer as 1 100 mense gebruik (Laidler & Gelfand 1971: 344).

8.6.1 Poortontwikkeling

'n Veldtog is vroeg in die somer van 1881 onderneem om die Punt-swemplek, wat algemeen as die Poort bekend gestaan het (MBA 3.5.1882), te verbeter en 'n kollektelys is geopen. Die Union Steamship Company het graag ontwikkeling in die Kolonie bevorder en het ook bygedra (MBA 30.11.1881) tot die projek wat £26 sou kos (MBA 2.11.1881). Dit sou bestaan uit die bou van twee cementpaadjies oor die rotse, twee stelle trappies wat in die water aflei, 'n badhuis vir vroue en toue wat oor die sloep gespan is (MBA 18.1.1882). Vroue het intussen die reg verkry om ook die swemplek te gebruik, maar dit was volgens die leier van die Poort-beweging onregverdig dat mans die beste swemtyd gehad het en dat vroue verplig was om op die warmste deel van die dag te baai (MBA 2.11.1881). Ook redakteur Powrie verwys na die "lords of creation" se "arbitrary and unaccommodating" houding en skryf dat albei geslagte die reg had om die "healthful and invigorating luxury of a sea-bath without restraint" te kon geniet. Die ligging van die Poort was onverbeterlik, bereikbaar, maar tog afgesondert. Volgens Powrie kon dit in een van die pragtigste en veiligste natuurlike seebaddens ter wêreld omskep word (MBA 2.11.1881).

'n Vergadering wat geblyk het die oproerigste tot in daardie stadium in die Mosselbaaise geskiedenis te wees, is op Woensdagaand, 26 April 1882, in die Stadhuis gehou om regulasies vir die pas voltooide Poort-projek aan te neem. Die Mossel Bay Advertiser het agterna geskryf: "such a scene took place as we hope, for the credit of Mossel Bay, not to witness again". Die gemoedere het so hoog geloop en die wanorde was van so 'n aard dat dit by tye onmoontlik was om notule te hou. Die voorsitter, "under very trying circumstances, was calm

and gentlemanly throughout", aldus Powrie. Die rede vir die konsternasie was die wanopvatting dat die swemplek, wat tradisioneel vir alle lede van die "sterner sex" toeganklik was, voortaan slegs vir 'n klein deel van die inwoners, die "haristocrats", soos een spreker dit gestel het, beskore sou wees. In die regulasies is daar per abuis na "Ladies" en "Gentlemen" verwys in plaas van na "Females" en "Males". Mense uit die laer stande was gevolglik onder die indruk dat die geriewe voortaan vir hulle taboe sou wees. Daar is ook verkeerdelik aangeneem dat mense wat nie tot die boufonds bygedra het nie, toegang geweier sou word (MBA 3.5.1882: Bathing; Correspondence; Hoofartikel). 'n Groot bord met die volgende kennisgewing is hierna by die Poort aangebring:

"Notice

The public are requested to observe that the hours from 7.30 a.m. to 2 p.m. have been set aside for the ladies to bathe; before and after those hours for gentlemen. No bathing allowed on Sundays after 1 pm.


By order,

W. Mitchell, secr."

(MBA 16.8.1882: Municipality; MBA 6.9.1882: Municipality).

Daar is ook bepaal dat die badhuis uitsluitlik vir die gebruik van vroue sou wees en dat dit buite hul swemtyd gesluit gehou sou word. Die beskadiging van eiendom en die pleging van "nuisances" naby die Poort is verbode verklaar (MBA 3.5.1882: Bathing). Die woord "nuisance" is in die Victoriaanse Tydperk vir enige onaangenaamheid, maar veral vir ontlasting, gebruik.

Die Dorpsraad het by die Poortkomitee oorgeneem en was voortaan vir die onderhoud van die geriewe verantwoordelik (MBA 16.8.1882: Municipality). Die sleutel van die badhuis het spoedig soek geraak en jong mans het die geboutjie begin gebruik en met sigaarstompies, spu en tabaksop bemors (MBA 11.10.1882: Hfst. VIII



Die Poort, bekend as die veiligste natuurlike swemplek in die Kolonie, was die hoofaantreklikheid van die badplaas. Die Union Steamship Co het in 1881 tot die oorspronklike ontwikkeling bygedra.

Vroue is toe vir die eerste keer toegelaat. Kaalswemmy is in 1892 amptelik verbied, maar die "lords of creation" het, soos op die foto, daarmee aangehou tot in die huidige eeu.

Foto: Bartolomeu Dias-museum DD PBM 00343b

Municipality; 25.10.1882: Odds). Aan die begin van die volgende swemseisoen was dit vir die Advertiser nodig om die "powers that be" aan te spreek oor die Poort-geriewe: die badhuis was in 'n "disreputable condition" en die trappies het gedurende die wintermaande weggespoel (MBA 5.9.1883: Odds). Die stryd sou jare voortduur. Gedurende die winter van 1888 het storms "sad havoc" aangerig toe dit die grootste deel van die sementpaadjies en die trappies weggespoel en ook die loopbrug na die "Alabama" (groot rots) beskadig het (MBA 9.10.1888). Ook vandale het hul deel bygedra. "Jack-o'-Lantern" kla in sy gereelde rubriek dat die Dorpsraad die Poort aan "filth, decay, and obscenity" oorgee. Hy skryf: "I should like my wife and family to avail themselves of a health-giving dip in the 'briny', but do you think that I am going to do violence to their finer feelings by allowing them to be witnesses to the rough sketches in charcoal and chalk which adorn the walls of the bathing-house?" (MBA 21.1.1885).

Sewe jaar sou verloop voordat die Dorpsraad enige noemenswaardige herstelwerk aangebring het (MBA 30.10.1888: Bathing). 'n Nuwe ingang en voetpaadjies is toe gebou, die sementpaadjie opgeknap en die brug na die Alabamarots versterk (MBA 12.3.1889). Die bousels het as gevolg van gebrekkige onderhoud spoedig agteruitgegaan. Die skrywer van die rubriek "Notes by the Way" meld na menige vertoë: "I'm jollywell sick of writing about the bathing place [...]" (MBA 29.11.1892). Ten einde raad het die gemeenskap in 1894 'n Christy Minstrel-vertoning op die planke gebring om geld in te samel vir herstelwerk. "Notes" se kommentaar: "So after all, this place is to be kept in order by private parties, notwithstanding the great flourish of trumpets made by the municipality at one time" (MBA 17.7.1894: Notes). Kort na "Notes" se tirade het die Dorpsraad besluit dat die Poort aantrekliker gemaak moes word omdat Mosselbaai beroemd was vir sy baaiery en die swemplek groot waarde as toeriste-aantreklikheid gehad het. (MBA 11.12.1894: Council). Niks is egter gedoen nie. 'n Artikel wat 'n jaar later in die Oudtshoorn Courant die lof van Mosselbaai

as badplaas besing en voorstelle oor die swemplek gemaak het (MBA 26.11.1895: Notes), het die raad vinnig tot aksie gedwing. Op 'n spesiale vergadering wat inderhaas op 'n Saterdagoggend gehou is, is besluit om 'n sinkbadhuis te bou. Dié struktuur is onmiddellik opgerig, maar is summier deur "some miscreant" beskadig (MBA 17.12.1895: Bathing). 'n Beloning van £5 is uitgeloof vir inligting in verband met oortreders (MBA 26.11.1895: Council).

Die sinkhokkie is in die winter van 1898, slegs drie jaar ná oprigting, deur 'n storm vernietig (MBA 5.7.1898: Council). Die Dorpsraad het nie kans gesien om dit te vervang nie en het 'n platform agter 'n hoë rots aangebring waar vroue kon verklee (MBA 6.9.1898: Supplement). 'n Besonder onaantreklike (MBA 6.12.1898) sinkplaatskerm is ook opgerig om groter privaatheid te verseker (MBA 11.10.1898: Supplement). Teen die einde van die Anglo-Boereoorlog het dorpslui weer 'n kollektelys rondgestuur vir die oprigting van nog 'n skuiling nadat die bestaande een weggespoel het (MBA 22.4.1902: Bathing). Die Poortswemplek het die behoefté aan badkoetse uitgeskakel.

8.6.2 Swemdrag

Die mans wat by die Poort geswem het, het hul min aan die munisipale regulasie van 1877 gesteur waarvolgens mense nie ontbloot op straat of op die strand mog verskyn nie (Gazette 31.7.1877). Die Advertiser het vroeg in die tagtigerjare voorgestel dat polisie die Punt besoek om toe te sien dat van die jong mans nie die grense van welvoeglikheid oorskry nie aangesien "the modesty of several ladies who were walking in that direction was shocked at what they then saw" (MBA 25.1.1882). Die blad het hom ook ten sterkste uitgespreek teen die "blackguardly" en "shameful conduct" van seuns wat gedurende vroueswemtyd die water ingegaan het, "compelling the girls to hurry out and dress themselves as best they could" (MBA 8.1.1889: Bathing). Die koerant het in die vroeë negentigerjare nog steeds te velde getrek teen die onfatsoenlikheid van die

naakte mans (MBA 10.11.1891: Notes; 29.12.1891). In Maart 1892 is dit amptelik verbode verklaar om in die gebied tussen die Poort en Munrobaai sonder 'n behoorlike baaikostuum te swem (MBA 8.3.1892: Council). Die nuwe reël het dus nie vir die kampeerders by De Bakke gegeld nie.

Die prys van swembroeke is hierna summier met 15 persent verhoog en groot sake is vir klereleveransiers voorspel (MBA 6.9.1892: Notes). Die eerste advertensie vir baaiklere, "Bathing Drawers" vir mans, het dié somer in die Advertiser verskyn (MBA 13.12.1892). Hierdie broeke is "calecons" genoem en het tot by die knie gestrek en was by die middel ingeryg (Hern 1967: 24). Toonaangewende winkels het kort hierna groot bestellings swemdrag, "the proper things, [...] none of your triangular bandage arrangements without sleeves, but proper costumes [...]", in Engeland geplaas met die oog op 'n watersportbyeenkoms wat deur vrouetoeskouers bygewoon sou word (MBA 21.2.1893: Notes). Die swempakke waarna hier verwys is, was die "University costume" wat die "drawers" vervang het. Dit is oorspronklik tydens swembyeenkomste by Oxford en Cambridge gedra en het ook die bors en naeltjie bedek en styf om die laer dy gepas (Hern 1967: 24). Van Mosselbaai se beoogde watersportbyeenkoms het daar egter niks gekom nie (MBA 14.3.1893: Notes). Die handelaar C.W. Black het onder die opskrif "The Bathing Season" 'n verskeidenheid handdoeke vanaf 3d. stuk aangebied. Daar was onder ander wit en gestreepte Turkse handdoeke en doeke van knoppieskatoen ("huckabuck"), knoppieslinne en wafelstof (MBA 26.10.1897). Die eerste advertensie vir vrouebaaklere, "Dames Bad Kostumen en Caps", het eers ses jaar ná die vir die mans op 13 Desember 1898 verskyn (MBA 13.12.1898). Dit kan daaraan toegeskryf word dat vroueswemdrag aanvanklik self gemaak is. Die kostuum het in dié tyd bestaan uit 'n donker sergepak waarvan die lyfie en kneibroek aanmekaar was. 'n Romp of rok is bo-oor gedra. Swart kouse, badskoene wat om die enkels vasryg en 'n Skotse mus ("tam-o-shanter") van rubberbehandelde katoen het die uitrusting voltooi (Strutt 1975: 368-369).

'n Afdeling met baaireëls is vir die eerste keer in die municipale regulasies ingesluit toe dit in 1899 hersien is. Die verordening in verband met baaidrag is ook hierin vervat. Alhoewel oortreders 'n boete van £5 of 'n maksimum gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid van een maand opgelê kon word (MBM 1899: 27), is geen skuldiges ooit, tot die misnoë van redakteur McIntyre, gestraf nie (MBA 11.3.1902: Nuisances). Die rede hiervoor was dat daar niemand by die Punt was om die regulasie af te dwing nie (MBA 17.1.1893: Notes). Naakswemmyery het in die 20ste eeu steeds voorgekom (MBA 11.3.1902: Correspondence). In Engeland is swemdrag in 1860 by Brighton ingevoer. Mans het egter tot die sewentigerjare by Margate kaal geswem en 'n jong predikant het in 1872 in sy dagboek geskryf hoe hy en ander gereeld soggens sonder klere by Weston-super-Mare oor die strand na die see gehardloop het (Hern 1967: 31).

8.6.3 Vroueswemtyd

Ook in Engeland is die twee geslagte in die water geskei. By Margate het die reëling byvoorbeeld vir meer as 'n eeu gegeld (Hern 1967: 34). Op Mosselbaai was die swemtyd vir vroue van halfagt in die oggend tot twee-uur in die middag. Die tyd is as onredelik beskou aangesien hulle verplig was om die lang afstand na die Punt op die warmste tyd van die dag af te lê (MBA 25.8.1891: Notes). Dit is algemeen aanvaar dat mans wat voor ontbyt kon swem, veel beter daaraan toe was (MBA 27.1.1891: Notes). Swemtye is gevoleglik verander na vyf- tot sewe-uur soggens en vier- tot agtuur in die namiddag vir mans en sewe- tot twaalfuur soggens vir vroue (MBA 8.3.1892: Council). Daar was egter nog soveel ontevredenhed dat 'n vrou die buitengewone stap gedaan het om haar tot die pers te wend. Haar brief is nie geplaas nie, maar is onder die opskrif "Is it fair?" bespreek. Volgens die beswaarde het 'n groepie vroue smiddae om halfvyf naby Munrobaai probeer swem. Ambagslui, klerke, werkers en seuns het egter gedurig verbygekom terwyl hulle gebaat en verklee het. Sy het voorgestel dat die Poort aan mans en Munrobaai aan vroue toegeken word aangesien die Punt

buitendien te ver vir hulle was (MBA 13.2.1900).

8.6.4 "Nuisances"

Die atmosfeer was nie altyd aangenaam by die Punt nie. Ten spyte van die reël van 1882 wat die pleeg van "nuisances" verbied het, het mense -- veral seuns -- hulle dikwels hieraan skuldig gemaak (MBA 6.1.1891). "The present state of affairs is most disgusting [...]", skryf die Advertiser vroeg in 1892 hieroor (MBA 12.1.1892: Notes). Twee maande later word 'n munisipale regulasie uitgevaardig (MBA 8.3.1892: Council), maar die onaangenaamheid het egter voortgeduur en die Poort was dikwels "in a filthy state on account of the nuisances committed there [...]" (MBA 17.1.1893: Notes). Aan die einde van die eeu is daar op 'n munisipale vergadering gevra dat die gemeenskap beskerm word teen "a most beastly nuisance, which is taking place at the natural bathing place of this town". Die aard van die steurnis is onbekend; dit kon moontlik ook te maak gehad het met ontlasting maar dit kon ook iets anders gewees het. Dit was nietemin selfs aanstootliker as die feit dat 'n balie nagvuil agter 'n bos by die Punt gestort is (MBA 7.3.1899: Council). As gevolg van hierdie gebeurtenisse is die straf vir 'n misdryf na £5 of een maand gevangenisstraf verhoog (MBA 7.3.1899: Bathing). In Maart 1901 is vyf mans gevonnis, maar slegs 'n boete van 'n halfkroon of 24 uur gevangenisstraf is opgeleë (MBA 26.3.1901: Court). Die Mossel Bay Advertiser berig 'n jaar later dat daar by die Poort plekke is "whence an abominable stench issues, prevading the atmosphere around the bathing-place with an odour, that is sickening" (MBA 11.3.1902: Nuisances). Hierdie probleem was teen die einde van 1902 nog nie opgelos nie.

Die stank wat die Poort dikwels omgewe het, was ook te wyte aan 'n poel staande water naby die swemplek wat veral in die somermaande onaangenaam geruik het (MBA 27.1.1891: Notes; MBA 26.11.1895: Notes). Karkasse is tot 1894 op die

strand gelaat (Sien Karkasse).

8.6.5 Puntpad

Die pad wat in 1873 na die Punt gebou is, is in die tagtigerjare verniel deur swaar gelaaide waens wat bouklip van die steengroef vervoer het (MBA 19.12.1883). Poortgangers het die lang en stowwerige terugstap na 'n verfrissende swem as 'n kruis beskou (MBA 7.2.1883 Odds) en het gedurig gekla oor die toestand van die pad wat die wandeling "anything but pleasureable" gemaak het (MBA 7.2.1883: Odds; 6.1.1886: L&G; MBA 28.10.1890: Notes). In die laat tagtigerjare is voorgestel dat 'n vervoerdienst gedurende die somer virveral vroue ingestel word. "There are dozens, we believe, who would readily pay a few pence rather than foot it to and from the bathing place in the hot summer days, and dozens more would indulge in the luxury of a dip who cannot bear the fatigue of the long walk", lui 'n berig in die Advertiser (MBA 9.10.1888: Bathing). Die voorstel is sowat 'n dekade later herhaal en die skrywer van die rubriek "Jottings" voeg by: "The bathers are many, but the conveyances are few" (MBA 19.10.1897). 'n Jaar later het hy voorgestel dat die spoorlyn, wat pas na die steengroef aangelê is om die werk aan die nuwe hawe te vergemaklik, na voltooiing van die projek behou kon word vir die vakansiegangers. Volgens hom kon die lyn ook verskuif word sodat dit met Marshstraat tot by die Punt afgeloop het (MBA 22.2.1898: Jottings). Die Puntpad is aan die begin van die somerseisoen van 1890 met 'n skulplaag bedek (MBA 25.11.1890 Notes) wat dit minder stowwerig moes gemaak het. Die reeds vermelde besoekende redakteur van die South African Baptist het in April 1902 voorspel dat daar spoedig 'n elektriese tremspoor na die Punt aangelê sou word (MBA 1.44.1902: Interview). Sy voorspelling is nooit bewaarheid nie.

8.6.6 Veiligheid

Die Poortswemsloep is allerwee as die veiligste natuurlike seebad in die Kolonie beskou. Dit is sowat 137 meter lank en 7 meter breed (MBA 11.6.1895) en het 'n diep- sowel as 'n vlakkant. Alhoewel seewater gedurig deurstroom, is dit buite bereik van die branding (MBA 14.11.1883: Caution). Gedurende die periode 1870 tot 1902 is daar van geen verdrinkings melding gemaak nie. 'n Aantal vroue en kinders het egter noue ontkomings gehad en die Advertiser het die "lovers of the natatory art" meermale tot versigtigheid gemaan (MBA 14.11.1883: Caution; 11.6.1895: Resort; 18.10.1898: Almost Drowned; MBA 24.1.1899). In die negentigerjare is daar by baie kusoerde in die Kolonie skermmure in die see opgerig om veilige baaitoestande te verseker (Laidler & Gelfand 1971: 345).

8.6.7 Swemplekke

Alhoewel daar in die tydperk ook by ander plekke soos Munrobaai en die kaai geswem is, was die Poort die gewildste baaplek. In 1882 is 'n vervalle private badhuisie by "Bland's Hole" verwyn (MBA 12.7.1882: Municipality). Daar kan aangeneem word dat dié hokkie, wat deur die verskeulingsagent Daniel Bland opgerig is (MBA 6.9.1882: Municipality), dieselfde was as die een nabы Barry, Hudson & Co waarna reeds verwys is. Die Bland-woning en die Barry-gebou was in dieselfde omgewing.

Die enigste georganiseerde swimgeleentheid wat in die tydperk op Mosselbaai plaasgevind het, was 'n swimresies waaraan drie mans tydens die regatta van 1888 deelgeneem het (MBA 29.5.1888: Regatta).

8.7 Vakansieverblyf

Die drie hotelle op die dorp was volgens 'n hoofartikel in die plaaslike blad ruim, goed geventileer, gesond geleë, onder goeie bestuur en toegerus met die modernste geriewe. Die Standard Hotel, wat homself as die beste in die Suidwestelike Distrikte geadverteer het, het (soos reeds gesien) meer as veertig slaapkamers gehad en stalgeriewe vir sestig perde. Die kos was goed en die sanitêre geriewe modern en skoon (MBA 8.4.1902: Impressions). In 'n brosjure oor die dorp waarin foto's van die buiteaansig, kroeg, eetkamer en biljartkamer verskyn het, is die uitsig beskryf: "The situation is indeed charming as from the front rooms one can feast their vision on the broad expanse of the Bay and inhale the ozone wafted from the mighty waters of the Indian Ocean which lies beyond" (BDM: A2: Hotels).

Die Union Hotel kon met sestien slaapkamers spog (MBA 23.1.1906), was net oorkant die kaai geleë en het gereeld in koerante soos die Oudtshoorn Tribune (12.4.1883) en die George and Knysna Herald (18.11.1896) sy dienste aan "visitors to the sea-side" geadverteer. In 1885 is sy stortbadgeriewe met groot geskal in gebruik geneem (MBA 11.2.1885: Odds). Die Masonic Hotel het twaalf slaapkamers gehad, stalgeriewe vir sestig perde en 'n "Splendid view of the Bay" (MBA 28.11.1883; 28.3.1893). (Sien Hotelle vir 'n volledige bespreking). Besoekers kon ook huise en kamers huur. Dié is ook in die advertensiekolomme van ander koerante onder opskrifte soos "Sea-Side" te huur aangebied (Oudt Cour 15.2.1888).

8.8 Kampeerders

'n Groot deel van Mosselbaai se vakansiegangers het nie van hotelverblyf gebruik gemaak nie, maar gekampeer. Veral vir die boeregemeenskap was kampeervakansies ideaal aangesien hulle oor die algemeen groot gesinne gehad

het en hotelverblyf duur was. Hulle het ook oor die veelsydige ossewa beskik wat met sy beddens, proviand en kookgereedskap as "a travelling hotel" beskryf is (Hawes 1859: 19). Gesinne het ook elders in die Kolonie jaarliks met hul huishulpe, voedselvoorrade en diere na hul gekose strandplek getrek waar hulle in waens en tente op die strand of daar naby gekampeer het (De Kock 1955: 121). In die omgewing van Mosselbaai het kusoordjies soos Vleesbaai, Kanon en Gouritsriviermond, wat vandag steeds betreklik klein is, later op hierdie wyse ontstaan.

Kampeervakansies het in die tagtigerjare al hoe gewilder aan die Mosselbaaise kus geword. Boere van Oudtshoorn het elke somer by die monding van die Groot-Brakrivier uitgespan en die strand was jaarliks "thronged [...] with some hundreds of people -- presenting quite a gay and busy appearance" (MBA 23.10.1888: Correspondence). Dit was vir die binnelanders, volgens die Advertiser, 'n verligting om van die hitte van hul distrik te ontsnap en ontvlugting aan die kus met sy koel lug en verfrissende seebriese te vind. Teen 1889 was daar vyfhonderd mense met vyftig waens en 'n onbekende aantal tente en geïmproviseerde hutte naby die mond (MBA 22.1.1889).

In die somer van 1892 word vir die eerste keer berig dat mense in die omgewing van die dorp self kampeer. 'n Groepie wat hulle sowat anderhalf kilometer buite die dorp by Steenhoogte ingerig het, het beswaar aangeteken dat daar nie voldoende water in die waterbak daar was nie. Redakteur Powrie het besef dat die kampeerders voordeel vir die dorp se handel kon inhoud en het aanbeveel dat die watertenk vol gehou word (MBA 19.1.1892: Notes). Later die jaar is 'n skriftelike versoek in dié verband van 'n inwoner van Calitzdorp ontvang en het die Dorpsraad besluit om kampeerders aan te moedig en water te verskaf (MBA 6.12.1892: Council). Volgens 'n ongedateerde koerantknipsel in die Bartolomeu Dias-museum het enkele mense reeds voor 1892 naby die waterbak aan die kus gekampeer. Mnr. Johannes Petrus Wagner het in hierdie berig van omstreeks 1950

vertel dat van sy familielede van 1888 daar vakansie gehou het. Volgens hom was daar in 1890 sewe gesinne. Een groep was van Calitzdorp, 'n ander van Prins Albert en die res van Oudtshoorn (BDM: History A2). Die briefskrywer kon dus een van hierdie mense gewees het.

Die plaaslike gemeenskap het gevoel dat besoekers dorpshuise moes huur en was minder ingenome met die kampeerders. Powrie, in 'n poging om hul sienswyse te verander, het verduidelik dat kampeerders op die strand beter as geen besoekers en klandisie was nie en dat die dorp al hoe meer sou baat soos die getalle toeneem. Hy het die gemeenskap aangemoedig om hul traagheid te laat vaar en jaarliks 'n waterkarnaval en ander vermaakklike aan te bied. 'n Mosselbaaise seisoen, soos wat dit "at home" (in Engeland) bekend gestaan het, moes geskep word (MBA 10.1.1893: Hoofartikel).

Die aantal kampeerders "enjoying the fresh sea-breeze and the luxury of an occasional dip in the 'briny'" het jaarliks vermeerder (MBA 17.1.1893: L&G). In die dae tussen Kersfees en Nuwejaar van 1895 het groepe letterlik by die uur opgedaag. Die onderste kuspad was ongekend bedrywig. Waens, karre en ander voertuie het kilometers ver by elke beskikbare uitspanplek gestaan. Die Advertiser het berig dat soveel mense nog nooit tevore om die dorp gekampeer het nie. Karoo-boere met hul hele gesinne asook "tantes, ooms, neefs en nichtjes" het gekom om die Kersseisoen te geniet. Op die voorlaaste dag van die jaar was daar meer as vyfhonderd mense en die uitspanplekke by "De Bak" en Diepkloof het soos sigeuner dorpe daar uitgesien. "Within easy access of the town, with shady hollows in the kloofs and the tempting waters of the bay within a few yards of them, they certainly presented a complete ideal of holiday life and enjoyment", het die blad berig en ook melding van die "faultless water supply" gemaak (MBA 8.1.1895: Holiday). Tente is in die klowe en klein skaduryke valleie naby die kus opgeslaan (MBA 4.1.1898: Jottings). Die omgewing was so dig bevolk dat die Advertiser voorgestel het dat die gebied



C. ENCAMPMENT AT THE BAK, MOEPEL ETC., PATERSON.



A BOER ENCAMPMENT.

Binnelandse boere kamp by "De Bak" uit. Die tentedorp het 'n bekoorlike romantiek ingehou en is as 'n sigeunerdorp deur die Advertiser beskryf. Water, voedselaflewing en kerkdienste is aan die sowat vyfhonderd kampeerders verskaf, maar geen sanitêre geriewe nie.

Foto: Bartolomeu Dias-museum, afdrukke geskenk deur P.

Storrar

aan die onderkant van die Georgepad tussen die Waskloof en Steenhoogte ontbos word as aanvullende kampeerterrein. Die uitbreiding sou finansieel voordelig wees aangesien die besoekers, volgens die koerant, goed bestee het (MBA 29.1.1895: Notes). Die volgende advertensie in die Oudtshoorn Courant and Farmer's Friend (12.12.1893) getuig hiervan:

"To the Strand!

Coote Noble & Co are prepared to make up Assorted Cases of Delicacies, Groceries, etc. for farmers going to the Beach."

Volgens die redakteur van die Oudtshoorn Courant sou selfs groter groepe die strand besoek het indien vervoer goedkoper en die verblyf geriefliker was. Almal kon nie die luukse van 'n tent, wat slegs een keer per jaar gebruik is, bekostig nie. Die blad het voorgestel dat 'n entrepreneur eenvoudige huisies by die verskillende oorde oprig en dat billike vervoer gereel moes word. Tente was gerieflik en romanties tydens goeie weersomstandighede en die ossewa goed vir diegene met baie tyd, maar "quick travelling and wind and weather-proof shelters are more preferable", het die blad bygevoeg (12.12.1893: Hoofartikel). In 1899 het E.E. Meyer 'n deel van sy plaas De Hoek aan die Klein-Brakrivier, vir die bou van vakansiehuise beskikbaar gestel (MBA 1.8.1899: Advertensie).

"Bezoeker" van Calitzdorp, het in 'n brief aan die Oudtshoorn Courant beskryf hoe die plaaslike bevolking na hul vakansie by die see uitgesien het en bygevoeg: "tegen het einde van December bevond een trein van wagens zich op weg naar het strand dichtbij Mosselbaai, of zoo als het door strandgangers gedoopt is, 'De Bakken.' Deze plaats schijnt dan ook de geliefkoosde "Watering place" te zullen worden voor het distrikt van Oudtshoorn [...]. Volgens hom sou hierdie strand spoedig De Vleyen en Groot-Brakrivier in gewildheid oortref aangesien dit slegs 'n kwartier se stap van die dorp was. Vleis en veral vis, wat een van die grootste aantreklikhede vir die binnelandse

vakansieganger was, is op die terrein afgelewer. Drinkwater was in groter hoeveelhede beskikbaar as by enige ander oord en negosieware was ook goedkoper en makliker verkrybaar. Daar was 'n verskeidenheid interessante vermaakklike vir die vakansieganger. Afgesien van kuier, speel en dans, kon hulle stap na die kaai -- die middelpunt van die baai se bedrywighede. Of hulle kon met die sleepboot na 'n stoomboot in die baai vaar waar daar soms interessanthede soos 'n kameel of olifant aan boord te siene was. Robbe-eiland met sy groot getalle robbe kon ook tydens plesiervaarte van die stoomsleepboot besigtig word. Op Sondagmiddae het ds. D.B. Bosman, die plaaslike NG predikant, 'n diens by die kampeerterrein gehou. Die dorpsbewoners was volgens "Bezoeker" vriendelik en behulpsaam en het hulle laat tuis voel (MBA 29.1.1895: Bakken). Die gemeenskap moes die raad van die Advertiser ter harte geneem en van hul aanvanklike negatiewe houding afgesien het, want die koerant het ook in die vorige uitgawe berig van 'n "pleasant interchange of courtesies" tussen plaaslike inwoners en diegene wat hul vakansie "under canvas" gehou het (MBA 22.1.1895: Camping).

Die toeloop was nie elke jaar dieselfde nie. Droogtes het die kondisie van die trekvee verswak en het die opkoms nadelig beïnvloed (MBA 7.1.1896). Die boere se planne is ook gedurende die drie somervakansies van die Anglo-Boereoorlog in die wiele gery deurdat perde, muile en donkies opgekommandeer is en Krygwet reis tydelik stopgesit het. Ná afloop van die oorlog het ene W. H. de Swart toestemming verkry om 'n tent op te rig by "the Baak" vir die verkoop van gemmerbier, bolletjies en ander verversings (MBA 9.12.1902). Dit was die eerste handelsonderneming op dié terrein. Die vakansies was veilig. Van 1870 tot aan die einde van 1902 was daar geen verdrinkings of ander ongelukke by De Bakke nie. Drie "Strandgasten", waaronder die vrou van H.J. Mulder, Lid van die Wetgewende Raad, het egter in 1897 by die monding van die Groot-Brakrivier verdrink (MBA 5.1.1897).

Die kampeergebied heet vandag nog steeds "De Bakke". Die naam "De Bak" is vir die eerste keer deur die Mossel Bay Advertiser in 1895 gebruik (MBA 8.1.1895: Visitors). Die gebied is ook "De Bakken" of "the Baak" genoem. Vroeër is bloot na die kampeerplek naby Steenhoogte of Diepkloof verwys. Die huidige benaming is deur Afrikaanssprekende besoekers gegee en was waarskynlik reeds vroeër as 1895 in gebruik. Die ongewone naam is ontleen aan twee reuse-waterbakke of trôe wat aan die bokant van die wapad gestaan het (BDM: A2: Bakke). Die bak by Diepkloof was van hout en met sink uitgevoer. Dit is in 1897 met 'n ingevoerde ysterbak vervang (MBA 12.1.1897: Council). Die tweede en laer bak was naby 'n wrak geleë (MBA 7.3.1899: Council). Volgens oorlewering is hierdie trôe deur transportryers vir hul diere gebruik, maar dit wil voorkom asof ook mense van die water gedrink het. Volgens 'n Calitzdorpse besoeker was boere "gunstig aangedaan bij het gezicht van een kamp en waterbakken waar mensch en dier zonder de geringste uitspanning zich verkwikken kunnen met heerlijk water" (MBA 29.1.1895: Bakken). Een van hierdie historiese trôe het in die sewentigerjare van die huidige eeu nog steeds bestaan alhoewel in 'n erg verwaarloosde toestand (BDM: A2: Bakke).

In die 20ste eeu is die tente geleidelik deur hutte vervang en het De Bakke een van die gewildste "Boere-strandoorde" van die Kaapprovincie geword. In 1970 is die 183 strandhutte, wat onhigiënies na aan mekaar opgerig was, op bevel van die Stadsraad gesloop (MBA 1.5.1970: Spookdorp). Die perseel huisves tans 'n groep rietdakhuisse en 'n kampeerterrein wat aan die munisipaliteit behoort. Alhoewel De Bakke 'n kringloop voltooi het en besoekers weer eens daar kan kampeer, is die sjarme van die laat-19de-eeuse "sigeunerdorpies" waar "campers-out lend[ed] a romantic touch to the scene" egter iets van die verlede (MBA 30.12.1902).

8.9 Inwoners se vakansiegebruiken

Die meeste van die inwoners het nie weggegaan tydens hul verlof nie aangesien vakansieoorde skaars en afgeleë was. Om in Suid-Afrika te reis, was soos redakteur Adlard dit gestel het, "no mere luxurious enjoyment" (MBA 17.9.1873: Hoofartikel). Volgens die Mossel Bay Advertiser was vakansies tuis op Mosselbaai "somewhat of a dull time and [people] are at a loss as to how to spend it with that sense of enjoyment which we all associate with the term holidays. There are many people who do not seem to care about going about and spending more than one day at most in the broiling sun that usually is the most striking feature in this country of the Christmas and New Year Holidays, and there are not a few who infinitely prefer staying at home, and trying to keep themselves cool there, or devote a large part of it to sleeping, reading, smoking, etc., instead of subjecting themselves to the influence which keeps their blood near the boiling point" (9.1.1900: Band).

Om aan die "weary monotony" en die droë, boomlose dorp (MBA 31.12.1879) te ontsnap, is bevoordeerde dorpsbewoners soms na die naburige George Town wat binne een dag bereik kon word. Die skaduryke dorp met sy blomgegeurde lug (MBA 22.12.1880), sypaadjies van fluweelagtige gras (MBA 19.4.1892: Agitators) en helder, koel waterstrome wat aan "the murmering of an English brook" herinner het (MBA 14.1.1880: Times), was vir die "denizens of sterile Mossel Bay" (MBA 22.12.1880) 'n eden.

Danksy die Donald Currie-redery was daar vanaf 1879 uitkoms vir vermoëndes toe die kusvaarder SS Venice met Kersfees 'n plesiervaart na Knysna onderneem het. Alhoewel die natuurskoon van hierdie streek met sy herehuise bekend was, het min Mosselbaai-inwoners dit nog besoek (MBA 18.12.1872: Hoofartikel). Die rede hiervoor was dat die Kaaimansrivier, of Keerom, naby die huidige Wildernes een van die gedugste riviere in die Kolonie was en baie moeilik om oor te steek

(Franklin 1975: 12). Die vaart van slegs vier en 'n half uur het vier ghienies gekos, 'n buitensporig hoë bedrag volgens die Mossel Bay Advertiser. Nietemin het nege Mosselbaaiers dit meegemaak (MBA 17.12.1879; 31.12.1879).

Die "smart little steamer Venice" was ses maande later met immigrante na Knysna onderweg. Plaaslike inwoners, onder wie ook Joseph Powrie van die Advertiser en sewe ander vooraanstaandes, is op Mosselbaai ingeskeep. In Knysna, waarna altyd as "the Knysna" verwys is (MBA 19.10.1881; 31.1.1883: Launch), het die skip naby die landingsplek sowat 'n kilometer met die rivier op aangele. 'n Besigtigingstoer, dansparty en piekniek in die bos is deur die plaaslike gemeenskap vir die besoekers aangebied. Die gashere is op hul beurt weer aan boord onthaal (MBA 9.6.1880; 15.6.1880: Trip). Hierna is sporadies soortgelyke Kersvaarte aangebied (MBA 13.12.1882; 19.12.1883; 15.12.1896).

Welgestelde is dikwels met langverlof na Engeland, of "the Old Country", soos die Advertiser dit graag genoem het (MBA 21.5.1884; 9.9.1885). Hulle het gewoonlik vyf of ses maande weggebly (MBA 4.3.1885; 1.9.1886; 6.11.1888).

9. GEESTELIKE LEWE

Op Mosselbaai, soos elders in die Kolonie, is daar na die Church of England as die "English Church" verwys. Op dieselfde wyse is van die "Dutch Church" en die "Scottish Church" gepraat; selfs ook van die "English burial-ground" en die "Dutch burial-ground". Nederlandse berigte in die Advertiser het gevvolglik ook deurgaans van die Engelse kerk, die Hollandse kerk en die Skotse kerk melding gemaak.

9.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk

9.1.1 Stigting van gemeente "Mossel Baay en Gouritz-Rivier"

Die inwoners van die Mosselbaai-gebied was jare lank van feitlik alle geestelike bearbeiding verstoeke. Die streek het tot in 1798 met die afstigting van die gemeente Swellendam onder die verafgeleë gemeente Tulbagh gevval. Alhoewel die kerk hierna veel nader was, was dit nog feitlik onbereikbaar vir, veral vir minder gegoede burgers. In 1813 is die nuwe gemeente van George egter op aanbeveling van die Rondgaande Hof gestig en is buitedienste op plase in die omgewing van die Baai gehou (Stals 1961: 41-42; Steyn 1945: 13). In 1842 is grond in die klein nedersetting vir 'n eie kerk en pastorie aan twee inwoners, wat "Directeuren" genoem is, toegeken (AK: GF 7: 16). 'n Kerk is weldra opgerig, maar die predikant van George, waaronder Mosselbaai steeds gevval het, is nie in die saak geken nie. Groot onenigheid het ontstaan en die leraar, ds. J.S.S. Ballot, het geweier om die hoeksteenlegging van die gebou waar te neem. Die inwyding is op 1 Junie 1845 deur ds. P.B. Borcherts van Riversdal behartig (Steyn 1945: 13, 35). Alhoewel ds. Ballot die eerste leraar, ds. T.J. van der Riet, op 20 Julie 1845 bevestig het, het die wrywing



'n Sjarmante potloodskets op Victoriaanse tekenpapier van die eerste kerk en die oorspronklike NG pastorie. Die rietdak-kerkie is in 1845 gebou en deur die predikant van Riversdal ingewy nadat dié van George geweier het om die plegtigheid waar te neem. Eredienste is drie en 'n half dekades lank hier gehou en daarna het dit as Meisieskool gedien. Die pastorie is in 1849 gebou en twintig jaar later van 'n tweede verdieping voorsien. Let daarop dat die latere balkon nog nie aangebring is nie. Nie een van die geboue het behoue gebly nie.

Foto: Bartolomeu Dias-museum U PBM 07181

tussen die twee gemeentes tot in 1851 voortgeduur. Gedurende ds. Van der Riet se bediening van twaalf jaar was die meeste van die lidmate buitemense wat tydens Nagmaalnaweke op die oop stuk grond by die VOC-graanskuur uitgespan het. Besoeke aan "wijnhuizen" en die gevolglike steurnisse het groot probleme aan die predikant besorg. Dele van die teenswoordige gemeentes Oudtshoorn en Calitzdorp het onder meer onder Mosselbaai gevval (Steyn 1945: 15-17).

9.1.2 Die eerste kerkgebou

Die reghoekige kerk in Blandstraat is deur boumeester Marthinus Willem Theunissen opgerig. Die mure was gepleister, die dak van riet en die vloere van klei. Stoelle, waarvoor sitplekgeld betaal moes word, is vir die eerste veertien jaar gebruik. Met Nagmaalsvieringe het lidmate in groepe beurtelings om die tafel plaasgeneem soos dit oral die gebruik was. Die stowweringe kleivloer is na slegs sewe jaar met 'n geelhoutvloer vervang op aandrang van die gemeentevroue wat self die fondse ingesamel het. Ook die kerse en kandelaars is na bykans twee dekades (1864) met 'n stel hanglampe vervang (Booyens 1982: 48; Steyn 1945: 35-37). Die staat het sowat £160 van die £800 boukoste bygedra (MBA 18.2.1880: Church). Die kerkgrond het aan 'n klofie gegrens en was besonder boomryk. 'n Inwoner het in die middel sewentigerjare geskryf dat, alhoewel die struktuur meer na 'n kerk gelyk het as die ander kerkgeboue op die dorp, dit gehinder het dat dit nie 'n toering gehad het nie (MBA 19.8.1874: Correspondence). Die gebou is na 35 jaar deur die nuwe Klipkerk vervang, wat later weer op sy beurt met die huidige kerkgebou vervang is. Die ou kerk is daarna vyf jaar lank as pakhuis gebruik en van 1885 veertig jaar lank as skool (MBA 7.7.1880; Steyn 1945: 68). Die gebou is in daardie jaar binnenshuis vir skoolgebruik aangepas en die rietdak is ook met sink vervang (MBA 17.6.1885: Advertensie). Die Meisieskool is aanvanklik hier gehuisves en daarna die Afrikaansmedium laer skool. Dit is in 1926 as kerksaal in gebruik geneem (Steyn 1945: 30). Die boukundiges Fransen en Cook het die

struktuur beskryf en gemeld dat daar op Mosselbaai 'n unieke situasie was -- drie kerkgeboue wat na mekaar opgerig is langs mekaar op een erf (1980: 376). Die gebou, wat hierna die ou kerk genoem sal word, is ten spyte van hierdie uniekheid in 1971 gesloop (MBA 10.12.1971).

9.1.3 Die Klipkerk

Toe die ou kerk te beklop begin word het, is 'n nuwe kerk op die oop stuk grond tussen die pastorie en Kerkstraat opgerig (Steyn 1945: 38). Die nuwe kerkgebou het volgens die Mossel Bay Advertiser meer soos 'n plek van aanbidding gelyk as die vorige (MBA 11.2.1880: Church). Die hoeksteenlegging is op Saterdag, 21 September 1878, waargeneem deur die gemeente se eerste predikant, ds. Van der Riet, wat toe op Oudtshoorn werkzaam was. Die geleentheid is deur 'n rekordgetal mense bygewoon. 'n Fles met die kerkkalmanak van 1878, die jongste uitgawes van De Kerkbode, 'n paar munstukke en 'n perkamentrol met inligting oor die kerkgebou, is onder die steen geplaas (MBA 25.9.1878: Stone; Steyn 1945: 40).

Die gebou is sowat sewentien maande later op Saterdag, 14 Februarie 1880, ingewy. Die gemeente het in hierdie stadium reeds 35 jaar lank bestaan en het 2 200 siele, waarvan 800 lidmate was, onder sy sorg gehad. 'n Optog van belangstellendes het om halfelf dieoggend van die ou kerk na die nuwe beweeg waar die plaaslike predikant, ds. I.G.J. Horak, die gebou seremonieel oopgesluit het. Die gemeente het onder die sing van die 3de en 4de verse van Psalm 100 binnegestap. Die koor het luister verleen deur die "Hallelujakoor" van Händel en ander werke uit te voer (MBA 18.2.1880: Inwijding). Die kerk, wat in later jare as die Klipkerk bekend geword het, is gesamentlik deur argitekte W.B. Hayes en Carl Otto Hager ontwerp (MBA 25.9.1878; Steyn 1945: 40). Hager, wat groot bekendheid as kerkargitek verwerf het, het pas die kerke van Heidelberg (Kaap) (1872), Ladismith (Kaap) (1874), Tulbagh (1876), Caledon



Hierdie ongewone blik op die Klipkerk, met trekdiere al weiend langsaan, is van die park geneem. Die gebou is onder andere deur Carl Otto Hager ontwerp en in 1880 voltooi. Die toring op die afbeelding is in 1898 herbou. Die Herbert Baker-biblioteek is later opgerig waar die diere wei. Die Vincent-woning, waarvan die onderste verdieping in die vroeë twintigerjare op erwe 1 en 2 opgerig is, verskyn oorkant die kerk.

Foto: Bartolomeu Dias-museum S PBM 00018

(1877) en Oudtshoorn (1877-1880) ontwerp (Hugo 1972: 290). Die plaaslike firma Michie & McGregor was die boukontrakteurs. Die kerk van gedresseerde klip het met banke en nuwe orrel £7 280 gekos. Die klip is gratis deur die Munisipaliteit verskaf (MBA 10.7.1878: Municipality; 24.6.1885). Vir die korrespondent van die Oudtshoorn Tribune (2.2.1882) was die kerkgebou onooglik. Daar kan aangeneem word dat dit die algemene mening was te oordeel aan redakteur Powrie se reaksie: "Our Dutch Reformed Church certainly cannot make any pretension to architectural beauty, but we suppose the designer studied comfort more than comeliness" (MBA 8.2.1882).

Die gebou is saans verlig met 'n stel lampe wat uit vier krone bestaan het. Drie van die krone het elk drie ligte gehad en die vierde kroon, vyf ligte. Dit is met tien muurlampe aangevul (Steyn 1945: 41). Die beligting was egter nie toereikend nie en is nege jaar later, in 1889, met 'n stel van 24 "Harvey's Safety Round Burners" vervang. Die ligte was op twaalf aantreklike koperstanders gemonteer en is as 'n sieraad vir die gebou beskou. Die onderwerp van die inwydingsrede was heel gepas: "Het licht". Die beligting was nou so toereikend dat die gemeente gedurende die somermaande groot ongerief vanweë die warm en bedompige atmosfeer moes verduur. Die Advertiser het voorgestel dat die deure en vensters, net soos dié van die Engelse kerk, tydens aanddienste oopgehou moes word (MBA 27.1.1891: Notes).

Sowat twaalf jaar ná die inwyding van die gebou is 'n horlosie in die toering aangebring. Die feit dat Mosselbaai nie 'n dorpshorlosie gehad het nie, is reeds sedert die vroeë sewentigerjare deur die gemeenskap betreur (Sien Dorpshorlosie). Die kerkhorlosie is van die bekende Londense horlosiemaker J.W. Benson bestel en betaal met bydraes van lidmate van alle denominasies. Die Union Steamship Co het dit gratis verskeep en Alexander Riley het dit geïnstalleer. Die drie wysterplate was van koper, 1,50 meter in deursnee en swart geverf. Die wysers was ook van koper en die syfers was verguld. Die Hfst. IX

horlosie is op Saterdag, 12 November 1892, amptelik deur die magistraatsvrou in die horlosiekamer in werking gestel. Die Advertiser berig: "A few seconds before 12 o'clock, the hour fixed for starting the clock, Mrs Eustace [...] cut with a pair of scissors the ribbon which bound the pendulum, with the words 'I now start this clock, and hope that it may herald in many happy and blessed hours to the inhabitants of Mossel Bay'. Presently the striking arrangements of the clock began to move when the hour of the day rung out from the bells overhead, first the chimes and then twelve strokes on the large bell" (MBA 15.11.1892: Clock).

Die toring is in 1898 gesloop nadat dit onveilig geword het. Die dienste is in hierdie tyd in die skool vir armlankes gehou (MBA 14.6.1898: Devoutly). Die herboude toring, volgens die Advertiser aantrekliker as die eerste, is op Saterdag, 24 September 1898, ingewy (MBA 30.8.1898: Brokkie; 27.9.1898: Inwyding). 'n Nuwerwetse "rostrum" of spreekgestoelte is van inheemse hout vervaardig deur die begaafde plaaslike meubelmaker W. Edgar. Dit is by dieselfde geleentheid in gebruik geneem (MBA 18.2.1880: Inwijding; Nachtmaal; 17.1.1899: Brokkie).

Die RNG beveel aan dat die Klipkerk, wat in Kerkstraat geleë is, tot gedenkwaardigheid verklaar word (NMC 1985: 47). 'n Nuwe kerkgebou is in die middel van die huidige eeu op die hoek van Kerk- en Blandstraat opgerig.

9.1.4 Die pastorie en sy inwoners

Die oorspronklike pastorie is in Augustus 1849, vier jaar ná die inwyding van die ou kerk, voltooi. Dié enkelverdieping met sy rietdak is deur Walter Norman Shears gebou. Op 'n tydgenootlike tekening (1849) in die eeufeesgedenkboek van die NG gemeente kan gesien word dat die wolfneushuisie 'n voordeur met bolig gehad het, drie hoë vensters met klein ruitjies en 'n opgeboude stoep met 'n



Die steil Kerkstraat van bo gesien. Die wit gebou heel onder in die middel is dié van Divine, Hall en Co waar ongelukke soms plaas gevind het wanneer trekperde by die steilte af op loop gesit het. Die groot gebou links agter die boom, was dié van die Gavin-gesin waarin daar 'n fotografiese ateljee was. Die oorspronklike toering van die Klipkerk, met horlosie, steek laer af uit. 'n Twaalftal huishulpe kom teen die heuwel op terwyl 'n perdekar onder gesien kan word. Let op die sleutelpatroonversiering van die huis regs.

Foto: Bartolomeu Dias-museum CC PBM 00004

trap voor. Daar was bankies aan die sykante van die stoep (Steyn 1945: 45). In 1869 is die huis aansienlik vergroot met die toevoeging van 'n tweede verdieping. 'n Houtbalkon en sinkdak is vroeg in die 20ste eeu aangebring. Die huidige pastorie is op dieselfde plek opgerig nadat die oorspronklike in 1942 deur 'n brand verwoes is (Steyn 1945: 43-45).

Die pastorie is vir die koms van nuwe predikante opgeknap en vir die verwelkoming versier. Die predikant en sy gesin is gewoonlik op 'n plaas of by 'n tol in die distrik ingewag. Met die koms van ds. D.B. Bosman byvoorbeeld, het meer as veertig karre die predikant van Vaalvlei af vergesel. Ereboë met die woord "Welcome" is op dié plaas en ook by Voorbaai oor die pad aangebring. Die dominee is in ouerling P.J. Wassung se landauer, die deftigste rytuig op die dorp, vervoer. By die magistraatskantoor het dié hoogwaardigheidsbekleer (R.J. Crozier) by die predikant en mnr. Wassung ingeklim en het die indrukwekkende kavalkade 'n draai deur die dorp gemaak deur met Marshstraat af te ry en daarna met Blandstraat na die pastorie, wat langs die magistraatskantoor was, terug te keer. Voor die huis was 'n ereboog en bokant die deur die woorde: "Welkom in ons midden". Ouderlinge en Sondagskoolkinders het op die stoep en trap die nuwe leraar ingewag. Ouderling Wassung het hier 'n adres in Hollands voorgelees waarna ds. Bosman die kinders in Engels toespreek het (MBA 10.7.1888: Arrival; Oudt Cour 11.7.1888; MBA 13.3.1900: Hoofartikel). Met sy opvolger, ds. David Wilcocks, se aankoms was die pastorie versier met "twee fraaie mottoes, -- één in het Engelsch op de stoep en één ('Hartelijk Welkom') in het voorhuis. De tafel stond gereed voor het middagmaal en in het dispens was er ook provisie", het 'n berig gelui. Die predikant en sy gesin het aan boord van die SS Goth aangekom en is op die kaai ontmoet (MBA 8.10.1895: Aankomst).

Die bevestiging het ook met groot luister gepaard gegaan. Met dié van ds. Bosman het predikante van Oudtshoorn, Uniondale, Prins Albert, Knysna, George Hfst. IX

en Herbertsdale aan die plegtigheid deelgeneem. Die Advertiser het berig: "Early on Saturday morning numbers of vehicles were on the road, all bound 'Baai toe'. As the day wore on people poured into the town, until it literally swarmed, not only with our district's people, but many from the neighbouring districts" (MBA 10.7.1888: Arrival).

Die predikant se besoldiging was £250 per jaar. Die Staat het hiervan £150 bygedra terwyl die kerkraad die res uit "Zitplaatsgelden en Inschryvingen" moes betaal (Steyn 1945: 49). Dit was nie 'n baie hoë inkomste nie en die gemeente het by verskillende geleenthede beurse aan ds. I.G.J. Horak geskenk (MBA 15.10.1873: L&G; 18.2.1880: Inwijding; 14.9.1887: Horak). Die besoldiging is in 1875 met £50 verhoog om ds. Horak, wat pas na Sutherland vertrek het, te oorreed om terug te keer (Steyn 1945: 23; 53).

Mosselbaai is van 1845 tot 1902 deur vyf predikante bedien. Die oudste (ds. David Wilcocks) was met sy aankoms 34 jaar oud en die jongste (ds. Horak) 23 jaar. Ds. Horak het die langste gebly, naamlik 29 jaar, en ds. Wilcocks 4 jaar. Hy het egter in 1911 weer 'n beroep na die gemeente aanvaar en toe 'n dekade vertoef. Die eerste twee leraars, di. T.J. van der Riet en I.G.J. Horak, het hul teologiese opleiding in Nederland ontvang en die ander in die Kaapkolonie, waarskynlik op Stellenbosch. Hier volg enkele besonderhede omtrent die predikante:

Ds. Tobias Johannes van der Riet (1845-1857)

Ds. Van der Riet was 27 jaar oud toe hy op 20 Julie 1845 as eerste predikant van sy eerste gemeente, "Mossel Baay en Gouritz-Rivier", bevestig is. Hy het aan die Universiteit van Leiden gestudeer. Van Mosselbaai is hy na Oudtshoorn waar hy in 1879 sy emiraat aanvaar en op 1 September 1881 op 63-jarige leeftyd oorlede is (Steyn 1945: 15; 19).

Ds. Izak Gerhardus Jacobus Horak (1858-1887)

Ná voltooiing van sy teologiese opleiding aan die Universiteit van Utrecht is die 23-jarige prop. Horak op 13 Junie 1858 op Mosselbaai bevestig. Hy was voor sy Nederlandse verblyf assistent-onderwyser op Swellendam en het die gebrekkige onderwys op Mosselbaai betreur. Hy het 'n enorme bydrae tot die onderwys gemaak en was meer as twintig jaar lank sekretaris van die openbare skool (MBA 6.8.1884: School). Ds. Horak is sowat 'n jaar ná sy koms met mej. E. H. Atkinson in die huwelik bevestig (MBA 16.2.1920). Sy was die dogter van eerw. Theophilus Atkinson van Pacaltsdorp en 'n skoonsuster van die plaaslike dr. Thomas Kitching (GA 15.3.1866). Ds. Horak het op 3 September 1887 sy demissie ontvang ná 'n ampsbediening van 29 jaar en 2 maande om 'n pos as saakgelastigde van die NG Kerk te aanvaar. Ná sy aftrede as saakgelastigde het Ons Land berig dat hy stil, nederig, hardwerkend en "streng conscientieus" was. Hy was bekend daarvoor dat hy graag grappe vertel het, maar nooit saamgelag het nie (MBA 5.4.1892: Horak). Hy het in 1892 na Mosselbaai teruggekeer waar hy tot sy dood op 14 Julie 1914 'n lewendige belangstelling in gemeentesake getoon het (Steyn 1945: 20-23). Ds. Horak is in die Puntbegraafplaas begrawe. Sy Engelse grafskrif doen aanvanklik vreemd aan, maar as in ag geneem word dat hy met die dogter van 'n Britse sendeling getroud was (Heese 1986: 92) en dat die kerktaal in sy ampstryd hoofsaaklik Engels was, kan dit beter begryp word (Sien Engelse dienste). Die egpaar Horak het binne sowat twee jaar twee seuns aan die dood afgestaan. Die jongste seun, Gerhard Theodore, assistent-onderwyser op die dorp, is tydens 'n vakansie op Prins Albert oorlede (MBA 15.7.1890: Horak). Die tweede oudste seun, die 26-jarige Theophilus Atkinson Horak, het in Oktober 1892, pas ná die egpaar se aftrede op Mosselbaai, om 'n onbekende rede in sy ouerhuis selfmoord gepleeg. Hy was boekhouer by die klerasieonderneming Divine, Hall & Co (MBA 1.11.1892: Horak). Die Horaks het daarna (1897) 'n nuwe huis op die hoek van Marsh- en Mitchellstraat laat oprig (MBA 6.4.1897). Dit

is nie bekend of dit op die suidwestelike of noordoostelike hoek was nie. Op albei dié persele is ou klipwonings wat volgens die RNG geproklameer behoort te word (NMC 1985: 15; 16).

Ds. Daniel Bosman (1888-1895)

Ds. Bosman is op 26 September 1857 op Wellington gebore waar sy vader predikant was en hy ná sy proponentseksamen vir 'n tyd hulpprediker was. Ná vier jaar as predikant op Willowmore is hy op 7 Julie 1888 op Mosselbaai bevestig. Sy fondsinsameling vir 'n kerkhorlosie was suksesvol en die uurwerk is binne vier jaar ná sy komst geïnstalleer. Hy het in 1895 na sewe jaar 'n beroep ná die Nieuwe Kerk in Buitenkantstraat, Kaapstad aangeneem. Ds. Bosman is in 1930 in Belville oorlede (MBA 2.7.1895; 9.7.1895: Bosman; Steyn 1945: 24-25).

Ds. David Wilcocks (1895-1899)

Die 34-jarige ds. Wilcocks is op 5 Oktober 1895 bevestig. Nadat hy sy teologiese studie in 1890 voltooi het, was die eertydse onderwyser leraar op Vryburg en terselfdertyd Direkteur van Onderwys van Betsjoeanaland (die teenswoordige Botswana). Op Mosselbaai het hy 'n groot bydrae op onderwysgebied gemaak deur betrokke te wees by die Armskool. G.F. Steyn, skrywer van die eeufeesgedenkbok van die NG gemeente, beweer foutiewelik dat hy dit gestig het (Sien Poor School). Hy is in 1899 weer na sy ou gemeente op Vryburg waar hy tydens die Anglo-Boereoorlog as gevolg van sy simpatie jeens die Boere tot 'n jaar gevangenisstraf gevonnis is. In 1911 het hy weer 'n beroep na Mosselbaai aanvaar en het tien jaar lank daar gebly. Ds. Wilcocks het op 77-jarige leeftyd 'n Meestersgraad in die Filosofie behaal. Hy is op 20 Julie 1944 in die ouderdom van 83 jaar oorlede (Steyn 1945: 25-28).

Ds. John Murray (1900–1910)

Ds. Murray is in 1869 as predikantseun op Worcester gebore. Nadat hy die B.A.-graad aan die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad behaal het, het hy aan die Kweekskool op Stellenbosch gestudeer. Ná sy eerste betrekking as hulpprediker op Worcester is hy op 10 Maart 1900 op Mosselbaai bevestig. Tydens die Anglo-Boereoorlog het hy Boerekrygsgevangenes in die Pietermaritzburgkamp gaan bearbei en het prop. P. Stroebel, die latere ds. Stroebel van Herbertsdale, die dienste waargeneem. Ds. Murray het Mosselbaai in 1910 verlaat. Hy is in 1917 op Worcester begrawe (Steyn 1945: 26; 33).

9.1.5 Dienste en geleenthede9.1.5.1 Engelse dienste

Soos dit die gebruik daardie jare was, is daar by die stigting van die gemeente ook Engelse dienste gehou. Steyn fouteer wanneer hy beweer dat daar toe reeds 'n Episkopaalse gemeente op Mosselbaai was (1945: 74). Dié is eers 'n dekade ná die NG gemeente in 1855 gestig (Sien Anglikaanse kerk). Hy is egter korrek wanneer hy meld dat die Engelse dienste deur mense buite Episkopaalse verband, soos Presbiteriane en Wesleyane, bygewoon is. In 1859 het die Presbiteriane so toegeneem dat ds. Horak die dienste, wat aanvanklik Sondagmiddae gehou is, na die meer gewilde Sondagaande moes verskuif. Die aanddienste is later tydens sy ampstyd uitstekend bygewoon terwyl die Hollandse dienste soggens min aftrek gekry het. Daar is toe besluit om die Hollandse dienste na die buitewyke uit te skuif en dat Engels die vernaamste kerktaal op Mosselbaai self sou wees.

Die Engelssprekende lidmate het goed tot die boufonds van die nuwe kerk bygedra. In 1881 het hulle 'n waarborg van £180 per jaar vir die salaris van 'n hulpprediker geteken sodat daar ook Sondagoggende 'n Engelse diens kon wees.

Die eerste Engelse oggenddiens is op 23 Januarie 1881 deur prop. J.A. Joubert waargeneem (MBA 26.1.1881). Nadat hy ná slegs een jaar 'n ander beroep aangeneem het, het prop. B.P. Marchand uit Skotland in Mosselbaai aangekom. Ds. Horak het probeer om 'n Skot vir sy gemeente te bekom, maar hierdie Afrikaanse student wat in Edinburg in die Teologie gestudeer het, was die enigste wat gewillig was om te kom.

Ook die Sondagskool is deur Engelssprekendes bygewoon. In die tagtigerjare was daar selfs twee Anglikaanse onderwyseresse in die skool behulpsaam. In 1889 was die voertaal hoofsaaklik Engels en van 1892 af is Engelse katkisasieklassé aangebied. Ds. David Wilcocks het kort ná sy aankoms in 1895 weer Sondagskoolklassé in Hollands ingestel. Met die eeuwending is die helfte van die kinders egter nog in Engels onderrig. Ná die stigting van die Wesleyaanse kerk in 1903 het min Engelssprekendes nog die Engelse dienste in die NG kerk bygewoon. Dié dienste is in 1916 heeltemal afgeskaf (Steyn 1945: 74-78).

Daar is op kerkgebied geen onderskeid tussen mense van verskillende rasse gemaak nie; almal het dieselfde voorregte en verpligtinge gehad. Bruinmense het egter in aparte banke gesit. Ds. Horak het in 1858 gekla dat van die bruin lidmate na die Anglikaanse gemeente, wat kort tevore gestig is, oorgeloop het. In die laat negentigerjare het van die wit lidmate, veral oud-diaken H. Terblans, hul ontevredenheid met die stelsel van gelyke behandeling uitgespreek. Hy was daarvoor verantwoordelik dat afsonderlike aannemings en doopplegtighede in 1900 ingestel is (Steyn 1945: 59-60).

9.1.5.2 Voorleser en orrelis

Dienste is tot in die middel sewentigerjare met behulp van 'n voorleser gehou. Hy het die erediens met die sing van 'n psalm laat begin en daarna die Hfst. IX

Skrifgedeelte, die Tien Geboote, die Twaalf Artikels, die huweliksgebooie (indien nodig) en die afkondigings gelees. Wanneer die predikant afwesig was, het hy die hele diens waargeneem deur 'n preek uit 'n erkende preekboek en die formuliersgebede voor te lees. Een van die laaste mense wat dié amp beklee het, was skoolhoof Francis McIntyre wat in 1873 as voorleser en eerste vaste orrelis aangestel is. Hy het die amp 'n jaar lank beklee (Steyn 1945: 55-56). Nadat hy as skoolhoof bedank en die Baai verlaat het, het hy in die laat negentigerjare (met 'n doktorsgraad) as redakteur van die Mossel Bay Advertiser teruggekeer (Sien Mossel Bay Advertiser). Die amp van voorleser is finaal met die komst van die eerste hulpprediker afgeskaf (Steyn 1945: 56).

Die gemeente het sy eerste musiekinstrument, 'n "seraphine", twee en 'n half jaar ná stigting in gebruik geneem. Dit was 'n soort harmonium en die spelers is "seraphiniste", "harmoniumiste", "orgeliste" en selfs "organiste" genoem. Die instrument is na anderhalf dekade met 'n nuwe harmonium vervang (Steyn 1945: 57-58). Die naam "seraphine" is aangeleid van "seraf", 'n engel van die hoogste rang wat in die onmiddellike nabijheid van God lofliedere sing. Met die bou van die Klipkerk is 'n orrel met "remarkably fine tone" van Messers Hill of London bestel. Dit is gratis deur een van Donald Currie se skepe na Mosselbaai verskeep (MBA 2.4.1879; 14.1.1880: Advertensie).

'n Besoeker van Oudtshoorn was in 1890 besonder beïndruk met die sang in die NG kerk. Volgens hom was dit "veel sneller dan bij ons". Die sang by die Engelse diens was "bij uitsteek voortreffelijk, en de Mosselbaaische gemeente kan geluk gewenscht worden met hun bekwame organiste", aldus die besoeker (MBA 28.10.1890). Emily Kitching, na wie hier verwys is (Steyn 1945: 58), se opvolger, Willis Howard, het gereeld orreluitvoerings aangebied.

9.1.5.3 Nagmaal

Met die kwartaallikse Nagmaal het die dorp gewemel van die mense. Die Advertiser het dikwels oor die opgewektheid en die gewoel berig (MBA 16.10.1872: L&G; 5.10.1897: Brokkie). 'n Kenmerkende verslag lui: "During the whole of Saturday the town presented an exceedingly lively and bustling appearance, and shopkeepers, etc. wore beaming countenances which testified to a roaring trade being done. [...] On Saturday the two steamers that lay in the Bay for the whole day added to the liveliness of the scene" (MBA 11.1.1898: Jottings). Die ekonomiese belangrikheid van die Nagmaalsnaweek kan nie onderskat word nie. Handelaars het hulself vir die toeloop voorberei; die deftige klerasiewinkel, Divine, Hall & Co, het byvoorbeeld uitrustings en bykomstighede onder die opskrif "Nachtmaal! Voorstelling!" geadverteer (MBA 23.9.1874). Ds. Horak het in 1864 beswaar gemaak teen die verkopings wat op die Saterdag gehou is (Steyn 1945: 22). Daar is soveel vendusies gereël dat van hulle in 1875 weens oorvleueling uitgestel moes word (MBA 14.7.1875: L&G).

Op Knysna is gedreig dat, indien die Nagmaalgangers nie hul saketransaksies tot die Maandag van die Nagmaalsnaweek beperk nie, die Nagmaalviering elders, ver van die sakeondernemings, gehou sou word (MBA 13.9.1882: Notice). Vendusies en ander saketransaksies was oral in Suid-Afrika 'n inherente deel van die Nagmaalsgeleenheid omdat dit vanselfsprekend was dat die geïsoleerde boeregemeenskappe die kans sou benut om sake te doen. Die strenger predikante het landswyd ernstige bedenkinge teen die sakegees tydens Nagmaalsnaweke gekoester (Booyens 1982: 24; 36). Dit het ds. Horak ook gehinder dat buitemense in die hotels moes tuisgaan en dat dit onmatigheid in die hand gewerk het (Steyn 1945: 21). Ook magistraat R.J. Crozier het in die tagtigerjare in die hof opgemerk dat daar tydens Nagmaalsnaweke gereeld steurnisse in die kroëë voorgekom het (Sien Misdaad).

9.1.5.4 Onthale en kerkbasaars

Sondagskoolkinders is jaarliks op 'n geselligheid onthaal waar arm, ryk, bruin en wit, volgens die George Advertiser, in die pastorietuin gespeel en uit die Kinderharp ('n hallelujabundel) gesing het (GA 5.1.1865: Mossel Bay; 26.4.1866: L&G). In later jare het die kinders die 25 minute na Diepkloof gestap waar hulle in die pragtige omgewing piekniek gehou en ook aan boeresport deelgeneem het (MBA 13.12.1882: Marchand; 20.12.1898: Picnic). Onthale vir volwassenes het van 1882 die vorm van "Tea Meetings" in die Stadhuis aangeneem. Hierdie gesellighede is in die middel sewentigerjare deur die Engelse kerk ingevoer. Toegang was een sjieling, tee en koek is bedien en 'n musiekprogram aangebied. Teepartye is selfs vir die Sondagskoolkinders gehou (MBA 6.12.1882: Advertensie; 22.8.1883: Advertensie; 22.12.1896: Sunday School). Die gemeentelike plegtighede is dikwels deur predikante van die ander denominasies op die dorp bygewoon (GA 26.4.1866: L&G; MBA 13.12.1882: Marchand).

Basaars is dikwels gehou aangesien die vrywillige bydraes wat van lidmate verwag is, swak betaal is. Die verkopings was 'n vername bron van inkomste vir die kerk (Steyn 1945: 51; 53). Die agtienjarige Agnes Vintcent, die latere mev. J.X. Merriman, het in Oktober 1872 in 'n brief aan haar getroude suster gekla dat daar weer eens 'n basaar gereël word (SAB: MSC 512). Die basaars is tydens Nagmaalsnaweke gehou en is geesdriftig bygewoon. "Dames Handwerk en diverse andere Vraaye en Nuttige Voorwerpen; Levende Have, Voortbrengste van Tuin en Veld" is te koop aangebied (GA 17.9.1868: Advertensie). Die kerk het geadverteer dat "Eenige bijdrae hoe gering ook, in Geld, Vee, Producten, Struisvogel-veeren, diamanten, enz., enz." met dank ontvang sou word (MBA 24.1.1871: Advertensie). In die vroeë jare is die basaars in wonings, pakhuise en op die pastoriegrond gehou (MBA 7.3.1871: Hoofartikel; 27.1.1875; 27.2.1878). Ná voltooiing van die nuwe Stadhuis in 1879 (MBA 21.8.1879: Hoofartikel) is gewone basaars gereeld hier gehou. "Boeren-Bazaars" of

"Produce Bazaars" waar slegs lewende hawe, groente en vrugte te koop aangebied is, het egter steeds elders plaasgevind. Die openbare skool, waar daar 'n omheinde gebied vir die vee was, is byvoorbeeld gebruik (MBA 14.3.1883: Advertensie). Van die laat negentigerjare word gevind dat die aanvanklik uiters geskikte Stadhuis heeltemal te klein vir die menigte was. In 1899 kon die meeste basaargangers nie eens die kraampies sien nie. Die Advertiser het die oprigting van markiestente voorgestel (MBA 19.4.1898: Supplement; 11.4.1899: Nachtmaal).

Die koopware kon twee uur voor die opening teen 'n betaling van 6d. besigtig word (MBA 28.2.1871). Veral die distriksmense het die kerkbasaars besonder geniet. Hulle was in 1898 volgens die Advertiser "in the brightest of spirits and took part in the animated proceedings with the greatest zest" (MBA 19.4.1898: Supplement). Die gedrag op basaars was soms van so 'n aard dat daar 'n faksie was wat die hou daarvan vir kerklike en welsynsdoeleindes teengestaan het. Alhoewel die Advertiser gedink het dat daar grond vir dié houding was (MBA 18.12.1878: Bazaar), het die blad nooit melding van wangedrag gemaak nie. Van die sewentigerjare is die basaar om vieruur die middag gesluit en dan weer om halfagt die aand geopen. Een van die vernaamste trekpleisters was 'n Kersboom wat met geskenke oortrek was. Dié glanspunt is aangebied al is die basaar maande voor of ná Kersfees gehou. Kinders kon met 3d- of 6d-kaartjies van die speelgoed bekom. Of hulle die geskenke kon uitsoek en of dit die vorm van verrassingspakkies aangeneem het, is nie bekend nie. 'n Kersboom is reeds in die sestigerjare, toe daar gesukkel is om 'n geskikte boom te vind, aangebied (GA 8.10.1868: Mossel Bay; 28.2.1871: Advertensie; 7.3.1871: Hoofartikel; 6.3.1878: Bazaar). Die Kersboomgedagte was toe nog betreklik nuut aangesien dit eers teen die middel van die 19de eeu in Engeland gewild geword het. Die Kersboom het sy oorsprong in Duitsland gehad en is deur koningin Victoria se Duitse eggenoot, prins Albert, bekend gestel (EB Mic II 1974: 904).

Die basaar is met 'n veiling afgesluit waar 'n artikel, soos 'n vaatjie botter, oor en oor opgeveil is nadat dit telkens deur die koper teruggegee is. Soms is 'n nuwigheid uitgestal om luister aan die geleentheid te verleen. Dié is dan ook later opgeveil. Met die basaar van 1878 is geadverteer: "Come and see -- at Stall No 1 -- 'The Exquisite', 'The Bride of South Africa', and all her precious surroundings". Hierdie aantreklikheid, 'n pragtige groot pop "chastely adorned as a Bride", het op dié manier £6 17s geïn. Ouderling P.J. Wassung, 'n gelisensieerde afslaer, het by hierdie geleentheid sy winkel vir die dag gesluit en met sy seun die veilings waargeneem (MBA 27.2.1878: Advertensie; 6.3.1878: Bazaar). Dit is algemeen betreur dat aanbieders van 'n basaar vendusiebelasting aan die owerheid moes betaal (MBA 1.1.1879: Correspondence).

Ná afloop van die basaar is mense van ander denominasies wat behulpsaam was of bydraes gemaak het, gereeld in Hollands sowel as Engels in die Mossel Bay Advertiser bedank. Veral vroue van die Engelse kerk het jaarliks maande lank gehelp met die maak van basaargoed (MBA 7.3.1871; 27.2.1878; 5.5.1880).

9.2 Anglikaanse Kerk

9.2.1 Stigting en ontwikkeling

9.2.1.1 Ampstyd van eerw. Thomas Sheard (1855-1871)

Die Anglikaanse inwoners van Mosselbaai het aanvanklik onder die gemeente van George gevall. Die kerkgebou op dié dorp is in 1850 ingewy deur biskop Robert Gray, wat in 1848 as eerste Anglikaanse biskop van Kaapstad na die Kolonie gekom het om die kerk op 'n doeltreffende grondslag te organiseer (Stals 1961: 53). Twee stukke grond op Mosselbaai is in dieselfde jaar op 18 Februarie aan die biskop toegeken. Die persele het gesamentlik 6 440 vierkante meter beslaan

en was teenoor mekaar in Marshstraat geleë. Die een het bestaan uit ou erwe 4, 5, 6 en 7 in blok B en is deur Upper Cross-, Mitchell- en Marshstraat begrens; die ander uit ou erwe 5, 6 en 7 in blok C wat begrens is deur Marsh-, Mitchell- en Lower Crossstraat (AK: GF 11: 9; KA: CO 2943: 34).

Die eerste plaaslike predikant, die Brits gebore eerw. Thomas Sheard (1824-1871), het hom vyf jaar ná die toekenning in Januarie 1855 op Mosselbaai gevestig. Winifred Tapson, wat die geskiedenis van die bisdom van George nagevors het, begin 'n fout wanneer sy beweer dat hy eers in 1857 gekom het (1961: 21). Mn. en mev. Sheard het sewe jaar vroeër op 5 November 1848 met hul kind aan boord van die Neptune in Tafelbaai aangekom (Gazette 9.11.1848). Dit was sowat nege maande na die aankoms van die biskop (Agar-Hamilton 1976: 330-331). Hulle was onderwysers en het op eie stoom na Suid-Afrika gekom.

Die egpaar het albei biskop Robert Gray geken en is waarskynlik deur hom beïnvloed om hulle in die Kaapkolonie te vestig. Thomas Sheard, 'n predikantseun van Battersea, was 'n tyd lank onderwyser van Gray se gemeenteskool op Stockton en sy vrou is van jongs deur Gray as onderwyser opgelei. Thomas Sheard is met Kersfees 1854 deur die biskop tot "deacon" georden (SAB: Crail file 15: 26.5.1955; Crail card: T Sheard; Gray 1856: 29; 32). Anders as vandag was die amp in daardie tyd nie net tydelik vir 'n jaar nie, maar 'n voltydse beroep (Lloyd-Jones 1989: Persoonlike mededeling). Sy salaris van £100 per jaar is deur die gemeente gewaarborg (Gray 1856: 35). Mosselbaai se eerste resident-magistraat, George Marsh, is as eerste kerkvoog ("churchwarden") van die Anglikaanse kerk aangestel (Almanac 1856: 206).

Met sy komst het eerw. Sheard se gemeente uit 150 siéle bestaan waarvan slegs sowat 50 die dienste gereeld kon bywoon. Daar was net enkele bruin Anglikane. Die eerste kerkgebou het as die "School-chapel" bekend gestaan en het, soos die naam aandui, ook die skool gehuisves. Dit is ses maande later, op 29 Julie

1855, ingewy. Die geboutjie is op die hoek van Marsh- en Mitchellstraat opgerig. Dit was 9,75 by 6,09 meter en het £500 gekos (MBA 22.10.1879: Consecration). 'n Deel van die saaltjie is binne met traliewerk en gordyne afgeskort om as altaarruimte te dien. Biskop Gray het die gebou binne en buite besonder netjies gevind en het aangeteken dat dit met groot piëteit ingerig was (Gray 1856: 32; 36).

Die biskop en sy vrou het die gemeente nege maande ná die Sheards se aankoms besoek en by hulle tuisgegaan. Die pastorie was nog nie heeltemal voltooi nie. Eerw. Sheard se taak was volgens biskop Gray nie maklik nie; hy het gedurende die week skool gehou en op Sondae twee volle dienste geleei. Gray het gehoop dat die gemeente later, wanneer dit groter en meer welvarend was, 'n klipkerk sou kon oprig. Die gemeente het reeds 'n uitstekende perseel vir dié doel besit met 'n pragtige uitsig oor die baai.

Die dienste is met die biskoplike besoek goed bygewoon en die skoolkapel was vol. Tien lidmate het Nagmaal gebruik en agt is aangeneem. Die Sondagskool se leerlingtal was 33 en dié van eerw. Sheard se gemeenteskool 42. Biskop Gray het laasgenoemde geïnspekteer en gemeld dat selfs 'n leek sou kon sien dat eerw. Sheard 'n voortreflike onderwyser was. Daar was egter ontevredenheid omdat die kerkskool nie soos dié van die Hollandse kerk staatsteun ontvang het nie. As gevolg hiervan kon laasgenoemde skool bekostig om besonder lae skoolgeld te hef terwyl die Anglikane veel meer moes vra. Al hoe meer Engelse leerlinge het gevolglik na die Hollandse kerkskool oorgeloop en daarom het Sheard se skool dit al hoe moeiliker gevind het om finansieel die mas op te kom (Gray 1856: 32-36). (Sien ook English Church Mission School in die volgende hoofstuk).

Die gemeente het so uitgebrei dat die skoolkapel gou te klein geword het. Die aanvanklike begeerte was om 'n kerk te bou, maar vier jaar se droogte het die

lidmate so verarm dat daar van die plan afgesien is (SAB: Crail file 15: 26.5.1955). Eerw. Sheard se jaarlikse verslae aan die Society for the Propagation of the Gospel in Foreign Parts, waarvan hy van 1857 'n sendeling was, getuig van die ontberings en armoede wat gedurende die sestigerjare in die gemeente ondervind is. Met die voltooiing van die vuurtoring is daar ook heelwat gesinne weg. Die skoolkapel is gevoglik gedurende die eerste kwart van 1862 met sowat 6,09 meter verleng (SAB: Crail file 15: 26.1.1955).

Thomas Sheard is op 19 November 1871 op 47-jarige leeftyd in die pastorie oorlede. Hy was nooit 'n gesonde man nie en het waarskynlik om dié rede na Suid-Afrika gekom. "Mam Sheard" het ná die dood van haar eggenoot op Mosselbaai aangebly en voortgegaan om meisies in haar private skool te onderrig (Sien Private skole). Van die egpaar se sewe kinders (SAB: Crail Card: T Sheard) was bekende burgers op Mosselbaai. Die oudste kind, Francis John (Frank), vennoot van die groothandelsonderneming Hudson, Vreede & Co (MBA 22.3.1898), was vir twee dekades of meer kerkvoog (MBA 27.9.1876: Visit; 1.10.1895: Taylor). Die tweede oudste kind, Robert, was hoof van die St. Mark's Grammar School op George. Hy het in 1874 die onderskeiding behaal om die eerste in die Kaapkolonie te wees om plaaslik, dit wil sê aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, 'n M.A.-graad te behaal (MBA 28.10.1874: L&G). Die derde kind, Thomas Simpson, was 'n wetsagent en getroud met 'n dogter van die landings- en verskepingspionier Daniel Bland (MBA 1.11.1876; 9.7.1895: Warrant). Thomas Sheard was in die sewentigerjare munisipale sekretaris (MBA 14.10.1874), in die tagtigerjare onderbalju (MBA 20.10.1880) en is in 1884 en 1891 as voorsitter van die Dorpsraad verkies (MBA 13.8.1884: L&G; 11.8.1891: Notes). In 1895 is hy egter bankrot verklaar nadat hy onder verdagte omstandighede verdwyn het (Sien Rondgaande Hof). Die vyfde kind, Arthur Charles, was tot in 1889 prokureur op die dorp waarna hy hom op Oudtshoorn gevestig het (MBA 19.3.1889: L&G). Ook hy het akademies uitgeblink (MBA 9.8.1876: L&G).

9.2.1.2 Ampstyd van eerw. William Fred Taylor (1872-1895)


Thomas Sheard se opvolger, eerw. Taylor, het in April 1872 die werk in die gemeente oorgeneem. Hy was nie beïndruk met die gebou waar die dienste gehou is nie en het dit beskryf as 'n lang, nou en kaal skoolkamer (Gibson 1900: 99). In 1875 met die eerste besoek van biskop William West Jones, biskop Gray se opvolger, was die gebou reeds heeltemal te klein en is daar besluit dat 'n kerk opgerig moes word (MBA 28.4.1875). Volgens die sensus van daardie jaar het die wit gemeente uit 318 lidmate bestaan (G.42-76 II: 334). Die sakeman en kerkvoog J.F. Hudson (GA 2.5.1867: Correspondence) het 'n sentrale perseel in Marshstraat geskenk vir die bou van die kerk (MBA 5.5.1875). Die grond wat oorspronklik vir dié doel toegeken is, is ten bate van die boufonds verkoop (Merchant 1979: 4). Die hoeksteen van "this Church of St Peter" is op Maandagmiddag, 25 September 1876, gelê. Die plegtigheid is deur aartsdeken Peter Parry Fogg van George waargeneem nadat die gemeente in optog van die skoolkapel na die bouperseel gestap het. 'n Metaalkissie met enkele munte, die jongste uitgawe van die Mossel Bay Advertiser en 'n dokument is onder die steen geplaas. Die name van die ampsdraers is op die dokument aangebring en dit is ingelui met: "In the Year of our Lord 1876, in the fortieth year of the reign of Queen Victoria [...]" . Die gesang "We love this place, O God" is onder meer gesing (MBA 27.9.1876: Bishop).

Die struktuur is deur John Welchman ontwerp en die plaaslike onderneming, Michie & McGregor, wat ook vir die Klipkerk verantwoordelik was, is as bouaannemers aangestel. Die kerk sou geheel en al van gedresseerde klip wees en volgens die Advertiser een van die netjiesste en "most substantial" in die Kolonie. Soos in die geval van die Hollandse kerk kon die klip gratis gekap word. Slegs die middeskip en die onderste deel van die toring sou aanvanklik opgerig word. Die binnemate was 18,29 meter by 11 meter, 'n oppervlakte wat

feitlik dubbel dié van die skoolkapel was. Vanweë gebrekkige fondse het die bouwerk drie jaar lank gesloer (MBA 13.9.1876; 30.10.1878).

Die kerk van St. Peter is op Woensdag, 15 Oktober 1879, ingewy. Alhoewel die driehonderd teenwoordiges die gebou goed gevul het, was dit volgens die plaaslike blad nie stampvol nie. Om elfuur dieoggend het die geestelikes en koor, geklee in koorklede, biskop Jones by die deur verwelkom. Nadat J.F. Hudson, wat nou senior kerkvoog was, die versoek om inseënning gelees het, is die prosessie die kerk in terwyl die 24ste psalm, "The Earth is the Lord's", gesing is. Redakteur Powrie het geskryf: "Though the whole beauty of the interior of the building will not be evident until the chancel is built, which will add length to the present wide span and develop the fine arch, now filled up with a bare wall; yet the spacious nave, with its well-pitched roof, and its long pointed windows with their softly-tinted glass, has even now a fine effect." Die enigste gebrandskilderde glasvenster was dié wat deur die weduwee Sheard en haar kinders ter nagedagtenis aan eerw. Thomas Sheard geskenk is. Die heilige vate en geborduurde altaarkleed en altaarlinne was 'n geskenk van vroue in Engeland. Die oostelike muur, waar die heiligdom later aangebou sou word, is met 'n wandbekleedsel behang, die handewerk van die biskop se suster. Dit het bestaan uit vertikale pante van donkergroen materiaal afgewissel met wit bane met geborduurde rooi lelies. Die aand is 'n "Tea Meeting" in die Stadhuis gehou waar ook ds. I.G.J. Horak van die NG gemeente opgetree het (MBA 22.10.1879: Consecration). Sy skoonvader, eerw. T. Atkinson van die Pacaltsdorpse sendingstasie, het ook dieoggend aan die verrigtinge deelgeneem (MBA 15.10.1879).

Die bouaannemers, Michie & McGregor, het 'n stel lampe, 23 "Silber burners", aan die kerk geskenk. Volgens die Advertiser was die ontwerp van die ligkroon goed, maar die onaantreklike afwerking van 'n dowe vuilblou met dowe rooi strepe is dadelik met 'n laag helder goud en blou emaljeverf vervang (MBA Hfst. IX



Die binnekant van die versierde St. Peter's kerk tydens 'n feesgeleentheid. Die ligkroon is deur die kerkbouers, Michie & McGregor geskenk. Die muur agter die altaar is in 1885 herbou toe dit gedreig het om ineen te stort. Die heiligdom is in 1906 agter die toegeboude boog aangebring.

Foto: Bartolomeu Dias-museum, afdruk geskenk deur P. Storrar

19.11.1879). Die lampe het gewoonlik saans goeie lig verskaf, maar die kerk was sporadies in duister gehul wanneer smeeroolie per ongeluk in plaas van paraffien gebruik is (MBA 2.3.1881: L&G; 12.11.1895). In 1883 het E.B. Hall, vennoot van Prince, Vincent & Co (MBA 24.7.1878), en wyle eerw. Sheard se seun Thomas twee buitelampe geskenk wat aan weerskante van die kerktrappe aangebring is. Hierna is die gevaar wat donker aande ingehou het, aansienlik verminder (MBA 7.3.1883: L&G). In 1885 is 'n "large and fine toned bell" van die bekende gietery van John Warner & Sons in Londen by die kerk aangebring. Die klok het meer as 136 kilogram geweeg (MBA 4.2.1885: Brokkie). In Maart van dieselfde jaar het die oostelike muur gedreig om ineen te stort en moes dit inderhaas deur die kontrakteurs Courtney & Delbridge herbou word (MBA 4.3.1885: Church; 11.3.1885: L&G; 1.4.1885).

Ná voltooiing van die St. Peter's kerk het die "School-chapel" as die "Parish Room" bekend gestaan (MBA 1.4.1885: Notice). Die saaltjie is hierna gereeld vir "Tea Meetings" en ander gemeentelike bedrywighede gebruik (MBA 28.2.1893: Departure). Die keermuur voor die saal en pastorie is in 1888 opgerig (MBA 28.2.1888: Advertensie; 10.4.1888: Council). Tenders vir die vergroting van die pastorie is in 1896 gevra (MBA 4.8.1896: Advertensie).

Van die halfeeu wat eerw. Taylor in diens van die bisdom van Kaapstad was, is amper veertig jaar in die buurdistrikte Riversdal, Mosselbaai en George deurgebring (Gibson 1900: 95). Hy het sy loopbaan begin deur in 1851 in diens van die Society for the Propagation of the Gospel na die afgeleë eiland Tristan da Cunha te gaan. Sy omstandighede was hier besonder primitief; hy het byvoorbeeld slegs een keer per jaar pos ontvang. Sy salaris is deur 'n weldoener in Engeland betaal. Die beperkte landbougrond op die eiland was mettertyd te klein en uitgeput om die groeiende inwonertal te onderhou en 'n kwart van die eenhonderd inwoners is met 'n walvisvaarder na die Verenigde State van Amerika. Nog 42 wou die eiland verlaat en daar is tydens biskop Hfst. IX

Robert Gray se besoek in Maart 1856 besluit om die staat te versoek om hulle te laat haal. Die skip het egter nie opgedaag nie en nadat eerw. Taylor alle hoop laat vaar het, is hy met 'n walvisvaarder na Kaapstad waar hy in Oktober 1856 die ontruiming self gereël het (Gray 1876: 148-150; Taylor 1857: 13; Widdicombe 1915: 100).

Van hierdie immigrante het op 6 Maart 1857 aan boord van die transportskip HMS Geyser in Mosselbaai aangekom om hulle by eerw. Taylor, wat toe op Riversdal werkzaam was, aan te sluit. Die groepie het na twee en 'n half jaar na Mosselbaai verhuis. Onder hulle was die 25-jarige Robert Riley met sy vrou, twee broers en 'n suster. Rileystraat, net agter die St. Peter's kerk, is na dié bekende familie vernoem. Die NG kerkhorlosie is deur die broer Alexander geïnstalleer (Sien Klipkerk) en die "Lazaretto" by die Punt is deur Thomas gebou (Sien Pokke). Die Riley-suster, Sena Mathilda, is in 1860 met 'n bekende Mosselbaaier, George Bridle, getroud (MBA 10.6.1894: Obituary; 11.6.1895).

Eerw. Taylor is in 1866 van Riversdal na George waar hy ses jaar lank hoof van die St. Mark's Grammar School was. Daarna het hy in April 1872 na Mosselbaai gekom (Gibson 1900: 98). Taylor, wat vrygesel was, het volgens die tydgenootlike tydskrif The Mission Field sy werk op 'n uitstekende en opregte wyse verrig (Anoniem 1857: 12). Gedurende die meer as 23 jaar wat hy op Mosselbaai werkzaam was, is daar na hom verwys as "dear old Father Taylor" (Widdicombe 1915: 99). Die priester het 'n lewendige belangstelling in dorpsake getoon en was onder meer 'n groot kampvegter vir die Kleinboschwaterskema. Hy het ook in die spoorwegkomitee gedien (MBA 17.12.1884: Correspondence; 6.8.1895: Railway) en plaaslik meteorologiese opnames vir die Kaapse sterrewag gemaak (Anoniem 1892: 6). Die Advertiser het by geleentheid ook geskryf dat eerw. Taylor 'n toespraak in sy "usual happy style" gemaak het (MBA 3.10.1883: Brokkie), sodat 'n mens kan aflei dat hy 'n opgeruimde en geliefde man moes gewees het. In 1883 het dit aan die lig gekom dat hy die

outeur was wat 23 jaar tevore onder die skuilnaam Frederika Giuletta 'n parodie op 'n gedig van Elizabeth Barrett Browning in die Cape Monthly geplaas het. Die gedig, wat by die publikasie daarvan as "unpardonably profane" beskryf is, is in 1883 in die Advertiser geplaas. Redakteur Powrie het geskryf: "It is to be hoped that its republication in our columns will not cause him to fall in the estimation of his parishioners" (MBA 2.5.1883: Brokkie).

Die predikante het dit nie altyd finansieel maklik gehad nie. Die gemeente het gedurende eerw. Taylor se ampstyd dikwels nie daarin geslaag om die beloofde bedrag vir sy salaris by te dra nie en hy moes gevoleklik met minder klaarkom. Biskop Jones het tydens sy besoek van 1887 'n vergadering hieroor belê en daar is besluit dat lidmate aangemoedig moes word om hul maandelikse bydraes te verhoog en hulle te verbind om die beloofde bedrag vir 'n tydperk van 'n jaar of langer te betaal (MBA 24.2.1886: L&G; 17.8.1887: Visit; 23.8.1892: Bishop). Op Paassondae is die kerkkollekte tradisioneel ten behoeve van die predikant gehou. Redakteur Powrie het een Paasfees 'n vermanende beroep op die lidmate gedoen: "As the parishioners have failed during the past year to make up the sum promised Mr Taylor as his annual stipend, we trust that the congregation will endeavour to make an offering that will to a great extent make up the deficiency" (MBA 6.4.1887: L&G).

By eerw. Taylor se vertrek in 1895 na Somerset-Wes is 'n beurs en pragtig geïllumineerde adres aan hom oorhandig. Laasgenoemde is deur skoolhoof J. Proctor en eerw. F. Boehm uitgevoer (MBA 24.9.1895: Farewell; 1.10.1895: Taylor).

9.2.1.3 Ampstyd van eerw. Charles Earp Jones (1895-1902 en daarna)

Eerw. Earp Jones is op 1 September 1895 deur biskop W.W. Jones in die St. Peter's kerk geïnstitueer. Hy het aangekondig dat hy as sportgeesdriftige Hfst. IX

soveel moontlik aan sy liefhebbery sou deelneem en daar mee aan jongmense sou toon dat "participation in manly games and christianity were not incompatible" (MBA 3.9.1895: Visit). Die kroning van koning Eduard VII het gedurende sy ampstyd plaasgevind en 'n spesiale diens is op Vrydag, 8 Mei 1902, gehou. Die kerk was binne met kroningsdoek versier en die Engelse weerkundige vlag het aan vergulde pale gehang. Op die altaar was wit lelies en groen loof. Die kerk was stampvol, met lede van die Dorpsraad en ander amptenare in die voorste gestoeltes. Ook ds. J. Murray van die NG kerk het die diens bygewoon. Die Advertiser het die verrigtinge beskryf: "the center aisle was lined by the Town Guard in Church parade, who had marched in full equipment, preceded by their Brass Band rendering in martial strains inspiring music, which brought together a great crowd round the portals of the sacred edifice. The scene was a very impressive one." Die Kroningskoor, wat vir etlike weke geoefen het, het 'n pragtige uitvoering gegee onder leiding van die NG orrelis, D.R. Howard. Die redakteur dr. McIntyre het vervolg: "The Rector, the Rev. C Earp Jones, conducted the inspiring service, and one could not help noticing the emotions that swelled his bosom and swayed his spirit as he led the congregation in the discharge of the sacred duty." Die verrigtinge is afgesluit met die sing van twee verse van "God save the King" (MBA 12.8.1902: Coronation). Eerw. Earp Jones en sy vrou, Carolyn, se vier seuns het almal in hul vader se voetspore gevolg. Hul seun Arthur was gedurende die eerste kwart van die huidige eeu ook predikant van die St. Peter's gemeente (Barnett 1989: Persoonlike mededeling).

9.2.1.4 Hulppredikers

Eerw. Taylor en eerw. Earp Jones is bygestaan deur 'n hulpprediker. Frank Hawkins Fisher het dié amp van 1878 tot 1883 beklee (MBA 8.8.1883: Hoofartikel). Hy was met een van resident-magistraat R.J. Crozier se dogters getroud (MBA 1.6.1881). By sy vertrek na Victoria-Wes het die Advertiser berig dat hy gemis sou word, "especially by the young men of our community, with

whom, ever since his arrival here, he has identified himself, taking an active interest in their sports and games" (MBA 8.8.1883: Hoofartikel). Eerw. Fisher was in die laat tagtigerjare in die gemeente van die St. Mary's kerk in Johannesburg werksaam (MBA 4.6.1889: Tea). W.E. Slingsby, wat reeds in 1885 as onderwyser aan die gemeente verbonde was (MBA 18.3.1885: Correspondence; 7.3.1893: Slingsby), is in Junie 1891 op Mosselbaai as priester georden. Dit was die eerste keer dat so 'n plegtigheid op die dorp plaasgevind het en nie in die katedraal in Kaapstad nie. Hy is in Februarie 1893 na Swellendam (MBA 23.6.1891: Bishop; 21.2.1893; 28.2.1893).

9.2.2 Die St. Peter's kerk en pastorie vandag

Dit blyk duidelik uit 'n bestudering van die saamgestelde foto uit 1864 of dié uit 1880/84 (KA: AG16350.1-.3; AG16352) dat eerw. Sheard se oorspronklike pastorie en "School-chapel" tans deel van die huidige dubbelverdieping-pastorie uitmaak. Die onderste verdieping van die vleuel met die spitsgewel en 'n gedeelte van die middelste deel van die gebou is oorspronklik. Tenders vir die vergroting van die pastorie is in Augustus 1896 gevra (MBA 4.8.1896: Advertensie). Fransen en Cook se beraming dat die pastorie uit c.1870 dateer, is dus nie korrek nie (1980: 377). Ná die voltooiing van die St. Peter's kerk het die skoolkapelgedeelte as die "Parish Room" bekend gestaan. Vandag dien dit steeds as kerksaal. Die ou klipmuur voor die gebou is in 1888 opgerig (MBA 28.2.1888: Advertensie). Die RNG beskryf die pastorie en saal as 'n belangrike historiese kompleks en meen dat dit tot gedenkwaardigheid verklaar behoort te word (NMC 1985: 15).

Volgens die argitektuurhistorikus Désirée Picton-Seymour is die St. Peter's kerk "indeed a splendid stone church built in the 'Early English' Gothic style, the tall stonework spire being unique in South Africa". Die koorruimte, sanctuarium en tooring is in 1906 aangebou (1989: 83). Die RNG beveel aan dat

die klipstruktuur tot gedenkwaardigheid verklaar word (NMC 1985: 16). Die datum wat Fransen en Cook aangee vir die oprigting is foutief (1980: 376).

9.2.3 Musiek

Eerw. Taylor het in 1877 verklaar dat die kerk se nuwe harmonium 'n uitstekende instrument was, maar dat die gemeentelike samesang en ook die koorsang veel te wense gelaat het. Laasgenoemde moes volgens hom gereorganiseer word (MBA 21.11.1877: L&G). Of dit wel gedoen is, is nie bekend nie. Die koor was deur die jare 'n voortdurende bron van klagte. Met die inwyding van die St. Peter's kerk was die sang van 'n goeie gehalte, maar dit was volgens redakteur Powrie slegs omdat geen ingewikkeld stukke aangepak is nie (MBA 22.10.1879: Consecration). Biskop Jones het dertien jaar later in 1892 tydens sy herderlike besoek gemeen dat niks die gemeente verhoed het om oor 'n goeie koor te beskik nie. Volgens hom was 'n orrel egter dringend noodsaaklik. Hy was ook ontevrede met die swak wyse waarop die responsorie gemaak is (MBA 23.8.1892: Visit). 'n Orrelfonds is nog dieselfde jaar gestig (MBA 13.12.1892: Advertensie). Die nuwe instrument, deur die bekende Bristolse orrelbouers Vowles vervaardig, is gratis deur die Union Steamship Co verskeep en op 4 Februarie 1894 in gebruik geneem. Die orrel met sy 417 hout- en metaalpype is as "very superior" beskryf. 'n Groot koor het met die inwyding opgetree, maar geen moeilike koorstuk is aangepak nie (MBA 6.2.1894: Organ).

Die dienste in die Anglikaanse Kerk was in hierdie tyd veel eenvoudiger as vandag. Kerse is nie gebruik nie en die predikant het slegs 'n swart priesterkleed ("cassock") met wit bande gedra en geen stola nie (Lloyd-Jones 1988: Persoonlike mededeling). Om 'n koorkleed ("surplice") te dra, is as Roomsgesind beskou. Die Nagmaal is slegs vier keer per jaar gevier (Hattersley 1969: 219) in plaas van daagliks of weekliks soos tans die geval is. Die Church of England was in die Victoriaanse Tydperk innerlik verdeeld en

Hfst. IX 358

verskillende groepe het in die kerk om invloedryke posisies gewedywer. Aan die een kant was daar die High Church, oftewel die Oxford Movement, wat 'n Katolieke herlewing voorgestaan het, en aan die ander kant was daar die Evangelicals, die mees invloedryke groep, wat wantrouig was teenoor enige rituele gebruik (EB Mac 3 1974: 269). Laasgenoemde groep het onder andere beswaar gemaak teen koraalsang ("chanting") en die hou van die vastyd (Hattersley 1969: 219).

Hierdie verdeeldheid is ook op Mosselbaai bespeur. 'n Koraaldiens wat twee maande ná die inwyding van die St. Peter's kerk op Sondagaand, 29 Desember 1879, gehou is, het die volgende beswaar in die Advertiser se briewekolom uitgelok: "The attempted choral service in the English Church last Sunday evening, artistically considered, was scarcely a success; besides it was, in many other respects, a great mistake. I think the Incumbent ought to consider that a large portion of the members and adherents of the Church of England in this place belong to what is termed the low-church party, and who are consequently very strongly opposed to such a service as that of Sunday evening. [...] I feel sure the plainest form of worship will be much more appreciated by the church-going community of Mossel Bay than any wretched attempts at a style of service more suited to cathedrals" (MBA 1.1.1879: Correspondence).

Dit is onbekend of 'n soortgelyke diens, waar die liturgie in sangvorm aangebied word, weer gehou is.

9.2.4 "Tea Meetings", konserte en basaars

Van die middel sewentiger- tot vroeë negentigerjare het feitlik alle gemeentelike geleenthede die vorm van "Tea Meetings" aangeneem. Hierdie byeenkomste is deur eerw. Taylor ingestel en aangebied tydens die besoek van die biskop en ander kerklui, as afskeids- en verwelkomingsgesellighede vir Hfst. IX

predikante, met die inwyding van die St. Peter's kerk en ook vir fondsinsamelings. Die gesellighede is van 1879 in die pas voltooide Stadhuis gehou waar die interieur vir die geleentheid met vlae en plante getooi is. Tee en koek is bedien en daarna het toesprake en 'n musiekprogram gevolg. Die koste was een sjieling per persoon (MBA 22.10.1879: Consecration; 3.10.1883: Brokkie; 4.6.1889: Tea). Alhoewel daar nie van hierdie gesellighede afgesien is nie, is die benaming "Tea Meeting" in September 1895 summier laat vaar. Dit het saamgeval met die komst van eerw. Earp Jones en daar kan aangeneem word dat die benaming hom nie geval het nie (MBA 3.9.1895: Visit; 1.10.1895).

Eerw. Earp Jones het konserte en 'n "Conversazione" in die Stadhuis aangebied. Laagenoemde was 'n gesellige byeenkoms met verversings en 'n musiekprogram (MBA 28.1.1896: Brokkie; 25.8.1896: Entertainment; 23.5.1899: Visit) en het, afgesien van die deftige naam, nie veel van die vroeëre "Tea Meetings" verskil nie. Van die negentigerjare is "God save the Queen" dikwels tydens kerkgeleenthede gesing (MBA 13.12.1892: Advertensie; 28.2.1893: Departure; 11.2.1896: Entertainment; 3.9.1895: Visit).

In teenstelling met die NG gemeente het dié van die St. Peter's kerk selde 'n basaar gehou. Die eerste basaar van die St. Peter's kerk, wat in die Advertiser genoem is, is in 1878 ten bate van die boufonds gehou. Redakteur Powrie het berig dat die geleentheid bewys het dat indien 'n basaar goed beheer word, dit veel goed kon doen deurdat dit onskuldige plesier verskaf het (MBA 18.12.1878). Soos reeds by die bespreking van die NG basaars gesien is, was daar 'n faksie wat teen die hou van basaars vir kerklike doeleinades was. Dit is moontlik dat van hierdie mense aan die Engelse kerk behoort het. Die tagtigtigerjare het die meeste basaars opgelewer, naamlik vier. Twee van dié was kleinerige verkopings in die "Parish Room". Die Engelse basaars het nie soveel lewende hawe en plaasprodukte soos dié van die Hollandse kerk te koop aangebied nie, maar het hulle meer op handwerk en kuns toegelê. Snuisterye en

naaldwerk is gewoonlik van Engeland, en in 1878 selfs van Madeira, as bydraes ontvang. Die geselligheid het in die aand weer hervat wanneer tablo's en musieknommers aangebied is. In 1902 kon basaargangers teen betaling na mev. A.I. Vintcent (dogter van dr. T. Kitching) se grammofoon luister (MBA 4.12.1878; 1.4.1885: Notice; 13.12.1892: Advertensie; 16.12.1892: Bazaar). Ná die basaar van 1888 het redakteur Powrie tevrede opgemerk dat daar geen uitloting "or anything approaching a 'take in'" was nie (MBA 24.12.1888: Bazaar). Die gebruik van "raffling" is in die tagtigerjare by kerkbasaars ingevoer en is besonder winsgewend gevind. Kerkleiers het egter later in die dekade ernstig teen hierdie gebruik, en loterye in die algemeen, gewaarsku (Booyens 1982: 42).

9.2.5 Biskopale besoeke

"The Lord Bishop of Cape Town" se herderlike besoeke het in die tagtigerjare so toegeneem dat Mosselbaai elke twee of drie jaar met sy teenwoordigheid vereer is. Hy is gewoonlik deur 'n groepie manlike lidmate by 'n tol, of later by die Gouritsrivierbrug, ingewag. Die karre het hiervandaan in gelid, met dié van die resident-magistraat vooraan, die tog van 'n paar uur na die dorp afgelê (MBA 14.4.1875: Bishop; 26.11.1889: Visit; 16.8.1892: Visit; 3.9.1895: Visit). Wanneer die biskop nie op 'n herderlike reis was nie, maar spesiaal vir 'n besondere geleentheid gekom het, soos die verordening van eerw. Slingsby in Junie 1891, het hy met die posboot gevaaar (MBA 23.6.1891: Bishop; 11.4.1899: Visit).

Tydens sy besoek het hy verskeie dienste in die St. Peter's kerk en op Vogelvley en die ander sendingposte gehou. Katkisante is aangeneem, die sakramente is bedien en vergaderings is gehou om finansiële en ander gemeentelike sake te bespreek. 'n Biskopale besoek was 'n belangrike gebeurtenis op die dorp en die dienste is goed bygewoon. Toegangskaartjies

moes soms vir die aannemingsdiens uitgereik word, soos in 1884 toe daar 101 katkisante was (MBA 13.8.1884: Visitation; 20.8.1884: Visitation; 26.11.1889: Visit). Tydens die besoek is daar ook sonder uitsondering 'n "Tea Meeting" in die Stadhuis gehou waar die gemeente die biskop kon ontmoet.

9.2.6 "English Church Mission"

Eerw. Thomas Sheard het hom in 1857 aan die Society for the Propagation of the Gospel in Foreign Parts verbind en in Oktober van daardie jaar met sendingwerk onder die bruin gemeenskap op Mosselbaai begin. Sowat 130 mense, omtrent almal ongedooptes, het hulle onder sy sorg geplaas (MBA 22.10.1879: Consecration). Die owerheid is in September 1857 versoek om die orige erwe in blok B aan die kerk toe te ken sodat nog 'n kerkgebou langs die skoolkapel opgerig kon word (KA: CO 2943 1857: 34). Dit het die sendeling egter nie geluk om dié grond te bekom nie, maar 'n ander perseel daar naby is op 21 Desember 1858 toegeken. Dit het 1 840 vierkante meter beslaan en was op die hoek van Montagu-, Mitchell- en Upper Crossstraat (ou erwe 6 en 7 van blok A). Al drie die persele wat in hierdie stadium aan die kerk behoort het, was dus in aangrensende blokke in Mitchellstraat. Eerw. Sheard het in 'n brief aan die owerheid verklaar dat daar onmiddellik ná ontvangs van die titelaktes met die bou van 'n "chapel school room" van 11 meter by 7 meter begin sou word. 'n Onderwyserswoning sou ook opgerig word sodra dit befonds kon word. Volgens eerw. Sheard was daar sowat 130 siële in die gemeente waarvan vyftig naby genoeg gewoon het om kerkdienste te kon bywoon. Die sendingskool se leerlingtal was 35 en dié van die aandskool vir volwassenes 20. 'n Uitstekende onderwyser, J.C. Samuels (later eerwaarde), wat voorheen hoof van 'n groot Kaapstadse skool was, is kort vantevore aangestel (KA: CO 2957 1858: 31; Gibson 1900: 99). Die bruin lidmate het £80 per jaar bygedra tot hul onderwyser se salaris (Gray 1876: 231).

Gedurende eerw. Sheard se ampstyd is die werk tot die dorp beperk met slegs sporadiese besoeke aan buitewyke soos die Welbedachtsendingpos. Ná eerw. W.F. Taylor se koms in 1872 is 'n maandelikse diens op die plaas Vogelvlei ingestel. Van 1880 is ook op die plaas Dumbiedykes dienste gehou, eers in 'n waenhuis en van Mei 1886 in 'n huis wat as sendingkapel ingerig is. Die plaas is egter verkoop en die onsimpatieke nuwe eienaar het 'n einde aan die dienste gemaak. Die sending het hierna na die plaas Brandwacht verhuis waar 'n "school-chapel" opgerig is. 'n Kapel is ook op Herbertsdale gebou (SAB: Crail file 15: 26.5.1955; Gibson 1900: 100–101; MBA 19.5.1886: Dumbiedykes).

Met biskop Gray se besoek in 1869 was die ruimte in die "school-chapel" op die dorp reeds so beperk dat hy beloof het om te help om dit te vergroot. Hy het tydens sy besoek 65 belydendes aangeneem. Volgens hom was dit nodig dat die twee gemeentes op die dorp verenig moes word aangesien die skeiding van die groepe nie vir enige van die twee bevordelik was nie. Hy het verklaar dat dit prakties moontlik was aangesien die bruin mense Engels genoegsaam begin verstaan het (SAB: Crail file 55: 1869; Tydskrif). In 1879 het die lidmaattal die 600-merk bereik en was die "school-chapel", wat weer eens vergroot is, amper te klein (MBA 22.10.1879: Consecration). 'n Franse harmonium is in 1884 ingevoer en geïnstalleer (MBA 27.8.1884: L&G). Gedurende die daaropvolgende jaar was daar weer 'n fondsinsameling vir die vergroting van die gebou (MBA 15.4.1885: Brokkie). Die naam All Saints Mission Chapel, soos die gebou later algemeen sou heet, kom vir die eerste keer in die Advertiser van 26 Mei 1896 voor. Die skrywer van die eeufeesbrosjure van die gemeente fouteer wanneer daar beweer word dat die All-Saints kerkgebou in 1915 opgerig is (Merchant 1979: 6).

Die hoë dak van die "school-chapel" kan op die saamgestelde foto uit 1864 gesien word waar dit agter die wit gemeente se skoolkapel uitsteek (KA: AG16350.1-.3). Op die saamgestelde foto uit C.1880/84 (KA: AG16353.1-.4), wat

die gebou goed van die sykant toon, kan gesien word dat die kerkie wat tans op die perseel staan, dieselfde as die oorspronklike is alhoewel daar aan albei kante aangebou is. Die gebou huisves tans die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika en behoort volgens die RNG tot gedenkwaardigheid verklaar te word (NMC 1985: 19). Tydgenootlike foto's toon duidelik hoe die gebou oor die jare na die Punt se kant verleng is.

9.3 Rooms-Katolieke Kerk

Mosselbaai beklee 'n belangrike plek in die geskiedenis van die Rooms-Katolieke kerk. 'n Rooms-Katolieke kapelletjie is in Julie 1501 deur 'n besoekende Portugese seekaptein, Joao da Nova, in die destydse Sao Bras (tans Mosselbaai) opgerig. Dit was die eerste plek van Christelike aanbidding in Suid-Afrika. Die klipstruktuur is aan Sint Blasius gewy, die heilige na wie die baai oorspronklik vernoem is (Scheffler 1987: 10).

Die eerste permanente priester in die omgewing het hom in 1841 op George gevestig. Dr. Aiden Devereux het ook na die geestelike behoeftes van die paar Rooms-Katolieke in die Mosselbaai-gebied omgesien. Gedurende die bediening van sy opvolger, vader McMahon (Stals 1961: 55), is die Katolieke kerkgrond op Mosselbaai in die vyftigerjare toegeken. Dit beslaan 'n hele blok en word begrens deur Kloof-, Upper Cross-, Field- en Marshstraat (AK: MBF 1: 2). Op die saamgestelde foto van Mosselbaai uit 1864 kan gesien word dat daar toe reeds twee geboutjies op die erf opgerig was (KA: AG16350.1-3).

'n Kapel, wat in 'n lang gevoelde behoeftte voldoen het, is in 1867 gebou. Volgens die George Advertiser was dit "a neat substantial building" (GA 11.7.1867: L&G). Die eerste mis is deur vader John Rooney gelees (MBA 22.1.1988 Supplement: 4). Mosselbaai is in 1873 onder beheer van die Missions Africaines de Lyon geplaas. Dié Franse sendinggenootskap het die sentrale

prefektuur, wat ook die dorpe George, Oudtshoorn en Beaufort-Wes en die gebied tussen die Olifants- en Oranjerivier in die weste ingesluit het, van die biskop van Kaapstad, John Leonard, oorgeneem (Brown 1960: 140-141). Grond vir 'n begraafplaas is op 8 Mei 1875 aan die kerk toegeken. Volgens die sensus van daardie jaar was daar toe 62 lidmate (G.42-1875 II: 334). Die grond is by die Punt (erf 3478) en grens aan die kerkhawe van die ander denominasies (AK: MBF 1: 25). In 1877 het vader F. Bihl van die Franse sending hom op Mosselbaai gevvestig waar hy die gemeenskap bedien het totdat die Franse hulle in 1882 onttrek het.

Eerw. Bihl is opgevolg deur vader Patrick Hayes, wat onder die biskop van Kaapstad geval het (MBA 18.10.1882). Met biskop Leonard se besoek die volgende jaar (1883) was die kerkie tydens die aannemingsplegtigheid geheel en al te klein en kon slegs die helfte van die belangstellendes binne gehuisves word (MBA 21.3.1883). Die aantal lidmate was in hierdie tyd sowat 64 (MBA 22.1.1988 Supplement: 4). 'n Nuwe skoolgebou is op 12 Oktober 1885 met 27 leerlinge in gebruik geneem deur die Ierse vader Ballesty. Die Advertiser het die skooltjie as "a very pretty little structure" beskryf. Dit was 10,36 by 6,70 meter, is deur eerw. Duignem van Kalkbaai ontwerp en deur Archibald Rogers gebou. Tweehonderd vragte klip is gratis deur die Dorpsraad beskikbaar gestel (MBA 24.6.1885: Council; 14.10.1885: L&G). Die nuwe skool was volgens biskop Leonard noodsaaklik aangesien die klein en bedompige kamertjie van vroeër die gesondheid van priester en leerlinge bedreig het (Brown 1960: 94-95; MBA 22.1.1988 Supplement: 4).

Vader Ballesty, wat vyf jaar lank op Mosselbaai was, is in 1889 deur vader O'Rourke, voorheen van Swellendam, opgevolg (MBA 15.10.1889). Ander priesters wat in die negentigerjare aan die hoof van die gemeente was, was vader Nolan, wat later na George is, en vader Bernard O'Riley (MBA 24.12.1895: Hoofartikel). "Father Bernie", soos hy genoem is, was 'n besonder gewilde man. Hy het aan

sport deelgeneem en ook graag op konserte gesing. Die gemeente het gedurende sy dienstyd grootliks uitgebrei (MBA 21.2.1899: Fair; 22.1.1988 Supplement: 4). Hy kan egter nie, soos Stander beweer, as stigter van die Rooms-Katolieke kerk op Mosselbaai beskou word nie (1988: 49).

Alhoewel feitlik elke uitgawe van die plaaslike blad oor die werksaamhede van die Hollandse en Engelse kerk berig het, is nuus oor die Katolieke gemeente byna nooit in die Mossel Bay Advertiser geplaas nie. Dit kon daarmee te doen gehad het dat die gemeente besonder klein was; in 1875 was daar slegs 62 Roomse lidmate teenoor die 2 054 van die NG kerk (G.42-76 Census 1875 II: 334). Volgens R.D. Altick, kenner van die Victoriaanse Tydperk, het Protestantse in hierdie tyd 'n diepe afkeer van die Katolisisme gehad (1974: 189; 289), maar dit is nie bekend of dit die drie Protestantse redakteurs beïnvloed het nie. Wanneer na die kerk verwys is, is daar bloot van die "Roman Catholic Church" geskryf. Die huidige naam, St. Thomas, is nooit in die blad gebruik nie.

9.4 Berlynse Sendinggenootskap

9.4.1 Stigting en ontwikkeling

Die "Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden zu Berlin" (Berlynse genootskap vir die bevordering van evangeliese sending onder die heidene) of "Berliner Missionsgesellschaft", soos die naam in 1908 verkort is, is op 29 Februarie 1824 gestig deur 'n groepie Pruisiese edelmanne en militêre leiers. Aanvanklik was die Genootskap nie kerklik nie, maar dit het hom mettertyd aan die Evangelies-Lutherse Kerk (staatskerk van Pruisie) verbind. Van 1829 is kandidate in hul eie seminarie in Berlyn opgelei. Die eerste vyf sendelinge wat die kursus voltooi het, is na Suid-Afrika gestuur waar hulle in 1834 die sendingstasie Bethanie in die Vrystaat gestig het. Twee ander Duitse genootskappe, die Rynse en die Morawiese Sendinggenootskap was toe

reeds 'n geruime tyd in die land werksaam (Van der Merwe 1982: 3-5; Zöllner & Heese 1984: 5-9).

Die sendingstasie op Mosselbaai is op 4 Oktober 1879 gestig. 'n Sendeling is reeds twee dekades vroeër aangesê om 'n stasie hier te begin, maar het in plaas daarvan die stasie Anhalt-Schmidt by Haarlem in die Langkloof aangelê. Van die lidmate van die omliggende Berlynse sendinggemeentes het hulle vir werksdoeleindes op Mosselbaai gevestig en eerw. Daniel Friedrich Siegfried Heese van die sending op Riversdal het in die sewentigerjare na hulle omgesien. Teen die einde van die dekade was die sendingwerk reeds so ver gevorder dat 'n stasie met eie sendeling 'n dringende behoefte was. Eerw. Heese het in 1878 aangebied om 'n sendingstasie in die Baai te stig indien die plaaslike NG kerk nie self sendingwerk sou wou onderneem nie. Die kerkraad se antwoord was dat hulle self die werk sou verrig, maar daar het nijs van gekom nie. Eerw. Heese het in die daaropvolgende jaar, teen die sin van ds. Horak, wel die sendingstasie gestig. Hierdie gebeurtenis het in 'n beskeie huis in Highstraat plaasgevind en is, afgesien van die sendeling, deur sewe bruin mans meegemaak. Stander fouteer wanneer hy beweer dat dit die kerkskool was wat in 1879 in Highstraat met sewe leerlinge gestig is (1988: 49). Die NG kerkraad en die Berlynse sendelinge was gou eensgesind, maar 'n heftige stryd het tussen die Engelse kerk van eerw. Taylor en die Berlynse Sending ontbrand (Blue Book 1871: JJ12; LKK: Ecker gd: 1; MBA 10.11.1894: Berlin; Steyn 1945: 59-60; Zöllner & Heese 1984: 343). Soos hierbo aangedui, het dié kerk oor 'n sendinggemeente op die dorp beskik en het hulle die Lutherane waarskynlik as 'n bedreiging beskou.

Die 28-jarige eerw. Richard Friedrich Kottich, wat die vorige jaar (1879) in Suid-Afrika aangekom het (LKK: Ecker gd: 1; MBA 18.8.1880: L&G; Zöllner & Heese 1984: 205), het hom op Mosselbaai gevestig. Grond by die Puntbegraafplaas is in April 1880 aan die gemeente toegeken (MBA 7.4.1880: Municipality) en op 14 Augustus van dieselfde jaar, slegs tien maande ná die

stigting, is die sendinghuis op 'n Saterdagoggend ingewy. Die inwydingsrede is deur eerw. H. Howe van Anhalt-Schmidt gelewer terwyl eerwaardes Kottich en L. Alpermann van Riversdal ook opgetree het. In die middag is 'n basaar gehou waar £30 geïn is (MBA 18.8.1880: L&G). Eerw. Heese kon nie teenwoordig wees nie aangesien hy met huisverlof na Duitsland was (Zöllner & Heese 1984: 148) waar hy onder meer geld vir die boufonds op sendingfeeste ingesamel het (LKK: Ecker gd: 1).

Die dubbelverdieping van klip is teen die hang op 'n gedeelte van ou erwe 4 en 5 van blok H opgerig. Die grond het van Montagu- na Highstraat deurgeloop (MBA 18.8.1880: Sale). Die woongedeelte was onder terwyl die ruim kerk- en skoolkamer bo was. Volgens foto M719a en saamgestelde foto's J2803 en AG16352 in die Kaapse Argiefbewaarplek was dit 'n aantreklike U-vormige dubbelverdiepinghuis met twee spitsgewels voor. Daar was 'n dakvenstertjie tussen die twee gewels en 'n ventilator reg bo in die middel van die sinkdak. Voor was 'n gegolfde sinkplaatveranda met afwisselende bane geverf. 'n Nieu-Gotiese venster is in elke gewel ingesit om lig aan die kerkgedeelte op die solder te verskaf. Daar was vyf dakvenstertjies aan die agterkant waarvan die middelste een effe groter as die ander was. Aan elke sykant was ook 'n soldervenster. Argitektonies was die gebou uniek op die dorp. Die bouwerk is deur Michie, Powrie and Black gedoen en het sowat £1 140 bedra (MBA 18.8.1880: L&G). James Alexander Michie, voorheen van die onderneming Michie & McGregor, was 'n bekende bouer op die dorp. Hy en sy vennoot, William McGregor, het die St. Peter's kerk (1879) en die Klipkerk (1880) opgerig. Michie was by hierdie onderneming betrokke omdat William McGregor kort daarna in September 1880 oorlede is (MBA 8.9.1880: L&G) en waarskynlik reeds siek was. Dit is nie bekend na watter van die vele Powries verwys word nie.

Die 27-jarige eerw. Louis Alpermann wat die sendinghuis hierna betrek het, was besonder gewild in sy gemeente (Zöllner & Heese 1984: 23). Hy het egter groot



Hierdie blik op Mosselbaai van die rantjie toon vyf kerkegeboue. Die oorspronklike toering van die Klipkerk troon links uit met die donker rietdak van die eerste kerkie net regs daarvan. Die St. Peter's kerk staan in Marshstraat met die Berlynse Sendinghuis skuins daarvoor. Die gebou met sy dakvensters word van agter gesien. Die verlengde "Mission school-chapel" met sy spitsdak verskyn in die regterhandse hoek onder.

Foto: Kaapse Argief M719A

droefheid op Mosselbaai beleef. Drie kinders en 'n eggenoot is binne drie jaar aan die dood afgestaan. In 1882 is 'n babadogter elf dae ná geboorte oorlede (Grafskrif), in 1883 'n babadogter van drie maande (MBA 29.8.1883; 21.11.1883) en in 1884 is sy 35-jarige vrou ná die geboorte van 'n doodgebore kind oorlede (MBA 15.10.1884: Memoriam; Zöllner & Heese 1984: 23). Sewe maande ná Gertrud Alpermann se dood het die direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap, H.T. Wangemann, die stasie besoek en by die wewenaar tuisgegaan. Die direkteur was op sy tweede uitgebreide sendingreis in Suid-Afrika en sou, net soos met die vorige besoek, 'n jaar in die land deurbring (Van der Merwe 1982: 3). Hy het op Saterdag, 23 Mei 1885, aan boord van die SS Dunkeld in Mosselbaai aangekom (MBA 27.5.1885: Brokkie).

Dr. Wangemann was, anders as ander reisigers, in vervoering oor die pragtige gesig wat baai en dorp gebied het (Sien Badplaas:Plaaslike omstandighede). Eerwaardes Alpermann en Heese is met die stoomsleepboot na die ankerplek om hom aan boord te gaan verwelkom terwyl eerw. F.A. Schmidt, superintendent van die Kaapse Sinode van die Sendinggenootskap, op die kaai gewag het. By die sendinghuis aangekom, was die gebou en pad met vlae versier en het skoolkinders in feesdrag die hoë besoeker toegesing. Die vermaarde teoloog en skrywer het oor 'n deeglike kennis van Engels beskik en het gedurende sy verblyf van drie dae verskeie dienste gehou. Die sang van die kinders sowel as dié van die volwassenes het hom besonder beïndruk. Die eerste oggend het hy om vieruur opgestaan om sy dagboek op datum te bring en het daarna op die stoep uitgegaan om die uitsig oor die Outeniekwaberge en baai in die lig van die opkomende son te bewonder. Teen skemeraand het die sendelinge na die Punt-begraafplaas gestap waar Gertrud Alpermann tussen haar twee kinders begrawe gelê het. Direkteur Wangemann het ook die profiel van Sint Blasius en die grot by die Punt besigtig. Die volgende dag het hy met die singende skoolkinders tot bo-op Kaap St. Blaise geklim waar piekniek gehou is. Die 67-jarige teoloog kon nie uitgepraat raak oor die natuurskoon nie en het ook Wildeman's Cave tydens die

Hfst. IX

uitstappie besoek. Die aand het hy met lede van die kerk se Matigheidsbond deurgebring en het dit in sy dagboek as een van die aangrypendste ervarings van sy ganse reis beskryf. Op 26 Mei is dr. Wangemann per kar na die Langkloof om die sendingstasie Anhalt-Schmidt te besoek (Trümpelmann 1976: 900; Wangemann 1886: 390-394).

Eerw. Alpermann het 'n halfjaar later (einde 1885) uit die diens van die Berlynse Sending bedank en is na die Verenigde State waar hy 'n predikantspos aanvaar het. Onder sy huisraad wat by die sendingpastorie opgeveil is, was 'n klavier, 'n viool en sy oorlede vrou se naaimasjien en werkstafel (MBA 4.11.1885: L&G; 11.11.1885: L&G; Zöllner & Heese 1984: 23).

Hy is deur Carl August Gottlieb Gerneke opgevolg. Carl Gerneke het in 1884 van Duitsland na Riversdal gekom om onder eerw. Heese te werk. Hy is twee jaar later getroud met die sendeling se jongste dogter, Pauline, 'n onderwyseres. Mosselbaai was die eerste stasie wat hy selfstandig beheer het (Zöllner & Heese 1984: 89-90; 153). In 1889 het die oostelike gewel van die sendinghuis ineengestort en moes Gerneke na die herbouing omsien (MBA 6.8.1889: Advertensie). Net soos met die oorspronklike oprigting (MBA 10.3.1880: Municipality), het die Dorpsraad vergun dat klip gratis gekap kon word (MBA 6.8.1889: Council). Ook die ander gewel het kort daarna ineengestort en moes herstel word (LKK: Ecker gd: 1). Eerw. Gerneke het gedurende sy negejarige ampstryd 'n lewendige belangstelling getoon in al die verenigings op die dorp wat ter bevordering van die gemeenskap was. Met sy vertrek in 1894 na die Soutpansberg, het die Mossel Bay Advertiser geskryf dat die gemeenskap die egpaar sou mis (MBA 26.6.1894: Brokkie). Tydens 'n afskeidsgeselligheid, wat die vorm van 'n "Tea Meeting" aangeneem het, is 'n bedrag van £16 10s. aan hom oorhandig (MBA 31.7.1894: Berlin). Gerneke is later in 1902 na Ladismith (Kaap) gestuur waar hy tot sy dood in 1932 werkzaam was (Zöllner & Heese 1984: 90).

Eerw. Ernst Friedrich Gottschling is op 22 Julie 1894 deur superintendent F.A. Schmidt op Mosselbaai bevestig. Let daarop dat die genealoë Zöllner en Heese fouteer wanneer hulle beweer dat hy eers in 1896 in Mosselbaai aangekom het (1984: 99). Eerw. Heese het ook die bevestigingsplegtigheid bygewoon (MBA 31.7.1894: Berlin) van die sendeling wat reeds twaalf jaar in Suid-Afrika was. Ernst Gottschling het sy loopbaan begin deur eerw. Heese op Riversdal met die onderwys by te staan. Daarna is hy na Laingsburg om 'n sendingstasie te stig. Die werk het hom erg uitgeput en daar is gemeen dat hy tydens sy verblyf aan die kus van sy knou sou kon herstel. Ook is daar gehoop dat sy vrou, 'n senulyer, by die milde seeklimaat baat sou vind (LKK: Ecker gd: 2; Zöllner & Heese 1984: 99).

Ernst Gottschling het gevind dat die kerklokaal, waarin ook skool gehou is, so beknop was dat dit 'n gesondheidsgevaar vir leerlinge sowel as onderwysers ingehou het. Hy het begin met 'n ingsamelingsveldtog vir 'n nuwe skoolgebou en het ook die reg om klip gratis te kap, van die Dorpsraad verkry (MBA 10.11.1894: Berlin; 5.3.1895: Council). Die ruim skoolgebou is dertien maande ná sy kom op Woensdagmiddag, 21 Augustus 1895, ingewy (Sien ook Berlynse Sendingskool in volgende hoofstuk). Die leerlinge het in hul Sondagsklere onder basuingeklank van die ou lokaal na die nuwe langsaan gestap. Die skoolgebou was binne sowel as buite met vlae versier. Eerw. Daniel Heese het die verrigtinge geopen deur Markus 10, vers 13-16, ("Jesus seën die kindertjies"), voor te lees. Die vergadering is in Engels toespreek aangesien daar heelwat belangstellendes uit die wit gemeenskap was. Magistraat J.T. Eustace en die Duitse burgemeester, C. H. Bruns, het ook opgetree. Kapt. William Harries, die verskepingsagent, het 'n beroep om bydraes gedoen en £30 is daar en dan ingesamel. Die blaasorke van die Riversdale sendingstasie het die toesprake met basuinuitvoerings afgewissel. Ongelukkig is die konsert dié aand in die skool swak deur die wit gemeenskap ondersteun aangesien 'n groepie

Australiese musikante op die dorp opgetree het. Eerw. Gottschling het in 'n verslag in die sendingmaandblad Berliner Missions-Berichte geskryf dat van die middag se wit gaste slegs die magistraat weer opgedaag het (Gottschling 1896: 8; MBA 27.8.1895: Berlin).

Die Gottschlings moes Mosselbaai ná net minder as drie jaar verlaat aangesien die gesondheid van die sendingvrou nie verbeter het nie en sy na Duitsland moes gaan vir mediese behandeling (MBA 30.3.1897: Berlin). Die "Tea Meeting", wat as afskeidsgeselligheid vir die sendeling gereël is, is deur meer as tweehonderd mense bygewoon. Die verskillende sprekers, onder wie ook ds. David Wilcocks van die NG kerk, was vol lof vir die sendeling se werk: 'n blaasorkes is gestig, matigheidswerk is gedoen, kollektes het toegeneem, die skool is gebou en minderbevoordele wit kinders is onderrig (Sien Anglikaanse sendingskool en Poor School). Volgens burgemeester Bruns, in die voorsitterstoel, het Ernst Gottschling meer as enige van sy voorgangers op die gebied van die onderwys gedoen. Hy het onder meer aan die vergadering gesê: "You may have sometimes found him to be a little strict and gruff towards you, but he meant it for your good." Ná Bruns se toespraak het van die gemeenteledere, die een ná die ander, uit eie beweging 'n sjieling, 'n sikspens of 'n trippens voor op die tafel vir die leraar kom neersit. 'n Bedrag van £1 10s. is op dié wyse ingesamel. 'n Beurs van £11 is ook aan hom oorhandig.

Die Gottschling-gesin het Mosselbaai op Sondagoggend, 11 April 1897, aan boord van die Tintagel Castle verlaat. Redakteur Powrie het berig: "Members of his congregation and friends assembled on the jetty to bid him good-bye. As the launch steamed away from the steps, the brass band which Mr Gottschling organized and trained played him a farewell; a more touching send-off would be difficult to conceive" (MBA 13.4.1897: Departure). Wilhelmine Gottschling is agtien jaar later in 'n verpleeginrigting in Duitsland oorlede. Ernst Gottschling het die res van sy loopbaan op sendingstasies in die Transvaal

deurgebring. Die egpaar se nageslag woon in Duitsland (Zöllner & Heese 1984: 99).

Die jong en ywerige eerw. Gustav Pakendorf het eerw. Gottschling opgevolg (MBA 30.3.1897: Berlin), maar is na 'n kort tyd op sy versoek terugverplaas na Brits Kaffraria (die Oos-Kaap) waar hy voorheen werksaam was (LKK: Ecker gd: 2). Eerw. Friedrich Wilhelm Ecker is vervolgens op mediese aanbeveling na Mosselbaai gestuur sodat hy aan die kus kon herstel van die breinvliesontsteking wat hy vroeër opgedoen het (LKK: Ecker gd: 2). Die veertigjarige Pruis was toe reeds sestien jaar in Suid-Afrika en het op verskeie sendingstasies, waaronder ook Riversdal, gedien (Zöllner & Heese 1984: 70). Hy is op 13 Augustus 1899 op Mosselbaai bevestig in die teenwoordigheid van eerwaardes Heese, Howe en Schmidt van die omliggende sendingstasies (MBA 15.8.1899: Brokkie). Drie maande later het hy die direkteur-generaal van die Berlynse Sending op Mosselbaai ontvang. Soos met dr. Wangemann se besoek 44 jaar vroeër, was die kerklokaal weer met vlae en loof versier. Die hoogwaardigheidsbekleer is met koor- en basuinuitvoerings vereer (MBA 21.11.1899: Brokkie).

Kort na eerw. Ecker se komste het die voorste muur van die sendinghuis begin intuimel en moes sommige van die mure tot op die fondament gesloop word. Die werk was gevaarlik aangesien groot dele van die bouwerk ineengestort het met die verwydering van enkele klippe. Daar is gevind dat die bouer, J.A. Michie, oorspronklik twee dun muurtjies opgerig het in plaas van 'n gewone dik muur en die ruimte tussenin met sand en klip gevul het (LKK: Ecker gd: 1). Die herstelwerk het etlike maande geduur. Daar is van die geleentheid gebruik gemaak om die gebou te verander en te vergroot. Die dak met sy talle venstertjies is met 'n gewone dak vervang en 'n balkon is ook aangebring (LKK: Ecker gd: 2; MBA 21.8.1900: Advertensie; 22.1.1901: Progress). Volgens Ecker het daar van die oorspronklike gebou slegs 'n driekwart van die agtermuur aan

Highstraat en helfte van 'n binnemuur behoue gebly. Hy het in sy sendingverslag geskryf dat "Herr Sheard", wat in 1879 met die oorspronklike oprigting toesig oor die bouwerk moes hou, nie 'n enkele keer die bouterrein besoek het nie. Hy het bygevoeg dat Michie later vermoor is en dat hy verstaan het dat Sheard selfmoord gepleeg het (LKK: Ecker gd: 2). Die Sheard waarna verwys word, was sonder twyfel Thomas Simpson Sheard wat ten tyde van die oprigting munisipale sekretaris was. Hierdie vooraanstaande burger het in die negentigerjare onder verdagte omstandighede van die dorp verdwyn nadat dit aan die lig gekom het dat hy hom aan bedrog skuldig gemaak het (Sien Rondgaande Hof en Anglikaanse kerk). Soos reeds gesien, moes ook dele van die St. Peter's kerk en die Klipkerk wat deur J.A. Michie opgerig is, herbou word.

In 1901 is besluit om 'n kerk net onderkant die skool op te rig; dit is in 1907 in gebruik geneem (LKK: Ecker gd: 3-4; MBA 9.7.1901: Church). Grond is in 1902 buite die dorp by Diepkloof aan die Sendinggenootskap toegeken vir die bou van 'n kerkie (MBA 6.5.1902: Council; 5.8.1902). Verlof vir die oprigting van 'n hout-en-sinksendingsaal is kort daarna toegestaan (MBA 11.11.1902: Council).

Die Berlynse Sending het in die laat twintigerjare van die huidige eeu op versoek van die NG kerk hul bruin lidmate oorgeneem. Die NG kerkie in Tarka, wat vroeër deur die Baptiste opgerig is (Sien Baptist Mission Church), is ook aan die Berlynse Sending oorgemaak. Na die verdeling van Duitsland het die hoofkwartier van die Sendinggenootskap in die kommunistiese Oos-Duitsland gevallen is die werksaamhede so bemoeilik dat die Berlynse Sending saam met die ander Lutherse sendinggenootskappe, die onafhanklike Lutherse kerk gevorm het (Zöllner & Heese 1984: 10; 13).

9.4.2 Die Berlynse Sending-geboue vandag

Die sendinghuis (Montagustraat 27, erf 2454) is vandag in private besit. Die Hfst. IX

voorkoms van die gebou is met die verbouing in 1901 aansienlik verander. Deur die verwydering van die twee spitsgewels en ongewone dak en die aanbring van 'n balkon, is die gebou so aangepas dat dit baie soos die ander deftige wonings op die dorp gelyk het. Van die oorspronklike 1880-struktuur het slegs driekwart van die agtermuur met sy Neo-Gotiese kerkdeur aan Highstraat en helfte van 'n binnemuur behoue gebly. Heelwat van die oorspronklike vensters en deure is met die verbouing herbruik. Die RNG beskryf die teenswoordige woning as elegant en beveel aan dat dié belangrike gebou, keermure en ook boomryke erf tot gedenkwaardigheid verklaar word (NMC 1985: 22).

Die skool (1895) was aan die Punt se kant van die sendinghuis aan Highstraat. Dié grond, wat aan die gemeente self behoort het, is in 1978 verkoop nadat die skool en kerk in onbruik geraak het. Die skoolgebou -- 'n ruim, langwerpige enkelverdieping -- is kort daarna in die tagtigerjare deur die nuwe eienaar in wooneenhede omskep. Dit vorm deel van Montaguhof. Die kerkgebou (1907) aan Montagustraat was voor die skool geleë en op dieselfde perseel. Dit was tot in Augustus 1967 as kerk in gebruik toe dit deur 'n nuwe kerkkompleks in die bruin woonbuurt vervang is (Scheffler 1989: Persoonlike mededeling). Die Montagustraat-kerkie is in 1979 gesloop (BDM: Knipsels) en die hoofwoonstelgebou van Montaguhof is op die plek opgerig. Die erf waarop die sendinghuis geleë is, het aan die Berlynse Sending in Duitsland behoort. Dit is ook in die sewentigerjare van die huidige eeu verkoop (Scheffler 1989: Persoonlike mededeling).

9.4.3 Gemeentesake

Die gemeente was nie groot nie en het ook nie baie gegoede lidmate gehad nie (MBA 9.7.1901: Church). Met direkteur Wangemann se besoek in 1885 was die gemeentetal sowat 200 (Wangemann 1886: 391). Die lidmate was volgens eerw. Wilhelm Ecker almal behoeftig en het van die hand in die tand geleef. Hulle

was meestal vissers, hawewerkers, koetsiers, huishulpe, wasvroue en werkers in diens van groothandelaars (LKK: Ecker gd: 4). Die Berlynse Sending het nietemin die veel meer welgestelde NG en Anglikaanse gemeentes in die skadu gestel deur hul deel van die Punt-begraafplaas te ommuur terwyl dit vir dié gemeentes te duur was (Sien Begrafnisdienste).

Doop- en katkisasieonderrig het gewoonlik 'n jaar geduur. Eerw. Ecker het dit betreur dat sy gemeentelede traag was om te leer en dikwels na die Engelse kerk oorgegaan het waar die standaard laer was. Lidmate het verder ook vir die geringste rede, soos byvoorbeeld die verhoging van kerkgeld, na ander kerke oorgeloop. Die sendeling het gevind dat daar op Mosselbaai 'n wêrelde gees geheers het wat grootliks van dié in die binneland verskil het. Vreemdelinge wat in die hawedorp aangekom het, het van sy gemeentelede ten nadele beïnvloed en dit het dansery, bakleiery en swelgpartye tot gevolg gehad (LKK: Ecker gd: 3-5).

Sondae is twee dienste vir volwassenes en een vir kinders gehou. Nagmaal is elke tweede maand tydens dieoggend- sowel as die aanddiens gevier. Die bieg- en absolusiediens is op die Nagmaalsondag voor die Nagmaalsviering gehou (LKK: Ecker gd: 5-6). In die kerk het die twee geslagte apart gesit met die mans aan die regterkant (Wangemann 1886: 391). Die vroulike en manlike katkisante is ook apart onderrig (LKK: Ecker gd: 5). Volgens eerw. Gottschling was die gemeente nie goed Engels magtig nie en is Engelse toesprake, soos dié met die inwyding van die nuwe skoolgebou, in Hollands getolk (Gottschling 1896: 10). Eerw. Heese het tydens 'n besoek die kleiner kinders in Hollands toegespreek en die oueres in Engels (MBA 31.7.1894: Berlin).

Dienste is maandeliks op die plaas Vaalvlei in die opsigter se huis gehou (LKK: Ecker gd: 5; MBA 30.9.1902: L&G) en op Herbertsdale in die distrik. Laasgenoemde was aanvanklik 'n buitestasie, maar het later 'n selfstandige Hfst. IX

sendingsstasie geword (Zöllner & Heese 1984: 148). NG lidmate op dié dorpie het dit in 1902 bekla dat hulle die lang tog na Mosselbaai moes afle om sporadies dienste daar by te woon terwyl die plaaslike bruin inwoners elke Sondag moeiteloos kerk toe kon stap. Daar was 'n NG kerk en pastorie op Herbertsdale, maar die geboue is in daardie stadium selde gebruik (MBA 13.5.1902: Herbertdale). "The Herbertsdale Farmers' Lament" wat hieroor gehandel het, het in die Mossel Bay Advertiser van 13 Mei 1902 verskyn:

T's is the Sabbath, on my stoep I sit, and the
fragrant weed inhale

As I listen to the sweet church bells re-echoing
o'er the dale,

Alas! they call not me and mine to sing the
creator's praise,

But summon to the house of prayer the envied
coloured race,

Who thrice on every Sabbath find their pastor
in his place,

Exhorting and inviting them to approach the
throne of grace.

Our own church bell hangs sadly mute, its
sounds my ears ne'er greet,

In vain I listen for its call in prayer our race
to meet.

The hinges of our temple door are growing red
with rust

While on its pulpit, seats and floor lies half an
inch of dust,

For in it no parson comes to preach of the God
in whom we trust,
Save only at long intervals, when duty says he
must.

Oh happy, envied "heathen"! so much better
served than we,
Whose piety is fostered by strangers o'er the
sea,

[...]

For every Sabbath day you're taught the proper
course to steer
By Berlin parsons --"passing rich on a hundred
pounds a year."

While shepherds such as serve our need are
twice three times as dear,

So half starved flock without a herd we needs
must aye appear.

[...]

Berlin will p'raps be moved some day by our
destitute condition,

And, with pity for our wretched fate, include
us in its mission,

When, seeing we can't afford a priest of the
Stellenbosch production,

We get one "made in Germany" for our
spiritual instruction" (MBA 13.5.1902).

belangriker plek as by enige ander kerk op Mosselbaai ingeneem. Direkteur Wangemann maak telkens in sy dagboek melding van die pragtige sang. Die gemeentelike samesang, in vier stemme uitgevoer, was volgens hom van hoogstaande gehalte; ook die sang van die kinders was goed. Duitse liedere is meermale deur almal gesing (Wangemann 1886: 391–393; Gottschling 1896: 10). 'n Basuinekoor is in eerw. Gottschling se ampstermyn op die been gebring (MBA 13.4.1897: Gottschling) om saam met die koor die kerkdienste op te helder. Die twee groepe was ook verantwoordelik vir die hou van konserte (LKK: Ecker gd: 7). Alhoewel daar dikwels in die skoolgebou opgetree is, is uitvoerings ook in die Stadhuis gegee (MBA 11.11.1902: L&G).

Musikale vermaak is saans op basaars aangebied (MBA 17.12.1895: Berlin). In die laat tagtiger- en negentigerjare is hierdie geleenthede gereeld gehou en het die Advertiser melding gemaak van die pragtige Duitse handwerk (MBA 6.12.1892: German), die "Beautiful German Toys" (MBA 24.11.1891) en die "large assortment of German Fancy Work" (MBA 23.7.1889) wat deur almal bewonder en graag gekoop is.

9.4.4 Sendelinge

Die Belynse Sending het self sendelinge in hul seminarie opgelei. Die kandidate het 'n deeglike opleiding van vier en 'n half jaar ontvang. Die Bybel, moderne tale soos Engels en Nederlands en handvaardighede moes onder meer bestudeer word. Elementêre kursusse in "heidense" tale en die mediese wetenskap is aangebied. Die seminariste is aan 'n menigte reëls en regulasies onderwerp en streng Pruisiese gehoorsaamheid en respek vir meerderes is van hulle verwag. Nadat die sendelingkandidate die finale eksamen afgelê het is hulle na die sendingveld vir 'n proeftydperk van twee jaar. Tydens dié tydperk was dit verbode om in die huwelik te tree. Dit het meermale voorgekom dat sendelinge in Suid-Afrika hul aan aanbevole vroue in Duitsland verloof het en

dan hul bruide vir die eerste keer op die huweliksdag gesien het (Van der Merwe 1982: 3-4; Trümpelmann 1976: 901; Zöllner & Heese 1984: 5-8).

Van die ses sendelinge wat in die tydperk op Mosselbaai werksaam was, was almal behalwe Ernst Gottschling in Pruisie gebore. Sy geboorteplek word in 'n kontemporêre werk as Duitsland aangegee wat nie die moontlikheid uitsluit dat ook hy 'n Pruis was nie. Dit is opmerklik dat die helfte van die sendelinge "Friedrich" geheet het. Ook eerw. Daniel Heese het hierdie naam gedra wat deur Friedrich die Grote van Pruisie gewild gemaak is. Die gemiddelde ouderdom van die sendelinge was met hul aankoms op Mosselbaai 31 jaar. Vier uit die ses was dertig jaar oud of jonger. Die 27-jarige Louis Alpermann was die jongste en die veertigjarige Wilhelm Ecker, die oudste. Almal was getroud behalwe Kottich, wat twee jaar ná sy vertrek in die huwelik bevestig is. Helfte van die mans is met dogters van ander Berlynse sendelinge in Suid-Afrika in die huwelik bevestig. By hul koms na Mosselbaai was die meeste van die sendelinge maar kort in Suid-Afrika; Kottich, Gerneke en Pakendorf was almal twee jaar of minder in die land. Dit is onbekend wanneer Louis Alpermann aangekom het, maar te oordeel aan sy jeugdige 27 jaar kon dit nie veel langer as drie jaar vantevore gewees het nie. Eerw. Gottschling het egter met sy aankoms op Mosselbaai reeds twaalf jaar ondervinding gehad en eerw. Ecker sestien jaar. Wilhelm Ecker het Mosselbaai meer as twee dekades gedien; van die ses sendelinge wat Mosselbaai gedien het, was sy dienstermyndie langste. Eerw. Gerneke was nege jaar daar en eerw. Alpermann ses jaar. Die ander het almal minder as drie jaar gebly.

Veel lief en leed is in die sendinghuis ondervind. Afgesien van mev. Ellen Ecker wat met haar koms al 35 jaar oud was, het al die sendingvroue die lewe aan een of meer kinders in die huis geskenk. Pauline Gerneke (gebore Heese) het vier kinders in haar nege jaar op die sendingstasie in die lewe gebring. 'n Huwelik is ook in die huis voltrek toe Gustav Pakendorf aan die einde van sy

proeftydperk van twee jaar met sy Duitse bruid getroud is. Wilhelmine Gottschling se senukwaal het op Mosselbaai so vererger dat sy hiervandaan na Duitsland moes gaan waar sy in 'n inrigting opgeneem is. Louis en Gertrud Alpermann moes twee kinders kort ná mekaar aan die dood afstaan. Die treurigste gebeurtenis wat in dié tydperk in die huis plaasgevind het, was egter die dood van Gertrud Alpermann self. Sy is op Donderdagaand, 9 Oktober 1884, in die kraambed oorlede. Sy het laat die middag skielik ongesteld geraak, maar het nie in gevaar verkeer nie. Om agtuur die aand is iemand gestuur om die geneesheer te ontbied. Hy kon egter nie opgespoor word nie en mev. Alpermann is oorlede. Haar kind is doodgebore. Sy het volgens die Mossel Bay Advertiser nie 'n sterk gestel gehad nie, maar het nietemin 'n aktiewe en lewendige belangstelling in die sendingwerk getoon gedurende haar verblyf van vier jaar. Die blad beskryf die gebeure soos volg: "The funeral took place on Saturday afternoon, a large number of persons besides the members of the Mission congregation attending. The services in the Church, where the corpses of mother and child were placed prior to being conveyed to the burial-ground, were conducted by the Rev. Mr. Haese [sic], of Riversdale, and Mr. Kikillus, of Herbertsdale [...]. After the singing of a couple of hymns and a few remarks by the Rev. Mr. Haese, the remains of the deceased were carried to their final resting-place, preceded by the children of the Mission School and followed by a very long cortège. At the grave the concluding ceremonies were performed, Mr. Haese again delivering an address and the Mission Congregation singing a few hymns. These services being all in Dutch or German, the Rev. Mr. Horak, of the D.R. Church, who had been requested so to do, addressed a few remarks in English to those assembled around the grave" (MBA 15.10.1884: Memoriam).

Eerw. Daniel Friedrich Siegfried Heese, wat so nou verbonde aan die sendingstasie op Mosselbaai was, het hom in Mei 1868 op Riversdal gevestig waar hy sy hele loopbaan werksaam was. Die sendeling het groot respekte in die Suidwestelike Distrikte geniet. Toe hy die sendingstasie op Mosselbaai gestig
Hfst. IX

het, was hy 46 jaar oud. Daniel Heese is in 1905 op Riversdal op 72-jarige leeftyd oorlede. Hy en sy vrou het vyftien kinders gehad. Vier van sy kleinkinders is op Mosselbaai gebore en vier van die ses Mosselbaaise sendelinge het eers op Riversdal onder hom gewerk. Die Heeses se sesde kind, Carl August Daniel, is tydens die Anglo-Boereoorlog in Transvaal deur 'n Australiese offisier om die lewe gebring (Zöllner & Heese 1984: 147-148). Die rolprent Breaker Morant is in die sewentigerjare van die huidige eeu oor hierdie gebeurtenis gemaak.

9.5 Heilsleer

Die Heilsleer is gestig deur William Booth wat in 1865 'n evangeliegesinde bediening in die Oosteinde van Londen begin het. Dié Metodiste-predikant het hom daarop toegelê om armes te voed en te huisves. In 1878 het hy die naam van sy bediening van Christian Mission na Salvation Army verander en het hy en sy seun, William Bramwell Booth, dit geleidelik op 'n militêre lees geskoei. Booth (sr.) is as lewenslange generaal aangestel. Die beweging het gou oor Engeland, Skotland en Wallis versprei en daarna internasionaal uitgebrei. Die basiese eenheid is 'n korps onder die aanvoering van 'n offisier. Dié is gelykstaande aan 'n predikant in Protestantse kerke en val onder die afdelingshoofkwartier.

Die leerstellings van die Leér stem ooreen met die basiese beginsels van die meeste Protestantse evangeliese denominasies. Sakramente word egter nie bedien nie aangesien genl. Booth geglo het dat dit nie noodsaaklik vir sieleheil was nie. 'n Informele atmosfeer is tydens dienste geskep om nuwe volgelinge op hul gemak te laat voel. Dié byeenkomste is gekenmerk deur opgewekte sang, instrumentale musiek, die klap van hande, persoonlike getuienis, ongedwonge gebed en 'n ope uitnodiging tot berou (EB Mic VIII 1974: 824; MBA 10.11.1891: Army).

Die Heilsleer is in 1883 in Suid-Afrika gestig toe drie offisiere met dié doel na die land gestuur is (Sesa IX: 481). Verskeie heilsoldate het drie jaar later op Sondag, 28 November 1886, aan boord die African van Port Elizabeth in Mosselbaai aangekom. Dieselfde middag nog is 'n opelugdiens by die Punt en die aand in die Stadhuis gehou. Gedurende die stigtingsbesoek van twee weke is die gereelde aanddienste deur groot groepe mense bygewoon. Inwoners het nie net finansieel mildelik bygedra nie, maar ook verversings verskaf vir 'n "Tea Meeting" wat deur 120 mense bygewoon is. Die Heilsleer-wa met die naam Conqueror het op 14 Desember na Kaapstad vertrek. Die Mossel Bay Advertiser was vol lof vir die beweging en het gemeld dat veel goeds gedoen is (MBA 1.12.1886: L&G: 8.12.1886; 15.12.1886: Brokkie).

In Januarie 1887 is 'n groot gebou in Blandstraat as Heilsleerbarak ingerig en gereelde dienste is voortaan gehou (MBA 9.2.1887: L&G). Die gebou is op die suidwestelike hoek van Bland- en Crookstraat (erf 3421) en huisves tans Andrag Motors. Dit is dieselfde gebou wat in die sewentigerjare as nuwe stadhuis oorweeg is (Sien Munisipale geboue) en die eerste wat 'n telefoon bekom het (Sien Posdienste). Die Advertiser en die gemeenskap se aanvanklike goedgesindheid was nie van lange duur nie. Skaars nege maande ná die stigting skryf die koerant: "For the past few evenings the Salvationists quartered here have paraded the streets with drums beating and cornets playing, and a motley crowd of girls and children singing, making night hideous with horrid discord. We will not deny that the Salvationists, if they confine themselves to quiet work, may do good, but such parading of the streets and accompanying noise is only burlesquing religion, and the sooner it is put a stop to the better" (MBA 10.8.1887: Brokkie).

Die George and Knysna Herald het onder die opskrif "Street Riots" dié dorp se optogte beskryf as "suggestive of some Heathen Saturnalia, rather than a Hfst. IX

Christian procession intent upon devout solemnity. [...] We need not dwell on the character of these displays: their offensive vulgarity, their perhaps unconscious irreverence, the disgusting spectacle of excited women dancing and screaming at their head, and the rollicking crowd following in the rear", het die blad bygevoeg. Die optogte op George is in November 1887 verbied. Die koerant het ook die aandag gevestig op 'n ernstiger saak waarvoor die Heilsleer nie direk verantwoordelik was nie: "the horrible and degrading scenes enacted outside the Barracks whenever anything special is going on inside; the ribaldry, the blasphemy, the obscenity of the crowd in the street are, we are told, beyond description" (9.11.1887: Hoofartikel). Charles Searle (sr.), die groot matighedsleier van Groot-Brakrivier, het die Heilsleer verdedig en daarop gewys dat die steurnisse deur beskonke lawaaimakers veroorsaak is wat rondgeloop het met die doel om heilsoldate te molesteer (GKH 16.11.1887: Correspondence). J. en P. Phillips wys in hul werk The Victorians at home and away (1978: 119) daarop dat kantienbase straatboewe betaal het om die bedrywighede van die matigheds gesinde Heilsleer in die wiele te ry. Die heilsoldate het gereeld by kantiene verbygemarsjeer om kantiengangers weg te lok en daarna by die barak geestelik te bearbei. Die aanvalle was so erg dat die beweging soms mense moes aanstel om hulle teen onrusstokers te beskerm. Die Heilsleer se blaasorkest het juis ontstaan toe 'n bouer en sy seuns, wat as beskermers aangestel is, hul blaasinstrumente saamgeneem het. Ook op Mosselbaai is die heilsoldate aangerand. Magistraat R.J. Crozier het skuldiges gestraf en verklaar dat niemand die reg gehad het om met die Heilsleer in te meng nie (MBA 21.4.1887: Court).

Die Advertiser het in November 1887 onder die opskrif "The Salvationist Nuisance" daarop aangedring dat die optogte ook plaaslik summier verbied moes word. Dit was nie net die luidrugtigheid wat gepla het nie, maar daar is gevoel dat die sedes van jong mense in die gedrang was. Die Heilsleer het hul liedere op die wysies van gewilde Christy Minstrel-liedjies soos "Marching Hfst. IX

through Georgia" en ander variété-teaterstukke gesing en die vrolike klanke het volgens redakteur Powrie mans en vroue, seuns en meisies saans uit hul huise gelok met verderflike gevolge (MBA 30.11.1887: L&G; Philips 1978: 138). 'n Municipale regulasie is 'n week later uitgevaardig waarvolgens enige optog met musiek, sang of geraas van enige aard verbode verklaar is (MBA 7.12.1887: Notice). Die Leér het hierna sporadies aansoek gedoen om te marsjeer, maar toestemming is telkens geweier (MBA 7.4.1891: Council; 5.12.1893: Council; 9.1.1894: Council). In Februarie 1895 is daar wel met die besoek van die Jubileum-blaasorkes van die Heilsleér deur die dorp gemarsjeer. Die tien orkeslede was meestal Afrikaners. Die jong mans het treffend vertoon in die donkerblou Heilsleér-uniforms met rooi galonwerk en rooi onderbaadjies met geel belegsels. Hul uitvoerings, onder meer in die Stadhuis, is swak bygewoon en was 'n finansiële mislukking. Goeie dissipline moes aan die orde van die dag gewees het aangesien redakteur Powrie van geen rusverstoring melding gemaak het nie en hy hulle selfs alle sukses met hul reis toegewens het (MBA 5.2.1895: Band). In die Engelse strandoord Eastbourne is Heilsleér-orkeste verbied omdat hulle die rus op Sondagmiddae verstoor het (Hern 1967: 110).

In die negentigerjare was daar reeds 10 500 offisiere in 36 lande werksaam. Die Heilsleér-blad, War Cry, het 'n weeklikse oplaag van 1 000 000 gehad en het in 15 tale verskyn. 'n Immigrasieskema waarvolgens genl. Booth 'n kolonie vir gerehabiliteerde Britse gevangenes in Suid-Afrika wou stig, is in hierdie tyd druk in die Kaapkolonie bespreek. Die Advertiser het in Februarie 1891 kwaai beswaar gemaak teen hierdie skema, wat "Darkest England and the Way out" geheet het. Die hoof van die Suid-Afrikaanse Heilsleér het Mosselbaai sewe maande later tydens 'n reis besoek en 'n "Darkest England Meeting" is in die Stadhuis gehou. Resident-magistraat J.T. Eustace was in die voorsitterstoel. Die ampsdraer het toe die redelik groot gehoor ingelig dat daar soveel teenstand teen die plan is dat die generaal besluit het om eerder behoeftiges uit te stuur. Die Advertiser het teen hierdie reëling niks gehad nie mits die

Hfst. IX

immigrante opgelei was en slegs in klein groepies uitgekom het (MBA 10.2.1891: Hoofartikel; 8.9.1891: Council; Hoofartikel; 15.9.1891: Brokkie).

Die Heilsleer-vlag met die woorde "Blood and Fire" daarop, is in November 1891 aan die Mosselbaaise korps oorhandig (MBA 10.11.1891: Army). Dit wil voorkom asof die Heilsleer in die negentigerjare meer fatsoenlik geword het. Berigte van steurnisse het nie meer voorgekom nie en met genl. Booth se jubileumvieringe in Julie 1894 het die NG leraar, ds. Danie Bosman, aan die verrigtinge deelgeneem. Die resident-magistraat het ook weer as voorsitter opgetree. Adjudant Horak wat in 1891 'n leidende posisie beklee het, was waarskynlik ds. I.G.J. Horak se tweede oudste seun, die 25-jarige Theophilus Atkinson Horak, wat die jaar daarna selfmoord gepleeg het (MBA 1.11.1892: Horak). In die middel negentigerjare was daar ook 'n vroueoffisier, ene mej. Hugo, wat volgens die Advertiser gelief was en ná haar vertrek deur die gemeenskap gemis sou word. In hierdie tyd het die Advertiser ook opgehou om genl. Booth se rang in aanhalingsstekens te plaas (MBA 21.4.1891: Brokkie; 23.6.1891: Advertensie; 31.7.1894; 10.9.1895: Brokkie). Van Mei 1897 kon vergaderings in die barak slegs deur witmense bygewoon word (MBA 18.5.1897: Notice).

Die Heilsleer het van ander kerkgenootskappe verskil in die sin dat hulle vroue aangemoedig het om aan te sluit met die oog op 'n loopbaan. Die beweging het hom veral daarop toegespits om die jeug te lok en die meeste van die eerste 100 000 offisiere was dan ook jonger as 25 jaar (Phillips 1978: 81).

9.6 Baptist Mission Church

Die Queenstraatse Baptiste kerk van Port Elizabeth het in Oktober 1899 met evangelisasiewerk in die swart woonbuurt Tarka begin. Evangelis P. Zealand het hom hier gevestig, dienste gehou en gedoop. Die eerste doopplegtigheid het op Hfst. IX

3 Desember 1899 by Munrobaai plaasgevind waar honderde belangstellendes vergader het om die verrigtinge gade te slaan. Dit was volgens die Advertiser die eerste geleentheid op die dorp waar mense deur middel van indompeling in die see gedoop is. Mn. Thomas Trim is in 1901 tot superintendent verkies en 'n klipkerkie is op Sondag, 23 Maart 1902, in Tarka ingewy. Die hoof van die kerkgenootskap, eerw. Alfred Hall, het die diens, wat deur 120 mense bygewoon is, waargeneem. Eerw. Hall het Mosselbaai sporadies besoek en dikwels beklemtoon dat sy kerk nie inbreuk wou maak op die werk van ander sendinggenootskappe nie (MBA 15.12.1899: Baptists; 1.5.1900: Baptists; 17.9.1901: Mission; 25.3.1902: Mission). Gedurende die sewentiger- en tagtigerjare was daar nie veel swartmense op Mosselbaai nie, maar die swart bevolking het gedurende die Anglo-Boeroorlog 'n geweldige toename ondervind. In 1902 was daar reeds sowat 700 inwoners in die Tarka-buurt (Sien New Rush (Tarka)).

Die Baptiste het die kerkie in 1904 aan die NG kerk verkoop. Die dienste is egter steeds deur evangelis Thomas Trim waargeneem. In die twintigerjare van die huidige eeu is die kerk aan die Berlynse Sending oorgemaak nadat dié intussen die NG kerk se bruin lidmate op hul versoek oorgeneem het (Steyn 1945: 60).

9.7 Joodse gemeenskap

Volgens die sensus van 1875 was daar in daardie jaar slegs twee Joodse inwoners op Mosselbaai (G.42-76 Cencus 1875 II: 334). Dit is gevoleglik nie verbasend dat daar tot 1902 van slegs een godsdienstige feesgeleentheid in die Advertiser melding gemaak is nie. Die viering was ter ere van die Joodse Nuwejaar van 5646 en het in September 1885 in die huis van J.R. Levy plaasgevind. Die dienste is oor 'n paar dae in 'n spesiaal ingerigte sinagogekamer gehou en is goed bygewoon. Van die feesgangers het selfs te voet van Riversdal en Hfst. IX

Oudtshoorn gereis (MBA 16.9.1885: L&G; 23.9.1885: L&G). Levy het die Baai twee maande later verlaat (MBA 18.11.1885).

Die Joodse gemeenskap moes daarna uitgebrei het aangesien die Dorpsraad in April 1902 genader is om 'n stuk grond vir 'n begraafplaas. Dit is egter nie toegeken nie; die stadsvaders se antwoord was dat hulle nie van 'n gesikte plek geweet het nie (MBA 8.4.1902: Council). Die Advertiser het kort hierna berig dat die Joodse gemeenskap in die Suidwestelike Distrikte so toegeneem het dat daar oorweeg is om 'n sinagoge op Riversdal te bou (MBA 27.5.1902: L&G).

9.8 Kerklike matighedsbewegings

Kerke het gedurende die Victoriaanse Tydperk al hoe meer bewus geword van hul roeping op maatskaplike gebied. Ernstige misstande in die maatskappy het ellende en lyding veroorsaak en drankmisbruik het 'n groot probleem geskep. In Engeland het die kerke afskaffingsbewegings gestig om dié euwel te bestry. Hul voorbeeld is deur die Anglikaanse Kerk in die Kolonie nagevolg (Oberholster 1956: 212-213).

Die eerste tak van 'n matighedsvereniging op Mosselbaai was dan ook die Church of England Temperance Society. Dit is in September 1876 gestig toe die deken van Kaapstad 'n week lange reeks lesings oor die onderwerp kom aanbied het. Veertig mense het aan die einde van die veldtog aangesluit (MBA 20.9.1876: L&G). Die vereniging het gereeld "Tea Meetings" gehou waar nie-alkoholiese dranke en eetgoed bedien en 'n konsertprogrammetjie aangebied is (MBA 6.12.1876: L&G: 8.1.1879; 13.2.1884). Koningin Victoria se jongste seun, prins Leopold, was tot by sy dood die vise-president van die vereniging (MBA 23.4.1884: L&G).

Die Berlynse Sending het eweneens 'n matighedsbond gehad (MBA 10.8.1887: Hfst. IX

Templary). Lidmate van ander denominasies het ook hieraan behoort en dit het gehelp om goeie onderlinge verhoudings te bewerkstellig (LKK: Ecker gd: 7). Soos reeds gesien, het hierdie vereniging 'n groot indruk op dr. Theodor Wangemann, die besoekende direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap, gemaak. Die Sinode van die NG Kerk het hom nie met die afskaffingsbewegings vereenselwig of hul metodes goedgekeur nie. Die kerk het egter in die middel van die 19de eeu besluit om op vasgestelde dae oor die sonde van dronkenskap te preek (Oberholster 1956: 212; 218). Hierdie spesiale dienste is sporadies op Mosselbaai gehou (MBA 4.12.1878: L&G; 7.2.1883). Ds. I.G.J. Horak het in 'n godsdiensverslag navraag gedoen of die Sinode nie ook 'n matigheidsgenoootskap kon stig nie aangesien baie van sy lidmate by ander kerke se verenigings aangesluit het en dan van die NG Kerk vervreemd geraak het (Oberholster 1956: 213-214).

In 1876 is in die Rooms-Katolieke kerk in Kaapstad aangekondig dat lidmate wat by afskaffersgenootskappe, soos die Goeie Tempeliere, aansluit, geëkskommuniseer sou word. Die kerk het hierdie verenigings as geheime, en daarom as verbode, verenigings beskou (MBA 1.3.1876). Alhoewel die NG Kerk die matigheidsverenigings geensins goedgekeur het nie, het hy nie sy lidmate se vryheid aan bande gelê nie (Oberholster 1956: 218).

10. ONDERWYS EN OPVOEDING

10.1 Verskillende skole

10.1.1 Eerste skole, Mossel Bay Public School en Mossel Bay Boys' Public School

Die eerste skool op Mosselbaai was amptelik as die Dutch Reformed School bekend en is op 1 Februarie 1847, sowat anderhalfjaar na die inwyding van die NG kerk, geopen. Die voorleser en koster was die onderwyser en die konsistorie die klaskamer. Vanweë die ontoereikende salaris het onderwysers mekaar vinnig opgevolg. Nadat die derde onderwyser bedank het, het die skool gesluit. Die inwoners het kort daarna in 1854 besluit om 'n openbare skool te stig. Alhoewel nog steeds aan die NG kerk verbonde, is die District School deur 'n groot skoolkomitee bestuur waarin ook persone buite die kerkraad gedien het. In 1855 was daar reeds 39 wit en 76 bruin leerlinge. Die groepe is apart onderrig: eersgenoemde het vier en 'n half uur onderrig per dag ontvang en laasgenoemde anderhalf uur. Die skool het in 1857 ná slegs 'n driejarige bestaan gesluit toe beide die leraar en die onderwyser die Baai verlaat het (Steyn 1945: 64-66).

Eerw. Thomas Sheard van die Anglikaanse Kerk het hom intussen in Januarie 1855 op Mosselbaai gevestig en dadelik begin onderwys gee. Hy het 'n sendingskool sowel as 'n District School gestig. Dit het ds. I.G.J. Horak met sy komst in 1858 gegrief dat die dorpskool onder beheer was van die Episkopaalse Kerk met sy "Crypto Catholicisme", soos hy dit gestel het. Van 1862 is die skool as 1st Class Public School bedryf en was dit tot die tevredenheid van ds. Horak aan geen kerkgenootskap verbonde nie. Seuns sowel as meisies is as leerlinge

aanvaar. Dit het egter nie voorspoedig gegaan nie en in 1866 is die graad verlaag na 'n Tweedeklas Publieke Skool (Steyn 1945: 66). 'n Korrespondent van Mosselbaai het in Julie 1867 in die George Advertiser (11.7.1867: L&G) geskryf: "An attempt is being made by the committee of the school, in this place, to obtain a teacher and remodel the affair altogether. From some fault, either on the part of teacher or committee, the school hitherto has not succeeded, and strenuous efforts are being made by those interested in it to carry out their object."

Die onderwyser wat aangestel is, was Francis McIntyre, LL.B. Hy het van 1868 verblyf aan kosgangers verskaf (GA 23.1.1868: Advertensie) en leerlinge voorberei vir die Koloniale eksamens (MBA 10.1.1871: Advertensie) sowel as die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Londen (MBA 10.1.1872). Die plaaslike eksaminerende inrigting, die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop, het eers in 1873 tot stand gekom (Du Toit 1976: 73). Die skool was gehuisves in 'n woning tussen Bland- en Marshstraat op ou erf 15. Daar is besluit om 'n ruimer gebou daar naby op te rig en die perseel is in 1871 ten bate van die boufonds in die mark geplaas (MBA 11.10.1871). Die nuwe gebou is op Maandag, 27 Mei 1872, luisterryk ingewy. Die skoolkomitee, gevolg deur die leerlinge, het om tienuur dieoggend die kort afstand van die huis na die skoolgebou in Blandstraat in optog afgelê. Die kinders het gesing en baniere gedra. Die verrigtinge in die nuwe gebou het die vorm van 'n prysuitdeling aangeneem en is met die sing van "God save the Queen" afgesluit. 'n Onthaal is dié middag vir die leerlinge aangebied (MBA 29.5.1872: Hoofartikel). G.F. Steyn, skrywer van die eeufesgedenkboek van die NG gemeente en die skrywer van 'n artikel in die gedenkuitgawe van die Hoërskool Punt se jaarblad, fouteer wanneer hulle beweer dat die nuwe skool in hierdie stadium slegs vir seuns was (Steyn 1945: 66; Anoniem 1959: 21). 'n Advertensie van Februarie 1873 lui: "Gouvernement School Mossel Baai [...] Leerlingen van beide Seksen, worden onderrigt in alle de takken van een hoog-klas Engelsch onderwys. Kost-scholieren (Boarders) £36 per

jaar, ingenomen de School Geld. School Geld 7s. per maand" (MBA 12.2.1873). Pryse is ook jaarliks aan meisies toegeken (MBA 29.12.1875: School; 24.12.1879). Die skool is eers in die vroeë tagtigerjare vir lede van die vroulike geslag gesluit en het voortaan as die Mossel Bay Public Boys' School bekend gestaan (MBA 11.4.1883).

Francis McIntyre het die Baai einde September 1874 verlaat om die hoofskap van die eersteklas-skool op Uitenhage oor te neem. Volgens hom sou hy aangebly het indien die skool beter ondersteun is (MBA 19.8.1874: L&G). Hy het sy inkomste aangevul nie slegs kosgangers te huisves nie, maar ook kortstondig tot met sy vertrek diens te doen as voorleser en orrelis van die NG gemeente (Steyn 1945: 56). Met die veiling van sy huisraad is onder andere 'n uitstekende klavier, musiekstoeltjie en harmonium van die hand gesit (MBA 2.9.1874: Advertensie). By sy vertrek was die skool 'n First Class Public School (MBA 7.1.1874: Advertensie). Francis McIntyre het 23 jaar later met 'n doktorsgraad as redakteur-eienaar van die Mossel Bay Advertiser teruggekeer (Sien Mossel Bay Advertiser).

Die "School-house", oftewel onderwyserswoning en koshuis, is aan die einde van die tagtigerjare verander. Die slaapsaal is verbeter en 'n studeerkamer en toilette is vir die gebruik van kosgangers aangebou (MBA 23.7.1889: Brokkie). Die inspekteur was hoogs tevrede (MBA 15.3.1892: Schools). Tien tot twaalf seuns kon gehuisves word (MBA 24.11.1896: Boys') en die hoof, John Proctor, het onderneem dat "Boys in delicate health will receive care and attention" (MBA 14.1.1890: Boys'). Die Diamond Field Advertiser het die skool en die kosafdeling aanbeveel by diegene wat 'n heilsame verblyf aan die kus vir hul seuns verlang het. 'n Inspekteursverslag is aangehaal: "The accommodation is excellent; also the discipline and organization." Van die losiesgeriewe is berig: "This department is in a thorough state of efficiency, and all its arrangements are excellent. The dormitories, work and dining rooms are large

and lofty, while the bath rooms add greatly to the comfort of the boarders" (MBA 15.8.1893: Mossel Bay).

Onder Proctor se hoofskap het die skool met rasse skrede vooruitgegaan. Hy het in 1894 'n skooldialektek met 315 boeke vir die gebruik van intekenare ingerig (MBA 8.5.1894: Brokkie; 4.6.1895: Boys') en kort daarna 'n houtwerkklas ingestel. "In Mossel Bay, an energetic Management has added a most suitable Trade-class Room to the Boys' School", het die Educational blue book berig en dit as voorbeeld aan ander skole voorgehou. Die skooldialektek is ook as navolgingswaardig beskou (MBA 30.6.1896: Boys'). Mosselbaai het die bekwame John Proctor verloor toe hy in 1896 aangestel is as hoof van College House van die South African College in Kaapstad (MBA 17.11.1896: Brokkie).

Toe die skoolgebou in die vroeë sewentigerjare opgerig is, was daar geen saal op die dorp nie. Die lokaal is dus tot en met die voltooiing van die Stadhuis in 1879 as konsert-, vergader- en balsaal gebruik (MBA 6.12.1871: Hoofartikel; 4.2.1874: Advertensie; 2.6.1875). Nadat 'n "Public Piano" bestel is, is dié ook in die klaskamer geplaas (MBA 17.7.1878: L&G). Die saaltjie is in 1890 deur middel van 'n baksteenmuur verdeel om 'n groot lokaal en 'n kleiner klaskamer te vorm (MBA 4.3.1890: Schools; 15.3.1892: Schools). Soos reeds hierbo gesien, is 'n houtwerkkamer en nog 'n klaskamer in 1895 aangebou (MBA 21.5.1895: Tenders). Die skoolgrond is in die laaste helfte van 1880 omhein (MBA 11.8.1880: Tenders).

Die skool is in 1889 deur die Superintendent-generaal van Onderwys (hierna SGO), dr. Langham Dale, van die nuutste en beste diagramme en kaarte voorsien. Die Advertiser het egter van die ameublement soos volg geskryf: "The benches and desks in the Boys' School are of the oldest type, very shaky on their legs, and profusely illustrated by the pocket-knives of a dozen generations. The fact of such relics being still in use in Mossel Bay says very little indeed

for the public spirit in the good days that have gone by" (MBA 22.1.1889: Hoofartikel). Die "primitive desks" is egter die volgende jaar met 25 dubbellessenaars vervang. Die skolkamer is ook geverf en "proper sanitary arrangements" is aangebring (MBA 24.6.1890: Schools).

Die skool, op die noordoostelike hoek van Bland- en Adamstraat, was in die hart van die sakekern geleë. Soos die verkeer toegeneem het, het die geraas al hoe meer begin steur. In Julie 1902 was dit reeds so erg dat planne beraam is om 'n deel van die openbare sportgrond by die Punt te bekom sodat alle onderwysgeboue -- skool, onderwyserswoning, koshuis en biblioteek -- relatief ver van die dorp en bymekaar opgerig kon word. Dit was ook noodsaaklik dat daar vir elke klas 'n aparte klaskamer sou wees, "a thing manifestly impossible in the present building", aldus die voorsitter (MBA 22.7.1902: Hoofartikel; 23.12.1902: Prize). Die nuwe skoolgebou is wel by die Punt opgerig en op 15 Februarie 1910 ingewy (Steyn 1945: 73), maar die droom om al die onderwysgeboue daar te hê, is nie bewaarheid nie.

Die Blandstraat-skoolgebou (op erf 3091) huisves vandag die Doch-'n-Doris-drankwinkel. Die RNG beveel aan dat die lang enkelverdieping gerestoureer en tot gedenkwaardigheid verklaar word (NMC 1985: 7).

10.1.2 Mossel Bay Girls' Public School

Soos hierbo aangedui, is die openbare skool in die vroeë tagtigerjare in 'n seunskool omskep. Skoolinspekteur J. Samuel het in Junie 1883 tydens 'n besoek aan die Seunskool verklaar: "in England the education of girls -- the wives and mothers of the future -- was considered of the highest importance, the old system of training girls being rapidly over-thrown". Hy het hier verwys na die gebruik om dogters tuis te onderrig. Die inspekteur het die gebrek aan 'n meisieskool in 'n brief aan die Mossel Bay Advertiser betreur: "Mossel Bay is

behind other neighbouring divisions in not providing a First-class school for girls. [The] girls have been left to the care of private teachers, over whom there is no supervision. [...] Should the public-spirited inhabitants of the place resolve to establish one, the Government will assist." Hy het verduidelik dat die owerheid bereid was om 'n toelae te gee vir die oprigting van die geboue en jaarliks tot die salaris van die leerkragte sou bydra. Veral ds. Horak het sterk oor die saak gevoel en hom beywer om in die langgevoelde behoeftte te voorsien (MBA 27.6.1883: Correspondence; Hoofartikel; School).

'n Vergadering is twee jaar later (1885) gehou. 'n Waarborglys is geopen en 'n komitee verkies om "guarantors" -- mense wat onderneem het om onderwystekorte te dek -- vir die Meisieskool te werf (MBA 17.6.1885: Girls' School). (Die stelsel word onder Bestuur van skole verduidelik.) Die skool is kort daarna op Maandag, 3 Augustus 1885, geopen met mev. George Just, eienaar van 'n private skool, as tydelike hoof. Met die opening was daar sewentien meisies waarvan sewe mev. Just se eie leerlinge was (MBA 29.7.1885: Brokkie; 5.8.1885: Brokkie; 12.8.1885: Correspondence). Tien aansoeke is vir die hoofskap ontvang en mev. Just, 'n opgeleide onderwyseres, is aangestel. Mej. E. Mills, 'n opgeleide onderwyseres, wat kort tevore van Engeland gekom het, het die pos van onderhoof beklee. Die ou NG kerkgebou is aangepas en teen 'n billike bedrag van die kerkraad gehuur. Die Advertiser het berig: "The object [...] is to give in the first place a thorough sound English education suited to the present age of competitive examinations. Dutch, music and other extras will not be neglected" (MBA 19.8.1885: Girls' School; Steyn 1945: 68). Die dogters het, soos die seuns, geen skooldrag gehad nie, maar het wel tydens feesgeleenthede uniforms aangetrek -- 'n wit rok met blou lyfband en blou "Tam-o'-Shanters" van sy (MBA 30.6.1886: School).

Vyf maande na die stigting van die skool is 'n "Infant" of 'n "Preparatory Department" geopen. Kosgangers is van nou af ook gehuisves (MBA 6.1.1886:

L&G). Mev. Just het goeie uitslae behaal. In 1888 het nege uit die tien van die leerlinge wat die School Elementary Examinations geskryf het, geslaag (MBA 17.4.1888: Examination). In 1887 het die skool drie kandidate vir die Third Class Teachers' Certificate ingeskryf. Twee het met lof geslaag en onderskeidelik vyfde en tiende uit 186 kandidate gekom. Die derde leerling is veertiende op die ranglys geplaas (MBA 2.11.1887). Dr. Dale het die skool in die Gazette uitgesonder vir hierdie buitengewoon goeie prestasie (Gazette 28.10.1887). Die Advertiser was met die vertrek van mev. Just vol lof: "The work of educating, in its proper sense, is carried out by the Lady Principal and her two very able assistants; the mind is trained, -- the brain not crammed or overcharged. Discipline, order, neatness prevail; every duty carried out with the regularity of clockwork, laying the foundation of that faculty 'system', which is so often the secret of success in life." Die blad het die boere in die distrik aangemoedig om hul dogters na die skool se goeie "boarding establishment" te stuur eerder as om hulle elders te laat onderrig (MBA 24.4.1888: Girls).

Die kosgeriewe moes tussen 1888 en 1890 doodgeloop het aangesien die inspekteur dit in Maart 1890 betreur het dat daar nie 'n "boarding department" en onderwyserswoning was nie (MBA 4.3.1890: Schools). 'n Ruim huis is agt jaar later (1898) in die beste deel van die dorp betrek en daar is onder die opskrif "De Kost Inrigting" aangekondig: "Het Boarding Department in verband met de Openbare Meisjes School in deze Stad is nu gereed." Kosgangers sou onder beheer van die inwonende skoolhoof wees. Daar sou ook van alle onderwysers verwag word om in die huis tuis te gaan. 'n "Afrikaander dame" van die distrik is as matrone aangestel (MBA 14.6.1898: Advertensie; Boarding; 28.2.1899: 2e Hoofartikel). Daar was plek vir twintig dogters (MBA 25.12.1899: Girls' School).

In 1892 was daar 46 meisies in die hoër afdeling van die skool. Dit was van
Hfst. X

standerd twee tot by standerd ses en het ook 'n "Above Standard"-klas ingesluit. Die "Infant Department" het tot by standerd een gegaan en het 18 seuns en 24 meisies gehad. Al die klasse is in twee groot klaskamers gehuisves en deur die hoof en twee assistente onderrig (MBA 15.3.1892: Schools). Boeke vir 'n skoolbiblioteek is in 1899 aangekoop (MBA 25.12.1899: Girls' School) en in 1902 was daar reeds 219 op die rakke (MBA 23.12.1902: Girls' School). 'n Nuwe klaskamer is aan die begin van 1896 aangebou om as "Kindergarten Room" te dien. Die onderwyseres is na Engeland om die nuutste metodes in dié verband te bestudeer (MBA 21.1.1896: Girls' School). In 1902 is 'n klaskamer en portaal aan die junior afdeling aangebou en is die klaskamers van die senior afdeling met hout uitgevoer (MBA 23.12.1902: Girls' School). Die ou kerkgebou is in 1971 gesloop (Sien NG kerk).

10.1.3 Private skole

Die meisies was op private skole aangewese in die sowat vyf jaar wat daar nie vir hulle in die openbare skool voorsiening gemaak is nie. 'n Gebrek aan sulke skole was daar nooit. Niks het vroue, in uitsonderlike gevalle ook mans, wat oor 'n bietjie geleerdheid en 'n ruim genoeg huis beskik het, belet om 'n skool te open nie. Hier volg 'n paar aankondigings, kenmerkend van dié wat in die Mossel Bay Advertiser verskyn het:

"EDUCATION Mossel Bay. Mr. H. Frost, a trained, experienced ENGLISH TEACHER, having taken the House 'Brighton Villa', Mossel Bay (lately occupied by Miss Halfhyde) is prepared to receive a certain amount of BOARDERS, to whom a sound, practical ENGLISH EDUCATION will be imparted; while the COMFORTS OF HOME will not be neglected" (GA 11.5.1865).

"YOUNG LADIES' SCHOOL. Mrs. J. Honniball begs to inform the

Inhabitants of Mossel Bay and surrounding District that she has now opened a SCHOOL for YOUNG LADIES, in Bland-street, Mossel Bay, where Pupils will receive a good, sound English Education. Boarders taken on very modest terms" (MBA 4.4.1871).

"Mrs. Dobie having taken Aviary Cottage, begs to intimate to her Friends and the Public that she has opened a School, and has room for a limited number of Boarders. Terms, etc, will be given upon application" (MBA 5.7.1876: Notice).

"Miss Moulton (who has had an English education for 5 years) is desirous of obtaining a limited number of pupils to educate. Terms on application. Fair View Cotage, opposite the Roman Catholic Church, Mossel Bay" (MBA 25.5.1881).

Van die ander vroulike skoolhoofde het meer vertroue ingeboesem vanweë hul opleiding en ondervinding. Mev. Sheard, eggenote van die eerste Anglikaanse leraar, is (soos reeds onder Anglikaanse kerk gesien), deur biskop Robert Gray in Engeland as onderwyser opgelei. Haar skool was in die groot woning by die Punt gehuisves. Dié opvallende woning met sy twee spitsgewels was die enigste gebou by Kaap St. Blaise en is in die amptelike seilaanwysings van 1864 as die "Ladies' School" aangegee (Gazette 29.1.1864: 2). Mev. Sheard was volgens 'n lid van die bekende Wassung-gesin "a regular Sergeant Major" en is deur dorpsbewoners sowel as skoliere as "Mam Sheard" aangespreek. Mev. Sheard het later haar inrigting na 'n meer sentraal geleë dubbelverdieping in Marshstraat verskuif (SAB: Crail file 16: Wassung 21.1.1961). Dit was dieselfde gebou as dié waarin die Mossel Bay Advertiser vir 23 jaar onder die redakteurskap van Joseph Powrie gedruk is. Die gebou is ná mev. Powrie se dood in 1901 tot in die sestigerjare van die huidige eeu as losieshuis bedryf. Dit huisves tans die eiendomsonderneming Harris & Scheltema (Sien Mossel Bay Advertiser). Nadat

"Mam" Sheard in 1881 'n assistent bekom het, het haar skool ook Duits en Frans aangebied (MBA 27.7.1881: Scolastic). Mev. Sheard het veral uitgeblink in die onderrig van Bybelkunde. In 1884 het slegs ses kandidate die jaarlikse Bybelkenniseksamen van die Anglikaanse Bisdom van Kaapstad geslaag. Drie van hulle was nie net leerlinge van mev. Sheard se skool nie, maar twee het ook die hoogste punte behaal (MBA 7.5.1884: L&G). Dit is nie bekend wanneer haar inrigting gesluit is nie. Met die stigting van die Meisieskool in 1885 het sy geadverteer dat haar skool te Richmond House soos gewoonlik sou voortgaan en dat kos- en dagskoliere teen 'n billike bedrag gehuisves sou word (MBA 22.7.1885: Sheard).

'n Ander skoolhoof was mev. Eedes, wat twintig jaar lank 'n kosskool vir "jong dames" in Grahamstad bestuur het. Sy het in 1866 'n skool op Mosselbaai geopen om naby haar familie te wees. Kosgangers moes 'n bedrag van dertig ghienies per jaar betaal wat nie skoolgeld en wasgoed ingesluit het nie. Dagskoliere moes twee ghienies per kwartaal betaal. Sy het geadverteer dat die kursus die gewone vertakkings van 'n Engelse opvoeding, soos die onderrig van Frans, musiek en teken, sou behels, maar aan die einde van die advertensie word gemeld dat 'n bykomende bedrag betaalbaar was vir daardie vakke. "Flower-Painting" en die bestudering van die harp is ook aangebied en was waarskynlik ook ekstra vakke. Sy verklaar: "This School offers all the advantages of a sea-side Residence" en verseker ouers voorts: "The arrangements will be those of a private family, and strict attention will be paid to the moral and religious training of the pupils" (GA 14.12.1865; 28.6.1866: Advertensie).

Vooraanstaande inwoners soos resident-magistraat R.J. Crozier en dr. Thomas Kitching het in die tydperk sonder meisieskole hul dogters na die skool van mev. Mant in Marshstraat gestuur. Hul dogters het in 1882 goed gevaar in die Elementary School Examinations. Die owerheid het hulle per abuis as leerlinge van die openbare skool aangesien. Redakteur Powrie het opgemerk: "Our Public

School is doing so well with its boys that it needs wear no borrowed honours, and can, with all honour and respect, cheerfully give place aux dames" (MBA 10.5.1882). Die skool op George het huis in daardie maand sy deure vir albei geslagte oopgegooi (MBA 17.5.1882). Die Britse mev. Mant het onderrig in Engels, Frans, klavier, harp, sang, teken en skilder aangebied (MBA 21.8.1878). Haar skool is met die stigting van die Meisieskool gesluit (MBA 22.7.1885).

Die skoolkomitees op Mosselbaai het die inwoners en die boere in die distrik aangemoedig om hul kinders na die dorpskole eerder as na skole elders te stuur (MBA 27.12.1882: School; 23.12.1902: Girls' School). Van die skole op ander plekke wat sporadies in die Advertiser geadverteer het, was: St. Mark's Grammar School op George (MBA 24.1.1871), Oudtshoorn School for Young Ladies, die Good Hope Seminary in die Tuine, Kaapstad (MBA 6.9.1876), die Rhenish Institute, Stellenbosch (MBA 22.11.1876), en die Ladies' School in die Laan, Kaapstad (MBA 4.7.1883). Kinders se name word gereeld aan die einde of begin van die kwartaal op skeepspassasierslyste aangetref (MBA 30.1.1878; 22.12.1880). In Januarie 1876 is gemeld dat daar besonder baie seuns en dogters aan boord van die Natal weg is om in Kaapstad en elders skool te gaan (MBA 26.1.1876: Nieuws).

10.1.4 English Church Mission School en Poor School

Daar is reeds in die vorige hoofstuk gesien dat die eerste Anglikaanse predikant, eerw. Thomas Sheard, kort ná sy aankoms, in Januarie 1855, begin het om onderwys te gee. Die skoolkapel op die suidoostelike hoek van Marsh- en Mitchellstraat, is in Julie van dieselfde jaar ingewy. G.F. Steyn fouteer dus wanneer hy beweer dat dié skool eers in 1859 gestig is (1945: 68). Soos die naam aandui, het die geboutjie as kerk sowel as skool diens gedoen. Die kerkskool het nie soos dié van die Hollandse kerk staatsteun ontvang nie en moes talle leerlinge afstaan aan daardie skool waar die skoolgeld veel laer was.

(Sien Anglikaanse kerk). Met die stigting is die skool volgens eerw. Sheard hoofsaaklik deur bruin kinders bygewoon. Die Public School was egter in 'n stadium vir sowat 'n kwartaal gesluit en heelwat van dié inrigting se leerlinge het toe by die sendingskool ingeskryf. Ná die heropening van die Public School het van die wit leerlinge egter in die sendingskool agtergebly. In 1871 was daar groot ontevredenheid omdat kinders van ouers wat die dorpskool se lesgeld kon bekostig, daar onderrig is. Thomas Sheard het die probleem probeer oplos en drie maande voor sy dood in 'n brief aan die Advertiser verklaar: "so that there should be no cause for any appearance of rivalry or antagonism, arrangements have been made that, in future, no white child shall be admitted whose parents can afford to pay the rate of fee charged at the Public School". Aangesien sy skool se fondse onder hierdie nuwe reëeling sou ly, het hy 'n beroep om bydraes gedoen (MBA 16.8.1871: Correspondence).

Sy opvolger, eerw. W.F. Taylor, en ds. I.G.J. Horak, sekretaris van die skoolkomitee van die dorpskool, was oor die jare dikwels in struwelings oor skoolsake betrokke. Beide geestelikes het hul besonder baie vir die onderwys beywer en het voor hul koms na Mosselbaai onderwys gegee (Sien Geestelike lewe). Die Oudtshoorn Courant het in Januarie 1880 na aanleiding van 'n polemiek tussen dié twee in die plaaslike blad, soos volg gereageer: "It is that bone of contention, the Undenominational School again! [...] Fie! Fie! Headboys should not throw mud, but settle differences in 'the more excellent way'" (20.1.1880).

Die skoolkomitee van die dorpskool was in 1883 bitterlik ontevrede oor die wit bywoning van die sendingskole. Ds. Horak is opdrag gegee om dr. Langham Dale daarvan te verwittig dat 158 wit kinders die sendingskole bygewoon het terwyl daar slegs 35 seuns in die dorpskool was en 'n paar meisies in private skole. Twee jaar later meld ds. Horak in sy Ringverslag dat die dorpskool aan die kwyn was en moontlik sou moes sluit vanweë die Engelse kerk se sendingskole (Steyn Hfst. X

1945: 69). 'n Omsendbrief van die dorpskool wat in dié tyd versprei is, het 'n beroep om bydraes gedoen en gemeld dat ouers wat vroeër hul kinders na dié skool gestuur het, nou die sendingskole ondersteun. Eerw. Taylor het teen dié bewerings beswaar gemaak en gemeld dat sy skool dit ten doel gehad het om die armste deel van die bevolking op te voed, ongeag van ras of kleur. Volgens hom was daar slegs een geval waar die ouers die dorpskool kon bekostig. Die skool moes klaarkom met geringe staatshulp en dit was vir hom onaangenaam dat die bevoorregtes wat eintlik die sendingskool in ag moes neem, dit gedurig van mededinging en inmenging beskuldig het (MBA 18.3.1885: Correspondence). Die dorpskool was inderdaad bevoorreg in vergelyking met die sendingskool. Eersgenoemde het in daardie jaar £187 10s vir 36 seuns van die staat ontvang, d.w.s. meer as £5 per kop. Eerw. Taylor se skool het daarteenoor slegs £75 vir 250 leerlinge ontvang, wat 6 sjielings per kind was. Daar is van owerheidsweë van die dorpskool verwag om twee onderwysers in diens te hê en te besoldig terwyl die sendingskool drie moes aanstel en betaal (MBA 1.4.1885: Correspondence).

In 1893 het die NG kerkraad besluit om aan die Parlement te skryf in verband met die opvoeding van armlanke kinders. Die skoolkomitees van die Seuns- en Meisieskool het 'n subkomitee aangestel om die saak te ondersoek, maar daar het niks hiervan teregt gekom nie. Eerw. E.F. Gottschling van die Berlynse Sending het egter opgetree en 'n skool gestig vir die minderbevoorregte wit leerlinge van die sendingskole (Steyn 1945: 69). Hy het in Maart 1896, twee jaar ná sy aankoms in die Baai (MBA 31.7.1894: Berlin), in die pers aangekondig dat sy skool, met verlof van die verskillende skoolrade, op 13 April sou open (MBA 31.3.1896: Advertensie). Aangesien 'n gesikte gebou nie gevind kon word nie, is die skool, amptelik bekend as die Poor School, in eerw. Gottschling se kerklokaal gehou. Die banke en hulpmiddels is van die Berlynse Sendingskool geleent. Die skoolgeld was 3 pennies per week en daar was vyftien seuns en dertien meisies (MBA 22.12.1896: Poor School).

'n Jaar ná die stigting van die Poor School is aangekondig dat die owerheid £12 per jaar op 'n pond-vir-pond-basis sou bydra tot die huur van die skoollokaal. Die Berlynse kerkgebou is dus van toe af teen 'n bedrag van £24 per jaar gehuur. Daar was in hierdie stadium 34 leerlinge van wie 15 seuns en 19 meisies was (MBA 13.4.1897: Poor School). 'n Nuwe gebou is in 1898 vir die "skool vir Arme blanke kinders" opgerig. In Mei van daardie jaar was die gebou amper voltooi en het die Advertiser verslag gedoen: "Het heeft een zeer net voorkomen, is mooi gelegen, is luchting van binnen en zal zeer gerief bevonden worden voor het heerlijk doel waar het voor opgetrokken is" (MBA 17.5.1898: Brokkie). Waar die nuwe gebou was, is onbekend. Die skool, wat later as die Derdeklas-skool bekend was, het in 1910 na die ou Seunskool in Blandstraat verhuis nadat dié ontruim is. Die skool, waarvan die leerlinge feitlik almal tot die NG gemeente behoort het, het tot 1926 bestaan (Steyn 1945: 69; 71). In 1908 was daar meer kinders in hierdie skool as in die Seuns- en Meisieskool tesame (Steyn 1945: 69). Volgens die onderwyskenner E.G. Pells het die armskole nie slegs minderbevoordele kinders in staat gestel om onderwys te ontvang nie, maar is dit ook as 'n middel deur die res van die gemeenskap gebruik om hul kinders van dié van die armer klasse te skei. Poor Schools het gewoonlik nie verder as st. IV gegaan nie (1938: 43).

10.1.5 Berlynse sendingskool

Soos reeds in die vorige hoofstuk gesien, is die stasie van die Berlynse Sendinggenootskap op 4 Oktober 1879 gestig. Die sendinghuis is tien maande later ingewy en daarna is die skool deur eerw. Louis Alpermann gestig. Die leerlingtal het gou honderd oorskry (MBA 10.11.1894: Berlin; Zöllner & Heese 1984: 23). Die inrigting het in 'n algemene behoeftte voorsien aangesien dit deur kinders van alle denominasies bygewoon is. Geen leerlinge is egter van ander skole oorgeneem nie. 'n Aantal wit kinders van behoeftige gesinne is

gratis of teen 'n nominale bedrag onderrig (MBA 10.11.1894: Berlin). Volgens 'n inspekteursverslag was daar in 1883 slegs 15 wit leerlinge in die skool teenoor die 120 in die Anglikaanse en die 23 in die Rooms-Katolieke skool (MBA 25.3.1885: Correspondence). Die skoolkomitee van die onsektariese dorpskool, wat gemeen het dat hul inrigting van leerlinge beroof word, was dus nie so ontevrede met die Berlynse sendingskool as met dié van die Anglikaanse Kerk nie.

Die kerklokaal op die boonste verdieping van die sendinghuis het as skool diens gedoen (LKK: Ecker gd: 1). Dit was egter weldra te klein en 'n nuwe skoolgebou is teen 'n koste van £400 langs die sendinghuis opgerig en op 21 Augustus 1895 ingewy (MBA 27.8.1895: Berlin). Die gebou was 'n ruim, langwerpige enkelverdieping (Scheffler 1989: Persoonlike mededeling). Die skool kon binne deur die verwijdering van 'n houtafskorting in 'n gemeentesaal omskep word vir die hou van onder meer "Theeabenden" ("Tea Meetings") (Gottschling 1896: 10; 189). Die kerklokaal was hierna die tuiste van die Poor School wat deur eerw. Ernst Gottschling vir wit kinders gestig is (MBA 13.4.1897: Gottschling).

Die sendingskool is deur die superintendent van die Kaapse Sinode van die Berlynse Sendinggenootskap geïnspekteer (MBA 31.7.1894: Berlin). Klasse het soggens om agtuur begin en onderrig is tot op standerd drie-vlak aangebied. Eerw. Wilhelm Ecker het aan die bestuur in Berlyn verslag gedoen dat redelike welslae behaal is ten spyte van die swak omstandighede. Hy het die feit dat kinders se huishoudelike take hul skoolbywoning nadelig beïnvloed het, as die grootste vlieg in die self beskryf. Die meeste leerlinge was soggens sowat 'n uur laat aangesien hulle ontbyt by hul vaders en ouer broers se werkplekke moes aflewer. Middagetes moes ook besorg word. Die meeste moeders was wasvroue en die kinders moes help met die vervoer van bondels wasgoed. Met bevallings of siekte was dit die kinders wat huis gehou is om na die huishouding om te sien. Van die kinders is ook as werkers uitverhuur op voorwaarde dat hulle die skool

kon bywoon, maar ook hulle het gewoonlik laat opgedaag. Volgens die mismoedige eerw. Ecker was daar geen oplossing vir dié probleem nie. Nadat die Aloestraatbuurt ontruim en inwoners buite die dorp gevestig is (Sien Aloestraat), was twee onderwyssessies per dag nie meer prakties nie en is die middagsessie afgeskaf. Die bywoning het hierna ietwat verbeter alhoewel dit nog nie bevredigend was nie (LKK: Ecker gd: 6-7).

Die skool moes die gebou op 31 Maart 1971 weens die Groepsgebiedewet ontruim (Scheffler 1989: Persoonlike mededeling).

10.2 Bestuur van skole

Die SGO, dr. Langham Dale, het geglo dat die owerheid onder geen omstandighede die initiatief op die gebied van die onderwys moes neem nie, maar dat dit van die ouers en die gemeenskap moes kom. Die staat moes slegs hulp verleen ter aanvulling van plaalike pogings en hindernisse uit die weg ruim. Hy was oortuig dat oordrewe inmenging inbreuk op die persoonlike vryheid van die individu gemaak het. Dale was ook van mening dat gratis staatsonderwys alle plaaslike belangstelling en initiatief uitgedooft het. Die Onderwyswet van 1865, tot 1905 die basis van die onderwysstelsel, is ses jaar ná sy aanstelling as SGO ingestel. Hiervolgens is die pond-vir-pond-stelsel m.b.t. salaris vir alle Undenominational Public Schools toegepas.

Staatsondersteunde skole is deur plaaslike skoolkomitees beheer. Dié liggende moes 'n geskikte gebou verskaf en 'n onderwyser aanstel wat deur die SGO goedgekeur is. 'n Aanval borge ("guarantors") moes gekies word wat sou onderneem om plaaslik genoeg geld te kollekteer om die salaris van die onderwyser tot die volle bedrag aan te vul en ander uitgawes te dek. Indien plaaslike bydraes te kort geskiet het, moes die borge die ontbrekende bedrag uit hul eie sakke bybring. Die waarborgstelsel het 'n swaar las op die borge

gelê en dit het soms voorgekom dat borge heelwat moes inbetaal en daarna nie kans gesien het om hulle aan die einde van die driejaar-tydperk weer verkiesbaar te stel nie. Daar was gewoonlik slegs 'n beperkte aantal welvarende mense op 'n dorp en dit het beteken dat die skool na 'n laer graad verlaag moes word, of dat dit moes sluit. Dit is herhaaldelik aan die hand gedoen dat 'n plaaslike heffing of belasting ingestel moes word, maar daar het nikks van gekom nie.

Daar was min kontinuïteit van beleid aangesien 'n komitee slegs vir drie jaar gekies is en die nuwe komitee geensins gebind was aan die besluite van sy voorgangers nie. Die onderwysers het min gemoedsrus gehad. Hulle moes elke drie jaar heraangestel word en hul salaris was dikwels agterstallig. Hulle kon egter nie die komitees dagvaar nie aangesien dié geen regpersoonlikheid gehad het nie. Die komitees was ook nie wettiglik ingelyfde liggame wat eiendom kon bekom nie (Du Toit 1976: 66-71; Pells 1938: 31; 46-47).

'n Openbare vergadering is, volgens die Onderwyswet van 1865 elke drie jaar op Mosselbaai gehou -- gewoonlik in Augustusmaand. 'n Lys van borge is by hierdie geleentheid opgestel waaruit komiteelede verkies is (MBA 18.6.1873: L&G; 31.7.1888: Schools). Die stelsel het van die ondersteuning van die plaaslike bevolking afgehang (Du Toit 1976: 70). Op Mosselbaai was die ouers traag en het die Advertiser dit jaar na jaar bitterlik betreur dat die gemeenskap hoegenaamd nie in onderwyssake belang gestel het nie. In 1874 het die dorpskool groot finansiële moeilikheid ondervind, maar die vergadering waarop daar 'n oplossing gesoek moes word, moes week ná week uitgestel word omdat die ouers nie opgedaag het nie. Uiteindelik is dit wel gehou met slegs 'n halfdosyn vaders van wie die meeste in elk geval in die komitee gedien het. Redakteur Powrie se kommentaar: "A stronger proof is not wanted to show how little the education of their children interests the parents." Hy het bygevoeg dat Mosselbaai aan die floreer en groei was, maar dat die teenoorgestelde van

die onderwys gesê kon word (MBA 8.7.1874: Hoofartikel). Volgens 'n komiteelid het die ouers gedurig oor die bestuur van die skool gekla, maar was traag en belangeloos wanneer hulle uitgenooi is om die saak te bespreek (MBA 1.7.1874: School). Die swak bywoning van hierdie vergadering was beslis nie die uitsondering nie. In 1876 is die verrigtinge, afgesien van die komiteelede, deur slegs twee mense bygewoon. Redakteur Powrie het geskryf: "[...] to call such a gathering a public meeting seemed very like a farce" (MBA 28.6.1876: Hoofartikel). In 1900 is berig dat "the attendance was of the most meagre description" (MBA 18.9.1900: Schools).

Belangstelling in onderwyssake het van die laat tagtigerjare toegeneem (MBA 22.1.1889: Hoofartikel). Die Advertiser het in 1894 berig dat die driejaarlikse vergadering deur 'n rekordgetal van veertig mense bygewoon is. Van dié het 38 hul naam op die Seunskool se lys aangebring en 'n bedrag van £79 is daar en dan gewaarborg. Die lys van die Meisieskool is deur dertig mense geteken en £52 is gewaarborg (MBA 21.8.1894: Schools).

Die dorpskool het volgens 'n komiteelid, apteker Ebenezer Powrie, altyd geldelik gesukkel (MBA 1.7.1874: School). Komiteelede moes die dorp platloop om bydraes te kollekteer sodat die inrigting kon voortbestaan (MBA 25.6.1873: L&G). In 1885 was die Seunskool se tekort van so 'n aard dat dit slegs die driejaartermyne sou kon oorleef indien die hele bedrag wat plaaslik gewaarborg is, wel ingesamel sou word (MBA 1.7.1885: Boys'). In die vroeë negentigerjare het die komitee in 'n omsendbrief, volgens die Advertiser "couched in very respectful terms", die vooruitbetaling van skoolgeld versoek (MBA 11.8.1891: Notes).

Die leerlingtal het dikwels gewissel. Wanneer daar 'n afname was, is uiteraard minder skoolgeld geïn en was die enigste uitweg om die status van die inrigting te verlaag of om die skoolgeld te verhoog. So is die onderriggeld van die

First Class Undenominational School in 1874 aangepas nadat die leerlingtal in 'n kort tyd van 80 na 49 gedaal het. Daar is besluit dat dit nie wys sou wees om die skool na 'n tweedeklasinrigting te verlaag nie (MBA 21.1.1874: L&G; 15.7.1874: L&G). Redakteur Powrie het twee jaar later gewaarsku dat 'n verdere verhoging "would be a very questionable economy, involving necessarily a reduction in the number of the scholars. It is natural for the few well-to-do people who send their children to the school to talk of the present fees being low [...]. But the working man who has two or three children to send finds it quite as much as he can well afford to pay the present rates and the object of such a public school is to educate the children of the mass of the people, not merely those of a few well-to-do parents" (MBA 5.7.1876: Hoofartikel). Die skoolgeld is van die volgende jaar op 'n nuwe wyse bereken en Powrie het tevrede verklaar: "We do not hesitate to affirm that there is no other first class school in the Colony where the fees range so low." Hy het bygevoeg dat dit veral vir die minder gegoede ouers belangrik was om 'n goeie skool op die dorp te hê aangesien hulle nie hul kinders, soos dié van die welgestelde, kon wegstuur nie (MBA 14.2.1877: Hoofberig).

Staatsondersteunde skole is ingedeel in eerste-, tweede- en derdeklasskole na gelang die omvang van die plaaslike bydraes (Pells 1938: 31). Die inrigtings in die groter dorpe was gewoonlik eersteklasskole wat laer sowel as middelbare onderwys aangebied het. Dié op kleiner dorpe was gewoonlik tweedeklasskole wat slegs primêre onderrig gegee het (Pells 1938: 31).

Eersteklasskole het volgens die Onderwyswet van 1865 net 'n toekenning vir een assistent van die staat ontvang. Daarteenoor is geen toekenning vir assistente vir tweedeklasskole gemaak nie. Die meeste skole het tot 1874, toe bykomende klein toekennings gemaak is, slegs een onderwyser of op die meeste twee gehad. Leerlinge wat later in 'n professionele rigting wou studeer, het kolleges bygewoon. In 1885 was daar driehonderd studente in hierdie inrigtings waarvan

driekwart met pre-matrikulasiewerk besig was. Volgens die onderwyskundige E.G. Pells het min van die openbare skole van die Kolonie hierdie kursusse aangebied. Van die laat tagtigerjare het eersteklasskole begin toegeneem en het die "pre-matrics" aan die kolleges begin afneem. Teen 1890 was daar 53 eersteklasskole en 74 tweedeklasskole in die Kaapkolonie. Daar was in 1892, toe Thomas Muir by Dale as SGO oorgeneem het, nog geen georganiseerde leerplan behalwe dié vir die aanvangstanderds nie (Pells 1938: 52). Hoër skole is teen die einde van die eeu ingestel (Pells 1938: 52).

10.3 Vakke

Gedurende die laaste drie dekades van die 19de eeu het daar 'n geweldige ontwikkeling op die gebied van die onderwys in die Westerse wêreld plaasgevind. In Engeland is kinders van die laer klasse nie slegs in staat gestel om 'n skoolopvoeding te bekom nie, maar het daar ook 'n revolusionêre verandering in die leerplan van sekondêre skole plaasgevind waar die onderrig van die Klassieke oorheers het met 'n bietjie rekenkunde en wiskunde daarby (Pells 1938: 43). By Rugby en ander skole, wat deur seuns van goeie stand ("gentry") bygewoon is, is in die dekade sestig 17 uit 22 skoolure per week aan die Klassieke gewy. Daar is geglo dat die intellek daardeur ontwikkel is en skoolhoofde het hierdie oorweldigende konsentrasie op Latyn en Grieks sonder aarseling verdedig. Voorstelle dat iets soos beroepsopleiding aan die seuns gegee kon word, is met afkeer deur die Britse eerste minister, W.E. Gladstone, begroet (Reader 1974: 35;36). Ouers van die middelklas het begeer dat bruikbare kommersiële vakke, veral rekenkunde, aan hul seuns gedoseer moes word (Reader 1974: 151). Nader aan die eeuwending is meer aandag aan die onderrig van die wetenskappe gegee (Pells 1938: 43).

Gedurende die tydperk 1870-1900 het daar ook in die Kaapkolonie groot veranderinge ten opsigte van leerplanne plaasgevind. Veral die SGO dr. Thomas Hfst. X

Muir het veel gedoen om die leerplanne van die primêre en sekondêre skole te verryk. Hy het gevind dat alle klem in die elementêre leerplan op lees, skrywe en reken -- die beroemde "three R's -- Reading, 'Riting, and 'Rithmetic" -- geval het en dat verskeie ander wenslike vakke verwaarloos is. Vakke soos sang, naaldwerk, houtwerk, teken, kookkuns, natuurstudie en liggaamsopvoeding is gevolglik deur sy toedoen in die leerplanne van die primêre skole ingevoer. Instrukteurs het skole besoek om voorligting aan onderwysers in verband met dié spesiale onderwerpe te gee (Du Toit 1976: 84; 89; Evans 1966: 122).

Veral middelbare onderwys het in dr. Muir se tyd vinnig ontwikkel. Hy het die beginsel van "dove-tailing" of "overlapping" neergelê waarvolgens met sekere vakke, wat eintlik in die sekondêre skool tuis gehoort het, reeds in die primêre skool 'n begin gemaak is. Die primêre en sekondêre afdelings in skole het dus inmekaar geloop (Du Toit 1976: 89). Alhoewel dr. Muir "moderne" vakke in sy leerplanne ingesluit het, het die ou Klassieke leerplan swaar gesterf en is Latyn en Grieks tot diep in die 20ste eeu aangebied (Pells 1938: 44). So is wetenskap, wat voor sy oorname in 1892 nog nie in die ware sin van die woord gedoseer is nie, op dieselfde voet as die Klassieke geplaas (Pells 1938: 53). Die sekondêre leerplan het die studie van die volgende vakke ingesluit: Engels of Nederlands of albei, Latyn of 'n moderne taal, rekenkunde, matesis en wetenskap (Du Toit 1976: 90).

Op Mosselbaai is Latyn en Grieks ook aangebied. Laasgenoemde is soms deur die predikant van die NG kerk gedoseer. Met die besoek van skoolinspekteur Rowan in Augustus 1874 is die hoogste klas in die volgende vakke geëksamineer: Grieks, Latyn, politieke en natuurkundige aardrykskunde, Engelse grammatika, rekenkunde, algebra, meetkunde, natuurkunde en lees. Die ander klasse is onder meer getoets in lees, spel, diktee, notering ("Notation"), aardrykskunde en grammatika (MBA 26.8.1874: L&G; 25.1.1882; 24.3.1886). In 1892, die jaar waarin dr. Muir as SGO oorgeneem het, is in die Mossel Bay Advertiser

aangekondig dat 'n inspekteur besig was om die rondte te doen ten einde die sang in die skole van die Kolonie te beoordeel. Die solfametode is oral ingestel en onderwysers sou daarvoor opgelei word (MBA 22.11.1892: Brokkie). Hierdie metode is reeds vyf jaar vantevore in die Meisieskool ingevoer (MBA 29.6.1887: School). Die Seunskool het eers van 1899 sangonderrig ontvang (MBA 25.12.1899: Speech).

Een van dr. Muir se nuwe vakke wat uiters gewild op die dorp was, was houtwerk. Dié vak is van Augustus 1893 weekliks deur Alexander Riley aangebied. Hy was die vorige jaar vir die installering van die Klipkerk se horlosie verantwoordelik en was nie 'n onderwyser nie. 'n Slaghuis in Crookstraat, wat voorheen deur 'n lid van die Searle-familie gebruik is, het as houtwerklokaal diens gedoen (MBA 15.11.1892: Clock; 15.8.1893: Notes). Die ou slaghuis wat tans in dié straat by nommers 6 tot 8 aangetref word, is eers in 1914 opgerig (NMC 1985: 45). 'n Houtwerkkamer is, soos reeds gesien, twee jaar later in 1895 by die skool gebou (MBA 21.5.1895: Tenders). Dit was 'n groot kamer met sewe skaafbanke (MBA 7.4.1896: Others). 'n Besoeker het dit soos volg beskryf: "It was a very pleasing sight on entering the carpenter's shop to witness the animated scene which presented itself. Some twenty or more of the pupils were each busy at the different benches with saw, plane, chisel, or hammer, all at work with cheerful faces and all intent on what they had in hand" (MBA 27.10.1896: School). Die "Trade Class" of "Jongelings Ambachtklassen", soos dit in Hollands genoem is, het gereeld hul werk uitgestal en verkoop. Goedere soos lere, saalrakke, tafels en kruiwaens is gemaak (MBA 14.11.1893; 5.3.1895: Notes; 20.10.1896: Brokkie). Die skoliere het goed in die jaarlikse houtwerkeksamens gevaar. In 1898 het al sewentien kandidate geslaag en die instrukteur, R.W. Wiggett, het in 'n aparte eksamen, die mees gevorderde in die Kolonie, die eerste plek behaal wat hom volgens die Advertiser een van die bekwaamste houtwerkonderwysers in die Kaapkolonie gemaak het (MBA 1.3.1898: Woodwork).

Die briefskrywer "Observer" het verklaar dat seuns se skoolopvoeding nie prakties genoeg was om hulle te bekwaam sodat hulle hul brood kon verdien nie. Die meeste seuns het die skool op sestien verlaat om te gaan werk. 'n Deel van sy brief lui soos volg: "To cram a lad's mind with a mixed multitude of matters, -- history, natural history, physiology, chronology, geology, political economy, and I know not what besides, we accumulate a lot of matter which the most ardent and industrious boy or girl cannot be expected to cope with. Let our boys and girls be taught the three R's thoroughly [...]. I say nothing against the higher branches of education. By all means let those who have means of doing so train their sons up in all the 'ologies' and 'osophies' and foreign languages if they see fit to do so. It will fit the boys well for the trade of a gentleman; but this is a practical age, and we want men to work our mines, sail our ships, build our railways [...]" (MBA 3.12.1895: Correspondence).

'n Ander briefskrywer het met hom saamgestem oor onderwys aan meisies, maar dit verblydend gevind dat houtwerk en handelsrekenkunde, wat praktiese vakke was en seuns vir 'n loopbaan voorberei het, in die Seunskool aangebied is. Vir laasgenoemde vak is ook 'n spesiale prys uitgeloof om as aansporing te dien. Oor die onderrig van naaldwerk in die Meisieskool was hy dankbaar, maar van die res van die leerplan het hy soos volg geskryf: "The mode of education of our girls leaves much to be desired, for I have noticed girls engaged in learning subjects for which they will find no use whatever when they leave school" (MBA 10.12.1895: Correspondence). Daar is in die Victoriaanse Tydperk algemeen aanvaar dat meisies nie in dieselfde mate as seuns verstandelike ontwikkeling benodig het nie. Daar is ook gemeen dat hulle minder bekwaam as hul manlike eweknieë was en dat te veel geleerdheid hul huweliksmoontlikhede sou benadeel. Anders as seuns, is dogters van die hoër klasse in Engeland vir die grootste deel van die Victoriaanse Tydperk tuis opgevoed (Reader 1974: 156). Die

onderrig wat hulle van goewernantes en besoekende musiekonderwysers ontvang het, was sonder werklike intellektuele inhoud en van intellektuele uitdaging was daar nie sprake nie. Dié opvoeding was volgens R.D. Altick, kenner van die tydperk, "limited to polite accomplishments which were calculated to help her first to win a husband and then, after that primary goal was reached, to infuse her household with an air of the softer graces so as to maintain its separation from the gritty world of affairs". Bekwaamhede soos om te kon teken en om musiek te maak is nie net hoog aangeslaan nie, maar is van die vrou verwag. 'n Oppervlakkige algemene kennis was in orde, maar volgens Altick was daar "[..] something unpleasant, even alarming, about strong-willed women who insisted on using their minds" (Altick 1973: 54; Reader 1974: 156). Die stigting in 1881 van hoër skole vir meisies in Engeland het die weg gebaan tot groot sosiale ontwikkeling (Evans 1966: 123). Met inspekteur Brady se besoek aan die Meisieskool op Mosselbaai in 1886 het hy bevind dat die werk, leerwyse en dissipline deurgaans uitstekend was, maar dat die rekenkunde ver onder die standaard van die ander vakke was (MBA 3.11.1886: L&G).

Die studie van die Hollandse taal is in die openbare seun- en meisieskole op Mosselbaai heeltemal verwaarloos (Steyn 1945: 69). Een van die voorwaardes vir staatsteun was dat eerste- en tweedeklasskole Engels as onderwysmedium moes gebruik. Die onderwys in Hollands het gevvolglik tot 'n minimum gedaal. Op sommige dorpe was daar reaksie teen die verengeling van die onderwys en heelwat nuwe skole is gestig (Du Toit 1976: 71). Op Mosselbaai was egter nooit enige klag hieroor in die plaaslike blad nie. Hollands is sporadies aangebied. In 1882 het ds. Horak die vak onderrig (MBA 25.1.1882) en in 1884 is gemeld dat die nuwe assistent-onderwyser, A.E. van Wijk, afgesien van Engels ook Hollands kon doseer (MBA 30.7.1884: L&G). In Junie 1890 het 44 uit die 58 leerlinge van die Seunskool Hollandse lees en grammatika geneem. Dié vak is toe maar tien maande vantevore ingestel en die uitslae was gevvolglik swak (MBA 24.6.1890: Schools). Drie jaar later is dit nog steeds aangebied alhoewel die gewildheid

aansienlik afgeneem het (MBA 27.6.1893: Schools). Daar is gemeld dat ook Engelse leerlinge in die Meisieskool Hollands geneem het (MBA 4.1.1898: Speech Day). Dit is deur ds. David Wilcocks onderrig aangesien geeneen van die onderwysers daartoe in staat was nie (Steyn 1945: 69).

Skoolbenodigdhede kon by die Advertiser-boekwinkel gekoop word. Skoolleie, griffies, leisponse, inkpotjies, inkstanders, boeksakke en skoolboeke, onder ander die Trap der jeugd en Nelson's royal readers, is geadverteer. Redakteur Powrie het in 1882 sy eerste besending skoolboeke van Engeland ingevoer (MBA 26.3.1879; 11.10.1882; 29.10.1889; 3.5.1898).

10.4 Eksamens

Gedurende die laaste drie dekades van die 19de eeu is sekondêre onderwys geheel en al bepaal deur die eksamens van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop, wat in 1873 deur wetgewing tot stand gekom het. Dit is ingerig op model van die Universiteit van Londen en was bloot 'n eksaminerende inrigting wat leerplanne opgestel, eksamens afgeneem en grade toegeken het. Dit het ook die Matrikulasie- en Junior Sertifikaat-eksamens en die regseksamens vir die staatsdiens afgeneem. Die Matrikulasie-eksamens was op die beginsels van die English University Entrance Examinations gebaseer en het as 'n toelating vir die graadkursusse van die verskillende kolleges gedien. Die Matrikulasie-eksamens is algemeen aanvaar, onder meer omdat die Departement van Onderwys in gebreke gebly het om 'n eindeksamen aan die einde van die sekondêre skolkursus in te stel. Die Junior Sertifikaat-eksamen, die "School Higher" genoem, is gewoonlik twee jaar voor die Matrikulasie afgelê as voorbereiding daartoe.

Hierdie eksamens het nie slegs die leerplan bepaal nie, maar ook die werk en gees van skole so oorheers dat alle onderwys daarop toegespits was. Die eksamenafgod het ten spyte van herhaalde protes van onderwysers, ouers en Hfst. X

opvoedkundiges groteske afmetings aangeneem. Volgens E.G. Pells kan die enorme invloed wat dit gedurende die laaste drie dekades van die 19de eeu en die eerste drie van die huidige eeu gehad het, nie oorskot word nie.

Dit was egter nie net die eksamens van die Universiteit wat stremmend op die onderwys gewerk het nie, maar ook die stelsel van individuele eksaminering. Dit is deur dr. Muir, wat aan streng beheer geglo het, ingestel en het beteken dat skole een keer per jaar deur 'n inspekteur besoek is. 'n Klas is nie as geheel geïnspekteer nie, maar elke leerling is afsonderlik getoets waarna aangekondig is of hy na 'n hoër klas bevorder kon word. Vaardighede is by die inspeksie met byna matematiese presiesheid bereken en alles is daarop toegespits om 'n goeie indruk op die inspekteur te maak. Die dag is gewoonlik met vrees en bewing tegemoetgegaan en toetse is afgeneem in 'n oorspanne toestand. Die inspeksie het nie by al die skole in dieselfde maand plaasgevind nie. Die kerk en van die onderwysers was teen die stelsel, maar dr. Muir het sy optrede geregverdig deur na die groot persentasie ongekwalifiseerde of swak opgeleide onderwysers te verwys; dit was veiliger dat inspektors oor die bevordering van leerlinge besluit het. Individuele inspeksie is geleidelik van 1918 deur klasinspeksie vervang en is in 1934 as stelsel afgeskaf (Du Toit 1976: 73; 84-85; Pells 1938: 45-46).

Die Mossel Bay Advertiser het in 1892, die jaar van dr. Muir se oorname, meermale ernstig teen die stelsel beswaar gemaak. "A Suffering Parent" het in 'n brief aan die koerant verwys na 'n onlangse hoofartikel oor die "Examination Craze and Cramming" en gesê dat die stelsel kinders vreesbevange gelaat het. "If the system of cramming (which simply means to ram down) which is at present carried on did nothing more serious than worry and bother the children, it ought to be condemned and abolished; but when it results, as it has done more than once, in breaking down the nervous system of bright and happy children and causing much grief and sorrow to parents, the system cannot be too strongly

condemned", het hy vervolg (MBA 20.12.1892: Educational System). Die rubriekskrywer van "Notes by the Way" het beswaar daarteen gemaak dat kinders bedags 'n uur langer onderrig is as waarvoor die skoolregulasie voorsiening gemaak het. Hy het die inpompstelsel veroordeel en onderwysers daarvan beskuldig dat hulle hul aansien ten koste van die seuns se gesondheid wou verhoog (MBA 26.4.1892). Ook die briefskrywer "Observer" het die inpompstelsel en die imponering van inspekteurs veroordeel (MBA 3.12.1895: Correspondence).

Die Mossel Bay Advertiser het elke jaar berig hoeveel kandidate van die dorp die verskillende eksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, "the Cape University", sou aflê en het daarna nie net oor die plaaslike uitslae geskryf nie, maar ook die algemene uitslae bespreek en dikwels gemeld hoeveel vroulike kandidate ingeskryf het en hoe hulle gevaar het. In 1881 was George, Mosselbaai en Riversdal onder die 31 sentra waar eksamens afgelê kon word. In al drie plekke was 'n plaaslike predikant die eksaminerende beampte (MBA 30.3.1881). In daardie jaar het 333 kandidate van 74 skole vir die "Elementary School Examination" ingeskryf. Al vyf kandidate van Mosselbaai het geslaag, drie met lof. C.A. Kitching, seun van dr. Thomas Kitching, het die eerste plek in die Kolonie behaal en 'n beurs verower. Van die agt beurse is vyf aan meisies toegeken. Daar was 99 suksesvolle meisiekandidate (MBA 4.4.1881; 11.5.1881: Hoof). Die eksamen wat meestal deur plaaslike leerlinge afgelê is, was die elementêre eksamen. Die "School Higher" is veel minder afgelê. In 1894 is geskiedenis gemaak toe leerlinge van die Seunskool vir die eerste keer vir die Matrikulasie-eksamen ingeskryf het. Van die twee kandidate, jongheer A. Polack en mej. Powrie, het laasgenoemde die beste gevaar. Sy was waarskynlik 'n onderwyser aan die Seunskool. Beide het goed in die tweede klas geslaag. Slegs kandidate van sestien jaar en ouer kon matrikuleer (MBA 22.7.1890: L&G; 16.4.1895: Examinations; 24.7.1894: Hoofartikel). Die mej. Powrie waarvan gepraat word, was waarskynlik Susan Annie Powrie, dogter van apteker Ebenezer Powrie (MBA 19.10.1897: Jottings). Die eerste lid van die

vroulike geslag, 'n meisie van Clanwilliam, het reeds agtien jaar vantevore (1876) in die Kaapkolonie gematrikuleer (MBA 9.8.1876: L&G). In 1899 was daar agt seuns in die Matrikulasieklas, wat volgens die Advertiser 'n ongewoon hoë getal vir 'n skool met slegs 57 leerlinge was (MBA 25.12.1899).

Mej. Powrie en A. Polack was nie die eerste plaaslike jongmense om te matrikuleer nie, maar wel die eerstes van 'n openbare skool. Die begaafde George Hudson, seun van die bekende sakeman J.F. Hudson, het byvoorbeeld reeds in 1874 op sestienjarige ouderdom aan die Kaapse Universiteit met lof gematrikuleer. Hy is deur eerw. Sheard en later deur eerw. Taylor van die plaaslike Anglikaanse kerk onderrig. Die BA-graad is 'n jaar later aan hom toegeken; hy was tot in daardie stadium die jongste om dié prestasie te behaal (MBA 19.8.1874; 27.10.1875). (Sien Barry & Nephews). Die Universiteit was in die koepelgebou in Koningin Victoriastraat (voorheen die Kaapse Argiefbewaarplek en tans deel van die S.A. Biblioteek) gehuisves.

Die Advertiser het ook graag geskryf oor plaaslike seuns wat in Engeland gestudeer het. So is die vordering wat apteker Ebenezer Powrie se seun Percy Chamberlain Powrie in sy aptekerstudie gemaak het, getrou jaar ná jaar vermeld (MBA 20.11.1878: 26.11.1879; 16.7.1880). Hy het later ook in die medisyne in Londen gestudeer en oor die verloop van hierdie studie, saam met dié van die geneesheer se seun Charles Kitching is ook berig. Hulle het albei in 1892 in hul finale mediese eksamens geslaag (MBA 9.2.1892: Brokkie).

Daar is nêrens op 'n verwysing afgekom dat 'n plaaslike vrou gegradeer het nie. In Engeland kon lede van die vroulike geslag eers van 1880 af grade behaal en wel aan die University of London. By Cambridge en Oxford kon vrouestudente die meeste lesings bywoon en die mans se eksamens aflê, maar grade is nie voor 1920-21 aan hulle toegeken nie (Altick 1973: 55; Evans 1966: 105).

10.5 Onderwysers

Die "Pupil-Teacher System" is in 1859 deur SGO Langham Dale ingestel vir die opleiding van onderwysers. Hierdie stelsel het veral om die lae koste wat daaraan verbonde was, die vernaamste bron van onderwysers geword. Van kwekelingonderwysers is aanvanklik verwag om vyf jaar lank, van 1861 drie jaar, in 'n staatsondersteunde skool diens te doen deur met die onderrig van die kleuterklasse behulpsaam te wees. Gedurende hierdie tyd moes hulle daagliks 'n uur lank, buite skoolure, onderrig van die onderwyser ontvang om hulle vir die finale eksamen voor te berei. Die Elementêre Onderwyssertifikaat, wat in 1872 ingestel is, is aan die einde van die kursus toegeken. Die verpligte vakke was: Engels, lees, skryf, rekenkunde en skoolbestuur. Nederlands of "Kafir" ('n swart taal) was opsioneel (Malherbe 1925: 147; Pells 1938: 44).

Die eerste werklik doeltreffende stap om onderwysers professioneel op te lei, is in 1878 deur die NG Kerk gedoen met die stigting van die Normaalkollege in Kaapstad. Die Onderwysdepartement het in dieselfde jaar die "so called Middle Class Certificate" vir onderwysers ingestel wat ná twee jaar behaal kon word en wat as gelykstaande aan die Matrikulasie-eksamen gestel is (Malherbe 1925: 147).

Dr. Muir het in 1893, 'n jaar ná sy aanstelling, bevind dat sowat 77 persent van die 1 412 onderwysers in diens hoegenaamd geen professionele opleiding gehad het nie. Hy het die regulasies in verband met die kwekelingstelsel deeglik hersien en onder meer bepaal dat kandidate reeds standerd vier moes behaal het en minstens veertien jaar oud moes wees. Die kursus het vier jaar geduur en het die volgende vakke ingesluit: Engels, Nederlands, rekenkunde, aardrykskunde, geskiedenis, sang, teken, swartbordwerk, aanskouingslesse, liggaamsoefeninge, handwerk, skoolbeheer en gesondheidsleer (Du Toit 1976: 90-

91). Die kwekelingkursus het min of meer met die werk van standerds ses, sewe en agt ooreengekom (Pells 1938: 54).

Die Mossel Bay Advertiser het ook die uitslae verstrek van diegene wat hulle vir die Onderwyssertifikaat aangemeld het. In 1879 het drie uit die vyf kandidate van die Mossel Bay Public School wat die tweedeklaseksamen afgelê het, byvoorbeeld geslaag. Hulle was C.A. Kitching (seun van die geneesheer) en A.M. en T.A. Horak, kinders van ds. Horak (MBA 7.5.1879). Die blad het ook by geleentheid vermeld dat die agtienjarige R.G. Wiggett, wat aan die personeel van die Seunskool verbonde was, beplan het om die volgende jaar te Matrikuleer (MBA 10.8.1897: Educational).

10.6 Buitemuurse bedrywighede

10.6.1 Prysuitdelings

Die jaarlikse prysuitdeling was die vernaamste openbare skoolbyeenkoms en is op die laaste skooldag voor die Kersvakansie gehou. Die uiterst swak opkoms van ouers is gereeld deur die Advertiser betreur. Afgesien van die skoolkomitee was daar in die vroeë jare gewoonlik slegs 'n dosyn belangstellendes (MBA 29.12.1875: School; 24.12.1879). In Desember 1880 en die daarop volgende jaar is die plegtigheid in die aand in die Masonic Hall in plaas van in die skoolgebou gehou. Baie mense wat gedurende die dag gewerk het, het gekom en die saal was stampvol (MBA 29.12.1880; 14.12.1881). Die lampe het egter die reeds hoë Desembertemperatuur so laat styg dat die saal onuithoubaar warm was. Ná slegs twee jaar is in 1883 die prysuitdeling weer gedurende die dag in die ruimer skoollokaal gehou. Die bywoningtal het onmiddellik gedaal (MBA 27.12.1882: School). Vroue was, anders as by onderwysvergaderings, welkom en dit was hoofsaaklik hulle wat hierdie geleenthede bygewoon het. In 1884 was daar byvoorbeeld, afgesien van die skoolkomitee, nie 'n enkele man in die

gehoor nie (MBA 6.8.1884) en in 1889 slegs een, naamlik eerw. Taylor wat van die eksamenvraestelle opgestel het (MBA 24.12.1889: School). Die Advertiser het by geleentheid opgemerk dat die gehoor "consisted chiefly, [...] of mothers and lady friends, the sterner sex being generally conspicuous by their absence at these annual distributions and on similar occasions" (MBA 23.6.1891: Prizes). Die voorsitter, magistraat R.J. Crozier, het by 'n prysuitdelingsplegtigheid gewaarsku "that it would be a disgrace both to the town and district if for want of the support which it ought to receive the school should have to be closed" (MBA 1.7.1885: School).

Van 1883 is die prysuitdeling ná die laaste skooldag voor die Junievakansie verskuif, waarskynlik omdat die skool kort vantevore in 'n seunskool omskep (MBA 11.4.1883: School; 6.8.1884) en nuwe regulasies opgestel is. Van die vroeë negentigerjare is die prysuitdelings van die Seunskool veel beter bygewoon. In 1893 was daar sestig tot sewentig mans en vroue, meer mense as nog ooit tevore. Die skoolkamer was stampvol en van die mans kon slegs staanplek vind. Die Advertiser het dit dankbaar met die gebruiklike halfdosyn mense vergelyk (MBA 27.6.1893: School). Redakteur Powrie het hom die volgende jaar weer verbly oor die nuutgevonde belangstelling in onderwyssake. Hy het genoem dat waar die skoolkomitee vroeër geen openbare erkenning geniet het nie en dikwels die boekpryse uit eie sak moes koop, inwoners nou pryse vir spesiale vakke skenk (MBA 26.6.1894: School). Die prysuitdelings is in 1899 en 1902 (die geleentheid het nie in die oorlogsjare tussen in plaasgevind nie) om 'n onbekende rede weer na net voor die Kersvakansie geskuif (MBA 25.12.1899; 23.12.1901: Prize).

Die skoolkamer is vir die geleentheid, soos die Advertiser dit gereeld beskryf het, "chastely" of "tastefully" versier met blomme, loof, vlae en soms prente (MBA 28.3.1899: Speech Day; 25.12.1899). Die voorsitterstoel is deur die resident-magistraat of burgemeester beklee. Toesprake en die voorlees van die

sekretaris en eksaminatore se verslae is afgewissel met voordragte en koorsang deur leerlinge. Die uitreksels wat in 1880 aangebied is, was byvoorbeeld: "Othello's Apology" en "Brutus on Death of Caesar" van Shakespeare, "Hohenlinden" van Campbell, "William Tell" van Baine en "Charge of the Light Brigade" van Tennyson. Die sangstukke "Long Live England's future Queen" en "Grandfather's Clock" is uitgevoer (MBA 29.12.1880). Die voorsitter het die pryse oorhandig met "a few kind and cheering words to each of the successful candidates", soos die Advertiser jaar ná jaar geskryf het (MBA 2.7.1889: Schools). Die verrigtinge is met die sing van "God save the Queen" afgesluit (MBA 29.12.1880). Van die vroeë negentigerjare is tekeninge, kaarte en houtwerk uitgestal. Ná die prysuitdelings van Desember 1899 en 1902 is ook drilvertonings en in 1902 'n gewigvertoning ("dumb bell exercise") in 1902 deur die seuns uitgevoer (MBA 26.6.1894: School; 23.6.1891: School; 25.12.1899; 23.12.1902: Prize).

Van die laat negentigerjare is die byeenkoms "Speech Day" genoem en het die destydse skoolhoof, mnr. Bourne, MA, groot luister aan die verrigtinge verleen deur te verskyn "robed in his academicals". Sy verslag was, volgens die Advertiser, "delivered with deliberate impressiveness" (MBA 28.3.1899: Speech Day). By die volgende prysuitdeling was die skoolhoof weer in sy "M.A. University robes" geklee en was die burgemeester, Alwyn Vintcent, in die voorsitterstoel. Redakteur dr. McIntyre het geskryf oor die vreugde "to have a gentleman presiding who was an 'Old Boy' of this school, as also an 'Old Boy' of one of the most eminent public schools in England" (MBA 25.12.1899: Speech Day). Die skool waarna verwys word, is Charterhouse in Surrey. By Francis McIntyre se vertrek as skoolhoof in 1874 was Alwyn Vintcent twaalf jaar oud en was gevolglik waarskynlik 'n paar jaar lank sy leerling.

Die pryse was boeke, "specially ordered from England, [...] uniformly and handsomely bound" (MBA 14.12.1881). Die uitgewer in Engeland het by meer as Hfst. X

een geleentheid gedraal met die besending en dan moes die prysuitdelings uitgestel word. In 1899 was daar byvoorbeeld 'n plegtigheid in Maart (vir die vorige jaar) en een in Desember (MBA 6.8.1884; 28.3.1899: Speech Day).

Jongheer Fritz Gardiner, wat pas twaalfde gekom het in die Kolonie in die "School Higher"-eksamen, het in 1889 'n prys gekry vir algemene werk en "his gentlemanly conduct" (MBA 2.7.1889: Schools). Die skool het dit hom ten doel gestel om "a set of hardworking, manly and gentlemanly boys" op te lei. Veral op laasgenoemde eienskap is groot klem gelê. Skoolhoof Bourne het dit as volg verduidelik: "We also try to make a boy respect himself and his school; to feel that in the best sense of the word, it is a gentleman's school, and that he must not disgrace it indoors or out" (MBA 28.3.1899: Speech Day).

Ds. Bosman het twee pryse vir Bybelstudie geskenk, inspekteur Rowan een vir "penmanship" en skoolhoof Proctor een vir "competition drawing" (MBA 26.8.1874: L&G; 2.7.1889: Schools). Die Horak-pryse vir wiskunde en algemene vordering is in 1891 deur ds. Horak ter gedagtenis aan sy jongste seun, Gerhard Theodore, ingestel. Die 21-jarige G.T. Horak, 'n gematrikuleerde student van die Kaapse Universiteit, was assistent-onderwyser en oudleerling van die skool. Hy is op 10 Julie van die vorige jaar (1890) tydens die skoolvakansie op Prins Albert oorlede. Sy ouers het sy spaargeld vir dié doel aan die skool geskenk. 'n Muурgedenksteen van marmer is deur die skoolseuns in die skoolkamer ter gedagtenis aan hom aangebring (MBA 9.6.1891: Unveiling; 23.6.1891: Prizes). C.W. Black het 'n krieketkolf vir "best-liked boy" uitgeloof (MBA 27.6.1893: School) en C. H. Bruns 'n silwermedalje in die vorm van 'n Malteserkruis vir handelsrekenkunde (MBA 18.4.1893: L&G; 26.6.1894: School).

Die mees gesogte pryse was dié wat hul ontstaan by burgemeester Alwyn Vintcent gehad het en wat deur sy moeder, mev. Lewis Vintcent, se geldelike skenking moontlik gemaak is. Die drie Vintcent-studiebeurse is in Augustus 1898

ingestel met die doel om leerlinge aan te moedig om langer te studeer en om so die hoër onderwys aan die skool te bevorder. Die beurse het twee dagleerlinge in staat gestel om hul gratis voor te berei vir die Matrikulasie-eksamen en een dagskolier vir die School Higher (MBA 2.8.1898: Boys'; 28.3.1899: Speech Day).

Die belangstelling in die prysuitdelings van die Meisieskool was veel groter as in dié van die Seunskool (MBA 29.12.1886: Girls' School; 2.7.1889: Schools; 24.12.1894: Girls' School; ens). Die Advertiser het ná 'n plegtigheid gemeld: "De Zaal was stikkend vol dames en heeren [...]" (MBA 4.4.1899: Uitdeeling). Dit is aanvanklik (sedert 1886) in die skool, gehou maar van die laat negentigerjare gereeld in die stadsaal. Die lokaal is ook versier. Die eerste helfte van die plegtigheid het die vorm van 'n konsert aangeneem. Leerlinge het gesing, gedril en voordragte gelewer (MBA 29.12.1886: Girls' School; 4.4.1899: Prize; 25.12.1899: Girls' School). Veral die drilvertonings deur die meisies is as die grootste aantreklikheid in die program beskou (MBA 23.12.1902: Girls' School). Naaldwerk, kaarte en tekeninge is soms uitgestal en verkoop (MBA 29.12.1886: Girls' School; 2.7.1889: Schools).

Mej. V.L. Pride, voorheen hoof van die Huguenote-skool (die latere La Rochelle) in die Paarl, het in 1899 die hoofskap oorgeneem en dadelik nuwerwetse veranderinge ingestel. Haar verslag moes, anders as dié van die seunskoolhoof, deur die voorsitter voorgelees word (MBA 25.12.1899: Boys' School; Girls' School), maar die oorhandiging van die pryse is vir die eerste keer deur 'n vrou waargeneem. Die vrou wat hierdie eer te beurt gevall het, was mev. Edye, eggenoot van die magistraat en voorsitter van die skoolkomitee. Sy het die taak, volgens die Advertiser, uitgevoer "in a graceful manner, addressing a few encouraging words to each recipient of a prize". Nadat aangekondig is dat sy twee pryse vir goeie gedrag geskenk het, het sy die leerlinge toegespreek "in such a womanly and beautiful manner, that it must have gone straight to the hearts of all the pupils and audience", aldus die koerant. Die "Lady Hfst. X

"Principal" het deur middel van die sekretaris voorgestel dat 'n soortgelyke studiebeurs as die Vincent-beurs vir dogters beskikbaar gestel moes word (MBA 4.4.1899: Girls' School). Die daaropvolgende prysuitdeling het selfs 'n groter verandering ingehou: 'n toespraak deur 'n vrou. Die slotrede was volgens die blad "very happily delivered by Miss Hester Hudson", wat ook namens die skool 'n geskenk as blyk van waardering aan mej. Price oorhandig het (MBA 25.12.1899: Girls' School). Dit is nie bekend of Hester Hudson 'n onderwyser of leerling was nie. In 1902 is die prys deur die eggenoot van magistraat R.C. Ferris oorhandig (MBA 23.12.1902: Girls' School).

Mej. Virginia Lee Pride was Amerikaans en het in die tagtigerjare na Suid-Afrika gekom om aan te sluit by die personeel van die Huguenote-seminarie op Wellington. Daarna was sy tot in 1899 hoof van die Paarlse tak. Sy was 'n aantreklike, innemende en deftige vrou en haar tyd ver vooruit. In die Paarl het sy die gemeenskap geskok deur die eerste vrou te wees wat gewaag het om fiets te ry. Sy is in 1903 terug na Amerika waar sy in 1957 op 94-jarige ouderdom oorlede is (Anoniem 1960: 15-16).

10.6.2 Opvoerings, uitstellings en basaars

Opvoerings van toneelstukke of operettes is selde aangepak. Die Meisieskool het in 1888 gedurende die ampstyd van die eerste skoolhoof, mev. George Just, "The Gitane" opgevoer. Die stuk is as 'n kantate beskryf en was spesiaal vir skole gekomponeer. Die opvoering kon slegs op uitnodiging bygewoon word. Die teks was teen 3d. by die Stadhuis beskikbaar.

Die verhaal het oor 'n Spaanse prinses gehandel wat as kind deur sigeuners ontvoer is en later weer by die hof beland het. Die dekor het die gehoor stom geslaan: daar was onder meer 'n regte sputfontein wat met mos en varings omring was. Die kostuums van die sigeuners en howelinge is as asemrowend

beskryf en is ontwerp deur mej. Kitching (dogter van dr. T. Kitching). Redakteur Powrie het beken: "We had no idea that such a show could be raised in Mossel Bay." Die musiek was moeilik, maar die partituur is in solfanotering oorgesit wat die skoolkinders in staat gestel het om 'n goeie vertolking te lewer. Ook die toneelspel was goed. Magistraat Crozier het die gehoor aan die einde van die opvoering toegespreek. Mev. Just en die onderhoof, mej. Mills, is versoek om na vore te kom en die hoof het die gehoor kortlik bedank.

Die Mossel Bay Advertiser het in 'n lang berig die spel, dekor, verskillende tonele en die verhaal breedvoerig bespreek. Daar is na die skooldogters as "Miss" So-en-so verwys soos dit in die Victoriaanse Tyd die gewoonte was. Die uitvoering kon die volgende aand teen betaling bygewoon word (MBA 19.6.1888: Girls' School; 26.6.1888: Girls' School).

Die Meisieskool het in 1890 en 1892 weer toneelstukke opgevoer, maar dié kere korter tekste (MBA 24.6.1890: Schools; 21.6.1892: Entertainment). Die jonger kinders van albei openbare skole het in 1888 "Little Red Riding Hood, or The Wolf, The Wooer, and the Wizard, a Fairy Burlesque" aangebied ten bate van die fondse van die Seunskool. Die Stadhuis is gratis vir die vertoning beskikbaar gestel, maar dit was nie suksesvol nie. Die kinders se voordrag was te sag om die swak akoestiek van die stadsaal te bowe te kom en die sinkdak het daarby ook nog in die wind geratel. Redakteur Powrie se seun Joseph het die rol van die weerwolf, hertog Ravensburg, vertolk. Hierdie konserte was besonder gewild en belangstellendes het soms lank voor die tyd voor die toe deure saamgedrom en later gedruk om in te kom. Mense het selfs by geleentheid die hele vertoning lank gestaan (MBA 11.12.1888: Advertensie; 18.12.1888: Ridinghood; 21.6.1892: Entertainment).

Die Meisie- sowel as die Seunskool het in November 1892 'n uitstalling gehou. Dié van die Meisieskool het die vorm aangeneem van 'n "floral fête". Die

skoolkamer was met blomme, veral rose, versier, en was, volgens die Advertiser, "quite transformed into something like a fairy scene". Die blommekoningin, klein Aggie Mackay, is in 'n versierde karretjie rondgetrek deur seuntjies van die kleuterklas. Sy was die dogter van die bekende Maria Mackay van die Standard Hotel. Tee en koek is bedien (MBA 22.11.1892: Show). Die Seunskool se uitstalling in die Masonic Hall het bestaan uit verskillende soorte stokperdjies. In die houtwerkafdeling is onder ander die volgende bewonder: seilskepe, 'n stoomsleepboot, 'n paar skaatse, vanghokke vir voëls, "gipsy stands" (driepoottafeltjies), botterspane, 'n stewelkneg (toestel om stewels mee uit te trek) en "yoke fittings". In die leerwerkafdeling was daar onder ander kopstukke van tooms, kniehalterrieme, asook horlosiekettings van perdehaar. Strooiversierings, foto's, plakboeke, skulp-, seël-, voëleier- en skoenlapperversamelings en modelle soos dié van die skool en die St. Peter's kerk, is ook uitgestal.

Skoolbasaars is nie dikwels gehou nie. Wanneer die Meisieskool wel een gehad het, is daar probeer om iets besonders aan te bied. Mej. Lumley, die kleuteronderwyseres, het byvoorbeeld die "Children's Japanese Fair" in September 1899 aangebied. Die Advertiser het verslag gedoen: "Sweet Hebes in picturesque Japanese costumes flitted hither and thither laden with trays of comestibles, beverages and button-holes [...] All was merriment and cheerful enjoyment." Die aand het die kleuters, almal in Japanse kostums geklee, 'n verskeidenheidskonsert aangebied (MBA 12.9.1899: Advertensie; 3.10.1899: Kindergarten). Die groter dogters het die volgende maand ook 'n basaar en "Fancy Fair" gehou waartydens die Stadhuis in 'n "bower of beauty" omskep is. Die basaar het 'n internasionale tema gehad waar die stalletjies verskillende lande voorgestel het. Daar was ook Japanse en Moorse teekamers. Die aand is musiek verskaf, onder ander deur eerw. C.E. Jones van die Engelse kerk, vader O'Riley van die Roomse kerk en Willard Howard, orrelis van die Hollandse kerk (MBA 10.10.1899: Advertensie; 17.10.1899: Fair).

Die SGO, dr. Langham Dale, het Vrydag, 25 Julie 1886, tot "Arbor Day" verklaar. Dié geleentheid, die eerste Boomplantdag van die Kolonie, is deur alle staatsondersteunde skole gevier en het die begin van koningin Victoria se vyftigste jaar op die troon ingelui. Op Mosselbaai is die plegtigheid by die Seunskool gehou. Dit is ook bygewoon deur die leerlinge van die Meisieskool in hul feesdrag. 'n Kwaai stormwind het egter die buitelugverrigtinge in die wiele gery (MBA 23.6.1886: Hoofartikel; 30.6.1886: Boys' School) (Sien Boomaanplanting).

Skoolkinders is soms uitgenooi om besoekende skepe te besigtig. So is leerlinge in Junie 1899 aan boord van die vlagskip HMS Doris met verversings en orkesmusiek onthaal en rondgewys (MBA 27.6.1899).

10.6.3 Skoolsport

Die Britse "Public Schools", vroeër "proprietary schools" genoem, het groot klem gelê op karakterbou. Die bestuur van hierdie skole, wat deur die kinders van die middelklas bygewoon is, het geglo dat georganiseerde spel die vernaamste middel tot geestelike skoling was. Spansporte en die gees van "manliness" sou gesamentlik vir die vorming van Christen-"gentlemen" verantwoordelik wees. Die mens sana in corpore sano-ideaal was so oorheersend dat hierdie skole gedurende die laaste helfte van die eeu meer begaan was oor vaardigheid op die sportveld en oor sedelike vorming as oor die ontwikkeling van die denke. Die Klassieke opvoeding was so 'n vreugdelose geswoeg dat dit nie verbasend is dat sport so 'n belangrike plek ingeneem het en dat dit so belangrik was om op sportgebied te presteer nie (Altick 1973: 143; 253; Reader 1974: 37; 163). Op Mosselbaai is groot klem gelê op die gedagte van 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam (MBA 28.6.1882: Hoofberig; 28.4.1896: Notes).

Die Mossel Bay Advertiser het ongelukkig selde oor skolesport berig en dit is dus gevvolglik nie moontlik om te bepaal hoé 'n belangrike rol dit gespeel het nie. Dit is nie bekend wanneer die krieketklub van die Openbare Skool gestig is nie, maar daar word gemeld dat dié klub in 1880 nuwe kolwe en paaltjies bekom het (MBA 4.2.1880: School). In 1881 het die skool teen 'n span van die besoekende HMS Trojan gespeel (MBA 16.3.1881). Van 1890 is daar jaarliks 'n toernooi gehou waaraan die openbare skole van George, Oudtshoorn en Mosselbaai deelgeneem het. George het gewoonlik gewen, maar Mosselbaai het in 1895 die beker -- "one of massive silver and mounted on an ebony stand" -- gebuit. Die span het die lang tog na Oudtshoorn, waar hierdie wedstryd gespeel is, per muilwa in die hitte afgelê (MBA 2.4.1895: Oudtshoorn; 18.3.1902: Tournament). Toe die toernooi in April 1893 plaaslik gehou is, is daar een aand 'n dansparty aangebied en die volgende aand 'n dinee in die Masonic Hall met heildronke en musieknommers. Die beker is oorhandig deur die resident-magistraat wat die voorsitterstoel beklee het (MBA 11.4.1893: Tournament). Die dorpsmans het reeds in die sestigerjare krieket gespeel (Sien Krieket).

Sokker ("Association football") is sedert die laat sewentigerjare gereeld deur die plaaslike mans gespeel (Sien "Association football" en "the rugby game"). Dit is egter onbekend wanneer dit as skolesport ingestel is. 'n Span van die Public School is in September 1889 per muilwa na George waar hulle teen die seunskool gespeel het. Die reis het die hele dag geduur (MBA 24.9.1889 Football). Die skoolspan het sporadies teen die dorpsmans kragte gemeet (MBA 27.9.1898 Association Football). Dit kom nie voor asof die seuns ooit rugby gespeel het nie.

Alhoewel die British Amateur Athletic Club reeds in 1866 gestig is, het atletiek eers aan die begin van die dekade tagtig in die Kolonie gewild geword (Sien Atletiek). In 1880 is gemeld dat die Openbare Skool se "games" by die Punt gehou is. Daar is onder andere gehardloop, gespring, gewiggestoot en Hfst. X

gewedywer om te sien wie 'n krieketbal die verste kon gooi (MBA 30.6.1880: L&G). By die prysuitdeling van die atletiekbyeenkoms van 1883 het inspekteur John Samuel die belangrikheid van atletiek in die onderwys beklemtoon. Hy het ook voorgestel dat 'n gimnasium ingerig en 'n kadetkorps gestig word (MBA 27.6.1883: School). Anderhalf dekade later is die stigting van 'n kadetkorps weer genoem (MBA 4.1.1898: Speech Day).

Die Advertiser was 'n groot voorstander daarvan dat dril by die seuns en meisieskole ingevoer word om die liggaamshouding van die leerlinge te verbeter (MBA 29.9.1891: Notes; 13.10.1891: Notes). Die Meisieskool het laat in 1891 probeer om liggaamsoefeninge aan te bied, maar het nie 'n gesikte plek gehad nie. Hulle het verskeie kere by die Dorpsraad aansoek gedoen om die Stadhuis drie keer per week vir 'n halfuur te gebruik, maar dit is telkens geweier. Die stadsvaders het gemeen dat as die dogters in die son kon speel, hulle ook in die son kon oefen (MBA 15.12.1891: Notes; 8.3.1892: Council; 12.4.1892: Council). In 1902 het die Meisieskool aanvullende gymnastiekapparaat bekom, soos swaaiistokke ("Indian clubs") en hand- en staafgewigte ("Dumb-bells" en "Bar-bells") (MBA 23.12.1902: Girls' School). By die Seunschool is 'n drilklas ("drill class") in 1893 gevorm. Ook hulle het gesukkel om 'n gesikte plek te vind (MBA 27.6.1893: Boys' School). Die inspekteur se voorstel in verband met die verkryging van 'n gimnasium is nie uitgevoer nie.

Vir 'n groot deel van die Victoriaanse Tydperk het meisies nie aan sport deelgeneem nie. Redakteur Powrie het dit byvoorbeeld in 'n hoofartikel in 1882 beklemtoon dat dit vir seuns nodig was om aan krieket, voetbal en atletiek deel te neem om 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam te bekom. Meisies is nie genoem nie (MBA 28.6.1882). Die gedagte dat liggaamlike oefeninge meisies nie kwaad sou doen nie, het in hierdie tyd in Engeland begin posgevat. Vroue het mettertyd aan tennis begin deeleem soos "the fallacy of supposing that women must necessarily be delicate and more susceptible to ailments than men"

afgeneem het. Die Oudtshoorn Tribune het in dieselfde week as Powrie se uitspraak hierbo 'n berig uit die Britse blad Land and Water aangehaal waarin aangekondig is: "Medical authorities are almost unanimous that with certain reservations the physical education of both sexes need not differ up to the adult age." Die skrywer het bygevoeg: "many of those to whom the 'care of girls is entrusted, who formerly looked with disapproval on anything which had the faintest taint of an approach to what they considered to be purely manly exercises, now enter enthusiastically into the quest of bodily training [...]".

(Oudt Trib 29.6.1882: Girls).

Hierdie nuwerwetse gedagte het later ook op Mosselbaai posgevat alhoewel dit lank geduur het. Sowat anderhalf dekade later (1896) het Powrie geskryf: "it does seem somewhat out of the proper order and fairness of things that whereas boys' schools have in nearly all cases their cricket, football, and other clubs, girls' schools have in few instances clubs connected with them by which the scolars may find suitable recreation and exercise". Dit was volgens hom maklik vir die seuns om 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam te bekom. "Our Girls' Public School, on the other hand, has [...] been ill provided with any means of recreation beyond the skipping rope [...] and a staid afternoon walk." Hy was bly dat daar spoedig 'n tennisklub by die Meisieskool gestig sou word (MBA 28.4.1896: Notes).

Tennis het in die middel tagtigerjare gewild op Mosselbaai geword. Die sport was, afgesien van kroukie, die eerste wat deur vroue beoefen is (Sien Tennis). Van die dogters het al sporadies van Junie 1893 by die Punt gespeel (MBA 13.6.1893: Brokkie).

11. SPORT

Georganiseerde sport het eers van die sestigerjare algemeen gewild geword in Brittanje. Vir lede van die aristokrasie het sport vroeër hoofsaaklik te make gehad met perde, jaghonde, jaggewere, beroepsboks of enige wedwering, insluitend krieket, waarop gewed kon word. Vir die gewone burgery was sport dikwels een of ander soort geveg wat gepaardgegaan het met wredeheid teenoor diere soos bulle, honde en veghane afgesien van boeresportnommers. Sokkerwedstryde en boks- en stoeiergevekte is ook deur wredeheid gekenmerk. Hierdie vroeë sport was nie sedelik opheffend nie en van spangees was daar min sprake. Daar is egter in die Victoriaanse Tydperk ingesien dat sport "manliness" en mededinging, eienskappe wat deur die middelklas hoog geag is, aangemoedig het. Sport kon, indien dit beter beheer is en dobbelary en wredeheid uitgesluit word, as uitlaatklep vir liggaaamlike energie dien. Tegelykertyd kon dit ingespan word om die volk moreel op te voed. Spansport sou ook vermaak aan die gemeenskap verskaf (Reader 1974: 188). Die Victoriaanse Era word dan ook gekenmerk deur die opkoms van toeskouersport.

Op Mosselbaai was daar tot en met die vroeë sewentigerjare min georganiseerde sport. 'n Sesdag-werkweek en 'n munisipale regulasie wat sport op Sondae verbied het, het hiertoe bygedra. Die Mossel Bay Advertiser, wat in later jare 'n groot bydrae op sportgebied gelewer het, het hom beywer vir die instelling van 'n halfdagvakansie op Saterdae wat werkneemers tyd vir ontspanning en sport sou bied. Die Standard Bank was in 1872 die eerste onderneming om hierdie vergunning toe te staan (MBA 24.1.1872: Hoofartikel). Prince, Vintcent & Co het in 1873 gevvolg (MBA 30.7.1873) en Barry, Hudson & Co die jaar daarna (MBA 30.12.1874). Sportklubs het nou, net soos die blad voorspel het, tot stand gekom. In Junie 1888 is die halfdagvakansie van Saterdag na Woensdag verskuif

omdat Saterdae as gevolg van 'n posdiensverandering (MBA 24.4.1888) 'n besonder bedrywige dag vir groothandelaars geword het (MBA 17.4.1888 L&G). Die blad het ook veel gedoen om sakeondernemings te beïnvloed om met Kerstdy en op Koninginsdag te sluit (MBA 18.12.1872; 21.5.1873). Hierdie vakansiedae het inwoners van buurdorpe, wat selde as gevolg van moeilike reisomstandighede sosiale kontak gehad het, in staat gestel om op sportgebied mee te ding en mekaar te ontmoet.

Die wanopvatting dat vroue broos en meer vatbaar vir beserings en kwale as mans is, het die vrou dekades lank op sportgebied gekortwiek. Dit is dikwels beklemtoon dat sport noodsaklik vir seuns se ontwikkeling was, (MBA 28.6.1882) terwyl die teenoorgestelde ten opsigte van dogters geglo is (*Sien Skolesport*). In die middel tagtigerjare was die beoefening van sport so gewild dat 'n versekeringspolis teen ongelukke, onder andere roei-, baai- en fietsongelukke, vir die eerste keer in die Kolonie bekend gestel is. Die polis is ook op die dorp bemark en sterk deur die Advertiser aanbeveel (MBA 18.2.1885; 4.3.1885).

11.1 Perderesies

"The sport of kings" is een van die oudste gevestigde sportsoorte in Suid-Afrika. 'n Wedrenklub is reeds teen die einde van die 18de eeu deur offisiere van die Britse garnisoen aan die Kaap gestig en byeenkomste is gereeld op die Groenpuntse Meent gehou (De Kock 1955: 125). Ook op Mosselbaai was dit een van die eerste georganiseerde sportsoorte. Die Mossel Bay Turf Club het in die vyftigerjare, voor dorpswording, tot stand gekom toe die nedersetting nog amptelik Aliwal geheet het. Verskepingsagent Dan Bland het in Februarie 1851 as ere-sekretaris van die klub by die resident-magistraat aansoek gedoen om 'n deel van die "Boove Plaats", die meent, as resiesbaan te gebruik (KA: 1/MBA 4/1/1/2/1 Letters Despatched: D. Bland -- Resident Magistrate, 10.10.1851). Die eerste byeenkoms het later in dieselfde jaar op 24 en 25 April plaasgevind.

Jokkies moes korrek geklee wees en daar is om prys soos "The Aliwal Purse", "The Ladies Purse", en "The Aliwal Sweepstakes" meegeding. Die prysgeld vir die agt wedrenne op die program het £110 bedra (Gazette 27.3.1851).

Die siviele kommissaris meld in sy amptelike verslag vir 1868 dat die distrik, wat besonder geskik vir perdeteelt was voordat perdesiekte en droogte die troppe merries uitgedun het, talle kampioenperde opgelewer het. Die boere was volgens hom "passionately fond of horse-races" en 'n Engelse perd is kort tevore vir stoetdoeleindes aangekoop (Blue Book 1868: JJ18).

Die ingevoerde hings moes die gehalte van die plaaslike perde ongetwyfeld verbeter het. 'n Bloetydperk het gevolg en die distrik was weer hoog aangeskrewe vir sy perdeteelt (MBA 9.3.1881: Hoofartikel). In die jare sewentig is Oujaarswedrenne op die plaas Groot Zorgfontein gehou (MBA 8.1.1873: Races; 22.11.1876; 21.11.1877), en die Bovenplaats-byeenkomste het ook gereeld gedurende die herfs plaasgevind (MBA 2.6.1875: Races; 9.3.1881: Races). Ingevoerde benodighede soos stalkomberse, springteuels, buikgords en selfs jokkiepakke van egte sy was geredelik op die dorp verkrygbaar (MBA 12.1.1876).

Belangstelling het egter in die laat sewentigerjare verflou en die beroemde stoetarye het weer tot niet gegaan. Die Mossel Bay Advertiser het 'n beroep op welgestelde volstruisboere gedoen om hul stoetarye te verbeter en so die distrik se verlore aansien te herstel (MBA 9.3.1881: Hoofartikel). Die klub is tydens 'n geesdriftige vergadering in Augustus 1880 herstig en veertig mans het onmiddellik teen een ghienie elk aangesluit (MBA 18.8.1880). Kort daarna het 'n landwye oplewing op die gebied van perderesies plaasgevind en feitlik elke distrik in die Kolonie kon met 'n klub spog (MBA 22.2.1882). Die Advertiser se beroep het vrugte afgewerp, want in 1884 is twee ingevoerde renperde, wenners van belangrike wedrenne, vir stoetdoeleindes aangekoop (MBA 29.10.1884).

Mossel Bay, George, Knysna, &c.

176

MOSEL BAY, CAPE OF GOOD HOPE, WEDNESDAY

E.D. & CO.
AGENTS,
TRADESMEN'S
HIPPING

AGENTS,
BAY.

INS. & CO.
BAY.
SHIPMEN,
HIPPING AGENTS
S.S.C.
of Merchant
EXPORTERS
Fashions, and every
kind of
PRODUCE

Insurance and Trade
Underwriting. Mortar
Mutual Underwriting.

Produce.

are prepared to
sh. Advances on
lions consigned to
for realization in
London.

BRUNN, & CO.

LLOYD,
B.R.

IN A.

NOTICES

NOTIFICATION.

C.E.

Businessmen require
to see and who have
not sent, are request-
ed to do so.

ROTHÉ,
Commissioner.

1st May.

LINE.

SERVICE

HIP COMPANY
ED.

1st December

2nd December

ISLAND,

Horatio TUESDAY,

at St. HELENA and

thereon the Mail Books

Jan. 15.

Jan. 20.

1st Feb. 15.

1st March, 1883.

TS AND NATAL

ELLY after the arrival

of reduced rates.

• apply to

MUDIE,

Agents U.S.A.

will be delivered by
odding Agents with-
out the Bill of Lading,
ed early. Bills of
paid to order must
company's Office as

COMPANY

(H.D.)

assignees.

will be delivered by
odding Agents with-
out the Bill of Lading,
ed early. Bills of
paid to order must
company's Office as

MUDIE,

Agents U.S.A.

the Mossel Bay

Company are to
referred for settle-
ment instant, after
will not be recog-

CAIRNCROSS,

800.



PROGRAMME

OF THE

MOSEL BAY TURF CLUB.

AUTUMN MEETING

TO BE HELD AT THE

RACE COURSE, BOVENPLAATS,

ON

THURSDAY AND FRIDAY,

1st and 2nd MARCH, 1883.

PRESIDENT.—R. J. CRONKET, Esq., C.G. and R.M.

STEWARDS :

Mr. A. H. MORRIS,	Mr. JNO. W. MULLER
THOM. S. REARDAN,	JOHN A. MEYER, Esq.
ALVIN VINTHORN,	• E. J. MEYER, Jun.
FRANCIS MULLER,	FRANCIS BARRETT, Treasurer

First Day.—Thursday, 1st March, 1883.

1st. THE TRIAL STAKES, a Cup, value £20 presented by J. W. MULLER, Esq., with £20 given by the Club. For any Unstruck Horses not exceeding three years old. One mile heats. Entrance, 2s.

N.B.—The Cup to become the property of any person who may win it two years successively with Horses done up his own property.

2nd. TRADEMEN'S PURSE, a Subscription of £10 given by the Traders of Mossel Bay, with £10 added by the Club. One mile heats. Entrance, 2s.

3rd. THE MOSEL BAY TURF CLUB PURSE, value £100. One-and-a-half mile heats. Entrance, 2s.

4th. THE LADIES' PURSE, value £20. One mile heats. Entrance, 2s. The winner to be sold after the Race by Public Auction, with his engagements during the meeting, for £20. If entered to be sold for £20, allowed 5lbs.; if for £40, 10lbs.; if for £80, 15lbs. Any surplus to go to the Race Fund.

Second Day.—Friday, 2nd March, 1883.

1st. OSTRICH FARMERS' PURSE, value £20. One-and-a-half mile heats. Entrance, 2s. The Winner to be sold after the Race by Public Auction, with his engagements, for £60. If for £20, allowed 5lbs.; for £40, 10lbs. Any surplus to go to the Race Funds.

2nd. MERCHANTS' PURSE, value £75. Two mile race. Entrance, 2s.

3rd. THE DIVISIONAL PURSE, value £40. One-and-a-quarter mile heats. Entrance, 2s. Only for Horses the bona fide property of persons residing in the District. The Horses to have been in the possession of their owners for a period of six months prior to the Race.

4th. CONSOLATION STAKES, value £20. Open to Losers only. One mile heats. Entrance, 2s. Post Entry.

N.B.—Horses entered for this Race will be handicapped.

5th. HACK RACE, value £10. Open to all Horses that have not won on any Course (marked excepted). Half-mile heats. Entrance, 2s. 10s. Winner to be sold by Public Auction after the Race for £20. Any surplus to go to the Race Fund. Catch Weight. Post Entry.

RULES AND CONDITIONS.

1st. Imported Horses to carry 14lb. in addition.

2nd. Mares and Geldings allowed 30s.

3rd. Three Horses, the lone fide property of three different Owners to start or no race.

4th. Jockeys must be properly dressed, under penalty of £1, which shall be enforced by the Stewards.

5th. The South African Turf Club Rules and Weights will be adopted, in so far as they are not in conflict with any special rule of this Club.

6th. A Weighting Fee of two Shillings and Sixpence will be charged.

7th. The Winner of the "Mossel Bay Turf Club Purse" is to carry 7lb. extra in any Race for which he may be entered on the following day.

8th. A commission of 7½ per cent. will be deducted from all winners, to go to the Race Fund, except in the Hack Race.

9th. All Dogs found on the Race Course will be destroyed.

10th. No Tents or Booths will be allowed on the Course without the sanction of the Stewards, and such application must be made to the Secretary.

11th. Horses to be entered in Colours should be writing to the Stewards between 2 and 4 o'clock p.m. on Wednesday, 28th February, 1883, in front of the Masonic Hall.

12th. A charge of 2½ per cent. will be made on the Lotteries.

SCALE OF WEIGHTS.

For Horses of 1½ sths. or more.

2 Years old. 1st. or 90lb.—English.	5 Years old. Oct. 12th. or 13th.—English.
3 " " old. 1st. 7th. or 119lb. "	6 " " aged 2nd. or 140lb. "
4 " " old. 1st. 7th. or 120lb. "	7 " " aged 3rd. or 140lb. "

For Horses less than 1½ Miles.

2 Years old. 1st. or 90lb.—English.	5 Years old. Oct. 10th. or 120lb.—English.
3 " " old. 1st. 7th. or 117lb. "	6 " " aged 2nd. or 140lb. "
4 " " old. 1st. 7th. or 120lb. "	7 " " aged 3rd. or 140lb. "

B. W. BECKETT, Honorary Secretary.

Club Rooms, Mossel Bay, 9th January, 1883.

NOTICE

WHEREAS the
Municipality
notified to me that
has vacated his seat
from three consecutive
meetings of the
convened a meeting
Householders' power
required by Section
104, to be held on
Wednesday, 28th Fe-
bruary, 1883, for
a Commissioner in
Cairncross.

R. J. CR

Rec'd. Mayor's Office, 1
9th January, 1883

MUNICIPAL

DOG LAW

NOTICE is hereby
given that a
Dog for the year
must be registered
at the Office at the Town
By order,
W. MITCHELL
Municipal Officer, 2
9th January, 1883

NOTICE

To Farmer

THE STEAM CO
Bay will work
days. Parties wh
Three Maids of Cos
come on those days
any other day, except
frequent indisposition
than Seven Maids.

NOTICE

IS hereby given to
anyone held by
Court has this day
BENJAMIN
Mossel Bay, 9th Jan

Mr. Thos. S.

PUBLIC

MELKHOUT

Wednesday,

M. R. I. C. RAUT
about to rem
has authorized the
Public Auction.

Marco Young
Riding Horses
Ostriches with
Poultry, 1 Ox
Farming Implements
Household Fun

TROS. S. SI

Mossel Bay, 29th De

TO

A FURNISHED
ing Seven R
Geibucks Vieh, 1
Apply to

R.

TO

THAT COMM
HOUSE, sit
now fast rising to
in of the best Busi
Mr. Wm. BOEKER
to

GEORGE C

MRS. RICHES
ing Music, 1
quarter begins on M

3rd January, 1883
WILL—Married
Blanco House, by th
the Rev. R. H. And
NICHOLAS MAYER
of Mossel Bay, to J
WELL, of George To

Wedrenprogram vir 1883. Daar is o.a. om die

"Ostrich Farmers' Purse" meegeeding.

(MBA 10.1.1883)

Telers het met hul perde van so ver as Humansdorp en van selfs anderkant die Outeniekwaberge gekom om aan die Bovenplaats-byeenkomste deel te neem (MBA 5.3.1884: Hoofartikel). Die koers het hoog geloop: entoesiaste het die besoekers se oefensessies soggens vroeg en saans bygewoon (MBA 5.3.1884: Hoofartikel), en daar is geesdriftig op die perde gewed (MBA 21.11.1877; MBA 9.3.1881; MBA 30.4.1901). Nege wedrenne, waarvan die totale prysgeld in die tagtigerjare tot 390 ghienies beloop het, is gewoonlik oor twee dae beslis. Daar is om prys soos die "Confederation Purse" (MBA 21.11.1877), "Ostrich Farmer's Purse", "Trademen's Purse" (MBA 9.3.1881) en die altyd teenwoordige "Ladies Purse" (MBA 14.4.1875) meegeding.

Op Mosselbaai was die wedrendae, nes op Groenpunt, groot sosiale geleenthede (Hattersley 1969: 213) en ondersteuners het van heinde en verre gekom vir 'n dag se vermaak. Plaasmense, wat gewoonlik perde en voertuie tot hul beskikking gehad het, het maklik Bovenplaats bereik wat sowat sewe kilometer buite die dorp was. Vir die gewone dorpslui was dit moeiliker. Niemand wou die pret misloop nie, en elke moontlike ryding is ingespan. Spoggerige ryperde, knolle, deftige rytuie en ossewaens kon op die pad na Bovenplaats gesien word. Diegene wat sonder geleentheid was, het, volgens die Advertiser, opgeruimd te voet aangestap (MBA 9.3.1881: Races).

Selfs swak weersomstandighede het die renentoesiaste nie ontmoedig nie. In 1875 wou die organiseerders die verrigtinge uitstel nadat dit dae lank voor die tyd swaar gereën het, maar soveel mense het van ver gekom dat met die reëlings voortgegaan moes word. Die paaie was nat en modderig, en wedrenngangers wat met oop karre of te voet gereis het, het besmeer by die baan aangekom. Maar, skryf die Advertiser, "even under such disagreeable circumstances, they were bent upon enjoying themselves" (MBA 2.6.1875: Races).

Die byeenkomste was besonder opgewek, kleurryk en groot. By een geleentheid
Hfst. XI

was daar sowat 150 waens en karre. Selfs gedurende die Anglo-Boereoorlog toe karperde, muile en donkies vir militêre doeleinades opgekommandeer is (MBA 30.4.1901), is die byeenkoms wat die plaaslike kommandant aangebied het, goed bygewoon (MBA 28.5.1901). Die teenwoordigheid van die skoner geslag het, volgens die Mossel Bay Advertiser, altyd grootliks tot die aantreklikheid van die toneel bygedra (MBA 9.3.1881: Races). Die ordelike gedrag wat wedrenbyeenkomste gekenmerk het, is daaraan toegeskryf dat drankkraampies nie op die terrein toegelaat is nie (MBA 2.6.1875: Races). Ongerymdhede het wel voorgekom, maar was nie van 'n ernstige aard nie (MBA 12.3.1884). By geleentheid het 'n paar beroep-swendelaars hul opwagting gemaak, maar is summier op bevel van die magistraat verwyder (MBA 8.3.1882: Turf).

Toonaangewende inwoners het die leiding in die klubs geneem. Die siviele kommissaris en resident-magistraat het gewoonlik in die komitee gedien (MBA 14.4.1875; 18.8.1880). In 1886 het 'n landswye depressie en groot droogte weer 'n einde aan byeenkomste gemaak.

Die Mosselbaaise Resiesklub bestaan vandag nog en is een van die oudste wedrenklubs in die land. Byeenkomste word jaarliks in Desember op Boplaas gehou.

11.2 Perdry

Voor die koms van meganies aangedreve voertuie was perdry een van die belangrikste vorms van vervoer en gevolelik was baie van die gegoede dorpslui en ook mense met 'n plaasagtergrond tuis in die saal. Charles Vintcent, seun van die invloedryke sakeman, skryf in 1862 aan sy broer in Nederland: "Riding is now at present the sweet thing for Mossel Bay nearly every day you see Ladies out riding [...]" (SAB: MSC 512: C. H. Vintcent -- Peter Vintcent, 16.9.1862).

Vroue was styf ingegord en het gevolglik kiertslag in die saal gesit. Bruin, groen en swart was gewilde kleure vir rykostuums en keile en harde bolhoede is as die toppunt van Britse elegansie beskou (Joyce 1981: 199). E. de Marillac se onderneming het in die vroeë sewentigerjare vrouesaals te koop aangebied (MBA 2.7.1873), en later het hy deftige mansaals van varkleer met verskuifbare panele met die stoomskip Kafir ontvang (MBA 9.6.1875).

Charles Vintcent se sewentienjarige suster, Agnes, die latere mev. John X. Merriman, skryf aan haar getroude suster Maria in Kaapstad: "Yesterday Lewis [haar broer] took me for a ride and we had a glorious canter on the beach [...]. I often wish I could keep a horse but what would be the use here with no one to take me out often" (SAB: MSC 512: A. Vintcent -- M. van der Bijl, 27.5.1871).

In 1878 het die sirkuseienaar J.M. du Prat tydens een van sy gereelde besoeke 'n ryskool gestig waar mans en vroue apart onderrig is (MBA 25.9.1878; 2.10.1878). Daar is slegs sosiaal gery en geen georganiseerde perdry-byeenkomste is vir die publiek aangebied nie. Die staatstoethings Dunham's Prince is aan die begin van die negentigerjare in die distrik geplaas met die oog op die teel van remonte vir die Indiese leër (MBA 16.9.1890).

1.3 Skyfskiet

Skyfskiet was 'n gewilde sport onder die oorwegend Afrikaanssprekende boere in die distrik. Hulle was uit die aard van hul daaglikse lewe goeie skuts en sou van die vroegste dae onder mekaar meegeeding het. Wanneer die dorpsbewoners met die beoefening van dié sport begin het, is onbekend. Koningin Victoria se verjaardag is in 1869 onder andere met 'n skyfskietkompetisie op Bovenplaats gevier (GA 27.5.1869: Mossel Bay), waarskynlik nie die eerste byeenkoms in sy

soort nie.

Die 36-jarige George Hudson, wat later die British Resident in die Transvaal sou word (MBA 23.2.1887: Brokkie), het aan die begin van 1875 as siviele kommissaris en resident-magistraat na Mosselbaai gekom (MBA 30.8.1876) en veel vir die ontwikkeling van sport gedoen. Op 29 September 1876 het hy die Mossel Bay Rifle Association, wat waarskynlik weer met sy vertrek doodgeloop het, in die Standard Hotel gestig (MBA 27.9.1876). Die Mossel Bay Advertiser het drie jaar later die stigting van nog 'n vereniging voorgestaan wat volgens hom noodsaklik in 'n land was waar burgers opgeroep kon word om wapens "against treacherous and warlike savages in their midst and on the borders" op te neem (MBA 12.3.1879 Rifle). 'n Nuwe Mossel Bay Rifle Association is op 21 Julie 1881 met twintig lede gestig. Dit is ook die "Mosselbaaische Buksgeeselschap" genoem (MBA 27.7.1881; 5.10.1881).

'n Skyfskietbaan is 'n paar maande later op die heuwel bokant die vuurtoring ingewy (MBA 2.10.1881). Volgens regulasie moes twee rooi vlae op die kruin tydens oefeninge gehys word, maar hierdie verordening is soms tot gevaar van wandelaars verontagsaam (MBA 23.8.1882; 1.7.1885: Correspondence). Spanne soos "Colonial-born" het teen "Home-born" (MBA 13.2.1884: Shooting) gewedywer en "Married" teen "Single" (MBA 13.2.1884 Shooting). Die plaaslike skietkuns was nie van 'n hoë gehalte nie. Die Mossel Bay Advertiser het ná afloop van 'n kompetisie berig: "The shooting as usual were very bad, the highest score being 63 [...]" (MBA 9.7.1884: Shooting). Die koerant het die skuts aangemoedig om te oefen sodat daar aan die jaarlikse Suid-Afrikaanse Wimbledon, die nasionale bisley, deelgeneem kon word (MBA 13.8.1884: L&G). Die naam van hierdie byeenkoms, wat tans meer aan tennis as aan skyfskiet herinner, is ontleen aan die feit dat skietkompetisies op die Wimbledonse meet buite Londen gehou is (EB Mac 16 1974: 704). Die bedrywigheid is eers later verskuif na Bisley, ook naby Londen (EB Mic II 1974: 46). Met die aanvang van die sesde Wimbledon-Hfst. XI

byeenkoms verskyn die volgende versugting in die plaaslike blad: "When will we be able to send up our men?" (MBA 17.9.1884).

In 1890 is 'n groot skietwedstryd tussen boere van Mosselbaai, Oudtshoorn en George oor drie dae beslis (MBA 11.3.1890). Tweehonderd skuts het in die distrik op Ruiterbosch deelgeneem en die organisasie, wat sonder hulp van "gentlemen who live in streets" (Sien Atletiek) gedoen is, was puik. Die korrespondent berig: "Daar was niets te zien van oneenigheid, geen roeze, geen in twijfel trekking van uitspraak gedaan door de aangestelde officieren. Waarlijk Afrikaners kunnen eendrachtig zijn als zij willen [...]" Skuts was met die nuutste "buksen" op die mark toegerus: Winchester-, Metford- en Rigby-gewere met windskuiwe en teleskopiese visiere (MBA 18.3.1890 Shooting & Skietwedstryd). Soos elders in die Kolonie (De Kock 1955: 157), is om aansienlike pryse soos koeie, slagbokke, konsertinas, materiaalstowwe, naaimasjiene, jaggewere (MBA 24.10.1899) en 'n puik ryperd (MBA 20.9.1892) op hierdie skietdae meegeding.

Skyfskiet was die enigste sportsoort waaroer inligting gereeld ook in Hollands in die plaaslike blad gepubliseer is. Skietdae is verder op Brandwacht (MBA 20.4.1869; 19.2.1873), Hartenbosch (MBA 9.5.1883), en Herbertsdale (MBA 17.10.1899) in die distrik gehou. Alhoewel vroue nie gewoonlik geskiet het nie, was daar tog " 'lady' schutters" in die distrik wat "teeken" geskiet het en volgens die Advertiser "al zelfs vogels dood geschoten hebben" (MBA 17.2.1886: Nieuws).

Redakteur Powrie het in 1876 'n beroep gedoen dat skietregulasies op die dorp ingestel word en dat onmiddellik opgetree moes word teen roekeloze skuts. Geesdriftiges het veral graag by die Punt geskiet waar mense gereeld ontspan het. 'n Vrou wat daar op die rotse gesit het, het 'n noue ontkomming gehad toe 'n skoot haar sambrel getref het. Jong mans het ook gereeld katte uit

huisvensters geskiet. 'n Groepie geselsendes is kort tevore naby die Standard Hotel rakelings gemis. Joseph Powrie se oplossing was dat skuts katte moes vang, buite die dorp loslaat en daar skiet (MBA 2.2.1876).

Gedurende die Anglo-Boereoorlog is om 'n silwer beker, wat deur burgemeester A.I. Vintcent geken is, meegebring. Troepe vir die verdediging van die baai was op die dorp gestasioneer en die kompetisie was gevvolglik van 'n hoogstaande gehalte (MBA 2.4.1901: Shooting).

11.4 Kroukie: "The handling of the mallet"

Kroukie was teen die vyftigerjare een van die gewildste buitelugspele in Engeland. Die hele gesin, ook die vroue, kon dit speel en al wat benodig is, was 'n redelik gelyk grasperk en 'n kroukiestel. Die spel het ontwikkel uit die Franse spel "paille-maille", wat reeds in die 13de eeu gespeel is. Spelers moes balle met langsteel-houthamers deur 'n reeks draadboë slaan (EB Mic III 1974: 255; Phillips 1978: 97).

Kroukie was een van die eerste balsporte wat op Mosselbaai beoefen is. Van die dorpslui het op Paasmaandag 1866 kragte gemeet (GA 12.4.1866: L&G), maar daar kan aangeneem word dat dit reeds vroeër gespeel is. Dameskroukierompe is in dieselfde jaar deur Prince, Vintcent & Co te koop aangebied (GA 27.9.1866). Joseph Vintcent het 'n baan by sy woning in Kerkstraat, oorkant die Klipkerk, gehad waar veral die vroue van sy familie die spel beoefen het. Die vyftienjarige Aggie noem dikwels in haar briewe aan haar getroude suster Maria dat vriende oorgekom het om te speel of dat hulle deftige kroukiepartyjies vir die dorp se hoëlui in die tuin aangebied het (SAB: MSB 512: A. Vintcent -- M. van der Bijl, 18.3.1869; 25.5.1869; 22.6.1869). Dit wil voorkom asof gevangenes vir die bou van bane gebruik is, want vroeg in die sewentigerjare word besware tydens 'n munisipale vergadering geopper teen die "waste of public

labour upon croquet-grounds, instead of using the convict labour for the public good" (MBA 13.9.1871).

'n Mosselbaaise manspan het op 21 Januarie 1885 teen lede van die besoekende Riversdale krieketspan kragte gemeet. Die feit dat daar baie damestoeskouers was, het volgens die Mossel Bay Advertiser daartoe bygedra dat heelwat swak houe gespeel is: "It is strange, but nevertheless true, that one's nerves get affected when you see the dear creatures, especially in such numbers, and then so pretty" (MBA 28.1.1885). Kroukie was 'n fatsoenlike en beskaafde spel en selfs die N.G. pastorie het 'n baan gehad (MBA 19.10.1887).

Nadat kroukie vir sowat 'n dekade die gewildste tuinpartyspel in Engeland was, is dit deur tennis verdring. Op die afgeleë hawedorpie van Mosselbaai, waar Engeland se voorbeeld slaafs nagevolg is, is hamers ook deur rakette vervang. Die spel het egter in 1894 in Engeland met die invoer van verbeterde toerusting herleef (EB Mic III 1974: 255). Ook plaaslik is die sport in Maart van die dieselfde jaar in ere herstel en was kroukiepartytjies opnuut aan die orde van die dag. Om 'n baantekort die hoof te bied, is bane aan andere beskikbaar gestel wat dan hul vriendekring daar met spel en verversings onthaal het (MBA 13.3.1894).

Toernooie is van nou af gereeld gehou. So het veertien ongetrouwe vroue oor vier rondes op mev. Ebenezer Powrie se baan, in die huidige Powriestraat, om 'n "very handsome" kroukiehamer meegeding (MBA 17.4.1894 Notes; MBA 17.4.1894 Tournament). 'n Toernooi vir getroude vroue is kort daarna aangebied (MBA 22.5.1894). Gedurende die stigtingsjaar van die Croquet Association in Engeland (EB Mic III 1974: 255), is die Park Croquet Club van Mosselbaai gestig op Vrydagaand, 17 Julie 1896 (MBA 21.7.1896) en sowat ses maande later is die bane in die park amptelik geopen. Volgens die president, apteker Powrie, was die sport nie slegs goeie ontspanning nie, maar ook 'n "promoter of social

intercourse". Die klubkaptein, mev. S.J. Wiggett, het die apteker in 'n "neat little speech" bedank vir sy aandeel in die oprigting van die bane. Die ledeetal was 39. Die twee "delightful" bane het die park aansienlik verfraai en was 'n aanwens vir die dorp (MBA 12.1.1897: Croquet).

Groot toernooie, wat daagliks oor 'n tydperk van twee weke beslis is, is gereeld op die Parkbane gehou (MBA 19.10.1897 Jottings) en daar is ook op ander dorpe gespeel. George, Oudtshoorn, Mosselbaai en Groot-Brakrivier het op 1 Desember 1897 op Groot-Brak byeengekom waar, in die woorde van die Advertiser, "the enthusiastic votaries of the mallet and balls assembled to display their skill and aptitude in manipulating the instruments with which they strive to satisfy the cravings of their ambition". 'n Muilwa is sesuur dieoggend uit die Baai weg, "laden with a crew of the fair sex, who recked not of the distance that lay before them, nor of the precious bumps that carelessly were communicated to their fair anatomy by the jolting waggon rumbling over roads rendered loose and sandy by the absence of rain for so long a time. Several carts too went laden with precious freight to the spot where glory waited them." 'n Wawiel het onderweg afgeval, maar niemand is beseer nie. Twee dapper vroue het die afstand per fiets afgelê. Die Groot-Brakse orkes het die verrigtinge vervrolik met "dulcet tones of sweet music". Die Mosselbaai-span, wat aan 'n waterpas baan gewoond was, kon nie op die veel swakker baan regkom nie (MBA 7.12.1897).

Jaarlikse interdorpse toernooie, waaraan soms vroue- en soms manspanne deelgeneem het, het tot in 1902 plaasgevind en die spel is selfs gedurende die Anglo-Boereoorlog gespeel. Die Advertiser skryf die feit dat van die mans op kroukie neergesien het, aan 'n gebrekkige kennis van die spel toe (MBA 27.11.1900). Die sport was uiter geskik vir elegante, waardige en ook ouer mense en is deur vooraanstaande sakelui, predikante, die geneesheer, apteker, en ander professionele mense op die dorp beoefen. Jong mans, in teenstelling

met jong vroue, het egter selde kroukie gespeel. Met die eeuwending is nog 'n baan in die park uitgelê en kon die klub se ledetal van veertig na vyftig verhoog word (MBA 26.11.1901; 21.1.1902).

11.5 Krieket: "Wielding the willow"

Alhoewel krieket reeds gedurende die Eerste Britse Besetting aan die Kaap gespeel is, het dit eers in die Victoriaanse Era van 'n informele spel tot 'n sport ontwikkel -- 'n sport wat as 'n vername deel van 'n gesiene man se opvoeding beskou is. Die spel het oornag 'n modieuze tydverdryf geword nadat die Gouverneur in 1862 'n wedstryd op die veld by Plumstead bygewoon het (Hattersley 1969: 117; 213).

Ná 'n wedstryd tussen "single" en "married" op Paasmaandag 1866 op Mosselbaai het die plaaslike korrespondent van die George Advertiser die volgende wens uitgespreek: "It is [...] to be hoped that this will not be the first and last match, but that the players will form themselves into a club and keep up that truly noble and manly game, and then, no doubt, we may again some day meet our George Town friends on the Brak River plains" (GA 12.4.1866: L&G). Mosselbaai en George het vroeg in 1872 (MBA 27.12.1871: L&G) en ook die jaar daarna teen mekaar te staan gekom. Die Mossel Bay Advertiser het die hoop uitgespreek dat "this match may be but the forerunner of many more, and that it may be the means of promoting good feelings amongst the young men of our own and the surrounding districts" (MBA 17.1.1872: Cricket).

Daar is intussen twee klubs gestig (MBA 24.1.1872: Cricket). Residentmagistraat George Hudson, wat 'n groot bydrae op krieketgebied sou lewer (Luckin 1915: 121), het 'n jaar ná sy koms 'n nuwe klub, die Mossel Bay Cricket Club, op 8 September 1876 in die Union Hotel op die been gebring (MBA 30.8.1876). Redakteur Powrie het die stap geprys en bygevoeg: "It must be

remembered that not only does cricket furnish a healthy and manly exercise to the players, but it affords to the community generally an agreeable social recreation" (MBA 30.8.1876: L&G). Hudson was ook kaptein van die nuwe span (MBA 21.2.1877).

Wedstryde het van nou af gereeld plaasgevind. 'n Toernooi waaraan Oudtshoorn, Mosselbaai en George sou deelneem, is vir Januarie 1877 op George gereël. Dit sou 'n jaarlikse instelling word wat inwoners van die verskillende dorpe die geleentheid sou bied om sosiaal te verkeer. 'n Meningsverskil het egter tydens die laaste wedstryd tussen Mosselbaai en Oudtshoorn ontstaan en die Mosselbaai-span het die veld verlaat. Hierdie "unfortunate ending" het redakteur Powrie genoop om in sy hoofartikel te skryf: "[...] we are afraid that for some time to come the idea of such gatherings will have to be given up" (MBA 17.1.1877).

Drie jaar later is 'n poging weer aangewend. Ná dié suksesvolle toernooi verklaar die Advertiser in alle erns: "[...] before long the Cape Colony will be as famous for cricket as it is for ostriches" (MBA 27.10.1880). Die snyer J. Illingworth het onder die opskrif "Grand Cricket Match" goed gekrimpte wit flanelkrieketbroeke geadverteer en gemeld dat krieketuitrustings na maat gemaak word (MBA 6.10.1880). "Lillywhite's Cricket Bats and Pegs" en "Duke's Balls" was by Divine, Hall & CO beskikbaar (MBA 29.9.1880).

Toernooie is gereeld in die tagtiger- en negentigerjare om die beurt op George, Oudtshoorn en Mosselbaai gehou. Riversdal het ook by geleentheid deelgeneem (MBA 18.1.1882; 21.1.1885). Die Oudtshoorn-span was verreweg die sterkste en het die meeste wedstryde gewen. Mosselbaai het drie keer die oorwinning behaal (MBA 23.1.1884; 17.3.1896; 13.4.1897) en dan was die vreugde groot. Met die buit van die Suidwestelike Distrikte-trofee in 1897 is die elftal, wat op George gespeel het, geesdriftig by die ingang van die dorp ontvang. "The Mayor having been apprised by telegraph of the probable time of arrival of the

victors, sent round notice to have the flagstaffs decorated in honour of the occasion, and very soon masses of bunting were floating on the breeze, and an archway was erected across the road near the Girls' Public School", het die Advertiser berig (MBA 13.4.1897).

Van die laat negentigerjare het die byeenkoms as die "Suidwestelike Distrikte Toernooi" bekend gestaan (MBA 20.4.1897: Athletic Club). As die kragmeting die jaar op Mosselbaai gehou is, was die dorp "in a considerable state of bustle and excitement" (MBA 7.3.1899: Tour). Van 1882 is die krieketveld afgekamp en 'n nuwigheid, 'n "telegraph" wat die telling aangetoon het, is in gebruik geneem. Dit is nie bekend hoe dié uitvindsel gewerk het nie. Die sitplekke naaste aan die toue is vir die "comfort of the fair sex", wat aangemoedig is om die kleure van die Mosselbaai-span te dra, bespreek (MBA 18.1.1882: Cricket). In die laat negentigerjare was die reëlings reeds so gevorderd dat 'n spysenier aangestel is en 'n sonskerm vir toeskouers opgerig is asook verversings- en ander tente (MBA 17.3.1896: Cricket). Diegene wat nie die toegang kon bekostig nie, het op die vuurtoringpad saamgedrom van waar daar 'n goeie uitsig was (MBA 2.2.1892: Notes). 'n Orkes was 'n groot trekpleister (MBA 17.9.1884: Cricket). 'n Advertensie lui: "Music will lend its magic influence to the scene, at once soothing the sharp pangs of defeat and awarding to the victorious the well-deserved meed of praise" (MBA 18.1.1882 Tournament). In 1900 het die manjifieke Oudtshoornse Prototype-orkes met 32 lede, waaronder ook vyf vroue met strykinstrumente, by 'n krieketwedstryd by die Punt opgetree (MBA 9.1.1900: Prototype Band). Die weersomstandighede was deur die jare nie altyd gunstig nie. Wanoeer die suidoos gewaai het, het fyn stof saam met die hitte ongemak vir die krieketgeesdriftiges veroorsaak (MBA 1.2.1882: Tournament).

Ná afloop van die toernooi is die "brethren of the willow" op 'n dinne of rookkonsert onthaal (MBA 8.1.1889). Hierdie konserte is slegs deur mans bygewoon en het gewoonlik in die eetkamers van hotelle plaasgevind waar daar

geëet, gerook en na 'n musiekprogram geluister is (Scheffler 1976: 148). Sowat sewentig mans het so 'n ete in 1885 in die ou Masonic Hall bygewoon. Die Advertiser het berig: "the glasses sparkled on the board". Talle heildronke is onder die voorsitterskap van die siviele kommissaris ingestel, gedrink en beantwoord. Nadat die beker oorhandig is, is dit altyd met sjampanje gevul en van gas tot gas aangegee (MBA 28.1.1885: Tournament).

Krieketwedstryde is ook sporadies teen die bemannings van besoekende skepe gespeel. In Augustus 1887 is twee keer teen 'n elftal van die Britse oorlogskip Raleigh kragte gemeet (MBA 31.8.1887: Visit) en gedurende die Anglo-Boereoorlog is die teenwoordigheid van die Braemar Castle, wat met meer as seshonderd soldate voor anker was, benut (MBA 31.10.1899). Daar is ook meeeding teen 'n span van HMS Tartar, Widgeon en Partridge, almal skepe wat lank in die Baai gestasioneer was (MBA 5.3.1901: Cricket; 12.3.1901: Cricket).

Wedstryde teen ander besoekers soos die Oudtshoorn Volunteers, wat by die Punt kom kampeer het (MBA 8.1.1895: Cricket), 'n span van Diocesan College van Kaapstad (MBA 8.1.1901: Cricket) en vakansiegangers van verskillende dele van die Kolonie (MBA 9.1.1900: Cricket) het plaasgevind. Vir klubwedstryde is lede op vindingryke wyse in spanne ingedeel: "Benedicts vs. Bachelors" (MBA 11.12.1878), "Colonial-trained vs. Home-trained" (MBA 7.3.1883), "Stores and Law vs. All Comers" (MBA 4.1.1898), "Over 30 vs Under 30" (MBA 2.10.1888) en "Light vs. Dark" (MBA 22.10.1884).

Daar het etlike krieketklubs deur die jare bestaan. Die Mossel Bay Cricket Club is in 1881 omskep in die Mossel Bay Athletic Club wat verskillende sportsoorte sou aanbied (MBA 12.10.1881). Bestuurslede is halfjaarliks vir die verskillende sportseisoene verkies (MBA 2.11.1881). Lede van dié vereniging, wat in 1902 nog bestaan het (MBA 29.4.1902), kon in die dekade negentig uitgeken word aan 'n donkerblou hoedband en sakwapen met goue Malteserkruis.

(MBA 11.4.1895). Slegs mans van 'n sekere stand kon aan die dorpspan behoort soos uit die volgende berig blyk: "Er is thans alhier een Cricket Club in het leven geroepen dat de jongelieden en anderen die in bezigheden zijn eene gelegenheid tot gezonde ligchaamsoefening iederen Zaturdag namiddag geeft. Wat kan er gedaan worden om den arbeider stil genot te geven gedurende zijn 'half-holiday'?" (MBA 27.9.1876). Hierdie probleem is opgelos toe Pride of the South, die plaaslike tak van die Independent Order of Good Templars (Matigheidsbond), 'n krieketklub gestig het (MBA 11.12.1878: L&G). In die tagtigerjare is ook die Mechanics Club gestig vir spelers van die werkersklas (MBA 3.9.1884: L&G). Die Bumpkins Cricket Club vir "country cousins", wat sporadies teen die dorpspan gespeel het (MBA 3.6.1890), is op 1 Maart 1890 by Bland's Drift aan die Gouritsrivier gestig (MBA 11.3.1890). Gedurende die volgende jaar is die Gouritz River Bridge Club, of "The Bridge", soos hulle ook bekend was, deur konstruksiewerkers van die eerste brug in die lewe geroep (MBA 31.3.1891: Bumpkins).

Mans van die bruin gemeenskap het ook krieket gespeel en daar is met spanne van George en Oudtshoorn meegeding (MBA 17.2.1886: Cricket; 5.5.1886: Cricket). In 1887 en 1896 is toernooie op George gehou (MBA 23.2.1887; MBA 31.3.1896 Cricket). Dit is moontlik dat toernooie gereeld plaasgevind het, maar dat die Advertiser, wat min oor die bruin gemeenskap berig het, dit nie genoem het nie. In die tagtiger- en negentigerjare het bruin spanne teen die dorpspanne gespeel (MBA 21.2.1887; 13.3.1888 Cricket; 19.2.1895).

Alhoewel die Advertiser verklaar het: "No game [...] will ever displace Cricket" (MBA 11.12.1888: L&G), het belangstelling sporadies getaan. Nadat die halfjaarlikse klubvergadering in 1886 deur slegs sewe lede bygewoon is, het redakteur Powrie, wat spelers gedurig aangemoedig het (MBA 7.1.1885; 8.12.1886; 16.2.1887), geskryf: "We regret very much to say that the lethargy complained of last year is again conspicuously visible this season" (MBA 27.10.1886).

Alhoewel die klub meer as 44 lede sterk was, is 'n interdorpse wedstryd vanweë gebrekkige belangstelling afgestel (MBA 4.12.1888: Cricket).

11.5.1 Jaarlikse uitstappie na Groot-Brakrivier

Die jaarlikse krieketuitstappie na Groot-Brakrivier was een van die vernaamste geleenthede op die sosiale kalender. Dit het op 'n vakansiedag, gewoonlik Pinkstermaandag of Tweede Kersdag, plaasgevind en daar is teen George gespeel. Spelers en ondersteuners is gewoonlik net ná ses die oggend in die "glorious bracing air" weg. Die prosessie het soms tot uit sestien karre bestaan (MBA 30.4.1889: Cricket; 30.12.1890: Cricket). 'n Kar het by geleentheid net anderkant Hartenbosch omgeslaan en al die insittendes, onder andere kinders, is uitgegooi (MBA 7.6.1876: L&G). Gedurende die laat negentigerjare is die karre van fietse vergesel (MBA 3.1.1899: Cricket). Groot opgewondenheid het in 1901 geheers toe bekend gemaak is dat krieketgangers teen 'n halfkroon (MBA 24.12.1901) per trein na Groot-Brakrivier kon reis. Die spoor was nog nie geopen nie en die rit met die loofversierde lokomotief en trokke was vir die meeste van die reisigers 'n nuwe ervaring. Redakteur McIntyre doen verslag: "It was a real pleasure to experience the delights of a railway trip, however rough and ready the accommodation for the nonce. The train sped smoothly along over the rails, and the officials were courtesy itself in their efforts to make it pleasant for every one." Op Groot-Brakrivier aangekom, is ontdek dat die George-span die wedstryd gekanselleer het uit vrees vir die gevalle van pes wat in die Baai uitgebreek het. Die trein is ook verhoed om die rivier tot in die distrik George oor te steek. Die "Mossel Bay Knights of the Willow" het toe teen 'n span van Groot-Brakrivier kragte gemeet (MBA 31.12.1901: Christmas).

11.5.2 Vrouekrieket

Die eerste vrouekrieketklub is in 1887 in Engeland gestig (EB Mac 5 1974: 262).

Die blad Land en Volk het dié nuwe gier ten sterkste afgekeur: "Ons schijnt het toe dat zulk een spel dames niet past [...]" en het vaders en eggenote aangeraai om toe te sien dat vroue nie aan die sport deelneem nie (MBA 13.11.1888). Hierdie mening is nie deur die meeste plaaslike inwoners gehuldig nie. In 1889 het 'n reuse-skare by die Punt toegekyk toe 'n twintigtal vroue teen 'n elftal mans te staan gekom het. Van die vroue se kolfwerk het verras en hul veldwerk was goed (MBA 5.2.1889: Cricket). 'n Besoekende verslaggewer van die Cape Times het sowat twee jaar later in 'n berig in dié koerant geskryf: "I came across a novelty as regards the Colony this afternoon, viz, eleven young ladies playing cricket -- practising. They were dressed all alike, white straw hats, white tunics, and serge dresses, evidently members of a ladies' cricket club" (MBA 20.10.1891: A Chat). Dit wil dus voorkom asof Mosselbaai Kaapstad voor was op dié gebied. Redakteur Powrie het met Land en Volk verskil: "The game is a capital one for ladies, and should, I think, be encouraged" (MBA 16.6.1891 Notes). Die "Ladies Cricket Club eleven" het meermale teen 'n span van die Seunskool kragte gemeet (MBA 16.6.1891: Notes; 18.8.1891; 20.10.1891: Notes).

11.5.3 Besoekende Britse elftal

Die kom van majoor Gardner Warton se elftal, die eerste Britse span om die Kolonie te besoek, het ongerekende ongewondenheid op die dorp tot gevolg gehad. Die Advertiser het sy lezers op die hoogte gehou van die doen en late van die span in Kaapstad en elders (MBA 27.11.1888; 18.12.1888: Warton). 'n Beker is deur sir Donald Currie, stigter van die Castle-skeepsredery, geskenk en sou aan die beste Suid-Afrikaanse span toegeken word (MBA 18.12.1888: Sir Donald). Dit was die begin van die bekende Currie-bekerstryd.

Die toerspan het op Vrydag 4 Januarie 1888, om sesuur met die SS Venice in Mosselbaai aangekom. Die Advertiser het berig: "The cricketers [...] came

ashore in the steam launch, and on nearing the jetty were greeted with cheers from the crowd assembled there -- among whom were many ladies. Great was the disappointment felt when it became known that the men to whom Mossel Bay desired to do honour would not stay over the night and accept their hospitality; and many were the reasons urged by several gentlemen why they should stay -- the threatening weather, the state of the roads, the inconveniences and dangers of night travelling, etc., etc., but all to no purpose." Die teleurstelling was besonder groot: die gemeenskap het 'n middagmaal gereed gehad net vir ingeval die skip vroeg sou opdaag. Toe dit nie gebeur het nie, is 'n "oyster supper" voorberei. Die uitnodiging is van die hand gewys omdat die span nog daardie aand na George moes reis. Terwyl die bagasie op 'n halfdosyn karre voor die Union Hotel gelaai is, is die Britte vir verversings na die Standard Hotel. Die karre is om halfagt die aand te midde van 'n gejuig van die hotelstoep af, weg na George. "But they were not destined to reach George Town that night", het die Advertiser later berig. "The sky was dark with heavy clouds, threatening a down-pour before they had proceeded very far on their journey; and so it was that owing to the rain and the darkness of the night, they were unable to get further than Great Brak River [...]" Hier het hulle 'n slapeloze nag verwyl (MBA 8.1.1889: Cricketers). Die span van die Suidwestelike Distrikte, waarin daar ook 'n paar Mosselbaai-spelers was, het op Oudtshoorn teen die besoekende elftal gespeel, maar bedroë daarvan afgekom: hulle is met 'n beurt en tagtig lopies verslaan (MBA 29.1.1889: English Cricket Team; 5.2.1889: Correspondence).

11.6 Roei

Koninginsdag, 24 Mei, was die vernaamste dag vir roei oral in Suid-Afrika (De Kock 1955: 123). Ook op Mosselbaai, die "little town in a remote part of Her Majesty Queen Victoria's dominions" (MBA 26.5.1891: Queen's Birthday), is dié feesdag gewoonlik met 'n regatta gevier.

Die eerste roeibyeenkomste kan skaars regattas genoem word. In 1871 is om slegs twee pryse meegebring en net drie bote het deelgeneem. Die deelnemers was twee of drie "gentlemen and a crowd of coloured people". Die Advertiser het beslis: "[...] the affair, altogether, we regret to say, was dull" (MBA 30.5.1871). Die verrigtinge is deur die sewentienjarige Agnes Vintcent uit 'n venster van hul huis dopgehou (SAB: MSC 512: A. Vintcent -- M van der Bijl, 27.5.1871). Die eerste byeenkoms waarvoor vooraf geoefen is, het vier jaar later plaasgevind. Die oefening is deur die instelling van die weeklikse halfdagvakansie moontlik gemaak. Die wedywering was aansteeklik en vissers het tydens 'n impromptu resies onder mekaar goeie roeiwerk getoon, soos wat verwag kon word (MBA 9.6.1875: Races). Van die volgende jaar is wedvaarte vir amateurroeiers sowel as vissers en bootmanne aangebied (MBA 31.5.1876). Die vaartuie -- swaar passasiersbootjies, skeepsloope en walvisbote (MBA 26.5.1880: Queen's Birthday) -- was ongeskik vir dié doel en die verskillende bemannings het nie gelyke kans gehad nie (MBA 14.5.1879).

Die Advertiser het ná die regatta van 1875 die stigting van roeiklubs voorgestel sodat Mosselbaai, net soos Kaapstad en Port Elizabeth, jaarliks 'n regatta kon aanbied (MBA 9.6.1875: L&G). Twee jaar later het die sport reeds so ontwikkel dat 'n regattaprogram vir die eerste keer in die koerant geplaas is (MBA 16.5.1877). Ná afloop van hierdie byeenkoms het redakteur Powrie sy aanbeveling herhaal (MBA 30.5.1877: Birthday), maar dit was eers in 1879, ná nog twee jaar, dat die Pioneer en die St. Blaize Boating Club gestig is (MBA 14.5.1879). Aan die einde van daardie jaar het die eerste spesiale snelboot, die Pioneers se Mabel, wat in Kaapstad deur die bekende skeepsbouers (Hattersley 1969: 215) Bain & Robertson vervaardig is, met die Venice in Mosselbaai aangekom (MBA 17.12.1879). Ook die ander klub het 'n renskuit bekom en ná maande se geesdriftige oefening het die bemannings die volgende Mei teen mekaar te staan gekom. St. Blaize het met sy Ariel die silwerbeker gebuit (MBA

George, Knysna, Riversdale, an

MOSSEL BAY, CAPE OF GOOD HOPE, WEDNESDAY, MAY 9, 1883.

YSNA.

Licences issued by the
of Stamps at Knysna,
April, 1883:—
spirit Licences, Liquors
used on the premises,

Knysna.
teen Licences, £30.
Knysna.
mond, Knysna.
Knysna.
Knysna.
Belvidore.
teen Licences, £20.
Samson's Drift.
Van Plettenberg Arms.
Licence, £30.
Knysna.
hop, £1 10s.
Knysna.
ences, 7s. 6d.
W. Barnard, A. Duthie,
n. J. Stroobel.
T. E. ALLMAN,
istributor of Stamps.
ns,



URRIE LINE.

Line leave Mossel
ay for
and London
TERMATE SATURDAY.

CASTLE, Capt. Duncan,
ay about the 19th
B., Capt. Jeffries, about
CASTLE, Capt. Webster,
June.

east Ports.

NICE," Capt. HAY, for
ill leave Mossel Bay
orning, the 10th inst.
Passage, apply to
VINTCENT, & CO.,
Agents.



ALL SERVICE

SHIP COMPANY
MITED.)

Mail Steamers leave
pe Town
ENGLAND,
very alternate TUESDAY,
re at St. HELENA and
ay between the Mail Boats
WALSHAM, May 22.
TUES. JUNE 5.

Advertensie vir die regatta van 1883. Let op

die "V.R." met Koninklike embleem bo aan en die

"GOD SAVE THE QUEEN" onder (MBA 9.5.1883).

V. R.

Mossel Bay Boating Association.

REGATTA

IN HONOUR OF

HER MAJESTY'S BIRTHDAY.

THURSDAY, 24th MAY, 1883.

COMMITTEE.

R. J. CROZIER, Esq. C.C. and R.M., President.

Rev. F. H. FISHER, Vice-President.

PIONEER { S. GOLDSBURY, Esq. G. HUDSON, Esq. W. H. PICKARD, Esq.

MECHANICS { W. DUCK, Esq.

ST. BLAIZE { A. J. KIRKMAN, Esq. P. C. POWRIE, Esq.

Judge.—R. J. RICHES, Esq.

Umpire.—Rev. F. H. FISHER.

Do. G. HUDSON, Esq.

Referee.—R. J. CROZIER, Esq.

Starter.—A. S. WHITE, Esq.

TO COMMENCE AT 9:30 A.M.

PROGRAMME.

9:30 a.m.

1. Club Race—for Second Crews.—Prize, Five Cups, value £10. For Four-oared Racing Gigs belonging to Clubs only, and manned by Second Crews, Straight Course 2 miles. Two Boats to start or no race. Entrance Fee, £1.

10 a.m.

2. Club Race—for Championship of the Bay. Prize, a Silver Cup, value £15 15s., and Five Medals, value £10. For Four-oared Racing Gigs belonging to Clubs only. The Cup to be the property of the Club winning two years in succession. Straight Course 2 miles. Two Boats to start or no race. Entrance Fee, £1.

10:30 a.m.

3. Whaleboat Race—for Fishermen.—Whaleboats to be pulled with five oars. Course 2 miles. Prize, £7. Two Boats to start or no race. All comers. Entrance Fee, 5s.

11 a.m.

4. Boatmen's Race—for Four-oared Square-stern Boats. Course 2 miles. Prize £5. Two Boats to start or no race. All comers. Entrance Fee, 5s.

11:30 a.m.

5. Ladies' Prize—for Second Crews who have pulled in Club Race. Coxwains and Strokes to remain in their respective Boats; remainder of Crews to be scratched. Prize, value £5. Course 1 mile.

11:45 a.m.

6. Ladies' Prize—for First Crews who pulled in Club Race. Coxwains and Strokes to remain in their respective Boats; remainder of Crews to be scratched. Prize, value £5. Course 1 mile.

12:30 p.m.

7. Canoe Race—for Canoes.—Course 1 mile. Prize, £1. All comers. Entrance Fee, 2s. 6d. Two Canoes to start, or no race.

1:30 p.m.

Whaleboats, Square-sterns, and Canoes to be entered, and crews and colours declared, on the 19th May, at the Union Hotel, at 8 p.m. Should the weather be unfavourable, the Races will take place on the Saturday following, at 2 p.m.

P. C. POWRIE,
Hon. Sec. M. B. Boating Ass.

Hudson

NE

Ex "Ath

Check Flanne
Flannel Shirts
Scarlet Wool
Blankets, V
Union Coatin
Suits, special
S-shaf, S-sh
Coloured Pri
Gambro

Cleaver's Whi
Ladies' and C
Children's Bu
Hats, Clark
in packets an
Corsets, inclus
ess, Black Pi
Women's Str
Wagon Cover
and Nuts,
and Till Lock
Carpenters' H
Galvanized B
Iron Spoons,
E P Cart Kno
Clips, Cart
Gig Whips.

AN ANNO

Copy Letter
Foreign and
Note Paper, r
Buff, Blue, ar
black and blu

Fire Stove O
Glue, Sul
Lard, Bl
Table Vineg

HUDSON



OUR AND

26.5.1880: Birthday). 'n Deftige regattadinee is onder voorsitterskap van die siviele kommissaris vir dertig mans in die Standard Hotel aangebied (MBA 26.5.1880). Die medaljes, Malteserkruise met 'n voorstelling van roeibote aan die een kant, het egter vanweë 'n fout eers vroeg die volgende jaar daar aangekom (MBA 12.1.1881).

Dit was die begin van 'n sportsoort wat tot die laat tagtigerjare met geesdrif beoefen sou word. 'n Korrespondent skryf in die Advertiser: "of all the manly sports which young men may indulge in, I think that boating certainly carries the palm, for the exercise in the fresh sea-breeze not only steels the muscle, but also the nerve. What is prettier and pleasanter to the eye than a well-matched crew in a good boat, dipping their oars gracefully in measured time and straining every muscle of their athletic forms to win a race?" (MBA 19.10.1887: Aquatics). Die blad het ook verslag gedoen omtrent die Oxford-Cambridge-universiteitsregattas (MBA 21.3.1883) wat al van 1829 gehou is (EB Mac 2 1974: 1158).

11.6.1 24 Mei

Die dorp was van vroegoggend op Koninginsdag in rep en roer. Die inwoners is 11 dag met 'n kanonsaluut gewek (MBA 31.5.1876) en geboue was feestelik met vlae en baniere getooi. Die baai -- waar al wat 'n vaartuig was, ook versier is -- het 'n ewe "gay and lively appearance" gebied. Die regatta het gewoonlik om nege-uur begin, maar mense het reeds vroeg na die versierde kaai gestroom: toeskouers en ook bemanningslede, "dressed in their distinctive colours [...] prepared to contest manfully with each other for the Championship of the Bay" (MBA 30.5.1877: Birthday).

Die plaaslike blaasorke, in deftige uniforms, was gewoonlik reeds op die kaai waar hulle musiek gemaak het (MBA 4.10.1898: Regatta), of het later al spelende

aangemarsjeer gekom, "adding greatly to the gaiety of the scene" (MBA 28.5.1884: Regatta; 23.5.1899: Regatta). Van die middel tagtigerjare kon toeskouers die verrigtinge volg uit die skadu van 'n sonskerm wat op die punt van die kaai opgerig was (MBA 28.5.1884: Regatta; 29.5.1888: Regatta). Gedurende die daaropvolgende dekade moes 'n sikspens toegangsgeld betaal word om tot die punt van die kaai toegelaat te word (MBA 22.9.1891). Die baai het gewemel van vaartuie, van klein kano's tot groot walvisbote, wat almal die verrigtinge van naderby wou volg. Die skeidsregter was op sy pos in die haweboot by die boei en redakteur Powrie was onder diegene in die stoomsleepboot, die Gnat, van waar elke wedren goed gesien kon word (MBA 25.5.1882: Regatta).

Die oefensessies vooraf is geesdriftig deur ondersteuners bygewoon. "The jetty has on each occasion been thronged with persons interested in aquatics", berig die Advertiser, "and excitement is gradually working up and will continue to do so until it reaches its climax on Saturday" (MBA 21.5.1884: Regatta). Geesdriftiges het selfs uit die distrik gekom om die regatta by te woon (MBA 6.10.1891: Regatta). Die skare het die verrigtinge met groot entoesiasme gevolg. Roei was die Mosselbaai-dames se geliefkoosde toeskouersport en hulle het die kleur van "hul" span gedra. Die opgewondenheid het tydens wedvaarte hoog geloop. "Hundreds of eager eyes are watching the boats as they are nearing the winning post, handkerchiefs are waving, the atmosphere rings with cheers for the winners", het 'n berig beskryf (MBA 19.10.1887: Aquatics). Die wedren vir saamgeraapte en ongeoeefende spanne het sonder uitsondering groot vermaak aan die regattagangers verskaf. Roeiers het in die water beland, snoeke is gevang, spane is verloor en bote het heen en weer oor die water geslinger (MBA 23.5.1899: Regatta). ("Snoeke vang" is die Afrikaans vir "to catch a crab", wat beteken dat die spane te diep in die water ingestek is). Die weer was feitlik sonder uitsondering mooi -- "Queen's weather", soos die Advertiser dit graag beskryf het (MBA 28.5.1884: Regatta). By geleentheid is



Vierriemsbote van die Pioneer-, St. Blaize- en Mechanics-roeiklubs ding mee om die "Championship of the Bay" tydens die regatta van 1885. Die kaai was volgepak en "the sea was smooth, like glass [...]" . Die bemanning, elk met een spaan, kyk na die agterstewe terwyl die slag vorentoe kyk, stuur en die slag aangee. 'n Stoomsleepboot vergesel die bote. Die twee geboue van die Standard Hotel (enkelverdieping met aangrensende dubbelverdieping) kan in die middel gesien word met die eerste Vrymesselaarslosie oorkant die straat. Voor die kerktoring is die skool met sy drie wit oonlyste vensters.

Foto: Bartolomeu Dias-museum Z 00362

geskryf: "[...] the sea was smooth, like glass the greater part of the morning; between the sun and us hung a veil of cloud which rendered the air agreeably cool" (MBA 27.5.1885: Birthday). Die regatta het slegs twee keer in swak weer plaasgevind (MBA 28.5.1884: Regatta; 29.5.1888).

Regattas of "schuiten wedstrijd[e]" (MBA 4.10.1898: Nieuws) is soms opgeluister deur die aankoms van die posboot. In 1883 het die "magnificent vessel", die Hawarden Castle, groot opgewondenheid veroorsaak (MBA 30.5.1883: Boating) en by 'n ander geleentheid het die teenwoordigheid van die Goth tot die aantreklikheid van die toneel bygedra (MBA 4.10.1898: Regatta).

Van die roeiers is tydens die regatta van 1882 van oneerlike gedrag beskuldig toe hulle tydens die kampioenskapsresies om die boei in die baai moes roei. Die regattakomitee het geen reëls gehad waarop hulle hul kon beroep nie en kon dus nie die geskil oor wie die wenners was, oplos nie (MBA 31.5.1882: Hoofartikel). 'n Roeibond is kort daarna gestig (MBA 18.4.1883: Boating) en reëls is opgestel. Die ou roete om die boei is vervang met 'n reguit baan, wat die kans op oneerlikheid grootliks uitgeskakel het (MBA 30.5.1883: Boating). Onenigheid het tog weer voorgekom aangesien daar nagelaat is om 'n wenstreep vas te stel (MBA 28.5.1884: Regatta). In die laat negentigerjare het skeidsregters elke wedvaart, waarvan die meeste sowat 3 kilometer lank was (MBA 9.5.1883), op 'n stoombarkas vergesel (MBA 4.10.1898: Regatta).

Aangesien pryse in Engeland uitgesoek en gegraveer is (MBA 12.9.1883: Regatta; 7.1.1885: Boating), het prysuitdelings dikwels eers drie tot vyf maande ná 'n regatta plaasgevind (MBA 4.10.1882; 26.9.1883; 16.10.1888: Boating). Die plegtigheid is op die kaai gehou en die pryse is gewoonlik deur mev. Crozier, eggenoot van die siviele kommissaris, oorhandig (MBA 9.12.1885: Regatta; 26.9.1883; 16.10.1888: Boating). Aan die begin van die verrigtinge het al die bote in optog van die kaai tot by Munrobaai (MBA 9.12.1885) gevaar. Met hul

terugkoms is op indrukwekkende wyse met spane by die kaai geland waar die bemanningslede in 'n halfsirkel aangetree het vir die oorhandiging, toesprake, heildronke en hoera-skreeuery (MBA 28.1.1885: Boating; 16.10.1888: Boating). Hierdie seremoniële landingsmetode, waar daar tot op die laaste geroei word en die spane dan vertikaal in die lug opgesteek word, word vandag as so gevaaerlik beskou dat dit nie meer uitgevoer word nie (Delport 1989: Persoonlike mededeling). Die pryse is gewoonlik vooraf uitgestal, dikwels by Ebenezer Powrie se apieek (tans Fanie se Aptiek in Marshstraat), "where the secretary [...] has it on view and invites inspection" (MBA 12.9.1883: Regatta; 7.1.1885).

Die pryse wat in 1883 in 'n glaskas uitgestal is, het bestaan uit potlooddose van vyftien karaat goud, medaljes en bekers van sterlingsilwer, volgens die Advertiser, "altogether a very handsome and attractive collection" (MBA 12.9.1883: Regatta). Daar is om aantreklike trofeeë meegeeding. Die beker vir die tweedebemanningswedvaart was 'n bak wat gestut is deur drie roeispante en op 'n voorstelling van 'n harde strooihoed ("boater") gerus het (MBA 15.10.1884: L&G). Die uitdaagbeker vir die "Championship of the Bay", waarom daar in 1884 ná die stigting van die roeibond vir die eerste keer meegeeding is, was "a very handsome specimen of the jeweller's art, being urn-shaped and of sterling silver, mounted on a massive pedestal of ebonized wood. The ornamental work", verklaar die Advertiser, "is very tastefully executed and the cover is surmounted by the figure of a rorer holding an oar" (MBA 7.1.1885: Boating). Hierdie beker het die reuse-bedrag van vyftig ghienies gekos (MBA 28.5.1884: Regatta). Van die pryse het behoue gebly en word in die Bartolomeu Dias-museum bewaar.

Inskrywings vir regattas is by die Union of the Standard Hotel gedoen (MBA 19.5.1886 Regatta). Dié geleenthede is druk bygewoon en weddenskappe is aangegaan. "The various lotteries were freely taken up, and the biddings for



Die bemanning van die St. Blaize Rowing Club,
wenners van die "Championship of the Bay "
(1896). By hulle is die kosbare silweruit-
daagbeker met roeiersfiguur en spaan wat as
"a very handsome specimen of the jeweller's
art" beskryf is. Die massieve houtvoetstuk
is tydelik verwyder. Die stoere kêrels met
hul welige snorre, strooihoede en amptelike
roeidrag is voor v.l.n.r.: J. King, H. Cuff
en J. Cochrane. Agter poser C. Cuff en J.
Hunter.

Foto: Bartolomeu Dias-museum W 00363

the favourite crews were kept up with much spirit", het die koerant een jaar berig (MBA 18.5.1881). Soms was die teleurstelling groot -- soos die jaar toe twee "heavily backed" bote verloor het (MBA 28.5.1884: Regatta). In 1891 het 'n rubriekskrywer sy klag dat daar selfs nie eens 'n beskeie lottery gereël word nie, afgesluit met: "But I forget! Sweepstakes are forbidden by the law, are they not?" (MBA 29.9.1891: Notes).

11.6.2 Klubs en bote

Soos reeds gesien, was dit aanvanklik hawewerkers en vissers wat aan die vroeë regattas deelgeneem het. Ná die stigting van roeiklubs en die ingebruikneming van ligte, kiellose snelbote het jong mans van goeie aansien oorgeneem. Wedvaarte vir vissers en bootlui is egter steeds as deel van die program aangebied (MBA 18.5.1881). Die klubs is deur die elite van die dorp ondersteun. Die siviele kommissaris was die president en invloedryke sakemanne soos onder andere C. H. Bruns (MBA 30.5.1877; 11.5.1881) was nou betrokke en het vermoedelik finansieel tot die aankoop van die bote bygedra. Met die ontbinding van een van die klubs is 'n beroep op jong mans van die werkersklas gedoen om ook aan te sluit en so te verhoed dat die sport uitsterf. "Let nobody believe that because he is a working man, he would not be welcome as a member of the Pioneers or the St. Blaize Club, for such a feeling should and ought not to exist. In the boat", verklaar die skrywer, "all are alike; and as everyday clothes are taken off for the jersey, so should all stupid prejudices be cast aside" (MBA 19.10.1887: Aquatics). Spesiale roeidrag kon op die dorp bekom word. 'n Advertensie wat net bokant die regattaprogram van 1883 op die voorblad van die Advertiser verskyn het, het gelui: "Mossel Bay Regatta! White flannel Shirts, Trowsers, Jackets, Canvas Boating shoes" (MBA 16.5.1883). Die plaaslike fotograaf het ook "excellent photographs" van die bemannings van die verskillende klubs geneem en in sy lokaal uitgestal (MBA 23.5.1883).

Die sport is met soveel geesdrif beoefen dat albei verenigings ná die eerste klubregatta in 1880 elk nog 'n snelboot bestel het (MBA 6.10.1880; 3.11.1880). Ná die aankoms van die Pioneers se Undine en St Blaize se Nautilus was daar gevoglik teen die middel van die volgende jaar vier renbote in die Baai (MBA 18.5.1881). Kort hierna is nog 'n klub, die Mechanics' Rowing Club, gestig en hul boot, die Dauntless, was spoedig op die dorp (MBA 12.4.1882). Die roeiers was nie meer tevrede met die Suid-Afrikaans vervaardigde vaartuie nie en in 1883 is twee puik bote uit Engeland ingevoer. Beide die Ripple en die Najad is deur Chettham, Sons & Biffen in Bedford gebou en laasgenoemde was van die nuutste "sliding seats" voorsien (MBA 24.1.1883; 7.11.1883). Met die volgende regatta het nie minder as ses vaartuie deelgeneem nie (MBA 28.5.1884), almal vierriemsbote en sowat nege meter lank (MBA 11.5.1881; MBA 16.3.1887). 'n Vierriemsboot het 'n bemanning van vier roeiers wat na die agterstewe van die vaartuig kyk. 'n Bykomende lid, die slag, sit agter en kyk vorentoe; hy stuur en gee die slag aan. Elke roeier hanteer slegs 'n enkele spaan. Dit is in teenstelling met skifroei ("sculling") waar twee spane gebruik word, een in elke hand (EB Mic V111 1974: 696; EB Mac 2 1974: 1157).

Nuwe bote is met luister in Munrobaai gedoop waar die klubs se boothuise was (MBA 12.4.1882). Roeigesdriftiges het op die strand vergader terwyl klubbote en ander skuite 'n bedrywige voorkoms aan die baaitjie verleen het (MBA 14.11.1883). Die naamgewingsplegtigheid is, volgens die koerant, altyd op 'n besonder elegante wyse behartig deur die dogters of gades van Mosselbaaise sakelui. Van mev. C. H. Bruns is gesê dat sy die sjampanjebottel "in a very graceful style" gehanteer het (MBA 25.6.1895: Notes). 'n Ander geleentheid is soos volg beskryf: "Mrs Vintcent gracefully grasped the bottle of champagne and accompanying the words 'I name this boat the Nora', launched the vessel containing the generous and exhilarating fluid with dexterous and unerring precision at the prow of the gig, hitting it on the head, and the bottle splintering into atoms, discharged the baptising element, spattering it over

Hfst. XI

the front part of the boat in a sparkling stream" (MBA 2.5.1899: Nora). Die boot is hierna op die skouers van die bemanning die water ingedra van waar hulle onder groot gejuig sierlik weggeroei het. "As she passed the other racing boats", is van die nuwe St Blaize-boot berig, "the crews saluted and gave three cheers. The Ripple then took a semicircular sweep, being followed in line by the other boats. The sun shining out from among the clouds just as the boats were rowing in a semicircle, made the scene very pretty indeed" (MBA 21.2.1883). Die byeenkomste is met heildronke en verversings afgesluit (MBA 22.12.1880; 14.11.1883).

Die onverskilligheid en traagheid wat op sportgebied op die meeste van die groot Koloniale dorpe geheers het, het ook op Mosselbaai in die middel van die tagtigerjare kop uitgesteek (MBA 19.10.1887: Aquatics). Die eens bloeiende St. Blaize Boating Club kon in 1886 vanweë 'n gebrek aan roeiers nie vir die kampioenskap inskryf nie (MBA 26.5.1886). Van "crews thirsting for battle on the next Queen's Birthday" was daar geen sprake meer nie (MBA 3.11.1880). Die volgende jaar het die Mechanics ontbind en hul bote en boothuis te koop aangebied (MBA 16.3.1887). Dié gebrekkige belangstelling het tot gevolg dat die Koninklike verjaardag in die tydperk 1889–1902 slegs drie keer met 'n regatta herdenk is (MBA 16.4.1889; 6.9.1892).

In die middel van die dekade negentig is 'n poging aangewend om die roeisport te laat herleef (MBA 5.6.1894). St. Blaize het 'n nuwe boot, die Irene, in Engeland laat bou (MBA 18.6.1895) en roeiers was opgewonde oor 'n regatta wat onder leiding van die gereorganiseerde roeibond (MBA 23.7.1895) sou plaasvind. Dit het egter as gevolg van 'n onenigheid tussen die klubs deur die mat gevall (MBA 8.10.1895: Notes). Die Pioneers het met die eeuwending ook 'n nuwe boot, die Nora, van Engeland laat kom (MBA 2.5.1899), maar ten spyte van verskeie pogings was die bloeityd van die roeisport in Mosselbaai iets van die verlede.

Geen ernstige ongelukke het voorgekom nie. Die bemanning van die Mabel is egter tydens 'n oefensessie deur digte mis oorval en het byna tussen die rotse vergaan. 'n Groot vuur is naby die landingsplek aangestEEK en mense wat op die kaai saamgedrom het, het beurtelings op 'n mishoring geblaas (MBA 7.5.1879). Die Pioneers het ter nouernood ontkom toe 'n haai die boeg van die Undine hard gestamp en 'n gat so groot soos 'n manshand vyftien sentimeter bo die waterlyn veroorsaak het (MBA 23.5.1883).

Die regatta van 1880 is soos volg deur "Poet" beskryf:

Bright is the day in good truth -- clear, glorious Victoria's weather.
Quickly our breakfast is done; and now we are off for the boating.
Thickly the jetty is thronged with a many-hued multitude eager,
Ready to witness the races, and loudly to cheer on the racers.
Grandest and chief is that of the Pioneers and St. Blaizes!
Here is sweet Mabel, light-hued, lightest, and prettiest of race-gigs,
Strong-built, firm; well-mannered, with a crew that can buffet the
billows.

[...]

Here, too is swift-winged Ariel, heavenly blue is her colour;
Fine is her crew, and steady, as any you'd find in a long day.

[...]

Next comes the whaleboats light, the safest and surest on billows,
Pulled by their swarthy crews, well tried on many a rough sea.

[...]

(MBA 26.5.1880)

11.7 "Association football" en "the rugby game"

Sokker het uit 'n spel wat "melees" genoem is, ontwikkel. Hierdie ruwe sport

is sedert die Middeleeue deur honderde deelnemers op 'n keer gespeel. Die sport soos dit vandag bekend staan, is gedurende die eerste helfte van die 19de eeu deur Britse privaatskole en universiteite ontwikkel. Dit was tydens die sogenaamde "muscular Christianity"-tydperk toe Christelike ideale met spierkrag verenig is en groot waarde aan koue baddens, strenge tug en eerlikheid geheg is. Daar is geglo dat sokker hierdie lewensbeskouing sou kon help ontwikkel (EB Mac 2 1974: 210). Sokker het die Kolonie in die vroeë sestigerjare bereik. Wedstryde is informeel op die Groenpuntse resiesbaan en ook op 15 Mei 1863, met die huweliksviering van Albert, Prins van Wallis, op Mosselbaai gespeel (Argus 21.5.1863: Marriage). Min georganiseerde sokker het egter voor die tagtigerjare voorgekom toe dit vinnig in gewildheid toegeneem het (De Kock 1955: 72; Hattersley 1969: 216). In Engeland het sokker in die sewentigerjare gewild onder die mans van die werkersklas geword (Reader 1974: 192).

Die spel rugby het ontstaan toe 'n seun van die dorp Rugby, wat 'n skolier van een van die deftigste Britse privaatskole van die tyd was, volgens oorlewering in 1823 tydens 'n sokkerwedstryd met die bal begin hardloop het (EB Mic VIII 1974: 712). Die grondslag is op dié wyse gelê vir 'n nuwe spel wat spoedig daarna hoofsaaklik by skole en universiteite sou ontwikkel. Ook in die Kaapkolonie is rugby vir die eerste keer by 'n akademiese inrigting gespeel toe die hoof van Diocesan College in Rondebosh, wat sy opleiding in Brittanje ontvang het, dit in 1861 by sy skool ingevoer het (De Kock 1955: 72). Die oudste Suid-Afrikaanse rugbyklub, die Hamilton Rugby Football Club, is veertien jaar later in 1875 in Kaapstad gestig (De Kock 1955: 72).

Op Mosselbaai was daar reeds in 1874 'n sokkerklub (MBA 26.8.1874), maar dit is onbekend hoe lank dit bestaan het aangesien die Advertiser slegs eenmalig daarna verwys het. Pride of the South, die plaaslike tak van die Matigheidsbeweging, Independent Order of Good Templars (IOGT), het in Junie 1879 'n voetbalklub gestig (MBA 25.6.1879) en wedstryde is byvoorbeeld tussen

Good Templars en "All Comers" gespeel (MBA 27.8.1879). Tydens die daaropvolgende sokkerseisoen is die Mossel Bay Football Club gestig wat die reëls van die Rugby Union aangeneem het. Die span het egter ook sommige wedstryde teen die Templars of die "Water-drinkers", soos die lede van die Matigheidsbond ook genoem is, (MBA 29.7.1881) onder die "Association rules" gespeel (MBA 7.7.1880).

Rugby was aanvanklik 'n ruwe sport. Dit het algemeen voorgekom dat spelers mekaar gepootjie en teen die skene geskop het (EB Mac 16 1974: 6). 'n Jong man is tydens 'n wedstryd tussen "Residents" en "Lodgers", volgens die Advertiser, "the roughest game of the present season", so beseer dat hy met 'n voertuig weggegneem moes word. Verskeie ander het kneusings opgedoen. Die blad het opgemerk: "It is a fine sight to witness a number of our fellow citizens going with such heart and soul into the game as if their very life depended upon their gaining the day" (MBA 8.9.1880: L&G). Na 'n besonder bloedige kragmeting tussen die sokker- en rugbyklubs skryf Jack O' Lantern in sy rubriek: "Whatever the IOGT may think about claret as a beverage, they seemed to have no qualms of conscience whatever as to tapping that highly-coloured fluid from their opponents" (MBA 20.7.1881: Odds). Die Advertiser het 'n vroulike inwoner aangehaal wat gemeen het dat sokker een van die mees gewelddadige spore was. "Go to any match", verklaar die vrou, "and watch the maddened human beings, who with blood all afire, and a wild look in the eyes, rush here and there, kicking and maiming with the recklessness of a Dervish before the British guns" (MBA 7.6.1898: Opinion). Die Britse mediese tydskrif Lancet het onder die opskrif "The Perils of Football" reëls voorgestaan wat die spel meer wetenskaplik en minder gevaarlik sou maak (MBA 13.5.1890).

Slegs 'n jaar ná die stigting van die Mossel Bay Football Club is besluit om die vereniging te omskep in die Mossel Bay Athletic Club (Sien Krieket), wat verskillende spore sou aanbied (MBA 12.10.1881). Belangstelling in die

voetbalsporte het hierna spoedig afgeneem en tot diep in die negentigerjare is met moeite 'n span bymekaargekry. In 1884 is die ledegeeld verlaag (MBA 11.6.1884) om meer spelers te lok, maar die sokkerseisoen is desnieteenstaande vroeg beëindig (MBA 20.8.1884: L&G). In 1888 doen die Advertiser 'n beroep op spelers om oefeninge by te woon en waarsku dat "unless a better show is made it will be quite impossible to carry on the game" (MBA 12.6.1888: Football). Daar is gemeld dat ook hierdie seisoen misluk het (MBA 25.9.1888: Athletic Club).

Rugby is in die middel negentigerjare hervat. Die Advertiser het in Junie 1894, na 'n wedstryd teen Riversdal, geskryf: "We trust now that a beginning has been made, football will be more extensively played by our young men, and further matches arranged between Mossel Bay and adjacent towns." Alhoewel die Mosselbaai-span nagelaat het om te oefen en van die spelers selfs nie die spel geken het nie (MBA 26.6.1894: Football), was dit die begin van 'n herlewning en die volgende jaar is die Mossel Bay Football Club gestig. Spesiale sportdrag is vir die eerste keer ingestel: blou kniebroeke en kouse met wit truie. Die klubmonogram in 'n donkerblou skild is op laasgenoemde aangebring (MBA 23.4.1895: Football; 24.11.1896: Athletics).

Die eerste rugbytoernooi tussen buurdorpe in die streek het gedurende dieselfde jaar plaasgevind toe Oudtshoorn, Riversdal en Mosselbaai by die Punt teen mekaar te staan gekom het. Die wedstryde is oor drie dae in die guns van die tuisspan beslis (MBA 13.8.1895: Football). Interdorpse wedstryde het van nou af gereeld plaasgevind. Die Suidwestelike Distrikte uitdaagbeker, wat kort hierna ingestel is, is in 1899 (MBA 29.8.1899: Football) en 1900 deur die Mosselbaai-span verower (MBA 21.8.1900: Tournament). 'n Wedstryd is by geleentheld ook gespeel teen die passasiers van die Pembroke Castle (MBA 20.6.1899: Football). Een van die beste "Rugby-football"-wedstryde was dié in 1900 teen die span van South African College School (SACS) tydens hul besoek aan die Baai (MBA 31.7.1900: Rugby-Football). Die wedstryd is waarskynlik

gereël deur skoolhoof John Proctor wat Mosselbaai vier jaar vantevore verlaat het om by SACS in diens te tree (MBA 17.11.1896: Brokkie).

Besoekende spelers is saans ná wedstryde onthaal. Dinees (MBA 20.8.1895; 14.8.1900; 21.5.1901), rookkonserte in die Standard Hotel (MBA 8.9.1896; 14.8.1900) en danspartye is graag aangebied (MBA 26.6.1894; 24.7.1900). Ondersteuners het die besoekende spanne vergesel en, soos die Advertiser dit gestel het, "added sensibly to the number of our population" (MBA 13.8.1895: Notes). Die lang reise was ongerieflik en geværlik. 'n Noodlottige ongeluk het ná die toernooi van 1898 plaasgevind toe 'n kar met Oudtshoorn-spelers op pad terug by C.W. Black se winkel op die hoek van Bland- en Kerkstraat buite beheer geraak. Die Advertiser het geskryf: "[...] the horses rushed straight into the building, smashed disselboom and splash board, and pitched the driver [...] and the other occupants head-foremost on the stoep against the wall" (MBA 6.8.1898: Accident). 'n Wa van dieselfde span het ook ná 'n ander "Voetbal Spelstryd" omgeslaan (MBA 21.5.1901: Football; Hemelvaartdag).

Sokker en rugby was in die tagtigerjare nie gewilde toeskouersporte nie (MBA 15.8.1883: Foot-ball), maar het in die daaropvolgende dekade aansienlik in gewildheid toegeneem. Die Advertiser het tydens 'n toernooi berig: "Yesterday afternoon the streets were instinct with life and motion -- people on foot and in vehicles of every description wending their way to The Point" (MBA 22.8.1899: Tournament). Die Dorpsraad het in September 1898 hul maandelikse vergadering so gehou dat lede 'n toernooiwedstryd kon bywoon (MBA 6.9.1898: Supplement). Afgesien van die gewone burgers het 'n groot groep dames en here, ten spyte van gietende reën, by die veld vergader waar "a state of feeling bordering on excitement" geheers het. Ook die volgende dag het "a tremendous crowd of interested on-lookers of all classes" die verrigtinge bygewoon (MBA 6.9.1898: Tournament). By 'n ander geleentheid het selfs 'n haelbui nie 'n demper op die "ardour of the sport" of die geesdrif van die ondersteuners.

geplaas nie (MBA 14.8.1900: Association-Football). Stoele en lang banke is van die eeuwending langs die veld verskaf (MBA 31.7.1900: Rugby-Football; 1.8.1900: Rugby-Football).

Soos reeds aangetoon, was die eerste twee voetbalklubs op die dorp "Association"-klubs en het sokker gespeel. Die derde, die Mossel Bay Football Club, het onder die Rugby Union gevallen. Rubbyspelers en "Association"-spelers het gereeld teen mekaar meegeding en dan is die twee sporte afwissellend gespeel (MBA 7.7.1880). Die Athletic Club het ook die spel van "Association" met "the rugby game" afgewissel (MBA 29.8.1883: Football; 22.8.1883). Ná die herlewing in die middel negentigerjare is feitlik slegs rugby gespeel (MBA 27.9.1898: Football). 'n Sokkerklub, die Mossel Bay Association Football Club, waarvan die lede 'n rooi band oor die regterskouer gedra het (MBA 23.4.1901), is egter in die winterseisoen van 1900 gestig (MBA 19.6.1900: Supplement). Volgens 'n plaaslike predikant was daar "ill-feeling" tussen die sokkerspelers en die "rugby men" (MBA 14.8.1900: Football). Alhoewel die benaming "sokker" vir "Association football" laat in 1898 vir die eerste keer in die plaaslike blad gebruik is (MBA 27.9.1898: Football), is die spel eers van die 20ste eeu af algemeen sokker genoem (MBA 14.8.1900: Football; 11.9.1900).

Spanne vir plaaslike wedstryde is, net soos met krieket, op vindingryke wyse saamgestel. Mense wat nie kollege-opleiding gehad het nie het teen "past and present collegers" meegeding (MBA 7.8.1900) en "those resident above Marsh street" het by geleentheid teen "those resident below Marsh street" kragte gemeet (MBA 6.5.1902). Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het geen nadelige invloed op die voetbalsporte gehad nie en wedstryde en toernooie het gereeld plaasgevind.

11.8 Atletiek en boeresport

11.8.1 Atletiek

Atletiek soos dit tans beoefen word, het sedert die vroeë 19de eeu in Engeland ontwikkel. Die British Amateur Athletic Club is in 1866 gestig (EB Mac 18 1974: 538). In die Kolonie het die sport aan die begin van die dekade tagtig gewild geword en Kaapstad, Grahamstad en Uitenhage het klubs gehad. Mosselbaai, gou om nuwighede na te volg, het sy eerste atletiekbyeenkoms op 3 Oktober 1881, Sakekamersdag, by die Punt gehou (MBA 14.9.1881).

Redakteur Powrie het die sport in 'n hoofartikel aangeprys: "Perhaps there is no species of sport which is at the same time so harmless and so popular, both in the Colonies and the Mother Country, as pedestrianism, -- feats of speed or endurance on foot." Hy het bygevoeg dat matige liggaamlike inspanning bevorderlik vir beide liggaam en gees was en dat dit die bevolking se plig teenoor hul land was om hul liggame te ontwikkel (MBA 14.9.1881).

Die eerste byeenkoms is deur die Mossel Bay Football Club aangebied (MBA 14.9.1881), was slegs vir amateurs en geen "jostling or ungentlemanly conduct" sou toegelaat word nie. Deelnemers moes van die skouer tot die knie bedek wees en hul kleure moes vooraf geregistreer word. Die program, wat onder die "Distinguished Patronage" van die siviele kommissaris gehou is, het uit 'n ope asook 'n klubafdeling bestaan. Afgesien van die baannommers is ook 'n eenmyl-stapwedloop en 'n voetbalskopwedstryd aangebied (MBA 7.9.1881). Feitlik alle nommers is op voorgee beslis sodat deelnemers 'n gelyke kans kon staan (MBA 14.9.1881)

'n Atletiekbaan van sowat 400 meter is by die Punt uitgemeet en afgekamp (MBA 28.9.1881: Sports). 'n Sonskerm vir die "complexions of the fair sex" is by Hfst. XI

die wenpaal opgerig, maar moes as gevolg van die wind verwyder word. "Notwithstanding this", berig die Advertiser, "a goodly number of ladies adorned the field, -- their bright costumes adding greatly to the picturesqueness of the scene." Omstreeks twaalfuur kon "waiting men and others laden with hampers" onderweg na die Punt gesien word. Die piekniekmandjies was gevul met wildsgeregte, kalfs- en hampasteie, sjampanje en ander verversings (MBA 28.9.1881; 5.10.1881: Football).

Mev. Crozier, die magistraatsvrou, het ná afloop van die program die "handsome prizes" op 'n nabigeleë stoep aan die wenners oorhandig. Dié pryse -- daar was onder andere 'n rewolwer, teleskoop, barometer, silwerinkstel, Meerschaumsigaarhouer en 'n leergebonde, handbeskilderde album (MBA 7.9.1881) -- is met bydraes gekoop en is vooraf by J. Illingworth se winkel uitgestal (MBA 14.9.1881: Hoofartikel; 5.10.1881: Football). Ná drie hoera's vir verskeie mense, onder andere die Koningin, het fotograaf I.B. Gavin 'n groepfoto van die wenners met hul pryse geneem. Die aand het 45 uitgenooide gaste 'n bal in die Masonic Hall bygewoon (MBA 5.10.1881: Football).

Kort na die suksesvolle byeenkoms, waaraan sowat vyftien atlete per nommer deelgeneem het (MBA 28.9.1881: Sports), is die Mossel Bay Football Club op 11 Oktober 1881 in die Mossel Bay Athletic Club omskep. Dié vereniging sou nie slegs atletiek aanbied nie, maar ook rugby en krieket (MBA 12.10.1881). Gedurende die daaropvolgende jaar is die tweede atletiekbyeenkoms op Sakekamersdag gehou. Geldpryse is by hierdie geleentheid toegeken (Sien illustrasie) (MBA 13.9.1882). Op 21 Julie 1883 het die klub met die Union Football Club saamgesmelt (MBA 25.7.1883) en 'n geboutjie is by die Punt vir klubdoeleindes opgerig (MBA 5.9.1883: Odds). Dit is egter nooit tydens 'n atletiekbyeenkoms gebruik nie aangesien die derde byeenkoms, wat soos gewoonlik in die Advertiser geadverteer is (MBA 12.9.1883), afgestel moes word nadat slegs vier inskrywings ontvang is (MBA 26.9.1883: Hoofartikel; 10.10.1883: Hfst. XI

MOSSEL BAY ATHLETIC CLUB.

THE SECOND ANNUAL ATHLETIC SPORTS
WILL BE HELD ON
MONDAY, 2nd OCTOBER, 1882,
AT
“THE POINT,” MOSSEL BAY,
AT 11 A.M. PUNCTUALLY,
UNDER DISTINGUISHED PATRONAGE.

PRESIDENT:

R. J. CROZIER, Esq., C.C. & R.M.

COMMITTEE:G. M. HUDSON, Esq.
S. GOLDSBURY, Esq.J. GOLDSBURY, Esq.
F. BARRY, Esq.

A. McLEOD, Esq., Hon. Sec.

Handicaper and Judge,
Rev. F. H. FISHER.Timekeeper,
F. BARRY, Esq.Starter,
R. J. RICHES, Esq.**OPEN EVENTS.**

1. 100 Yards Handicap.	1st Prize, value £2 10s.	2nd Prize, value £1.
2. 120 " Hurdle Race	" " 1 10s.	" " " 15s.
3. Quarter Mile Flat Race Handicap	" " 2 10s.	" " " £1.
4. One Mile Flat Handicap	" " 3 0s.	" " " £1.
5. One Mile Walking Race	" " 1 10s.	" " " 15s.
6. Half Mile Flat Handicap	" " 2 0s.	" " " £1.
7. High Jump ...	Prize, value 1 10s.	
8. Long Jump ...	" " 1 10s.	

CLUB EVENTS.

9. 220 Yards Handicap	1st Prize, value £2	2nd Prize, value £1.
10. Kicking the Football ...	Prize, value 1 10s.	
11. Putting the Weight ...	" " 1 10s.	

SCHOOL PRIZE.

12. 440 Yards Handicap ...	1st Prize, value £1 0s.	2nd Prize, value 10s.
----------------------------	-------------------------	-----------------------

Conditions and Regulations for Competitors.

1. Entrance Fee for Open Events, 2s. 6d.; Closed 1s. 6d.; or for all, 10s.
2. Public School Race, no fee will be required.
3. All the events are strictly confined to Amateurs, and the Committee reserve to themselves the right to refuse any entry.
4. The Committee will regulate all contests. Any competitor being guilty of any jostling or ungentlemanly conduct, or refusing to obey the orders of the Committee, will be disqualified, and debarred from any other competition.
5. All protests and appeals to be made in writing to the Hon. Secretary either before or within fifteen minutes after the race. Any person lodging an objection must deposit with the Hon. Secretary 5s., which will be forfeited if the objection be proved frivolous.
6. All races will be started by the report of a pistol. Any competitor disobeying the Starter's orders, or leaving the mark before the pistol is fired, will be put back one yard in the short, and five yards in the long races.
7. Competitors must wear complete clothing from shoulder to knee, and start in their singlets.
8. Officials only allowed inside the course, attendants must not accompany any competitor to scratch or in the race.
9. In all cases of dispute, Judge's decision to be final.

All entries to be sent in in writing and colours declared to the Honorary Secretary on or before the 22nd September, 1882.

Die program van die tweede en ook laaste atletiekbyeenkoms wat by die Punt gehou is.

(MBA 13.9.1882)

Hoofartikel). Geen verdere pogings is aangewend om belangstelling in die sport aan te wakker nie.

11.8.2 Boeresport

Boeresport of "Volkspelen" (MBA 3.1.1876: Nieuws), soos dit in Nederlandse berigte genoem is, was by uitnemendheid die vermaaklikheid wat op feesdae aangebied is. 'n Sportbyeenkoms is op 3 Maart 1862 as deel van die inwydingsfeestelikhede van die kaai gehou. Die Cape Argus berig: "In the afternoon the good old English sports of racing, jumping in sacks, climbing the greasy pole, etc. were indulged in in the public square" (8.3.1862: Supplement). Soortgelyke byeenkomste het ook tydens die volgende feesgeleenthede plaasgevind: die huwelik van Albert, Prins van Wallis in 1863 (Argus 21.5.1863), die huwelik van die Hertog van York in 1893 (MBA 13.6.1893: Notes), koningin Victoria se Goue Jubileeum in 1887 (MBA 22.6.1887: Jubilee) en die kroning van Eduard VII in 1902 (MBA 5.8.1902). Mosselbaai was bekend vir sy boeresportbyeenkomste wat dikwels op Koninginsdag gehou is (MBA 25.5.1882: Sports).

Hierdie gewilde kragmetings het ook by die Punt, "our Green Point" (MBA 28.5.1879: Correspondence), plaasgevind waar 'n baan van sowat 400 meter met toue afgekamp is (MBA 25.5.1882: Sports). Wapperende vlae (MBA 31.5.1898: Birthday) en orkeste het die atmosfeer van feestelikhed verhoog (MBA 21.5.1879: Birthday; 12.11.1901: Birthday). Met Eduard VII se sestigste verjaardag is ook die vuurtoring wat bo die sportterrein uittroon, met stringe vlaggies versier (MBA 12.11.1901: Birthday). Gedurende die laat negentigerjare is die sportterrein omhein en is 'n tydelike "grand stand" opgerig met 'n sonskerm en stoele vir gesiene vroue (MBA 31.5.1898: Birthday). Die kenmerkende goeie gedrag van die skare kan toegeskryf word aan die teenwoordigheid van konstabels (MBA 21.5.1879: Birthday) en aan die feit dat

alkohol nie beskikbaar was nie (MBA 2.6.1891 Notes). Die Advertiser het die plaaslike Matigheidsbond groot lof in hierdie verband toegeswaai (MBA 30.5.1877: Birthday).

Afgesien van die "Foot Race[s]", hoogspring-, verspring- en gewigstootnommers, is "Throwing the cricket ball", stapwedstryde, sak- en donkieresies (MBA 31.5.1876: Birthday) aangebied. Vir laasgenoemde het die ruiters gewoonlik koddige kostuums gedra en het groot vermaak verskaf as hulle afgegooi is (MBA 26.5.1896: Birthday). Een van die gewildste en moeilikste nommers was "Climbing the greasy pole" waar 'n skaapboud as prys bo-op die met vet besmeerde paal geplaas is (MBA 30.5.1877: Birthday). 'n "Menagerie Race" van sowat 90 meter vir diere is gehou wanneer genoeg deelnemers gevind kon word. Een jaar het 'n skilpad, skaap, aap, rot en vier honde deelgeneem. 'n Hond is as wenner en die aap as naaswenner aangewys (MBA 22.6.1887: Jubilee).


Die nommers was slegs vir die manlike geslag. Toe daar in 1890 egter nie genoeg deelnemers vir die dierewedren was nie, is besluit om dit met 'n wedloop vir meisies te vervang (MBA 27.5.1890: Birthday). Dit was waarskynlik 'n groot sukses, want van die volgende jaar af is wedlope vir meisies gereeld vooraf geadverteer. Die twee 90 meter-wedlope, vir meisies bo en onder tien, was so gewild dat uitdunne gehou moes word (MBA 26.5.1891: Birthday). Mettertyd is die ouderdom van die meisies verhoog: in 1892 na onder veertien jaar (MBA 31.5.1892: Birthday) en in 1894 na onder sestien jaar. By hierdie laaste byeenkoms het selfs vroue aan 'n wedloop van sowat 50 meter deelgeneem (MBA 1.5.1894: Sports; 29.5.1894: Birthday). Dit het moontlik negatiewe reaksie uitgelok aangesien 'n paar jaar verloop het sonder dat enige nommers vir die vroulike geslag aangebied is. In 1898 (MBA 31.5.1898: Birthday) en 1899 (MBA 6.6.1899: Sports) is meisiewedlope heringestel.

Boere van die distrik het geesdriftig aan die verrigtinge deelgeneem. Hulle
Hfst. XI

was soveel fikser as die dorpsbewoners dat die Advertiser dit as onregverdig beskou het en voorgestel het dat sekere nommers slegs vir inwoners moes wees (MBA 2.6.1891: Notes). Die boere het verklaar dat hulle in daardie geval hul eie Koninginsdagbyeenkoms sou hou "and by so doing will show their village cousins that they can be independent and loyal without the aid of those who live in streets" (MBA 16.6.1891: Country Notes). Later in dieselfde dekade was daar weer 'n onenigheid toe boere gevoel het dat hulle uitgesluit word (MBA 30.5.1899: Correspondence; 6.6.1899: Correspondence).

Wit sowel as bruin het aan die byeenkomste deelgeneem. Sekere wedloope was vir "White men" en sekere vir "Coloured men". Van die nommers was vir "All comers". Die bruin mans en seuns het hul naellope gewoonlik vinniger as hul wit tydgenote afgelê (MBA 31.5.1876: Birthday). Van 1898 is 'n aparte byeenkoms vir die bruin gemeenskap "op de heuvel vlakte" aangebied (MBA 31.5.1898), maar daar is nog steeds vir hulle by die Punt-sportbyeenkoms voorsiening gemaak (MBA 31.5.1898: Birthday; 30.5.1899: Birthday).

Die aansienlike bedrag van £25 of meer (MBA 27.5.1890: Birthday; 24.5.1898) is gewoonlik met behulp van kollektelyste vir die pryse ingesamel. Die prysuitdeling het ná afloop van die verrigtinge plaasgevind en van die begin van die negentigerjare is die oorhandiging deur die burgemeesters- of magistraatsvrou waargeneem (MBA 27.5.1890: Birthday; 26.5.1896: Birthday). In 1901, tydens die Anglo-Boereoorlog, het die skare geesdriftiges op die gras voor Point House vergader waar die stoep as verhoog ingespan is. Redakteur McIntyre het die toneel beskryf: "Mrs Vintcent, the mayoress, sat ensconced in a chair, surrounded by the Commander and others of the committee. The Commander then read out and called up the various winners, who all received their exceedingly excellent and well-selected prizes at the hands of the lady who adorned the situation." Nadat drie hoera's etlike male gegee is, het die orkes "Rule Britannia" met "splendid effect" gespeel. Dit is gevolg deur die



Die afgelêë "Point House" waar skares op feesdae saamgedrom het vir die boeresportprysuitdeling. Die vuurtoring is met vlaggies versier en mense verkeer gesellig op die stoep. Voor spel vroue kroukie op die gras. "Mam" Sheard se Ladies School was in 'n stadium hier gehuisves.

Foto: Africana Museum 916.87, met verlof van M. Bull

Britse volkslied "which the concourse accompanied unanimously with rapturous exercise of their voice through two verses, with uncovered heads. The Commander called out for three cheers for the 'King, God bless him', which was taken up in a strain that rent the skies, and was followed by still another cheer of mighty volume. And so ended the joyous function, in which every one evinced that loyal bearing which shows itself in its attachment to the throne of the mighty Empire that embodies the widest ideas of constitutional freedom and hereditary privileges of British subjects", aldus die Advertiser (MBA 12.11.1901: Birthday).

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die offisiere van die Britse leër wat op Mosselbaai gestasioneer was, op Vrydag, 29 Maart 1901, 'n gimkana aangebied vir die gemeenskap sowel as die soldate. Die program het uit boeresport, 'n fietswedren en 'n perdewedren bestaan (MBA 26.3.1901: Gymkhana). Later in die jaar het burgemeester A.I. Vincent 'n soortgelyke geleentheid aangebied (MBA 20.8.1901: Gymkhana). Die Mossel Bay Athletic Club het hulle gedistansieer van die boeresportbyeenkomste aangesien atletiek volgens hulle geen baat daarby gevind het nie (MBA 30.5.1883: Boating).

11.9 "Paper Chasing" (Snipperjag)

Die sokkerklub het in 1881 'n soort veldloop wat as "paper chasing" of "hare and hounds" bekend was, vir die eerste keer op Mosselbaai aangebied. Twee spanne het deelgeneem en die veldloop het 'n bietjie meer as 'n uur geduur (MBA 3.8.1881). Die "hase" het tien minute voor die "honde" weggespring en 'n spoor van papierflenters agtergelaat soos hulle deur die veld gehardloop het. Die "honde" moes agterna hardloop deur die papiersnippers, die "reuk", te volg (EB Mic III 1974: 258). Die veldlope is oor die jare sporadies gedurende die winter aangebied (MBA 28.7.1891). 'n Paar toeskouers het die atlete soms te perd vergesel (MBA 3.8.1881). Veldlopers het as gevolg van hierdie sport

mettertyd as "harriers", 'n klein hondsoort wat hase jaag, bekend geword (EB Mic III 1974: 258).

11.10 Tennis

Tennis het in die Middeleeue in Frankryk ontstaan waar dit as "jeu de paume", palmspel, bekend was aangesien die bal met die palm van die hand geslaan is. Hierdie binnenshuise spel wat tans steeds gespeel word, heet op Engels "real tennis" om dit van die latere spel, "lawn tennis", te onderskei. Laasgenoemde is vroeg in die sewentigerjare in Engeland ontwikkel en reëls is in 1875 in Londen opgestel (EB Mac 18 1974: 131; 137). In die daaropvolgende jaar is dit reeds in Natal op kleibane gespeel (Hattersley 1969: 215) en op Mosselbaai het die groothandelsaak Prince, Vintcent & Co aangekondig dat hulle tennis- en pluimbalbenodigdhede, "Carefully selected and favourably purchased by our Mr. J.S. Prince", van Engeland ontvang het (MBA 22.3.1876). Die nuwe sport het nie dadelik algemeen posgevat nie en in 1880 is dit nog as "a considerable novelty" beskryf. Vyf jaar later was daar egter reeds etlike openbare bane in Kaapstad (Rosenthal 1977: 60).

Die eerste vermelding van die beoefening van dié sport in die Mossel Bay Advertiser was toe 'n berig in 1884 in verband met Riversdale spelers verskyn het (MBA 22.10.1884). Drie maande daarna het twee mans van dié dorp teen twee plaaslike mans te staan gekom (MBA 28.1.1885: L&G). Die aantal spelers het vinnig toegeneem (MBA 1.4.1885: L&G) en vroeg in 1885 is 'n toernooi oor 'n paar weke gespeel. Die vroue-enkelspeltitel is gewen deur mej. Ida Crozier, die siviele kommissaris se dogter, wat minder as 'n dekade later as mev. Murrell die Suid-Afrikaanse vrouekampioen sou word (MBA 3.4.1894; 29.4.1885: Lawn Tennis). Die Mossel Bay Lawn Tennis Club is op 28 Augustus 1885 in die Standard Hotel gestig (MBA 2.9.1885: L&G). Parkgrond vir twee tennisbane is teen vyf sjielings per maand van die Dorpsraad gehuur op voorwaarde dat bome Hfst. XI

aangeplant sou word (MBA 9.9.1885: Municipality). Ses maande later is die parkbane amptelik deur die voorsitter se vrou geopen (MBA 11.11.1885: Tenders).

Redakteur Powrie was 'n groot voorstander van die spel: "At Mossel Bay, as in other parts of the Colony, tennis is fast becoming the most popular of games. And this popularity should be encouraged, for the pastime is one which would appear to be unsurpassed by anything of its kind, from a social and also from a healthful point of view. It is at the tennis courts that members of both sexes may meet and together engage in an exercise which is strong and well sustained without being violent, thus giving it an advantage over any outdoor amusement" (MBA 19.5.1891 Tennis).

Alhoewel daar heelwat vroulike spelers was, was die klub slegs vir mans. Twee dae per week is afgesonder as "ladies days" wanneer lede hul vriendinne kon nooi om te speel (MBA 10.3.1886: Lawn Tennis). Die Mosselbaai-vroue was inderdaad bevoordeel aangesien vroue op Oudtshoorn geensins op klubbane toegelaat is nie (Oudt Cour 9.10.1888: Notes).

In Engeland het tennisdrag vir vroue bestaan uit lang wit wyeromprokke, swart kouse, swart seilskoene en wit strooihoede (EB Mac 18 1974: 132). Op die Suid-Afrikaanse platteland het vroue in gewone dagdrag gespeel. 'n Rubriekskrywer het in die Advertiser gemaan dat hoëhakstewels sleg vir die enkels was en ook die bane beskadig het. "Would it not be a step in the right direction if instead of coming out in dresses, more suited for the drawing room than the tennis court they would appear in nice, light, simply-made dresses? I assure them they would play with more ease combined with elegance", het hy bygevoeg (MBA 22.10.1884). 'n Ander joernalis het verklaar: "One of the most mournful sights that can be seen anywhere in the wide world is a [...] girl playing lawn tennis with a bustle on and high-heeled boots [...] A girl when she is engaged in dancing with one of these bird cages is not so conspicuous, but when it

comes to the open tennis ground in the merciless sun it is very sad. The weapon has a sort of independent motion which gets absolutely rampant at lawn tennis" (MBA 5.8.1885). Met die woord "weapon" bedoel die skrywer waarskynlik dat die hoepelrok 'n soort van martelinstrument was.

Tennisbenodigdhede, soos "Wimbledon Tennis Balls" en "Handicap Rackets", is per stoomskip van Brittanje ingevoer (MBA 18.5.1887). Klubtoernooie is gereeld gehou (MBA 15.12.1886; 21.2.1888: Lawn Tennis; 4.3.1890: Tennis) en in die negentigerjare was gemengde dubbelspelle algemeen (MBA 4.3.1890; 12.12.1893). Dit was een van die min sportsoorte waaraan mans en vroue saam deelgeneem het. By twee geleenthede is teen George meegeding (MBA 31.3.1891: Notes; 19.5.1891: Tennis). Tennis was as toeskouersport gewild en tydens een toernooi is selfs etlike rusbanke langs die bane geplaas (MBA 19.5.1891: Tennis Tour). Met die eeuwending het skoolmeisies van Mosselbaai en George teen mekaar te staan gekom en het die wenner 'n raket ontvang soos dit ook die gebruik by toernooie vir volwassenes was (MBA 3.10.1899).

Een van die redes vir die gewildheid van "this most fashionable of games" (MBA 19.5.1891) was dat 'n tennisbaan maklik in die betreklik beskeie grootte van 'n middelklastuin gebou kon word (Hattersley 1969: 215). Deftige huise was selde sonder 'n baan (De Kock 1955: 75). Van die bane op Mosselbaai was dié by die NG pastorie (MBA 19.10.1887: Tragedy), C.A. Vreede se woning "The Castle" (MBA 18.7.1893), C.W. Noble se woning "Rocklands" (MBA 17.7.1894: Advertensie) en die twaalfvertrekhus van mev. Hudson (MBA 18.2.1902: Advertensie).

11.11 "Rinking"

Die rolskaatgier het soos 'n veldbrand deur die Westerse wêreld versprei nadat die koeëllaerwiel in 1884 gepatenteer is. Voorheen is geskaats met die sogenoemde "rocking skate" wat in 1863 gepatenteer is (EB Mic VIII 1974: 642).

Die nuwe uitvinding het mense in warm klimate in staat gestel om die ysskaatsers van die Noorde na te boots. Die gril het ook vinnig in die Kolonie versprei en bane is oral ingerig, selfs op die kleinste dorpies (De Kock 1955: 92). Op Kimberley is 'n skaatsbaan op die patroon van die Oxford Skating Rink gebou, met kroonkandelare en 'n volledige blaasorkes (Scheffler 1976: 42). Die eerste skaatsbyeenkoms in die Suid-Kaap, 'n "Grand Fancy Dress Carnival", is op 5 Augustus 1892 op Riversdal aangebied en mense het van so ver as Ladismith, Heidelberg en Mosselbaai gekom (MBA 8.8.1892). Later in dieselfde maand is ook op Heidelberg 'n soortgelyke byeenkoms gehou (MBA 30.8.1892).

Op Mosselbaai het H. Bauer, wat van plek tot plek gereis het om rolshaatsbane te open, S.J. Wiggett se winkel (tans W.P. Kelders in Blandstraat) in die Elite Roller Skating Rink omskep (MBA 23.8.1892). Sy advertensie lui: "Gorgeous Decorations! Select Amusement! Courteous Management! Band every night! Rinking is the most fashionable, exhilarating, and pleasureable pastime of the day, and is recommended by eminent Physicians and Divines." Met die opening op Vrydagavond, 26 Augustus 1892, was die gebou versier en die "barnlike appearance was changed into a scene of gaiety". Die lokaal was gepak met "rinkers" en toeskouers (MBA 30.8.1892). Die elite van die dorp het persoonlike uitnodigings ontvang (MBA 23.8.1892).

Toegang was een sjieling vir volwassenes en ses pennies vir kinders. Die huur van die skaatse, waarvan daar tweehonderd paar was, het 'n verdere sjieling beloop (MBA 23.8.1892). Spesiale ure is afgesonder waartydens vroue en kinders les by die bekwame "rinkist"-instrukteur kon neem (MBA 30.8.1892). Om die gemeenskap se belangstelling te behou, is spesiale attraksies voortdurend gereel. Die bestuurder van die baan, "Professor Heynemann, The King of Skaters" (MBA 30.8.1892), wat voor groot gehore in Suid-Afrika en Europa opgetree het, het soms tydens "Grand Exhibition Nights" vertonings van "fancy, scientific, and trick skating" aangebied (MBA 30.8.1892). Een van sy

ELITE ROLLER SKATING RINK.



NOW OPEN TWICE DAILY.

The Grand Spectacular Fancy Dress Burlesque and National Costume

C A R N I V A L

WILL TAKE PLACE ON THE EVENING OF

Friday, 16th September.

There will be dresses, splendid, but fantastical,
Masks of all times and nations, Turks and Servs,
And Harlequins and Clowns, with feats gymnastical,
Greeks, Romans, Yankee Doodles and Hindoos;
All kinds of dresses, except the ecclesiastical,
All people, as their fancies' hit may choose,
Besides these, Shepherds, Sprites and Bœrs,
Will link with Jockeys, Fairies and Giaours.

DAZZLING, **D**RESSY,
ASHI N G, DISTINGUISHABLE,
ELIGHTFUL, DIFFERENTIAL and
ELICIOUS, IVERSIFIED.

AT 8 P.M. SHARP.

GRAND MARCH

Of about 40 Ladies and Gentlemen in
Fancy Costumes!

The Hall will be artistically decorated with Fairy Lamps &c. &c. on the Carnival Night.

THE GRAND CARNIVAL

Will be the most transcendantly brilliant, glittering spectacle ever witnessed in this portion of the Globe, and more than promises to fulfil all the above conditions.

Reserved Seats on this night, 2s; Stands, 1s. 6d.

BOOK SEATS EARLY ON THE PLAN AT THE RINK OFFICE.

DOORS OPEN AT 7 P.M.

This week will be the last of the Season.

H. BRAUER, Proprietor.

'n Advertensie vir 'n luisterryke rolshaatskarnaval wat in 1892 in die "Rink" in Blandstraat aangebied is. Let op die houtsnee-afdruk en die verskillende lettertipes wat vir versiering gebruik is.

(MBA 13.9.1892)

voorstellings, wat voorheen drie weke lank vol sale by die Paryse tentoonstelling getrek het, is ook plaaslik gelewer (MBA 6.9.1892). Die Advertiser het die nuwe sport beskryf as "wisely combining mental delectation with physical recuperation", en het 'n Australiese predikant aangehaal wat rolskaats as die ideale plaasvervanger vir dans gesien het en wat gehoop het dat elke dorpie en kosskool 'n baan sou kry (MBA 6.9.1892).

Bauer het sowat 'n maand ná die opening van die Elite Roller Skating Rink vertrek, ongetwyfeld om elders rolskaatsbane in te rig. Net voor sy vertrek is 'n "Grand Spectacular Fancy Dress Burlesque and National Costume Carnival" (Sien illustrasie) aangebied (MBA 13.9.1892). Die kostuums was "gaudy and fantastic" en die groot mars, waaraan veertig mans en vroue deelgeneem het, was "save for a little blundering", 'n aanskoulike gesig. Onder die fantasiekostuums was daar onder ander dié van 'n Amerikaanse walvisjagter, 'n kadet, "tatters", die nag, en "Folly" (MBA 20.9.1892; 20.9.1892: Notes).

Die baan was hierna onder nuwe bestuur en die toegangsgeld is met die helfte verminder. Skaatse is gratis beskikbaar gestel (MBA 20.9.1892). Hiervan kan afgelui word dat die gewildheid aan die afneem was en dat alles wat moontlik was, gedoen moes word om die publiek te trek. Waar die baan eers daagliks in die middag en aand besoek kon word, was dit ná twee maande, dit wil sê van Oktober, slegs op Woensdagmiddae en drie aande per week oop (MBA 27.9.1892). Hierna word slegs sporadies van rolskaatsery melding gemaak (MBA 9.5.1893; 10.5.1898).

Tydens die Anglo-Boereoorlog is 'n "Rinking Carnival" op 31 Maart 1900 op die tennisbaan by J. Vigne se "palatial residence" teen die heuwel (MBA 7.12.1897) ten bate van gewondes gehou (MBA 27.2.1900). [Die baan] "was in gala costume, being enclosed with bunting of radiant hues tastefully arranged, while Chinese lanterns and fairy lights lit up the scene and imparted quite a captivating

appearance", het die Advertiser geskryf. 'n Orkes het musiek verskaf en die rolskaatsers was in fantasiekostums geklee. Verversingskraampies, 'n grammofoon- en skietkraam en "fairy lights" tussen die bome het verder tot die sukses van die aand bygedra. Die aansienlike bedrag van £33 is ingesamel (MBA 27.3.1900).

Die Loyal Women's Guild het 'n jaar daarna 'n gekombineerde skaats- en fietskarnaval in die Boating Company se nuwe pakhuis aangebied (MBA 18.12.1900). Die groot lokaal met sy ideale asfaltvloer (MBA 18.12.1900) was smaakvol versier met vlae en baniere wat van die dak gehang het. Die orkes van die Oudtshoorn Rifle Volunteer Band het die musiek verskaf waarop die vrolike optog van jongmense, almal in helder kostums geklee, die nommers met "graceful evolutions" aangebied het. Die program was so suksesvol dat dit later herhaal is. Meer as £75 is geïn (MBA 8.1.1901) en die Advertiser het die inwoners vir hul lojaliteit, patriotisme en meegevoel geprys (MBA 8.1.1901).

Volgens die historikus Victor de Kock (1955: 92) het die gewildheid van rolskaats net so vinnig afgeneem as wat dit oorspronklik posgevat het en was dit binne 'n paar jaar weer feitlik vergete.

11.12 Fietsry

Alhoewel Kaapstad se eerste fietsklub reeds in 1880 gestig is (Hattersley 1969: 215), sou amper anderhalf dekade verloop voordat dié nuwe uitvindsel op Mosselbaai algemeen gewild sou word. Die eerste vermelding van 'n fiets in die Mossel Bay Advertiser was in 1882 toe 'n advertensie vir 'n tweedehandse "Matchless" verskyn het. Hierdie fiets was met die jongste verbeterings toegerus, nog nuut en het aan die seun van J.F. Hudson, een van die dorp se invloedrykste sakemanne en Lid van die Wetgewende Raad, behoort (GKH 21.11.1888; MBA 8.3.1882). Daar kan aangeneem word dat dié fiets, wat nog

soliede rubberbande en 'n groot voorwiel en kleiner agterwiel sou gehad het, een van die eerstes op die dorp was. "Penny-farthings", soos hulle bekend gestaan het, is na die grootste en die kleinste Britse kopermunte van die tyd genoem (EB Mac 19742: 982). Gedurende die volgende twaalf jaar is daar slegs twee vermeldings van fietse in die plaaslike blad: 'n advertensie vir 'n driewiel (MBA 12.12.1883) en 'n berig oor twee mans wat in September 1885 met hul "Penny-farthings" onderweg van Kaapstad na Port Elizabeth by die Hartenbosch-tol verbygekom en groot belangstelling uitgelok het (MBA 30.9.1885).

Op 10 April 1894 het 'n groot advertensie van Coote, Noble & Co op die voorblad van die Advertiser verskyn waarin 'n nuwe "first-class Bicycle" met "Dunlop Detachable Pneumatic Tyres" geadverteer is (MBA 10.4.1894). Dié advertensie was so buitengewoon dat redakteur Powrie dit elders in die blad onder die lezers se aandag gebring het (MBA 10.4.1894). 'n Week later het J. Mudie & Co aangekondig dat hulle subagente vir "Humber"-fietse was en dat voorbeeld besigtig kon word (MBA 17.4.1894). Groot verbeterings wat die gewildheid van hierdie vervoermiddel tot gevolg gehad het, is intussen aangebring. Fietswiele was nou middelslag, die voor- en agterwiel ewe groot en die soliede rubberbande is met lugbande vervang (EB Mac 2 1974: 982).

Sowat 'n maand later is 'n fietsresies oor een myl saam met die boeresportnommers vir Koninginsdag geadverteer. Dit sou slegs plaasvind indien drie ryers gevind kon word (MBA 1.5.1894). Dié het hulle wel aangemeld en Mosselbaai se eerste resies is die middag by die Punt gehou (MBA 29.5.1894). Hierna het die gier soos 'n veldbrand versprei en 'n paar maande later was fietsry hoogmode. Die koerant het die stigting van 'n klub voorgestel (MBA 21.8.1894: Notes) en 'n stuk oor die ontwikkeling van die fiets in Frankryk geplaas (MBA 12.3.1895). Mosselbaai se twintig tot dertig fietse is as 'n sieraad vir die dorp beskou. Die Advertiser het geskryf: [Fietsryers] "may be

seen making their evening parade towards the Point and at times there is quite a fine show of machines" (MBA 25.9.1894: Notes). Die Puntpad was, anders as die dorpstrate, met 'n skulplaag bedek en was "a fine piece to spin along aboard a bicycle" (MBA 25.11.1890: Notes).

Die koerant het meermale beswaar aangeteken teen fietsryers wat op sypaadjes gejaag het en dan nog die vermetelheid gehad het om hul klokkies vir "foot passengers" te lui. Die sypaadjes was glad en net soos die Puntpad met skulpgruis bedek wat dit, in teenstelling met die ongelyke strate, 'n "capital track" gemaak het (MBA 25.9.1894: Notes; 19.3.1895). Die voetgangers moes beskerm word (MBA 5.10.1897: Council) en die Dorpsraad het reglemente opgestel. Sypaadjes is verbode verklaar, die snelheidsgrens is op tien myl (16 kilometer) per uur vasgestel en langsmekaarstryery is verbied. Fietsklokkies is verpligtend verklaar en ná sonsondergang ook 'n brandende lamp. Oortreders kon 'n maksimum boete van £5 of drie maande dwangarbeid opgelê word (MBA 9.11.1897: Municipality). Die Raadslede het egter skielik besef dat hulle nie snelheid kon meet nie en het die reglement verander deur te meld dat geen "furious riding" toegelaat sou word nie (MBA 9.11.1897: Supplement). Die fietsryers was ontevrede oor die een-een-ryery en het aangevoer dat die reël nie vir perderuiters gegeld het nie (MBA 16.11.1897: Correspondence).

Volgens die Dorpsraad het fietsryers hulle geensins aan die klousule in verband met "furious riding" gesteur nie en het die polisie ook niks aan die saak gedoen nie. Seuns het "at a frightful rate" en met lewensgevaar vir ander in die park by steil paadjies afgejaag en op vermanings aangevoer dat hulle net soveel reg gehad het om daar te wees as ander. Ongelukke het sporadies voorgekom, veral wanneer fietsryers om hoeke gegaan en voetgangers getref het (MBA 8.8.1899: Town Council; 23.2.1900). Soms is mense ernstig beseer soos toe mev. S.J. Wiggett, vrou van die bekende sakeman, vir meer as vyf weke nie haar normale pligte kon uitvoer nie (MBA 19.12.1899). 'n Piekniekuitstappie het

amper tragiese gevolge gehad toe 'n vroulike fietsryer onder 'n ossewa beland het (MBA 8.1.1901). Met die eeuwending is 'n dogtertjie op die gevaarlike hoek van Kerk- en Blandstraat voor C.W. Black se winkel omgery. Die Advertiser het gewaarsku dat die polisie die municipale reëls voortaan streng en "without respect of persons" sou afdwing (MBA 13.2.1900; 20.3.1900).

Die Advertiser het geesdriftig verklaar: "The rage of the age -- the pleasing mania to go on their way rejoicing on a bicycle --- is effecting a revolution [...]" . Die "machine" is nie net vinnig en daarom uiters geskik vir sakedoeleindes nie, maar verskaf veel genot, ontspanning en "exhilaration": "the delightful sensation of bringing the lower limb muscles into play to greatest advantage, is a pleasure that has to be tasted in order to be realised [...]" (MBA 16.4.1895: Cycling; 31.8.1897: Jottings).

Volgens die koerant was die fiets of "tweewieler", soos die Nederlandse berigte dit genoem het (MBA 9.5.1899), se grootste bate dat dit die inwoners van afgesonderde dorpies in staat gestel het om ander plekke te besoek, met ander mense en menings in aanraking te kom en so van hul kleindorpse engheid ontslae te raak. Die eerste lang rit wat deur Mosselbaaiers onderneem is, was toe twee mans in Januarie 1896 die pad Kaapstad toe aangedurf het en die afstand, swak paaien ten spyt, in slegs drie en 'n half dae afgelê het (MBA 25.2.1896: Trip). Ritte na Oudtshoorn (MBA 16.4.1895: Cycling) en Knysna (MBA 12.4.1898 Jottings; 28.3.1899) is ook onderneem. Sporadiese pogings is aangewend om rekords op te stel. In 1897 het 'n plaaslike jong man die afstand na Groot-Brakrivier, toe sowat 24 kilometer, in 58 minute afgelê. Dit was aansienlik vinniger as die poskar wat twee en 'n kwart uur nodig gehad het (MBA 31.8.1897: Jottings). Die Amerikaanse reisende fietsryinstrukteur C.B. Horne (MBA 13.3.1900) het tydens sy maandlange besoek aan Mosselbaai met sy beroemde enkelhandvatself "Crescent"-fiets na George gejaag. Ten spyte van sterk teenwinde is die afstand van 54 kilometer in slegs 2 uur 29 minute afgelê, 'n gemiddeld van 22,4 kilometer per

uur (MBA 7.11.1899; 14.11.1899).

'n Klub is in April 1899 gestig (MBA 11.4.1899). Alhoewel van die vroue gefiets het, was lidmaatskap hulle nie beskore nie. 'n Geïllustreerde fietsadvertensie wat 'n aantreklike vrou met 'n dun middeltjie op 'n fiets getoon het, het die jaar vantevore in die Advertiser verskyn. Sy dra 'n geveerde hoed en 'n lang rok met groot ballonmoue. Die bewoording lui: "It is a pretty idea for a Lady to Bicycle. It is a Healthful and Happy Exercise" (MBA 28.6.18). Vroue se kleredrag is nie aangepas nie en hul knellende korsette, hoë halse, enkellengte rompe, onderrokke, lang moue en versierde hoede was warm en belemmerend (Joyce 1981: 199). 'n Britse geneesheer wat ook 'n "wheelist" was, het die drag as ongesond en onprakties bestempel, veral wanneer "The wind filled the flowing robes like the sails of a ship and generally hindered progress". Hy het gewaarsku dat vroue daarop moes let dat hulle ooreising nie so goed soos mans kon hanteer nie (MBA 28.8.1894: Cycling). Twee vroue het in dié tyd die muilwa van die kroukiespan na Groot-Brakrivier per fiets vergesel. Die Advertiser het die een vrou, wat die retoerrit oor vier dae versprei het deur halfpad oor te slaap, as besonder verstandig bestempel (MBA 7.12.1897).

Die Amerikaner C.B. Horne het Mosselbaai in Maart 1900 weer besoek om 'n tak van die "Orient Riding School" te stig. Takke het reeds in Kaapstad, Johannesburg, Port Elizabeth, Graaff-Reinet en Uitenhage bestaan (MBA 13.3.1900). Sy assistent, is geadverteer, "solicits the most difficult of pupils". Kreupeles en mense wat hulself as te geset, te oud, of te senuweeagtig beskou het, is verseker dat hulle "without danger or ridicule" kon leer. Privaatheid, veiligheid en deskundige onderrig is gewaarborg (MBA 13.3.1900). Die lesse is op J. Vigne se tennis- en rolshaatsbaan aangebied. Hierdie onderrig het 'n groot toename in die belangstelling vir die sportsoort tot gevolg gehad (MBA 20.3.1900).

Die gewildste fietse op die dorp was "Cryptos", "Humber", "Premiers" en "Schorchers" (MBA 16.4.1895). 'n "Coventry Cross Fast Roadster", die droom van elke ryer, het die reusagtige bedrag van £25 gekos (MBA 26.4.1898). C.W. Black het onder die opskrif: "Latest Novelties", "Knicker Cycling Hose" vir mans geadverteer (MBA 13.12.1898). 'n Ander onderneming het geesdriftig aangekondig: "Hurrah! Hurrah! F. Harries & Co Have actually received Cycle Accessories." Fietsrymantels, voorskote vir "Tradesmen Cyclists", krae en mansjette, soms van kant, vir vrouefietzers en fietsklokkies wat luid genoeg was "to compete with the noisy steamers", is te koop aangebied (MBA 8.5.1900). Selfs die Advertiser-boekwinkel het voordeel uit die gier getrek deur fietse te verkoop en 'n nuwe gepatenteerde uitvindsel met wiele wat die leerling, "however timid and nervous", in staat gestel het om sonder hulp te leer ry (MBA 15.8.1899). Dit was waarskynlik aanvullende wiele wat agter aan die fiets vasgemaak is om dit minder wankelrig te maak. Garlick se winkel in Kaapstad het onderneem om by ontvangs van 'n pennieseël 'n bandligter gratis aan te stuur (MBA 30.5.1899). Heynes, Mathew en Co, wat by apteker Ebenezer Powrie oorgeneem het, het fietsryers gemaan om nooit sonder 'n bottel "Chamberlain's Pain Balm" in hul gereedskapsak te ry nie (MBA 4.11.1902).

Met koningin Victoria se Diamant-jubileumviering op Dinsdag, 22 Junie 1897, het 'n groepie "Bicycle-rijders -- een paar dames en een stuk of acht heeren", 'n banier versierde optog van meer as 'n kilometer lank deur die strate geleid na die Stadhuis. Die "gorgeously decorated machines" is gevolg deur 'n orkes (MBA 29.6.1897).

Die fietsryers het ook tydens die Anglo-Boereoorlog op Mafeking Day met die viering van die bevryding van Mafeking (tans Mafekeng) 'n rol gespeel. Dié gebeurtenis, waarna lank uitgesien is, het plaasgevind op Maandag, 21 Mei 1900. Die fietsoptog het van die parkhekke tot by die Punt in Marshstraat af beweeg

en weer terug. Die fietse was almal in die Britse nasionale kleure versier, "showing great taste in the various designs adopted". Sommiges was ook met vlae en baniere getooi. "Those who bestrode these popular mediums of locomotion were most of them garbed in fancy, fantastic or character costumes, elaborately got-up regardless of expense", het die koerant berig. Marshstraat het gewemel van geesdriftige toeskouers. Die enigste ongeval was toe 'n wiel met 'n knal gebars het (MBA 22.5.1900).

Vier vrouefietsryers het agt maande later as deel van die Loyal Women's Guild se gekombineerde skaats- en fietsrykarnaval (Sien "Rinking") 'n militêre vertoning aangebied. Hulle was, volgens die Advertiser, geklee soos "Our lads in Khaki" en het 'n spesiale kanon te fiets rondgetrek en gemaneuvreer. Toe 'n skoot as hoogtepunt van hul vertoning afgevuur is, het die orkes egter skielik van "Rule Britannia" na "God save the Queen" oorgeslaan en die grootste gedeelte van die gehoor het die saal verlaat onder die indruk dat die vertoning verby was (MBA 8.1.1901).

Die gewildheid van die fiets het nooit afgeneem nie. Die Mossel Bay Advertiser het tereg in die vroeë jare opgemerk dat "Cycling is evidently one of those pastimes which have come to stay; once it catches on, it stays on, and though machines may be fleet, their use cannot be said to be fleeting" (MBA 16.4.1895).

11.13 Gholf

Gholf het in Skotland ontstaan, waar dit reeds voor die middel van die 15de eeu 'n gewilde sport was. Die oudste klub, die Company of Gentlemen Golfers, tans die Honourable Company of Edinburgh Golfers, het van 1745 jaarliks 'n toernooi aangebied. Die Royal and Ancient Golf Club of St. Andrews, Scotland is in 1754 gestig en het saam met die ander klub 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling

van die spel. In Engeland het die sport gewild geword nadat die Royal North Devon Club in 1864 gestig is. Groot-Brittanje se eerste amateurkampioenskap is in 1885 gehou en die eerste Engelse amateurkampioenskap in 1925. Buite Groot-Brittanje is die sport vir die eerste keer in 1829 in Indië gespeel. In Australië is 'n klub in 1870 gestig en in Nieu-Seeland in 1873 (EB Mac 8 1974: 242-244).

In Suid-Afrika is gholf vir die eerste keer in 1885 deur leëroffisiere in Kaapstad gespeel (Hattersley 1969: 215). Die sport het egter eers teen die einde van die 19de eeu in die Kolonie gewild geword (De Kock 1955: 77). Die skrywer R.G. Fall verklaar in sy boek History of golf at the Cape dat die Mosselbaaise Gholfklub in 1906 gestig is (Fall: 31). Manlike inwoners het egter meer as 'n dekade vroeër reeds die sport beoefen. Die St. Blaize Gholf Club is op 7 Februarie 1894 gestig (MBA 13.2.1894), twee jaar ná die eerste Suid-Afrikaanse Amateurkampioenskappe (Fall: 28). In Maart van daardie jaar het die Advertiser berig dat daar baie gespeel word het verklaar: "though the uninitiated may not understand the excitement of the players it is nevertheless very interesting, and a very healthy and rational amusement" (MBA 13.3.1894: Notes). Dit is onbekend tot wanneer hierdie klub bestaan het.

11.14 Vrouehokkie

Daar word geglo dat hokkie die oudste spel in die wêreld is wat met 'n stok en 'n bal gespeel word en dat dit sowat 2 000 v.C. in Persië ontstaan het. Gedurende die Middeleeue is die spel in Frankryk gespeel, waar dit as "hoquet" (herderstaf) bekend was. Dié term is deur die Britte tot "hockey" verengels. Alhoewel die kontemporêre spel van 1875 in Engeland gespeel is, word die jaar 1886 as die ontstaan van die sport beskou aangesien die Hockey Association daardie jaar in Londen gestig is. Die eerste "internasionale" wedstryd is in 1895 tussen Engeland en Ierland gespeel. Hokkie het gou op die vasteland van Hfst. XI

Europa en in Indië verprei as gevolg van die Britse leer (EB Mac 8 1974: 984).

Ook in Suid-Afrika het die sport sy ontstaan te danke aan Britse eenhede wat dit tydens die Anglo-Boereoorlog op Nuweland gespeel het. Die eerste vrouehokkieklub is in 1901 gestig (Joyce 1981: 253). Die vroue op Mosselbaai was gou om die voorbeeld te volg en het 'n eie klub in April van dieselfde jaar gestig (MBA 23.4.1901). Die spel het in daardie jaar ook in die Verenigde State van Amerika posgevat (EB Mac 8 1974: 985). 'n Lang gedig oor vroulike spelers, "An Ode to Hockey", het in die Mossel Bay Advertiser van 22 Oktober 1901 verskyn.

Die plaaslike mans was skepties oor hierdie ruwe sport vir vroue en daar is in feitlik elke berig oor die sport in die Advertiser gespot met die "knockies" of "knocks" wat die vroue opgedoen het (MBA 23.4.1901; 16.7.1901). Ongelukke het wel voorgekom soos toe 'n vrou met 'n stok op die oog geslaan is en steke moes kry. Die blad het hierna gewaarsku dat hokkie gevaaarlik was indien daar nie teen roekeloosheid gewaak word nie (MBA 16.7.1901). 'n Maand ná die stigting van die klub is vir die aardigheid teen die manskrieketspan gespeel. 'n Groot groep toeskouers het saamgedrom om die vroue aan te moedig, maar die mans, wat wandelstokke moes gebruik, het nog steeds daarin geslaag om te wen (MBA 28.5.1901). Hierdie klub se bestaan moes soos vele ander nuwighede op die dorp van korte duur gewees het, want in die daaropvolgende jaar is geen melding van die sport gemaak nie.

11.15 Tafeltennis

Tafeltennis het gedurende die laaste maande van die Anglo-Boereoorlog op Mosselbaai gewild geword. Die spel het vroeg in die 20ste eeu in Engeland ontstaan en is "Ping-Pong" genoem (EB Mac 17 1974: 981). Die "ping-pong", waarna die spel vernoem is, was oorspronklik deel van die ou Skotse vrouedrag - Hfst. XI

- 'n juweel wat aan 'n draad aan die voorkant van die hooftooisel gehang het en wanneer die draer beweeg, geskud het. Dit is soms as "pompom" uitgespreek (MBA 25.2.1902).

'n Groot toernooi, met mans-, vroue- en kinderafdelings (MBA 15.4.1902), is in April 1902 in die Stadhuis gehou. Dit was ten bate van die oorlogsbystandfonds die Heidelberg Relief Fund (MBA 15.4.1902). Toegangskaartjies was vyf aande lank geldig en is teen 'n halfkroon verkoop (MBA 22.4.1902). Die Stadhuis was met vlae versier. By die verversingstafel was "a bevy of graceful maidens, who as Hebe's were brightly engaged in their duty of dispensing dainties of various kinds [...] other maidens vended buttonholes, etc., to those who chose to be decorated by fair hands of merry damsels", het redakteur McIntyre fleurig berig (MBA 29.4.1902). Die magistraatsvrou het die toernooi afgesluit met die oorhandiging van die pryse en 'n "neat little speech in her usual lively and sparkling style". Die aansienlike bedrag van £35 10s is aan die bystandsfonds gestuur (MBA 6.5.1902).

'n Klub, vir manlike sowel as vroulike spelers, is op 7 Mei 1902 vir die winterseisoen gestig. Klubbyeenkomste is in die Stadhuis gehou (MBA 8.7.1902).

12. GEORGANISEERDE VRYETYDSBESTEDING

Inwoners was feitlik volkome vir hul vryetydsbesteding op eie inisiatief aangewys. Die verenigings wat op Mosselbaai gestig is, kan in twee groepe verdeel word -- dié wat dit ten doel gehad het om op te voed en dié wat hoofsaaklik op vermaak ingestel was.

12.1 Biblioteek

Die Victoriane was geesdriftige lezers van ernstige leesstof. Daar is hoofsaaklik gelees om te leer -- van die wêreld om hulle en sy inwoners. 'n Magdom leesstof, wat oor enige onderwerp onder die son gehandel het, is in hierdie tyd gepubliseer (Altick 1973: 63-64).

Die gedagte om 'n biblioteek op Mosselbaai te stig, het in Oktober 1856 ontstaan by 'n groepie vooraanstaande inwoners, waaronder ds. T.J. van der Riet. Sowat 35 mans het ingeteken en die biblioteek is kort daarna op 3 November in 'n ongebruikte winkelvertrek geopen. Sewe Kaapse koerante, ses Britse koerante en tydskrifte en 'n klompie boeke is beskikbaar gestel. Die "literary meetings", waar lesings gelewer is, kon deur die gemeenskap bygewoon word (SA Comm Advt 20.11.1856: Mossel Bay). Die boekery is twee jaar later verhuis na die gebou wat pas as municipale kantoor en leeskamer opgerig is. Die nuwe biblioteek is op 20 Oktober 1858 formeel geopen (Argus 30.10.1858: District). Die geboutjie, op die Markplein (Sien Municipale geboue), is tans 'n anneks van die Bartolomeu Dias-museum.

Die ledetal het in die vroeë sewentigerjare so afgeneem dat redakteur Adlard die biblioteek in November 1874 beskryf het as "a disgrace to a town so

prosperous and important as we are continually being reminded Mossel Bay has now become". Hy het die gebrekkige belangstelling aan die biblioteeklokaal toegeskryf: "A place of common resort for all kinds of business is not exactly the best or most pleasant for quiet study, or even for the mere enjoyment of reading. Surely it would not be a work of too much difficulty, in the present prosperous condition of our town, to build a small, neat room" (MBA 4.11.1874: Hoofartikel). Die stadsvaders het in die volgende week besluit om nog 'n verdieping op die gebou aan te bring (MBA 11.11.1874: L&G), maar dit was waarskynlik nie moontlik nie. Die leeskamer is nog dieselfde jaar gesluit (Anoniem 1957: 73).

Die biblioteek is twee en 'n half jaar daarna onder leiding van die jong resident-magistraat George Hudson en ds. I.G.J. Horak herstig (MBA 23.5.1877; 12.7.1892: Library) en op 15 Augustus 1877 in John Cairncross se gebou in Kerkstraat geopen (MBA 1.8.1877). Die lokaal was nie sentraal genoeg nie (MBA 4.9.1878: Hoofartikel) met die gevolg dat die biblioteek twee jaar later weer teruggeskuif het na die geboutjie op die Markplein (MBA 18.6.1879: Municipality; 6.8.1879). Die nuwe Stadhuis is toe pas voltooi en die munisipaliteit het na dié gebou verhuis.

Niemand het in die biblioteek toesig gehou nie. Lede was veronderstel om in 'n boek aan te teken wanneer hulle leesstof verwijder het. Elke lid kon twee boeke en een tydskrif op 'n keerleen (MBA 29.4.1885: Correspondence) wat aan gesinslede, maar nie aan ander nie, bekikbaar gestel kon word. Die reëls is gedurig verbreek en die ere-sekretaris, dr. Thomas Kitching, teken jaar ná jaar in die koerant beswaar aan. Lede het versuim om hul boeke aan te teken, die getal oorskry, boeke aan nie-lede beskikbaar gestel, koerante weggedra en ook die biblioteek in 'n slordige toestand agtergelaat. Kinders het veral op reëndae die kamer as speelplek gebruik en dan die boeke verniel en 'n lawaai gemaak (MBA 5.11.1879: L&G; 16.7.1884: Library; 14.7.1891: Library; 12.4.1892: Hfst. XII

Correspondence).

Boeke is 'n paar maal per jaar van Engeland bestel en lede is deur middel van die Advertiser genooi om voorstelle in te dien (MBA 21.4.1880; 15.2.1882; 6.9.1882). Daar is geesdriftig na die koms van die werke uitgesien; "the advent of a new batch of books to the library is hailed with delight", het die rubriekskrywer van "Notes by the Way" geskryf. Nuwe aanwinstes moes 'n week lank ter insae op die tafel lê voordat dit uitgeneem kon word. Lesers kon dikwels nie hul ongeduld beteweel nie en het die boeke wederregtelik verwyder. Ander het weer op die eerste oggend vroeg tou gestaan om die eerste keuse te hê (MBA 15.11.1892: Notes). In die sewentigerjare, en waarskynlik ook daarna, was daar slegs Engelse boeke (MBA 11.11.1874: Nieuws). Ná die herstigting is die boeke in vyf afdelings ingedeel: (a) geskiedenis, biografieë en reis; (b) wetenskap, kuns en literatuur (c) algemene werke (d) fiksie (e) naslaanwerke (MBA 18.9.1878: Correspondence).

Die biblioteekgebruikers het hul eie katalogusse aangehou. Met die aankoms van 'n nuwe besending is die titels met hul nommers in die koerant geplaas sodat lesers hul boeklyste op datum kon bring (MBA 28.11.1883; 20.2.1884; 30.4.1884). In Julie 1888 was daar reeds 3 771 boeke. Die koerant het die 51 lede ingelig dat: "The Committee have had a complete alphabetical catalogue of books prepared, so that reference to any work on the shelves can be easily had" (MBA 24.7.1888: Library).

In 1893 is 'n stuk grond vir 'n nuwe biblioteekgebou, tussen die Klipkerk en Marshstraat, van owerheidsweë aan die komitee toegeken (MBA 18.7.1893: Library). Daar is reeds sewe jaar vroeër om dié perseel aansoek gedoen, maar die Dorpsraad het die versoek teengestaan aangesien hulle gemeen het dat al die onbebonde grond as pleine behou moes word (MBA 12.5.1886: Council; 2.8.1891: Council). Die nuwe gebou, wat deur "Mr. Baker of Cape Town" (later sir Hfst. XII

Herbert) ontwerp is, is op 28 September 1894 deur sir Thomas Upington, regter van die Rondgaande Hof, ingewy (MBA 2.10.1894: Library). Die "architectural design and commodious accommodation, together with its fittings and equipments in the shape of books, furniture and other advantages" was 'n sieraad vir die dorp (MBA 16.1.1900: Presentations). Die meubels, onder ander die massiewe eiketafel, is van Engeland ingevoer (MBA 28.5.1901: Brokkie).

Die kinderprobleem is nie met die ingebruikneming van die veel ruimer lokaal opgelos nie. Die Advertiser het berig dat "the Library was made a resort by children, who played about the rooms and put the place in disorder" (MBA 14.7.1896: Library; 11.10.1898: Brokkie). Die eerste voltydse bibliotekaris, mej. Norina James, is in Julie 1899 aangestel om die orde te handhaaf (MBA 25.7.1899: Brokkie). Tot toe is die leeue-aandeel van die werk deur dr. Kitching en sy dogter Mary gedoen. In Januarie 1900 is 'n geïllumineerde adres en 'n buitengewoon aantreklike Amerikaanse orrel aan die geneesheer, wat "passionately fond of music" was, oorhandig en 'n borspeldhorlosie aan sy dogter. Dr. Kitching het Mary se geskenk namens haar ontvang aangesien sy te skaam was om die oorhandiging by te woon (MBA 16.1.1900: Presentations).

Die Baker-biblioteek was op die hoek van Kerk- en Marshstraat in 'n tuin geleë. Dit was 'n L-vormige enkelverdieping met staandak en gewels aan die ent van elke vleuel. Daar was 'n houtbalustrade met houttraliewerk en 'n klein veranda op die voorstoep. Die vensters was langwerpige Victoriaanse skuifraamvensters met langwerpige Franse buiteluike. Die gebou, wat van gedresseerde klip was, is in 1965 gesloop.

12.2 Young Men's Mutual Improvement Society

Gedurende die Victoriaanse Tydperk is groot klem gelê op selfonderrig en lede van die werkersklasse het op hul eie gelees en gestudeer. Institute is gestig Hfst. XII

waar mans musiekuitvoerings en letterkundige voordragte kon bywoon en na lesings oor byvoorbeeld die letterkunde, ou beskawings en reis kon luister (Altick 1974: 255-258).

Op Mosselbaai is so 'n vereniging, die Young Mens's Mutual Improvement Society, reeds in 1860 gestig. Die lede het weekliks gedurende die wintermaande vergader om te debatteer en essays voor te lees (Overberg Cour 7.3.1860). Redakteur Francis McIntyre was in die vroeë sewentigerjare penningmeester tydens sy verblyf as skoolhoof (MBA 7.2.1871). Die vereniging het later doodgeloop, maar is in 1886 herstig as die Mossel Bay Young Men's Institute. Onder die voordele wat lidmaatskap ingehou het, is die volgende genoem: "Friendly Intercourse, Social Recreation, Mental Improvement, Good Reading Room, Chess, Draughts, Harmonic Meetings on Saturday Nights, Good Library" (MBA 8.12.1886: Advertensie). Die ledetal was binne 'n maand reeds oor die sestig. Die minimum ouderdom was sestien jaar en die ledegeld 3d. per week. Die "Institute" se kamers was daagliks (behalwe Sondae) van sesuur sogrens tot halfelf in die aand oop (MBA 12.1.1887). 'n Groter klubhuis, wat ook bagatel-, kaart- en skaakkamers gehad het, is op 2 Februarie 1887 met 'n Smoking Concert geopen (MBA 9.2.1887: Institute).

Die jong mans het gedurende die volgende sestien jaar, afgesien van hul gewone bedrywighede, ook sporadies konserte aangebied en in 1888 'n Exhibition of Local Industries and Art (MBA 14.2.1888: Christys; 6.11.1888; 28.1.1890: Brokkie; 23.6.1896: Institute). Die vereniging het waarskynlik ontbind want die biljarttafel, kaarttafels, hanglampe en ander meubels is in Maart 1902 opgeveil (MBA 25.3.1902: Sale).

12.3 Mossel Bay Literary and Debating Society

Die Mossel Bay Debating Society was in 1866 volgens die George Advertiser reeds Hfst. XII

agt jaar bedrywig (26.4.1866: L&G). Wanneer dié vereniging doodgeloop het, is onbekend, maar dit is in Mei 1877 herstig (MBA 30.5.1877: L&G) en het vir 'n jaar of twee bestaan. Op 5 Julie 1879 is die Literary and Debating Society gestig wat tot aan die begin van die negentigerjare bestaan het (MBA 2.7.1879: Notice; 6.8.1879). Die vereniging was volgens die president, die onvermoeide dr. Kitching, meer as net 'n debatsvereniging. "This is essentially a Mutual Improvement Society", het hy verklaar (MBA 7.7.1880: Debating). Lesings is gereeld gehou en van 1881 is lede sporadies toegelaat om vriende, ook vroue, na sommige van dié aanbiedinge te nooi (MBA 18.5.1881). Die skrywer van die rubriek "Odds and Ends" het ná die eerste van hierdie geleenthede van die groot sukses berig: "Upward of a hundred attended, the majority being ladies, and the greatest interest in the proceedings were manifested. [...] I think it would be a good thing if the public were sometimes admitted, to the debates, of course not indiscriminately, but as on Monday last, every member having the right of admission for two friends. But outsiders ought not to vote, or even to display their sympathies in any way [...]" (MBA 23.3.1881: Odds). Vier jaar later is vroue ook soms na 'n debat genooi (MBA 26.8.1885: L&G; 9.9.1885) en ses jaar later selfs een keer om essays in te skryf. Die beste is namens die wenners voorgelees (MBA 4.5.1887: L&G). Die vroulike geslag is egter nooit as lede toegelaat nie. Op Oudtshoorn kon vroue in 1888 reeds by die debatsvereniging aansluit alhoewel hulle nie aan die tennisklub, soos op Mosselbaai die geval was, kon behoort nie (Oudt Cour 14.8.1888: Notes; 9.10.1888: Notes).

Die volgende onderwerpe is enkeles waaroor in die vroeë tagtigerjare gedebatteer is: "Whether compulsory education would be beneficial for this Colony" (MBA 24.3.1880: L&G), "Whether the use of medicine has been a blessing to mankind or not" (MBA 22.9.1880), "Ought women to have a vote in the election of members of Parliament?" (MBA 6.7.1881: Debating) en "That the mental capacities of the sexes are equal" (MBA 6.8.1884: L&G). Dit is opmerklik dat

alhoewel die meerderheid van die lede gemeen het dat mans en vroue ewe intelligent is, slegs 4 uit 26 gedink het dat vroue die stemreg moes verkry.

Die vereniging het in die tagtigerjare 'n tydskrif uitgegee (MBA 22.10.1889: 2de Hoofartikel) en sporadies konserte gehou (MBA 6.10.1886: Advertensie; 28.5.1889: Concert). Hul grootste triomf was die "Conversazione" wat hulle in September 1883 gereël het. Dit was die eerste keer dat Mosselbaai hierdie "very friendly and pleasant style of entertainment, so much in vogue at home" beleef het. Die Stadhuis was vir die geleentheid versier en allerlei interessante, kosbare en rare artikels, wat op die dorp bekom is, is op tafels uitgestal. Daar was onder meer 'n Duitse koerant van 104 jaar oud, 'n Vrymesselaarsvoorskoot van oor die 200 jaar, elektriese klokkies en 'n telefoon, modelle van seilskepe, 'n groot stuk kamfer, 'n Sjinese swaard, 'n paar Sjinese vroueskoele van 10 centimer lank, wierookbranders en 'n stuk marmer wat uit die ruïnes van die kerk in Efese verwyn is. Besoekers kon met verskeie stereoskope "really first class photographs of London and Paris" bewonder, toekyk hoe Percy C. Powrie, seun van die apteker, chemiese eksperimente uitvoer of die tafel besoek waar dr. Key "many and wondrous specimens" onder verskillende soorte mikroskope aan die skare vertoon het. 'n Kort musiekprogram is aangebied (MBA 26.9.1883: Debating). Die geleentheid was so 'n groot sukses dat die debatsvereniging nog twee van hierdie gesellighede in die tagtigerjare aangebied het (MBA 23.9.1885; 10.4.1888). Op Port Elizabeth is die eerste "Conversazione" reeds in 1861 gehou. Dit was moontlik die eerste in die Kolonie. Ook daar is veral klem gelê op antikwiteite en Oosterse artikels. 'n Elektriese battery is vertoon en mikroskope was vir die gebruik van die gaste beskikbaar (Redgrave 1947: 282-283).

Die Literary and Debating Society het aan die begin van die negentigerjare doodgeloop (MBA 19.1.1892: Notes). In 1896 is dit herstig, maar is weer eens twee jaar later dood (MBA 31.3.1896: Debating; 28.6.1898: Correspondence).

12.4 Toneelverenigings en opvoerings

'n Amateurtoneelvereniging is in 1867 gestig (GA 18.7.1867: Mossel Bay) en opvoerings is gereeld in 'n houtskuur naby Bland's Jetty aangebied (GA 27.8.1868: L&G; MBA 31.8.1897: Jottings). Daar is skertsend verwys na die gebou as "our Theatre Royal, Mossel Bay" (GA 27.5.1869: Mossel Bay). Die vyftienjarige Agnes Vintcent (die latere mev. John X. Merriman) het dikwels in 1869 in briewe verwys na hierdie aanbiedings waaraan sy ook deelgeneem het. Die lokaal was besonder ongeskik; sy vertel van een van die opvoerings: "it was a dreadfully boisterous night, and we could hear nothing of the first piece, the tiles of the roof made such a noise and the sea was so stormy [...]" . Die Christy Minstrel-vertonings, wat gereeld deur 'n groepie mans aangebied is, was volgens haar swak, "but Papa said we had better attend it as they get so discouraged if the people do not go", skryf sy aan haar swaer Adriaan van der Bijl (SAB: MSC 512: 20.5.1869; A Vintcent -- M. van der Bijl, 24.7.1869). "The thanks of the inhabitants are certainly due to the members of this club for creating some little amusement, for, I assure you, it is very much needed in this place", het die plaaslike korrespondent in die George Advertiser berig (13.5.1869: Mossel Bay).

Christy Minstrel-vertonings was, soos oral in die Kolonie, uiter gewild en is deur die jare dikwels aangebied. Dit was 'n unieke en nuwe soort vermaaklikheid wat in Amerika ontstaan het. Daar word beweer dat E.P. Christy die eerste groep in 1842 in Buffalo georganiseer het. Die deelnemers se gesigte is met gebrande kurk swart gemaak en groot wit lippe is opgeverf. Hulle het tradisioneel 'n styfpassende gestreepte broek en baadjie en 'n wit keil of strooihoed gedra. Die artieste het in 'n halfsirkel op die verhoog plaasgeneem met 'n leier in die middel en twee mans aan die ente. Dié twee het onderskeidelik as "Tambo" en "Bones" bekend gestaan omdat die een die

Hfst. XII



卷之三

**AND OFFICIAL GAZETTE FOR THE DISTRICTS OF
George, Mossel Bay, Knysna, Oudtshoorn, Riversdale, and**

II - № 108

**W. J. VREEDER & CO.,
LLOYD'S AGENTS,
GENERAL MERCHANTS
AND SHIPPING
FORWARDING AGENTS,
MOSSEL BAY.**

WARE, BRUNS, & CO.,
MOSSEL BAY,
GENERAL MERCHANTS,
COMMISSION AND SHIPPING AGENTS
IMPORTERS
every description of Merchandise,
BUTTS AND EXPORTERS
of Coal, China, Ostrich Feathers, and every

COLONIAL PRODUCE.

THE Undersigned are prepared to make illegal Cash Advances on account of all descriptions of property for sale here, or for realization in England, America, or Continent.
MATE BRUNS, & CO.
UYSWEN, MULLER, & CO.
GENERAL COMMISSION MERCHANTS

AND SHIPMENT AGENTS, ETC.
MOSSEL BAY.

IMPORTERS
every description of Merchandise
at the Market Rates given for Wool,
High Grade Ostrich Feathers, and all other
Products of Colonial Manufacture,
as well as a full range of Colonial Products.
For Agents for the P. & G. Fire and Marine Assurance
Company of Port Elizabeth, embracing both
land and Marine Risks.

ALFRED JONES & CO.
MERCHANTMEN,
PORT ELIZABETH.

Subscription, In Town—10c per annum, in the Country, including postage—12c. PAYABLE IN ADVANCE.

Subscription, In Town—10c per annum, in the Country, including postage—12c. PAYABLE IN ADVANCE.

George, Mossel Bay, Knysna, Oudtshoorn, Riversdale, and Swellendam.

CAPE OF GOOD HOPE, WEDNESDAY, AUGUST 13, 1828

Buyskes, Muller, & Co.

ANDREW TAYLOR

A splendid assortment of OROOKENSKY. In Plates and Soup Plates, Cups and Saucers, Bowls, Jugs, Toilet Sets, Ewers and Basins, Vegetable Jugs, in sets and single pieces.

Linen Services Large and Small
Breakfast Services in good serviceable patterns,
Breakfast Services in White China with gold edge comp.
Assorted Crates containing Cups and Saucers, Dishes,
Bowls, Ewers and Basins, and Jugs

Bass's Ale, No. 4 in Hhd
Guiness's Stout. do.

Bau's Ale, in quarts and pints, Guiness's Stout, in quart and pint cans, Boord's Ginger Brandy, 1 doz. cases, Liqueurs, in 2 flasks (cheap) French Brandy, in $\frac{1}{2}$ flasks

HARDWARE:

Avery's Weighing Machines to weigh 700 and 1,000 lb.

IN terms of Act No. 4 of 1895, we
in the several Districts of
George, are hereby invited to nominate
in writing, Candidates for the representa-
tive of their respective constituencies
in the Division of Port Elizabeth.
The Nomination must be made in
writing, Candidates for the representa-
tive of their respective constituencies
in the Division of Port Elizabeth.
The Nomination must be made in
writing, Candidates for the representa-
tive of their respective constituencies
in the Division of Port Elizabeth.

'n Advertensie vir die opening van die nuwe Stadhuis deur die bekende kunstenaar Charles Lascelles. Hy het onder ander in Australië, Indië en Amerika opgetree.

Lascelles is vier jaar later oorlede.

tamboeryn en die ander beenkastanjette bespeel het. Die vermaaklikheid het bestaan uit sang, dansies, gebabbel in die Negerdialek en ook instrumentale musiek uitgevoer op die banjo, viool, beenkastanjette en tamboeryn. Die aanbiedings het van uitgelate lewenslustigheid en eksotiese bekoring gespreek hoewel dit soms 'n bietjie sentimenteel of kru kon wees (Scheffler 1976: 128-129). Dit was besonder geskik vir amateurs aangesien dit goedkoop was om aan te bied: geen rekvisiete is benodig nie en slegs eenvoudige instrumente. Die swart gesigte het ook gehelp om die onaantreklike en die ontalentvolle te verbloem (Hern 1967: 145).

Die Southern Cross Amateur Minstrels, wat hul eerste konsert in Mei 1882 gehou het, het gedurende die tagtigerjare sporadies opgetree (MBA 25.5.1882; 6.12.1882; 9.5.1883; 18.8.1886). Ook die Seunskool het in die negentigerjare 'n groep gehad, die Juvenile Blackbirds, wat heelwat geld vir die skool geïn het (MBA 30.9.1880; 6.9.1892: Advertensie; 30.6.1896: L&G). Selfs 'n groepie vroue, die Magpie Minstrels, het in November 1898 'n vertoning in die Stadhuis gelewer. Hierdie "triumphant and brilliant success" is deur die burgemeester vrou, mev. Alwyn Vintcent (dogter van dr. Kitching), georganiseer. Redakteur McIntyre skryf: "The lady Magpie Minstrels presented an exceedingly pretty appearance in their charming costume of black relieved by white colarettes and white pom-poms, while their coquettish tall conical head-dresses of black with white, tapering to a point, set off their attractions with a chic that was positively entrancing. They all looked so pretty and sang such pretty, lively and taking pieces, which were listened to with rapt appreciation, and inspired exquisite delight". Een van die Powrie-dogters het ook deelgeneem (MBA 8.11.1898: Minstrels).

Die vele amateurvoerings, wat deur die jare ter fondsinsameling aangebied is, is deur individuele lede van die gemeenskap gereël. 'n Musical and Dramatic Society is in 1900 gestig (MBA 29.5.1900), maar het sowat 'n jaar later weer

TOWN-HALL, MOSSEL BAY.

Grand Extra Night and Farewell
Performance,

Friday next, 26th August.

MR. CHAS. DU-VAL,
The celebrated Entertainer and Humorist, has
the honour to announce a final Performance as
above prior to his departure per S.S. Pretoria for
England, on which occasion a special programme
will be presented embracing a number of Musical
and other Novelties, some of the most popular of
his "Odds and Ends" characters, and the Lyrical
Legende of Littel Bynkes; the Trial Scene of
Bardell vs. Pickwick with Mr. Sergeant Buzfuz's
oration for the plaintiff; an entirely new Topical
Song, with amusing local allusions; and the
Maguificent Irish Poem

S H A M U S O ' B R I E N,
A Tale of '98,
And the Melo-Drama of

Five Acts in Five Minutes!

In which Mr. DU-VAL will give his mimical representa-
tion of the modern style of Mele-Drama, introducing
the salient features and points of the Leading Actor,
the Heroine, the Walking Gentleman, &c., with ex-
planatory observations and interpolations. A Drama
of Thrilling Interest!—Hairbreadth Escapes!!—Ter-
rific Struggles!!!—Breathless Dénouement!!!!

DRAMATIS PERSONÆ.—Angelicarinella, the Heroine;
Hubert the hollow-eyed, the Villain; Villani, the Italian
—his creature; Fitz-plantagnet, the Lovyer; Jack
Boomstay, his nautical friend; Cave Canem, his dog.

Act 1. The Smuggler's Cave!—Act II. The Deck of
the Roaring Thunder!!—Act III. The Pirate's Lair!!!
—Act IV. Not the Pirate's Lair!!!!—Act V. The Pre-
cipice and the Ravine!!!!—Tableau, Virtue, as usual,
triumphant!

Families and Nurses may witness this Drama without
hesitation, as the Plot is *not* taken from the French

MR. ALBERT GERARD THIES,

the eminent young American Pianist, will play
Military Polonaise—Chopin; **Venetian Barcarolle** (2)
—Mills; **Cuban Dance** (Chici Pipi Nini)—Hoffman;
and (by request) **The Last Hope** (a Story of a Broken
Heart).

Doors open 7.30. To commence at 8.

**Reserved Seats, 4s. Unreserved, 2s. Children
under twelve, 2s. and 1s.**

Plan of Seats at **Mossel Bay Advertiser** Office and
"Standard Hotel." Plan now open.

'n Advertensie vir Charles Du
Val se afskeidskonsert voor sy
vertrek met die S.S. Pretoria
na Engeland. Hierdie beroemde
kunstenaar, wat dikwels voor
adellikes opgetree het, is agt
jaar later dood toe hy tydens
'n konsertreis in die Rooi See
oorboord gespring het. Let op
die vermelding dat die op-
voering geskik is vir gesinne
(MBA 24.8.1881).

doodloop. Die rubriekskrywer van "Notes by the Way" hetismoedig verklaar: "it is as usual -- the want of more 'go' in the young men of the place. The ladies are not to blame. They are strong in numbers and gifted in the arts" (MBA 10.11.1891: Notes). Alhoewel meer besoekende kunstenaars Mosselbaai in later jare aangedoen het as in Agnes Vintcent se tyd, was amateurproduksies steeds noodsaaklik om die "monotony of every day life", soos die Advertiser dit gestel het, te verlig (MBA 1.11.1898: Minstrels).

Dit was eers van die sewentigerjare, met die ontstaan van potensiële gehore op die Diamantveld, vir geselskappe die moeite werd om selfstandige toere na Suid-Afrika te onderneem (Du Toit 1988: 29). Heelwat van die professionele geselskappe wat op Mosselbaai opgetree het, het met die skip aangekom of ná 'n reis van hierdie hawe vertrek (MBA 11.3.1874; 15.5.1888: Remenyi; 10.1.1893: Bevan's). Die gemeenskap was dus op dié manier bevoorreg om buitelandse instrumentaliste, sangers en geselskappe, wat hulle andersins miskien nie beskore sou gewees het nie, te kon sien optree. Van die bekende kunstenaars wat die dorp in die sewentigerjare besoek het, was: die Harvey-Dougherty-Braham-Leslie Minstrels (MBA 11.3.1874), die Harper-Leffler Co (MBA 11.8.1875: L&G), die sanger madame Anna Bishop, Charles Lascelles (MBA 7.6.1876), die Shakespeare-kunstenaar Boothroyd Fairclough (MBA 30.8.1876), Grace Egerton (MBA 24.7.1878) en Professor Lover and the Cassandras (MBA 7.5.1879). In die tagtigerjare was daar onder meer Lyndon's Operetta and Concert Party (MBA 17.10.1883) en die Hongaarse vioolspeler Eduard Remenyi (MBA 15.5.1888). Die negentigerjare het die koms van groter geselskappe gesien: die Jubilee Singers van Amerika (MBA 16.6.1891), Miss Emilie Bevan's Comedy Co met dertien artieste (MBA 20.12.1892), The Eric Wards Operatic and Drawing Room Entertainment Co (MBA 17.1.1893), The Searelle Variety Co (MBA 2.7.1895) en Mr Joseph Ashman's Comedy Co met elf kunstenaars. Laasgenoemde het onder andere "The Success of the Century, Charley's Aunt" en die bekende East Lynne opgevoer (MBA 21.9.1897). Heelwat van hierdie kunstenaars was professioneel uit die boonste

PROFESSOR SAKARALA

WILL GIVE HIS

GREAT ENTERTAINMENT IN THE TOWN-HALL,

ON

Wednesday, Thursday, Friday, and Saturday Evenings.

PROFESSOR SAKARALA

Will appear for the first time in Feats of Legederman
which have never been seen in the Colony before.

COME AND SEE THE

WONDERFUL CHILD,

Three Years Old, Juggling in the Air, with the assistance
of Professor Sakarala.

MADAME SAKARALA,

The most wonderful Pantomimist ever seen in South
Africa.

Tickets can be had at the *Advertiser* Office, where the plan may be
seen; also at the Standard Hotel and Town-hall.

Prices: Reserved Seats, 3s. ; Second Class, 2s.

DOORS OPEN AT 7:30, TO COMMENCE AT 8.

'n Advertensie vir die optrede van die towenaar
professor Sakarala, bygestaan deur madame Sakarala
en 'n driejarige kind.

(MBA 28.2.1883)

rakke. Madame Anna Bishop, 'n Britse sangeres wat op haar dag wêreldberoemd was, het in Skandinawië, Rusland, Oos- en Wes-Europa en in Noord-Amerika opgetree. Eduard Remenyi, die Hongaarse violis, was voorheen die hoofvioolspeler aan die hof van die keiser van Oostenryk sowel as dié van koningin Victoria. Hy was 'n student en vriend van Franz Liszt. Baie van die kunstenaars, byvoorbeeld die beroemde Charles Du Val, het voor adellikes opgetree (Scheffler 1976: 105).

Verskeie towenaars het Mosselbaai aangedoen. Van die bekendstes was Professor Bushell (MBA 7.3.1877); Professor Henri Braham (MBA 25.9.1878), Professor Sakarala (MBA 28.2.1883), Professor Anderson, The Great Wizard of the North (MBA 28.1.1890), Professor Dunning (MBA 22.9.1891), Chevalier Bosco, the Wizard of the World (MBA 24.8.1897). Heelwat van hierdie goëlkunstenaars het ook op die Diamantveld opgetree (Scheffler 1976: 51).

12.5 Mossel Bay Choral Society en Mossel Bay Glee Club

Musiek het 'n belangrike plek in die lewe van die Victorianе ingeneem. Daar is saans gereeld tuis op die klavier gespeel en een van die huisgenote het gewoonlik ook gesing. Die klavier is reeds vroeg in die 18de eeu uitgevind, maar dit was aan die Industriële Revolusie te danke dat dit redelik goedkoop vervaardig kon word (Phillips 1878: 92). Die Mossel Bay Musical and Literary Society, waaraan vroue sowel as mans kon behoort, is aan die einde van 1874 gestig (MBA 25.11.1874: L&G). Of hierdie vereniging ooit op dreef gekom het, is te betwyfel aangesien dit nie voorkom asof hulle ooit musiekuitvoerings gegee het nie.

Die volgende musiekvereniging, waar dr. Kitching die leiding geneem het, het egter vir meer as 'n dekade bestaan en aktief meegehelp om die leemte op die gebied van opvoedkundige vryetydsbesteding te vul. Die Mossel Bay Choral



TOWN HALL
"To-night and To-morrow
**PROFESSOR ANDERSON'S
ENTERTAINMENT.**
The Floating Lady.
THE EIFFEL BEAUTY
**MISS BLANCHE GRANVILLE IN
HER VOCAL REPERTOIRE.**
Admission 2s., Reserved Seats 4s.
Plan at "Advertiser" Office and Standard Hotel.
COMMENCE AT 8 P.M.

'n Houtsnee-afdruk van professor Anderson, "the Great Wizard of the North", met gewakste snor. Sy medekunstenaar Blanche Granville, het onder andere "The Eiffel Beauty" uitgevoer (MBA 21.1.1890).

Society is op 8 Julie 1881 met veertig lede gestig (MBA 15.6.1881; 6.7.1881: Advertensie). Die eerste uitvoering, met W. Mitchell as dirigent, het sowat twee maande later in 'n gepakte Stadhuis plaasgevind (MBA 14.9.1881). Die instrumentale septet van die vereniging het bestaan uit twee viole, twee fluite, 'n tjello, 'n kornet en 'n klavier. Veral sir H. Bishop se "glees", soos "Now by Day's Retiring Lamp" en "Daughter of Error" was gewild. By een geleentheid is vyf van hulle uitgevoer. Voorbeeld van ander kenmerkend Victoriaanse sangstukke was: "Waiting at the Window", "When shall we three meet again", "Farewell! if ever fondest prayer" en "The moon has raised her Lamp above" (MBA 12.7.1882; 1.11.1882: Choral). Later in die tagtigerjare is ook kantates uitgevoer soos "The Rose Maiden" van F. H. Cohen (MBA 23.6.1886: Choral), "The Lay of the Bell" van Andreas Romberg (MBA 15.9.1886) en "The Fairy Ring" van W. H. Cummings (MBA 22.5.1888: Advertensie).

Ook hierdie vereniging het sy bestaan te danke gehad aan die feit dat daar so selde professionele kunstenaars gekom het. Volgens die komitee was hul enigste doel om die gemeenskap te vermaak (MBA 20.6.1883: Choral). Van die konsertgangers, veral "roughs" in die engelebak, het hulle wangedra. Die Advertiser het na die laaste uitvoering van die tweede seisoen berig: "It was really too bad the way those fellows in the back seats went on at the Concert last Friday evening. What with the catcalling, it was anything but pleasant to sit it out. [...] It would be well if at future concerts a policeman or two were stationed amongst the 'gods' to preserve order" (MBA 1.11.1882: Brokkie; Choral). Ook op Kimberley het die gehoor in die engelebak hul aan skandalige gedrag skuldig gemaak en is daar dikwels voorgestel dat die polisie die orde moes handhaaf (Scheffler 1976: 68-69). Die Choral Society, waarvan onder andere die twee Powrie-broers, Joseph en Ebenezer, komiteelede was (MBA 19.7.1882), is in die vroeë negentigerjare ontbind (MBA 15.3.1892: Notes).

6.9.1892: Bazaar). Ná een van hul eerste konserte, waar onder ander die "Ave Maria" van Gounod en "The heavens are telling" van Haydn aangepak is, het die Advertiser geskryf dat die koor ongelyk gesing het en nie algaande verbeter het nie, "although the conductor seemed to labour sufficiently violently to keep them together". Die kritikus het gemaan: "singers must keep their eyes on the conductor, and not on their books. There was a marked inclination amongst some of the contraltos to get flat at critical moments; at one time it sounded as if the sopranos were having a noise-duel between themselves. Still these are matters which practice will remedy" (MBA 28.3.1893: Glee).

Hierdie verdoemende resensie het vrugte afgewerp aangesien die Glee Club slegs ses maande later Trial by jury van Gilbert en Sullivan opgevoer het. Dit was die eerste keer dat so 'n werk op Mosselbaai aangepak is en dit was volgens die koerant "the best thing ever played in Mossel Bay". Die Stadhuis was so vol dat baie by die deur weggewys moes word. Die blad het die hoop uitgespreek dat operas in die vervolg weer uitgevoer sou word (MBA 18.7.1893: L&G; 1.8.1893: Trial). Drie maande later is ook HMS Pinafore opgevoer, volgens die musiekkritikus selfs beter as die vorige Gilbert en Sullivan-operette. "Not only was this performance the best and most complete that Mossel Bay has yet seen, but it would have done credit to a very much larger community, where there would have been more material to select from", is geskryf (MBA 31.10.1893: Pinafore).

Dit moes 'n geweldige verlies gewees het toe die stigters van die vereniging, W.J. Milne en die Anderson-egpaar, Mosselbaai kort daarna verlaat en die Glee Club doodgeloop het (MBA 22.8.1893: Notes). Redakteur Powrie se seun Walter, wat later redakteur op Oudtshoorn sou word, was ook betrokke en was in beheer van die toneeldoek (MBA 1.8.1893: Trial).

Nog 'n sangvereniging, die Mossel Bay Vocal Society met Willard Howard as Hfst. XII



Die Stadhuis op Markplein met die lamp wat in 1885 reg voor die deur op die stoep aangebring is. Dit het saans na vertonings goeie lig verskaf, maar ook veel ergernis aangesien die toneelgangers gedurig daarin vasgeloop het. Die ventilators is in 1892 in die dak ingebou. Die markklok verskyn links. Let daarop dat die huidige syvensters en ingangsportaal ontbreek.

Foto: Bartolomeu Dias-museum, afdruk geskenk deur

P. Storrar

dirigent, het gereeld van die laat negentigerjare opgetree. Hy was orrelis van die NG kerk en besonder bekwaam. Uittreksels uit Die Messias van Händel is byvoorbeeld aangebied (MBA 26.10.1897: Vocal; 2.11.1897: Supplement; 11.1.1898: Messiah; 20.6.1899: Concert). Willard Howard het ook reekse orreluitvoerings in die kerk gehou (MBA 26.11.1895: Advertensie). Sulke uitvoerings was in hierdie tyd eweneens op Kimberley besonder gewild (Scheffler 1976: 145).

12.6 Lodge of St. Blaize

Die Lodge of St. Blaize is op Maandagaand, 27 Julie 1874, onder Nederlandse konstitusie gestig. (Die losie het later na die Engelse konstitusie oorgegaan). Die eerste agbare meester was die sakeman John Mudie, wat grootliks vir die stigting verantwoordelik was. Van die ander ampsdraers was die wetsagent Charles Cairncross, die sakemannetjie Andrew Miller, Petrus Wassung en S. Wiggett. Redakteur Francis McIntyre, wat toe skoolhoof op die dorp was, is as sekretaris en orrelis verkies. Die woning van C.A. Vreede in Blandstraat (The Castle) is as losie gebruik tydens die eienaar se oorsese besoek. Die stigtingsverrigtinge is afgesluit met 'n dinee. Die Advertiser het berig: "the Brethren partook of a sumptuous banquet in honour of the occasion" (MBA 29.7.1874: L&G; 26.4.1898: Gedachtenis; Memoriam).

Hierdie dinee was die eerste van vele wat deur die jare gehou is. Die fees van Johannes die Doper, beskermheilige van die Vrymesselaars, is elke jaar op 24 Junie herdenk soos dit wêreldwyd die gebruik was. Nuwe ampsdraers is dié middag ingehuldig en die aand was daar die jaarlikse banket in een van die hotelle, verkieslik waar 'n broeder bestuurder was. Die lang spyskaart is dikwels ter insae van die gemeenskap in die koerant geplaas. Van die vroeë tagtigerjare is ook 'n spesiale diens in die St. Peter's kerk bygewoon toe 'n Vrymesselaar, eerw. F. H. Fisher, hulpprediker van die gemeente was (MBA 3.7.1878: L&G; 27.6.1883: St John; 29.6.1897: St John).

Mosselbaai se eerste losie ("temple") is twee jaar ná die stigting op St. John's Day ingewy (MBA 28.6.1876: L&G). Die gebou was teenoor die Standard Hotel geleë (MBA 4.11.1885) en besonder gerieflik vir die hou van bankette. Ná die inwyding het die broeders huis daarheen oorgestap vir die res van die vieringe. Die losie is agt jaar lank gebruik. Daarna is dit aan John Mudie verkoop en het hy sy skeepsagentskap daar bedryf. Die enkelverdieping-gebou het behoue gebly (Sien Sake: J. Mudie & Son).

Die nuwe losie is skuins oorkant die pastorie van die St. Peter's gemeente in Marshstraat opgerig (MBA 12.3.1884: L&G). Die hoeksteen is gelê op Vrydag, 28 Maart 1884, deur broeder E.J. Buchanan, regter van die Rondgaande Hof. Die verrigting was besonder indrukwekkend. 'n Optog, met onder meer twee ampsdraers met geveld swarde, het met die versierde strate langs van die ou losie in Blandstraat na die bouterrein beweeg. 'n Perkamentrol met inligting oor die ampsdraers, enkele munte en die jongste uitgawe van die Mossel Bay Advertiser is in 'n fles onder die steen geplaas (MBA 2.4.1884: Temple).

Die losie is slegs drie maande later op St. John's Day ingewy. Die strate waارlangs die optog moes beweeg, is weer eens met vlagdoek versier. Bykans veertig Vrymesselaars, met die Mosselbaaise blaasorkes in uniform vooraan, het dié middag van die ou losie na die St. Peter's kerk gemarsjeer. Nadat medelid eerw. F. H. Fisher hulle toegespreek het, is die optog met Marshstraat af na die nuwe losie. Nog 'n Vrymesselaar, magistraat R.J. Crozier, het die losie oop verklaar. Die aand is 'n groot banket in die ou losie aangebied waar broer Hugh Mackay van die Standard Hotel die spyseniering waargeneem het (MBA 25.6.1884: St John).

Die nuwe losie is op die volgende St. John's Day vir die publiek oopgestel. Die Advertiser het geskryf: "Shortly before the hour fixed for the admission

of the public to the Temple, large numbers of ladies and gentlemen (chiefly ladies) wended their way to the Lodge, so that when the doors were opened the small building was immediately thronged by those anxious to see for themselves what the interior of a Masonic Temple really was like, and if possible to learn something of the mystic rites therein performed." Mej. Wassung het by hierdie geleentheid 'n blou sybanier met 'n skildery van die St. Blaise-vuurtoering daarop, aan die losie oorhandig. Dit was haar eie handewerk (MBA 1.7.1885: Masonic).

Die RNG beveel aan dat die gebou, wat by Marshstraat 45 geleë is, ondersoek word met die oog op proklamering (NMC 1985: 16). Die losie het in Mei 1881 opgehou om onder die Nederlandse Konstitusie te bestaan. Dit is in 1882 herstig onder die Engelse Konstitusie. Die notules van die tydperk 1878 -- 1881 word in die Kaapse Argiefbewaarplek gehuisves (KA: Inventaris 5/16/13).

12.7 Good Templars

Drankmisbruik het 'n groot probleem in Brittanie geskep gedurende die Victoriaanse Tydperk. Daar was min vermaak vir die werkersklas en jenever was goedkoop en maklik bekomaar. Drank was die werkers se enigste vertroosting en om dronk te word, die enigste ontvlugting van die haglike toestande in die agterbuurtes. Kantiene het 'n vername rol gespeel in die lewe van minderbevoordele. Salarisse is hier uitbetaal en onderlinge hulpverenigings, vakbondes en begrafnisklubs het hul hoofkwartiere hier gehad. Hervormers het daaroor gedebatteer of die armes ellendig was omdat hulle gedrink het en of hulle gedrink het omdat hulle ellendig was. Eersgenoemde bewering is algemeen as korrek aanvaar en kerke het afskaffersbewegings gestig om die euwel te bestry. Eindeloze reekse geheelonthoudingsveldtogte met tydskrifte, lesings en die aflê van massa-onthoudingsbeloftes is gereël (Altick 1973: 184; Reader 1974: 113).

Die afskaffingsgedagte is ook in die Kolonie nagevolg en takke van etlike bewegings is gestig. Op Mosselbaai het elke denominasie, behalwe die NG en Rooms Katolieke Kerk, verenigings gehad. Die eerste matighedsvereniging was dié van die Church of England Temperance Society wat in 1876 gestig is (Sien Kerklike Matighedsbewegings). Ses maande later het ook die Independant Order of Good Templars (IOGT) Mosselbaai bereik toe 'n losie, Pride of the South, op 21 Februarie 1877 gestig is (MBA 14.3.1877). Die Order of Good Templars was die eerste internasionale matighedsbeweging en is in 1851 in die staat New York gestig. Dit het spoedig oor Amerika versprei en na Kanada, Groot-Brittannie, Skandinawië, Australasië, Indië, Suid-Amerika en Suid- en Wes-Afrika uitgebrei (EB Mic IX 1974: 877).

In die daaropvolgende jaar (1878) is nog 'n Good Templar-losie, Aliwal Lodge, op 5 Augustus vir bruin lede ingestel (MBA 7.8.1878: L&G) en 'n Temperance Boarding House, waar tee, koffie en kakao tot saans laat beskikbaar was, is in Marshstraat geopen (MBA 26.6.1878: Advertensie; 24.7.1878). In die tagtigerjare het nog vier losies tot stand gekom: die Junior Templar Lodge op 10 April 1880 (MBA 14.4.1880), 'n Degree Temple, Pride of Aliwal, in September 1887 (MBA 21.9.1887: Templary), die Excelsior Band of Hope vir bruin kinders op 15 Augustus 1889 (MBA 20.8.1889) en die St. Blaize Band of Hope vir wit kinders op 16 Augustus 1889 (MBA 20.8.1889: Templary).

Die Tempeliere het geglo dat die beste resultate behaal kon word deur mense te bearbei terwyl hulle nog jonk was en 'n natuurlike afkeer van alkohol gehad het. Mosselbaai se twee Bands of Hope met hul ledetal van oor die tweehonderd was van die grootstes in die Kolonie (MBA 4.3.1890: Temperance). Een van die gediggies wat die kinders geleer het, was die volgende:

There is a little public house,
That anyone can close,
And that's the little public house,
That's just beneath your nose
(MBA 22.11.1892: Templars).

Belangstelling in die kindervereniging het mettertyd afgeneem. In 1899 was daar 'n groot oplewing en die bekende IOGT-leier Theo Schreiner en sy niggie mev. K. H. R. Stuart het Mosselbaai in Julie besoek en 'n reeks lesings in die Stadhuis gelewer. Theophilus Lyndall Schreiner was die oudste broer van die skrywer Olive Schreiner en was in daardie stadium hoof van die Matigheidsbeweging in die Kaapkolonie (Brookes 1981: 575). 'n Juvenile Temple, Pride of the South, is gestig en ook 'n Band of Hope-losie vir bruin kinders. "The children's pledge in the Juvenile Temple is not to drink, not to use tobacco, not use profane or wicked words, not to gamble; and the object is to help the young people in the direction of everything right. The children's pledge is not taken for life, but that of the adult Good Templar's is", het die Advertiser ingelig (MBA 18.7.1899: Abstinence). Tydens die besoek is ook die eerste keer 'n "Dutch lodge" op Mosselbaai gestig, naamlik Hoop Verguld. Onder die 28 mense wat aangesluit het, was die bekende Gericke-egpaar van die plaas Voorbaai (MBA 8.8.1899: Templar).

Ook ander hoë ampsdraers het die dorp sporadies besoek en lesings oor "King Alcohol" die "many-headed foe" gelewer (MBA 10.1.1888, 13.12.1892: Advertensie; 28.11.1893: Pride). Dronkenskap was tot in die negentigerjare 'n groot euwel op Mosselbaai en feitlik alle sake wat in die plaaslike magistraatshof verhoor is, was drankverwant (Sien Misdaad). Redakteur Powrie het van die matigheidsbewegings verklaar: "The good done cannot be overestimated" (MBA 29.6.1887). Twee van sy seuns, Joseph en Walter, was ampsdraers (MBA 13.2.1878: Advertensie; 15.2.1882) en ook drie van sy broer Ebenezer se

kinders, naamlik Agnes, Jessie en Robert (MBA 20.8.1889; 20.8.1889: *Templary*; 15.2.1882). Gedigte oor afskaffing het sporadies in die Advertiser verskyn (MBA 7.1.1880; 29.12.1880; 22.11.1892) en in die negentigerjare 'n gereelde rubriek met die titel "Temperance Notes" (MBA 4.3.1890; 22.11.1892 ens). Die bewegings het hul eie liedere ("Odes") en "banners with mottoes" gehad (MBA 23.2.1887: *Templary*). Lede het mekaar as "brother" en "sister" aangespreek en regalia "with spangles and fringes of gold" gedra (MBA 4.12.1888: *Templary*). Hulle het weekliks vergader, Tea Meetings en towerlanternvertonings gehou en Christy Minstrel-uitvoerings gegee (MBA 27.2.1878; 20.8.1889: *Templary*).

In Engeland het kafees tot stand gekom as gevolg van die matigheidswerkers (Hern 1967: 123) en in die Kaapkolonie het versekeringsmaatskappye hul premies vir geheelonthouers verlaag (MBA 20.3.1894: *Templary*). Op Knysna is etlike kroë gesluit (MBA 20.3.1894: L&G).

Die gedig Dare to say 'No!' het in die Mossel Bay Advertiser van 7 Januarie 1880 verskyn:

Dare to say 'No' when you're tempted to drink,
 Pause for a moment, my brave boy, and think --
 Think of the wrecks upon life's ocean tossed
 For answering 'Yes', without counting the cost;
 Think of the mother who bore you in pain!
 Think of the tears that will fall like the rain;
 Think of her heart, and how cruel the blow;
 Think of her love, and at once answer 'No!'

Think of the hopes that are drowned in the bowl;
 think of the danger to body and soul;
 Think of the sad lives once as pure as the snow;
 Look at them now, and at once answer 'No'.

Think of manhood with rum-tainted breath;
Think how the glass leads to sorrow and death;
Think of the homes that, now shadowed with woe,
Might have been heaven had the answer been 'No'.

12.8 Mossel Bay Ladies' Benevolent Society

In die Victoriaanse Tydperk is daar letterlik honderde verenigings en fondse gestig om minderbevoordele en geteisterdes in die Kolonie te help. Die historikus P.W. Laidler beskryf dit as die bestaansorg ("Social Security") van die vorige eeu. Die Ladies' Benevolent Society of the Colony of the Cape of Good Hope wat in 1820 gestig is, was so 'n vereniging (Laidler 1971: 256–257). Die Mosselbaai-tak is in 1882 onder leiding van plaaslike geestelikes gestig en die eerste vergadering is op 19 Julie in die ou NG kerk gehou. Die intreegeld was 2s.6d. en minstens 5s. moes jaarliks aan ledegeld betaal word (MBA 12.7.1882). Die algemene mening was dat die vereniging oorbodig was, maar eerw. W.F. Taylor het in die koerant aangetoon dat juis die teenoorgestelde waar was (MBA 2.8.1882: Correspondence). Die Advertiser het ook die stigting ondersteun en die hoofdoel, die verskaffing van hospitaalgeriewe, as lofwaardig bestempel aangesien die meeste burgers nie kans gesien het om in die tronkhospitaal verpleeg te word nie (MBA 12.7.1882: Hoofartikel).

Die vroue het elke twee weke vergader vir 'n "Working Meeting" waar naaldwerk gedoen is. Die handelaar C.W. Black het 'n naaimasjien geskenk (MBA 6.7.1887: Benevolent), die skeepsmagnaat sir Donald Currie 'n bedrag van £20 (MBA 21.2.1888: L&G) en slagters het vleis teen verlaagde pryse verskaf om aan armes uitgedeel te word (MBA 15.4.1902: Benevolent). Die magistraatsvrou, mev. R.J. Crozier, was die president en in 1887 was die gades van onder andere redakteur Powrie en dr. Kitching komiteelede (MBA 6.7.1887: Benevolent). Afgesien van algemene welsynswerk en die oprigting van die Cottage Hospital

(Sien Cottage Hospital), het die "noble band of 'ministering angels'", soos redakteur McIntyre hulle beskryf het, ook 'n aantal pensionarisse onderhou. 'n Paar vrygeselle het maandeliks bydraes gemaak. In 1898 was die ledetal 67 en is daar na agt bejaardes omgesien (MBA 22.2.1898: Supplement). Die vereniging bestaan vandag nog, maar word deur bruin vroue beheer.

12.9 Mossel Bay Horticultural Society

Mosselbaai het tot met die voltooiing van die Kleinbosch-waterskema gebuk geaan onder 'n ernstige watergebrek en van tuinmaak was daar geen sprake nie. Selfs potplante was iets raars (MBA 18.9.1888: Hoofartikel). Die nuwe groot reservoir is in Maart 1886 ingewy (Sien Kleinbosch-waterskema en Tuinbou) en op 7 Mei, slegs drie maande later, is die stigtingsvergadering van die Mossel Bay Horticultural Society gehou (MBA 12.5.1886: Horticultural). Volgens redakteur Powrie was daar toe alreeds verskeie tuine aangelê (MBA 5.5.1886: 2e Hoofartikel). C. H. Bruns is gekies as eerste voorsitter en John Mudie, S. Goldsbury, eerw. W.F. Taylor, dr. Thomas Kitching en apteker Ebenezer Powrie was onder die komiteelede (MBA 26.5.1886: Horticultural).

Die eerste skou is vyf maande later op Saterdagmiddag, 6 November, in die Stadhuis gehou. Die aand is 'n promenadekonsert aangebied en besoekers kon al luisterende tussen die uitstellings wandel. Die landbouprodukte en potplante is daarna opgeveil (MBA 10.11.1886: Show). Skoue is ook gedurende die volgende vier jaar aangebied. Daar was later soveel inskrywings dat die Stadhuis heeltemal te klein was en ook die skuur in die agterplaas gebruik moes word. Mikroskope is op tafels beskikbaar gestel vir die bestudering van plantkundige materiaal. 'n Wye verskeidenheid blomme, groente en vrugte is ingeskryf. Mev. Ebenezer Powrie het een jaar vir 'n verrassing gesorg toe sy piesangs ingeskryf het. In die groenteafdeling was daar onder meer artisjokke, kruie, knolkool en mangelwortel. In die blommerangskikkingsafdeling is tafelrangskikkings

uitgestal, bruidsruikers, skouerruikertjies en hoekrangskikkings (MBA 10.11.1886: Show; 23.11.1887: Show; 5.11.1889: Show).

Dit wil voorkom asof vroue, alhoewel hulle ywerige tuiniers was, nie kon aansluit nie. Op die voorraand van die eerste skou het die Advertiser geskryf: "Ladies are asked to give their aid because we feel sure that without their taste and skill the Show will not be what many would wish to see it" (MBA 27.10.1886: Show). Baie van hulle het ingeskryf en van die beoordelaars was ook van die vroulike geslag (MBA 10.11.1886: Show). Die twee ongetroude Munrosusters was onder dié wat besonder goed gevaar het. Beatrix Munro is op twee van die skoue as algehele wenner aangewys en was op die ander onder die eerste drie. Die woonplek van die Munro's, bekend as Munrohoek, het jaar na jaar die beste en grootste verskeidenheid rose opgelewer en pryse is ook gewen vir leeubekkies, lelies, jakopregops, petunias, dahlias en malvas (Scheffler 1986: 26). Vandag is dit moeilik om te dink dat daar ooit so 'n tuin by Munrohoek kon gewees het.

Die bruin gemeenskap, wat groot kwekers van groente was, het met die eerste skou nie besef dat hulle kon inskryf nie. 'n Eie skou is toe 'n maand later in die Parish Room van die Engelse kerk gehou (MBA 22.12.1886: Flower). Dit was so 'n groot sukses dat dit 'n paar jaar lank herhaal is (MBA 21.12.1887: Show; 18.12.1888: Show).

Die skou van 1890, die vyfde, is nie so goed ondersteun soos dié van ander jare nie. Die rubriekskrywer van "Notes by the Way" het geskryf: "It is 'go' they want. I've often noticed in Mossel Bay, a thing is started, people take it up, go in for it with great gusto, it lasts for two or three years, it weakens and gradually dies out, and the 'place thereof knoweth it no more'" (MBA 4.11.1890: Notes). Dit was inderdaad die laaste skou. Hy wou twee jaar later in sy rubriek weet of die vereniging nog bestaan het (MBA 8.11.1892: Notes).

12.10 Mossel Bay Daub and Scratch Society

Skilder was 'n gewilde Victoriaanse tydverdryf en die meeste burgers van aansien van albei geslagte het as kinders geleer om waterverf en soms ook olieverf te gebruik (Phillips 1978: 94). Die Mossel Bay Daub and Scratch Society, of "The Daub" soos dit algemeen genoem is, is in die eerste helfte van 1891 gestig. "The object of the Society is to encourage sketching from nature", het die Advertiser ingelig. Daar is gehoop dat die vereniging eendag soos die Sketching Club in Kaapstad sou wees.

Lede moes maandeliks 'n skildery, skets of ets inskryf wat op die eerste Dinsdag van elke maand in die residensie uitgestal is. Lede onder sewentien jaar is apart beoordeel. Die eerste maandelikse uitstalling is op 1 Mei 1891 gehou (MBA 5.5.1891; Daub; 2.6.1891: Daub; 7.7.1891: Daub). "Grand Exhibitions" waarop ses maande se werk uitgestal is, is ook aangebied. By die eerste van hierdie groot uitstellings kon die publiek 180 werke in die gang en eetkamer van magistraat Eustace se huis besigtig. Tydens uitstellings is 'n skildery aan die voordeur opgehang. Die name van kunstenaars was onbekend, slegs nommers of letters is aangegee. Daar is deur middel van stemming bepaal watter werke bekroon moes word (MBA 4.8.1891: Daub; 20.10.1891: Daub; 23.5.1892: Daub). Die Advertiser het die inskrywings geresenseer. By geleentheid is byvoorbeeld geskryf: "B, has succeeded very well in a couple of sea scenes painted on oyster shells, mounted on plush fans. They will make nice wall ornaments" (MBA 13.9.1892). Van die lede het beswaar aangeteken dat die resensies te skerp was en het opgehou om in te skryf. In der waarheid was die resensent, soos hy ook self verklaar het, nooit skerp nie (MBA 25.4.1893: Daub). Wie vir die resensies verantwoordelik was, is nie bekend nie, maar redakteur Powrie het aanmoedigend geskryf omtrent "the cultivation of an art, which is not only an elevating pastime, but might to some be made profitable"

(MBA 12.7.1892: Daub).

Van die tonele wat geskilder of geëts is, was die volgende: blik op Mosselbaai van die tronk, die Holgat-kloof en stroompie, Munrobaai met die westelike deel van Aloestraat, en blik op die see en Outeniekwaberge van Diepkloof met aalwyne op die voorgrond. Die wrakke van die Galera en die Rosebud was ook gewild. Soms is op minder tradisionele oppervlaktes geskilder, soos toe affodille op satyn en affodille op 'n waaier aangebring is. Tamboeryne is ook sporadies beskilder, onder andere met 'n afbeelding van die "Lazaretto" en 'n ander met die vuurtoring (MBA 7.7.1891; 4.8.1891; 15.12.1891; 16.8.1892; 15.11.1892). Van die lede kon nie gedurende die wintermaande buite skilder nie en 'n aparte afdeling vir die maak van kopieë is ingestel. Die lede was aanvanklik skepties, maar die voorsitter, kol. J.T. Eustace, het hulle verseker dat die werk van die groot meesters gedurig in Europa gekopieer word. 'n Prys vir kopieerwerk is later ingestel (MBA 31.1.1893: Correspondence; 27.6.1893: Daub).

"The Daub" is enkele maande ná die kom van magistraat Eustace gestig en was waarskynlik sy breinkind. Sy gesin was besonder geesdriftig wat die skilderkuns betref. Met die eerste groot uitstalling is nie slegs sy vrou nie, maar ook vier dogters bekroon. Een van die dogters was die sekretaresse en het hom as voorsitter bygestaan. Onder die 29 lede was redakteur Powrie se jongste dogter (MBA 20.10.1891: Daub). J.E.A. Volschenk, die later bekende landskapskilder, het van sy werke van Riversdal gestuur. "They were a great addition to our collection and were deservedly admired", het 'n verslag gelui (MBA 27.6.1893: Daub).

In 1894 is berig dat die inskrywings gedurende die voorafgaande halfjaar gedaal het en dat die vereniging welvarend sou gewees het indien die betaal van boetes strenger toegepas is. Boetes moes waarskynlik betaal word deur diegene wat versuim het om werk te lever. Magistraat Eustace het verklaar: "this, like

many other similar objects commenced with considerable promise, already shows signs of being short-lived". Hy het bygevoeg: "Few places on our shores offer so good a school for young artists as our fine coast scenery. It would be a matter of great regret if a society so well commenced, and with such a field for study at its doors, should collapse through mere indolence" (MBA 30.1.1894: Daub). Die vereniging het daarna doodgeloop.

12.11 Mossel Bay Amateur Photographic Club

In die sewentigerjare het die uitvinding van die droë plaat 'n groot omwenteling in die fotografiese wêreld veroorsaak. Tot toe was dit vir fotograwe noodsaaklik om donkerkamers met hulle rond te karwei waar hulle ook al gegaan het. Met die nuwe uitvinding is hierdie ongerief uitgeskakel aangesien die lig sensitiewe oppervlakte lank voor gebruik voorberei en geberg kon word. In die tagtigerjare is klein handkameras teen 'n redelik billike prys op die mark geplaas en het fotografie 'n gewilde stokperdjie geword (MBA Sansom 1974: 30).

Op Mosselbaai was daar teen die middel negentigerjare reeds minstens twaalf inwoners wat fotografie beoefen het. Hulle het op Woensdagaand, 23 Januarie 1895, in die Standard Hotel vergader en die Mossel Bay Amateur Photographic Club gestig. Apteker Ebenezer Powrie is as president verkies en kapt. William Harries, ds. D.B. Bosman, en W.W. Coote en George Hammond as komiteelede. Nie slegs mans nie, maar ook vroue is as lede aanvaar. Lede het maandeliks vergader en voorlesings oor onderwerpe soos "Hand vs. Stand Cameras" is aangebied. Daar is in April 1895 geaffilieer met die Cape Town Photographic Society. Dit het die plaaslike klub in staat gestel om uitstekende skyfiereekse op bruikleen te bekom van die Londense klub, waarmee Kaapstad geaffilieer was. Die skyfies is met 'n towerlantern vertoon (MBA 29.1.1895: L&G; 26.2.1895: Photographic; 6.8.1895: Advertensie; 20.8.1895: Lantern).

Professionele fotograwe is aanvanklik erg bedreig deur die amateurs (Sien Fotograwe). Die verskyning van advertensies soos die volgende in die Advertiser van 2 Julie 1895, moes hulle kwaai die skrik op die lyf gejaag het:

"Photography!!! Owing to the rapid increase of this
Fascinating Art and the large demand for Materials, etc.etc.
E. Powrie, Chemist, Mossel Bay Has just landed ex Arab
A Large and Well Assorted Stock including
Cameras with Stands, Hand Cameras,
Plates, Papers, Tripods, Mounts, Dishes,
Printing Frames, Print Washers and every requisite for Amateurs.
Price Lists on Application
N.B. Free use of Dark Room for Amateurs"

Ook kapt. Harries het geadverteer: "Everybody his own Photographer, complete outfits from 5/- to 10/6" (MBA 21.12.1897). Hy was 'n uitstekende fotograaf en was saam met ene Williams verantwoordelik vir die foto's wat gebruik is om Mosselbaai in 1892 by die South African and International Exhibition in Kimberley te bemark (MBA 6.9.1892: Notes). (Sien "The Brighton of South Africa.") Alhoewel vroue as lede toegelaat is, was 'n vrou met 'n kamera in 1901 nog so 'n ongewone verskynsel dat redakteur McIntyre in sy bespreking van die militêre gimkana gemeld het: "Mrs. Bathurst took snap-shots of several groups, especially of the Lancers" (MBA 20.8.1901: Gymkhana). Die term "snap-shot" is in 1860 deur sir John Herschell uitgedink na aanleiding van een van die eerste handkameras, die Pistogram, waarin 'n veersluiter met behulp van 'n sneller losgelaat is (Sansom 1974: 30).

12.12 Christelike Jongelings Vereeniging

Die Christelike Jongelings Vereeniging (CJV) is in Augustus 1897 gestig onder Hfst. XII

leiding van ds. David Wilcocks (MBA 10.8.1897: Council). Alhoewel die lede meestal Afrikaanssprekend was, was die voertaal Engels. Dit het as die Young Men's Christian Association bekend gestaan. Hierdie oënskynlike eienaardigheid word verduidelik in die hoofstuk wat oor die NG Kerk handel (Sien Engelse dienste). 'n Jaar ná die stigting was daar 'n tagtigtal lede (MBA 8.11.1898; 15.11.1898). 'n Hollandse tak van die CJV is op 5 September 1903 met twintig lede gestig (MBA 8.9.1903: Advertensie). Op George was daar reeds in 1881 'n tak van die CJV (Stals 1961: 52).

13. SLOTBESKOUING

Daar is by geleentheid geskryf dat die geskiedenis van 'n dorp soos dié van 'n mens is: 'n ononderbroke stroom wat van een gebeurtenis na 'n ander lei, maar waar die verlede dikwels in duidelike tydvakke ingedeel kan word (Pama 1877: Voorwoord). Op Mosselbaai was so 'n tydvak dié wat met die laaste drie dekades van koningin Victoria se bewind saamgeval het. Die dorp het toe reeds sy nedersettingstatus ontgroei en daar is trots daarna as "the rising Midland Seaport" verwys.

13.1 Plaaslike gebeure

13.1.1 Die dekade sewentig

Die dekade sewentig is deur 'n geweldige opbloei van die boubedryf gekenmerk. Afgesien van die talte wonings en sakegeboue wat opgerig is, is ook die eerste skoolgebou, die eerste Vrymesselaarslosie, die Stadhuis en die St. Peter's kerk gebou. Drie groot sakeondernemings -- Fleming & Mudie, Divine, Hall & Co en Mataré, Bruns & Co -- is gestig. Die dorp het 'n weekblad, 'n residensiële fotograaf, 'n lykswa, 'n derde hotel (die Masonic) gekry en is vir die eerste keer deur 'n tandarts besoek. Die feit dat daar geen dwarsstrate tussen Marshstraat en Blandstraat ('n afstand van 'n 0,4 kilometer) was nie, het begin hinder en plakkers het 'n probleem geword. 'n Geweldige storm het die dorp getref en 'n deel van die Union Hotel en die Mossel Bay Advertiser-gebou laat ineenstort. Verskeie ander geboue is erg beskadig.

Groot ontwikkeling het op maritieme gebied plaasgevind: die Royal Navy het peilwerk gedoen met die oog op haweverbeterings, die eerste stoomhyskraan en Hfst. XIII

stoomsleepboot is bekom, die pos van hawemeester is heringestel en groot oseaanskepe van die Union Line het aanvanklik tweeweekliks en later weekliks aangedoen en sodoende gereelde verbinding met Engeland bewerkstellig. Drie skepe het in een maand vergaan en 'n "Rocket Apparatus" vir die redding van lewens is bekom. Nog 'n skip het kort daarna gestrand. Die Coode-verslag het verklaar dat die baai besig was om vlakker te word en nie verder ontwikkel kon word nie. Stoomskepe het op Sondae begin aandoen en het op dié wyse Sondagwerk meegebring.

'n Halfdagvakansie is op Saterdae ingestel en jong mans kon begin om aan sport deel te neem. Sokker en krieket is gespeel en daar is skyfgeskiet en geroei. Professionele toneelgeselskappe het onderweg na die Diamantveld aangedoen en vertonings gelewer. 'n Vrymesselaarslosie, verskeie matighedsverenigings, die Berlynse Sendinggenootskap en 'n debatsvereniging is gestig of gevestig. Die biblioteek het gesluit, maar later heropen.

13.1.2 Die dekade tagtig

'n Groot deel van die dekade tagtig is deur 'n landswye depressie gekenmerk, wat ook ontwikkeling op Mosselbaai gestrem het. Die Klipkerk, Berlynse Sendinghuis en tweede Vrymesselaarslosie is nogtans opgerig. Die lewenskwaliteit is egter grootliks verbeter deurdat water van die Outeniekwaberge aangelê is. Die dorp is hierna as badplaas en gesondheidsoord bemark. Besoekers van Kaapstad kon Mosselbaai in net meer as twee dae bereik deur per trein te reis tot op Ashton en daarvandaan 'n passasierkskar en die poskar te haal. Reis in die distrik is vergemaklik deur die bou van die Sprigg-brug oor die Klein Brakrivier. Die Berlynse Sendingskool is gestig en ook die Meisieskool nadat daar 'n tyd lank geen openbare skool vir hulle was nie. Die moord op 'n dogtertjie het die gemeenskap geskok en van die inwoners het naby die tronk op die heuwel saamgedrom om die teregstelling van die Hfst. XIII

moordenaar te aanskou.

Skeepsverbinding is uitgebrei deurdat Donald Currie se skepe en dié van die Clan Line die hawe gereeld aangedoen het. Sir Donald het self 'n besoek aan die dorp gebring. Vyf skepe het vergaan en drie mense het tydens een van die skipbreuke verdrink. Die "Rocket Brigade" is uitgebrei en nuwe haweregulasies is ingestel om veiligheid te bevorder. 'n Rooi lig is tydens stormnagte naby Ermebaai aangestEEK om aan te dui dat daar 'n veilige strandplek is. Die groot Union Co-stoomskip Asiatic het by Vleesbaai gestrand, maar het weer vlot geraak. Die kaai is verleng en die hawegeriewe is so aansienlik verbeter. Mosselbaai is egter stadigaan as hawe vir die Groot Karoo verdring nadat die spoorweë tussen die Diamantveld en die hawestede Kaapstad en Port Elizabeth in die middel van die dekade voltooi is.

Die inwoners het begin baai, vroue het die reg verkry om by die Poort te swim en die eerste badhuisie is daar opgerig. Perdewedrenne is gehou, "paper chasing"-landlope aangebied en ook die eerste en enigste twee atletiekbyeenkomste. Die Mossel Bay Athletic Club het sokker, rugby en krieketwedstryde gereël. Belangstelling in die regattas het verflou, maar het later weer effens toegeneem. 'n Tennisklub is gestig en vroue kon ook soms op uitnodiging speel. Die halfdagvakansie is na Woensdae verskuif. Die inwoners het die Koningin se Goue Jubileum luisterryk gevier en die Victoria Park aangelê. 'n Blaasorkes is gestig, 'n Choral Society en 'n tuinboukundige vereniging. Vroue kon by die Ladies' Benevolent Society aansluit, jong mans by die Young Men's Institute en kinders by drie matigheidsbewegings. Almal was by die HeilsleëR welkom.

Redakteur Powrie se Nuwejaarswens vir 1885 som die gees van hierdie dekade goed op:

We wish to see plenty of ships in this bay --
At present they seem to be keeping away;
We wish to see work here to any amount,
And every one have a big banker's account.

We wish to see feathers end wool take a rise
To double and treble, quadruple the price;
We wish to see everyone happy and gay,
And eight working hours be reckoned a day.

We wish to see Mossel Bay grow and extend,
So let us all try to accomplish this end;
We wish for the time when acknowledg'd she'll be
As the brightest and prettiest town by the sea.

We wish our friends will pay what they owe,
For money is scarce, and finances are low;
We wish -- and we hope it will not be in vain --
To travel next year up to Oudtshoorn by train.

(MBA 30.12.1885)

13.1.3 Die dekade negentig

Die dekade negentig en die drie jaar daarna, kan as die dekade van hervorming gesien word. Die uitspanning, slagplaas en swart plakkers is na 'n gebied buite die dorp verskuif. Kaal swemmyery is verbied (egter nie by die Bakke nie), so ook die storting van menslike ontlassing op die strande. 'n Municipale emmerstelsel is ingestel en 'n amptenaar is aangestel om die nagvuil in die see te stort. Die tydperk was ook een van groot ontwikkeling. Die Puntpad is met 'n skulplaag bedek, die Gouritsrivierbrug is gebou, die eerste

kandidate van die Seunskool het die matrikulasie-eksamen geskryf, die eerste twee telefone is geïnstalleer en 'n kundige het gekom om 'n telefoonsentrale in te rig. Nege gaslampe is in die strate aangebring en elektriese beligting by die hawe. Die eienaar van die eerste motor het verlof ontvang om die dorpstrate te gebruik. Daar is aangekondig dat Mosselbaai 'n spoorlyn sou kry. Die Aloestraat-buurt is ontruim en daar is met die bou van die spoor na Oudtshoorn begin. Nadat bekend gemaak is dat die gebied tussen Mosselbaai en Riversdal steenkoolhoudend is, het die Ceres Petroleum Works by Vogel Vlei in die distrik laat boor. Steenkool is ook in die steengroewe op die dorp gevind en 'n sindikaat is gestig om prospekteerwerk te doen. In April 1900 het 'n myningenieur van Mossel Bay Collieries begin boor, maar die poging was onsuksesvol (MBA 18.9.1888: L&G; 30.6.1896: Notes; 8.3.1898: Council; 17.4.1900: Brokkie; 8.5.1900: Brokkie).

Die dorp, wat nou jaarliks deur groot getalle mense besoek is, is by die South African and International Exhibition in Kimberley as gesondheidsoord bemark. Belangstelling in onderwyssake het toegeneem, die Poor School is gestig, 'n nuwe biblioteek, deur Herbert Baker ontwerp, is gebou, en die Cottage Hospital geopen.

Op maritieme gebied het dit nie goed gegaan nie. Die pos van hawemeester is vroeg in die dekade van owerheidsweë afgeskaf en later in die dekade het die Union Steamship Co en die Castle Mail Packets Co hul weeklikse diens na Mosselbaai afgeskaf. Posbote het toe net een keer elke drie weke aangedoen en slegs in 'n oostelike rigting. Afgesien van die ongerief wat dit aan reisigers besorg het, was dit 'n geweldige slag vir die handel. 'n Spesiale passasiersmandjie is ingevoer om passasiers tydens onstuimige toestande aan boord te kry en 'n strandmuur is gebou. 'n Deel van die strand is in dié proses drooggelê. Kapt. Harries se landings- en verkeersonderneming is deur 'n plaaslike maatskappy, die Mossel Bay Boating Co oorgeneem. Drie skepe het

vergaan en twee skepe is opsetlik op die strand laat dryf nadat hulle die Baai binnegesleep is. Aan die einde van die dekade is aangekondig dat die hawe 'n golfbreker van klip met 'n klipkaai aan die lykant sou kry, en 'n resident-ingenieur is aangestel om toesig oor die bouery te hou.

Op sosiale gebied kan die tyd as die dekade van die vrou beskryf word. Sy het al hoe meer in die openbaar begin optree en was op sportgebied nie meer slegs toeskouer nie, maar kon ook deelneem. Afgesien van die St. Blaize Gholf Club, die Mossel Bay Football Club (wat rugby gespeel het) en die fietsklub, kon sy aan al die sportklubs wat in hierdie dekade gestig is, behoort. Daar was die vrouekrieketklub, die Park Croquet Club, die vrouehokkieklub, en die tafeltennisklub. Vroue het geesdriftig aan die nuwe rolshaatsgier deelgeneem en het ook fiets gery, al kon hulle nie lid van die klub word nie. Vroue kon egter by heelwat van die nuwe verenigings aansluit: die skildervereniging, die fotografiese vereniging, die Nederlandse matighedsvereniging, Hoop Verguld, die Glee Club wat Gilbert en Sullivan-operettes opgevoer het, en die Vocal Society wat uitvoerings van klassieke werke gelewer het.

Dit was 'n opwindende dekade. Promenadekonserte is op die kaai en in die park aangebied, "Sequah" het tande getrek op die markplein, 'n "professor" het in 'n warmlugballon opgevaar, verskeie oorlogskepe het gedurende die Anglo-Boereoorlog in die Baai gelê en troepe is aan land gehuisves. Koningin Victoria se Diamantjubileum is gevier, die bevryding van Mafeking (tans Mafekeng) en Ladysmith en na die Koningin se dood, ook die kroning van koning Eduard VII. Die uitbreek van tifus en builepes op die dorp het egter 'n skaduwee gewerp.

13.2 Mosselbaai en landsgebeure

Mosselbaai het vanweë sy ligging nie deel aan die meeste van die groot Hfst. XIII

gebeurtenisse van die tyd gehad nie. Die gebeure wat tot die Groot Trek aanleiding gegee het, het nie in die Baai gegeld nie en die Boererepublieke was ver weg. Die ontdekking van diamante het Mosselbaai daarenteen geraak aangesien dit in die behoeftes van die snel groeiende Diamantstad voorsien het voordat die spoorlyn van Kaapstad en Port Elizabeth Kimberley bereik het. Boumateriaal, mynbenodigdhede en ander ware is deur Mosselbaai ingevoer en met transportwaens na die Diamantveld vervoer. Die ontdekking van diamante het dus bygedra tot die ontwikkeling van die hawe en ook tot die algemene welvaart van die dorp.

Toe die Advertiser in 1878 bekend gemaak het dat goud by Knysna ontdek is, was daar groot opgewondenheid en is van die inwoners onmiddellik weg om hul geluk te gaan beproef. Die Mosselbaai-mense was van die eerste om te begin delf (MBA 2.10.1878: L&G; 15.9.1886: Gold). Plaaslike sakeondernemings, soos Prince, Vincent & Co, was gou om pikke, grawe, siwwe, tente en ander delwersbenodigdhede te adverteer (MBA 8.1.1879). Die Mossel Bay Prospecting and Goldmining Company (Limited) was die eerste van verskeie soortgelyke maatskappye wat op Mosselbaai op die been gebring is (MBA 8.1.1879: Advertensie). Apteker Ebenezer Powrie, een van die lede van die voorlopige komitee, het ook geadverteer dat hy erts sou toets en ontleed (MBA 15.1.1879: Advertensie).

'n Gereelde muilwadiens is tussen Mosselbaai en Knysna ingestel vir die delwers wat per skip aangekom het. Van hulle het van die Australiese goudveld gekom. Die muilwa, wat gewoonlik met 'n vaart van die Union Hotel in Blandstraat opgery het met juigende delwers, was in die tagtigerjare 'n opwindende gesig (MBA 26.5.1886; 2.6.1886: L&G). Soms is daar ook groot masjinerie deur die Mosselbaaise hawe ingevoer (MBA 18.11.1885: 2e Hoofartikel; 2.12.1885). S. Mills, die eienaar van die plaaslike Union Hotel het ook op Millwood 'n hotel geopen vir "Gentlemen [...] in search of health, wealth, and pleasure" en Hfst. XIII

Prince, Vintcent & Co het 'n winkel daar begin (MBA 23.6.1886: L&G; 9.3.1887: Advertensie; 3.9.1889: Advertensie). Soveel inwoners is in 1886 weg om te gaan delf dat die jaarlikse Vrymesselaarsviering van St. John's Day maar beskeie was (MBA 30.6.1886: St. John's Day). Van die plaaslike inwoners het sukses behaal, soos S. Goldsbury, wat 'n rif ontdek het (MBA 1.9.1886: Gold).

Die goudkoers is verhoog toe Thomas Bain (die bekende padbouer en geoloog) verklaar het dat die geologiese samestelling van die gebied tussen Knysna en die Gouritsrivier soortgelyk aan dié by Millwood was en dat die omgewing van Mosselbaai dus goudhoudend kon wees (MBA 2.6.1886: Gold). Die Good Hope Gold Prospecting Company (Limited) is kort hierna gestig om die genoemde gebied te ondersoek (MBA 29.9.1886: Hoofartikel). Apteker Powrie het in die omgewing van die dorp begin prospekteer en die gemeenskap was in beroering toe hy goudhoudende kwarts op Bovenplaats, die dorpsgrond, gevind het (MBA 23.2.1887: Brokkie).] Sy broer, redakteur Powrie, het die volgende week onder die opschrift, "Gold in Mossel Bay" oor sy vordering verslag gedoen en ook berig dat 'n paar stukkies spoelgoud op die plaas Jackhalsvlei in die distrik ontdek is. Hy het geskryf:

"[...] we trust that all people in business here will come forward and back up the prospectors substantially, and leave no stone unturned to find whether gold can be obtained here in payable quantity. Think what it means to have a payable gold-field in our immediate neighbourhood! A large population pouring in, bringing trade with them; an increase of business; raising of the value of landed property. In fact, a gold-field near us would be a god-send. It is the only thing which will lift us speedily out of the mire of depression in which we are now struggling. Therefore, we would call upon our fellow townsmen all to put their hands in their pockets and help to forward the work of opening up the

mineral resources of our district" (MBA 2.3.1887: 2de Hoofartikel).

Daarna het al wat 'n plaasboer was, begin prospekteer en is spoelgoud op Ruiterbosch en Goliadsberg gevind (MBA 16.3.1887: Gold; 14.2.1888: L&G) en kwarts naby Herbertsdale (MBA 13.7.1887: Gold). Intussen het die maatskappy, wat besig was om in die gebied tussen Knysna en die Gouritsrivier te prospekteer, met hul werk voortgegaan. Redakteur Powrie het geesdriftig verklaar: "Our readers will notice that gold find's are trending more and more towards George; and the nearer to George, the nearer to Mossel Bay" (MBA 4.5.1887: Gold). Die berigte oor goudvondse het geleidelik afgeneem en die goudkoers het op Mosselbaai aan die einde van die tagtigerjare uitgewoed.

Die gebeure rondom die grensoorloë het Mosselbaai nie verbygegaan nie. Soos op ander dorpe, is geedriftige vergaderings gehou waar mans hulle vir grensdiens aangemeld het. Mosselbaai se betrokkenheid was egter veel groter as dit aangesien die hawe gebruik is vir die verskeping van manskappe en perde. Tydens die Negende Grensoorlog in 1878 het meer as tweehonderd "Volunteers" van Oudtshoorn, Knysna, George en Riversdal by die Punt gekampeer, terwyl hulle op die D.C. st. (Donald Currie steamship) Balmoral Castle en die U.C. st. (Union Co steamship) Durban gewag het om hul ooswaarts na Oos-Londen te verskeep. Van die mans is ook in die Queen's Warehouse by die hawe gehuisves. Die Advertiser het gemeld dat dit een van die mees opwindende tydperke in die geskiedenis van die dorp was (MBA 17.10.1877: Hoofartikel; 9.1.1878: Meeting; 16.1.1878: Hoofartikel; 23.1.1878: Arrival). Die soldate het ook via Mosselbaai teruggekeer (MBA 24.4.1878: Volunteers).

Ook met die Zulu-oorlog van 1879 (MBA 9.4.1879), en die laaste Sotho-oorlog in 1880, is van die hawe gebruik gemaak. Vir laasgenoemde oorlog is mans opgeroep om 'n burgermag te vorm, maar dié van Mosselbaai en Knysna het diens

Hfst. XIII

vrygespring. Volgens die media was dit waarskynlik omdat dié twee hawedorpe hulself moes kon verdedig in die geval van 'n aanval (Oudt Cour 2.11.1880). Tydens die oorlog is oor min anders gepraat en advertensies met verwysing na die oorlog en verskeie spesiale gedigte is in die Mossel Bay Advertiser geplaas (MBA 10.11.1880: Odds; 17.11.1880; 24.11.1880: Poetry). By die terugkeer van die soldate is die dorp met vlagdoek versier en het die blaasorke hulle op die kaai begroet (MBA 23.3.1881).

Landsgebeure is weerspieël in die fondsinsamelings wat op Mosselbaai gehou is. Tydens die Negende Grensoorlog in 1878 was daar die "War Sufferers Relief Fund" (MBA 13.3.1878) en in 1879 is bygedra tot die "Trekboeren Relief Fund", wat bystand aan die Dorslandtrekkers verleen het (MBA 10.9.1879; 17.9.1879). Na die Eerste Vryheidsoorlog is geld ingesamel vir die "Transvaal War Widow and Orphan Fund" (MBA 23.3.1881) en kort na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Matigheidsbeweging se Juvenile Band of Hope "Red Cross Shillings" vir vlugtelinge bymekaar gemaak (MBA 28.11.1899: Charity). Deur die "Robben Island Christmas Fund" is vir melaatses bygedra, waaronder verskeie van Mosselbaai was (MBA 5.12.1899: Correspondence).

Afgesien van die feit dat heelwat inwoners na afloop van die Eerste Vryheidsoorlog geskryf het dat hulle hul respek vir die "Old Country" verloor het (MBA 6.4.1881) en 'n gedig getitel, "Giving Up", in die koerant verskyn het (MBA 27.4.1881), het dié oorlog Mosselbaai nie eintlik geraak nie. Met die Anglo-Boereoorlog daarenteen is die baai, soos hierbo gesien, lank deur Britse oorlogskepe bewaak en het die soldate wat hier gestasioneer was, vir 'n bedrywige en opwindende tyd vir die inwoners gesorg. Die dorp was kortstondig van die buitewêreld afgesny deurdat paaie verwoes en alle nuusblaaise verbied is. Daar is ook gedurig gevrees dat die Boere die waterleiding sou opblaas.

Wat die Afrikaanse Taalbeweging betref, het die Mossel Bay Advertiser dit van Hfst. XIII

meet af aan ten sterkste in Engels sowel as Nederlands afgekeur. In Desember 1875 skryf die koerant, nadat dit 'n prospektus van Die Afrikaansche Patriot, wat van die volgende maand sou verskyn, van "den Heer Lokomotief" ontvang het: "Ons blad geeft aan deszelfs lezers plat Hollandsch, maar met die Afrikaansche taal willen wij, niets anders dan nu en dan voor eene aardigheid, te doen hebben. Men moet het blad noemen 'Die Afrikaanse Spot' uitgegeven door 'Vomitief' omdat men daardoor misselijk wordt gemaakt. Het genootschap kan men nomen: 'Die genootskap van kromme en verdraaide Afrikaanders'" (MBA 8.12.1875: Patriot). In die vroeë tagtigerjare het redakteur Powrie oor die "Patterjat Taal" verklaar: "No language, we think, can be too strong in condemnation of the abominable jargon which some insane people would wish to see the language of the country" (MBA 10.5.1882). Die Advertiser het gereeld teen die gebruik van Afrikaans te velde getrek.

13.3 Victoriaanse samelewing

13.3.1 Britsgesindheid

Uit die studie het dit geblyk dat Mosselbaai selfs meer Brits was as wat aanvanklik vermoed is. As in gedagte gehou word dat die NG kerk se voertaal jare lank Engels was en dat selfs die Christelike Jongelings Vereeniging as die Young Men's Christian Society bekend en ook Engelstalig was, kan 'n begrip gevorm word van in hoe 'n mate die inwoners hul met die Britse owerheid vereenselwig het.

Die inwoners was trots om deel van die magtige Britse Ryk te wees en die Advertiser het dikwels, veral na die Koningin se verjaardag, berig dat Mosselbaai, alhoewel in 'n uithoek van die Ryk, net so "loyal" as die mees getroue onderdane was. By geleentheid is geskryf: "we inflate our chests, throw back our heads, and thank God we are Britons" (MBA 2.5.1883: Brokkie).

Eerw. F. H. Fisher van die Engelse kerk het egter in 1885 tydens 'n lesing gewaarsku: "we [should not] think that because we are British that we are superior to the Boers" en het voortgegaan: "both English and Dutch must sink their differences and strive to work for the welfare of United South Africa" (MBA 26.8.1885: Bechuanaland).

Die gemeenskap het 'n lewendige belangstelling getoon in dit wat in "the old country", soos die Advertiser graag na Engeland verwys het, plaasgevind het. Nuwe giere is gou oorgeneem en Britse modes is slaafs nagevolg, ongeag of dit vir plaaslike omstandighede en die veel warmer klimaat geskik was. Die naburige dorp George was besonder gewild as kuierplek en het hulle aan Engeland herinner -- nie slegs vanweë die lower- en waterryke omgewing nie, maar ook omdat die inwoners se gewoontes en uitkyk so Brits was. Families soos dié van Joseph Vintcent en die Duitser P.J. Wassung, wat albei vooraanstaande lidmate van die NG Kerk was, het heeltemal verengels. Alhoewel Vintcent as volwasenne van Nederland gekom het, is die kinders van sy seun en dié se Afrikanerbruid van die distrik na Engeland gestuur vir hul opvoeding en nie na Nederland nie.

Die inwoners het 'n groot bewondering vir Cecil John Rhodes gehad en het hom op die hande gedra, selfs nadat sy aandeel in die mislukte Jameson-inval bekend geword het en hy as eerste minister moes bedank. By sy terugkeer van Engeland na hierdie gebeurtenis, is 'n adres van verwelkoming, wat deur eenhonderd inwoners onderteken is, deur burgemeester C. H. Bruns aan hom gestuur (MBA 22.12.1896: Rhodes). Sowat drie jaar later het die burgemeester, toe A.I. Vintcent, gereël dat 'n geïllumineerde adres aan hom oorhandig word met sy aankoms van Engeland. Die burgemeester se voorstel is eenparig op 'n openbare vergadering aanvaar. Redakteur McIntyre, 'n selferkende Bondsman, het berig: "This question had nothing whatever to do with politics. It referred simply to Mr. Rhodes in his capacity as an extender and builder of Empire" (MBA 23.5.1899: Advertensie; 30.5.1899: Meeting).

Toe Rhodes drie jaar later op sy sterfbed in Muizenberg geleë het, het die Advertiser geskryf:

"The joy which hailed his return to this country only a short time ago, has been succeeded by a general gloom and a spirit of depression at the stroke of ill-fortune which has prostrated him on a bed of serious sickness. [...] Last Saturday [22 Maart 1902] His Worship the Mayor of this town, with his usual exquisite savoir faire, despatched a telegram on behalf of this community, expressive of the sympathy and concern felt at the fate that has befallen the man whom all honour and esteem, and for whom not a few cherish an affection born of the admiration felt for his noble qualities of heart and of soul, and conveying the heartfelt wish for his speedy recovery from the sickness that threatened to deprive the world of its almost idol."

Spesiale gebede is vir hom in die St. Peter's kerk gedoen. Die berig het ook as Hollandse hoofartikel verskyn (MBA 25.3.1902: Hoofartikel). Die antwoord op die telegram het gelui dat indien Rhodes se toestand dit toegelaat het, dr. Jameson hom omtrent die goeie wense sou inlig. Rhodes is vier dae later oorlede en dit is nie bekend of die boodskap aan hom oorgedra is nie. Twee volle bladsye van die Advertiser is aan sy dood gewy en die kolomme is met dik swart strepe van mekaar geskei, net soos dit die geval was by die dood van koningin Victoria kort tevore. Die stadsvaders het onder leiding van burgemeester Vintcent besluit om 'n kopie van 'n eenparige resolusie deur hulle geneem, aan sy naasbestaandes te stuur. Hierin word hul diepe bedroefdheid oor sy dood uitgespreek en "their grateful appreciation of his colossal work for the British Empire, and this country in particular" (MBA 8.4.1902: Council). Ook die Afdelingsraad het 'n soortgelyke resolusie geneem (MBA 15.4.1902: Divisional Council). Afgesien van die feit dat die inwoners Rhodes as

CAPE OF GOOD HOPE, TUESDAY, AUGUST 5, 1902.

PS,

ER,

IMMER.

d reno-
rators

NEATLY

IRO

BUYER,

every

Child-

ed As-

illery

ent of

LOR,

WHO.

Honor-

f Vega

ower

regu-

has-

ken for

or

E.

why gives

mpress to

part, Cape



THE Coronation Festivities

AT
MOSEL BAY

WILL BE HELD ON

Saturday, 9th, and
Monday, 11th August.

FIRST DAY:

DISTRIBUTION of MEDALS by the Mayor
(C. H. Bruns, Esq.) at 11 a.m.

WHITE CHILDREN'S SPORTS (under 16)
1:30 p.m.

FIREWORKS.

SECOND DAY:

SPORTS for ADULTS (White) 1:30 p.m.

No fresh Entries later than Thursday,
7th August.

GRAND TORCHLIGHT PROCESSION AT NIGHT.

Those willing to take part are requested to give
in their names to Mr. P. J. Wassung.
For further details see Revised Programmes
(price 6d. per copy) to be obtained at

Meers & Heynes, Mathew & Co.

H. RAUBENHEIMER,

H. KARP-JONKS,

Hon Secy., White Sports Committee

'n Advertensie vir die viering van koning

Eduard VII se kroning.

(MBA 5.8.1902)

empirebouer bewonder het, moet in gedagte gehou word dat dit sy regering was wat daarvoor gesorg het dat Mosselbaai uiteindelik 'n spoorverbinding gekry het.

Na afloop van die Anglo-Boereoorlog het een van die vooraanstaande inwoners van die dorp in die briekolom voorgestel dat Mosselbaai die nuwe era van vrede en welvaart moes inlui deur die dorp se naam na "the promising and glorious appellation of Port and Town of 'Milner'" moes verander. "'Port Milner' would fix a now historic name upon a place which has a grand future before it, and would be a not ungraceful tribute to the great man who has made Africa" (MBA 3.6.1902: Correspondence). Dit is opmerklik dat Mosselbaai, wat vandag 'n Afrikaanse karakter het, gedurende die vorige eeu so oorheersend Victoriaans-Engels was.

13.3.2 Victoriaanse gedrag

Soos in Engeland (Evans 1966: 49), was daar 'n geweldige klasseverskil op die dorp en brieue het sporadies in dié verband in die Advertiser verskyn. 'n Paar gesinne het, volgens een van die briefskrywers, hulself as die "upper ten" beskou en het alle ander wat hulle nie as hul gelyke geag het nie, uitgesluit (MBA 19.7.1882: Correspondence). Die koerant self het by geleentheid teen die hoogmoed van die inwoners gewaarsku (MBA 7.5.1889: Moon). 'n Briefskrywer, wat homself Viator genoem het, het beswaar gemaak teen "society distinctions" en geskryf: "The attempted distinction between 'a shop' and 'a store', strikes the uninitiated European as being intensely funny; and why a lady without intelligence should refuse to associate with a lady of education and refinement simply because the latter's father keeps 'a shop' seems to be the height of folly" (MBA 9.1.1900: Correspondence). In 'n berig wat vroeër uit die Britse blad The Queen oorgeneem is, is verklaar dat diegene wat in winkels agter die toonbank gewerk het, nie aanspraak kon maak op die aanspreekvorms "ladies" en

"gentlemen" nie en dat daar na hulle as "young woman" of "young man" verwys moes word (MBA 12.3.1884: Terms). 'n Vroeëre inwoner wat verklaar het dat hy nie 'n aanhanger van Sosialisme, Kommunisme of Radikalisme was nie, maar 'n voorstander van "rank, class, degree and priority", het ook teen die snobisme op die dorp beswaar gemaak:

"It seems to me that the people of Mossel Bay, though highly respectable, are divided into too many classes: there is too much exclusiveness, and not enough of social intercourse and friendliness. There is too much etiquette, and not enough of affability. There is no lack of politeness, but it is so cold, formal, and stereotyped, that it repels rather than attracts [...] I have often been struck with this exclusiveness, this classification, and lack of sympathy between the young people of Mossel Bay, as I have seen them taking their evening walks to the Point. [...] This icy barrier is class prejudice" (MBA 16.7.1889: Correspondence).

'n Britse kenner van die Victoriaanse Tyd skryf: "'To know one's place' was essential: to be déclassé disastrous" (Evans 1966: 49). Op Mosselbaai was dit ook die geval en van die jong mans van die werkersklas het byvoorbeeld gevoel dat hulle nie by die roeiklubs kon aansluit nie. Eers toe die ledetal begin afneem het, is geskryf dat almal welkom was en dat klasseverskil op die water sou wegval. Die Advertiser het in berigte dikwels na die verskillende klasse verwys. So is byvoorbeeld gemeld dat H.M. Mackay van die Standard Hotel se begrafnis deur "all classes" bygewoon is (MBA 21.4.1896). Met die begin van die spoorwegbouery het "a large concourse of ladies and gentlemen, as well as others not claiming that distinction" by Munrobaai byeengekom (MBA 6.7.1897: Railway). Dat die begrip "ladies and gentlemen" letterlik bedoel en ook so verstaan is, het goed na vore gekom toe die gewone burgery aangeneem het dat

DIVINE, HALL, & CO.

ARE OFFERING

Following Special Lines:

White Calico, 36 yards Tafelgenees,
10s. 9d. per piece

Grey Calico, 36 yards, 7s 9d. per
piece

THE NEW

KEELAPSO BUSTLE.



(Regd.)

Patent applied for.



Ever since ladies first began to wear Bustles they have searched in vain for a Bustle in which they could feel at ease. Many of those hitherto used have been simply instruments of torture.

The "Keelapso" Bustle is LIGHT (weighing under 4 oz.), COOL, WELL-FITTING, and CORRECT IN SHAPE, it is firm enough to hold the heaviest garments without crushing. It COLLAPSES ENTIRELY when the wearer sits down, and when rising instantly regains its proper shape, and is so easy and comfortable that SHE FORGETS SHE IS WEARING A BUSTLE AT ALL.

Beware of spurious imitations, and see that every one is stamped "KEELAPSO."

Ladies' Black Jerseys from 2s. 6d.
each

Good Dark Serviceable Prints from
4½d. per yard

Women's French Glace Kid Boots,
High Leg, either Button or
Laced

Divine, Hall & Co se advertensie
van 1887 vir opvoubare heupbollas
wat dames vir die eerste keer in
staat gestel het om gemaklik te
kon sit.

(MBA 29.6.1887)

hulle nie meer die Poort-swemsloep kon gebruik nie omdat die nuwe regulasies slegs na "ladies and gentlemen" verwys het.

Besoek by die gegoede middelklas was formeel en daar is van visitekaartjies gebruik gemaak. Die Advertiser het sy lezers ingelig dat volgens 'n Franse nuusblad meer as 600 miljoen van hierdie kaartjies jaarliks wêreldwyd gebruik is (MBA 1.9.1896: Corner). "Ladies Visiting Cards, Plain and Mourning" kon by die plaaslike koerantkantoor gekoop word. Kaartjies was ook vir mans beskikbaar (MBA 4.9.1878: Advertensie). Die blad het aan die hand gedoen dat vroue en jong mans tydens 'n besoek nie te lank moes vertoeft nie (MBA 15.3.1892: Notes; 22.3.1892: Notes; 29.3.1892: Notes). Die magistraatsvrou het in 1897 besonder deftig in die koerant geadverteer wanneer sy besoek sou ontvang:

"Mrs. H.M. Edye,
AT HOME
Tuesdays: 4 to 6 pm.
The Residency."

Die kennisgewing het soos 'n elegante visitekaartjie daar uitgesien met haar naam in 'n vloeiente lettertipe gedruk (MBA 16.11.1897). Sy was die enigste wat van so 'n openbare kennisgewing gebruik gemaak het. Die ander vroue van aansien sou ook vasgestelde besoekdae gehad het, maar het dit nie in die koerant geadverteer nie. Ook binne gesinsverband was mense formeel. Agnes Vintcent (die latere mev. John X. Merriman) het byvoorbeeld op vyftienjarige ouderdom haar brieue aan haar swaer, aan wie sy geheg was, soos volg afgesluit:

"Believe me
ever to remain
Your very dear little sister

"Aggie"

Briewe aan haar vader, Joseph Vintcent, is op sewentienjarige ouderdom soos volg afgesluit:

"I remain ever
Your very affectionate daughter
Agnes Vintcent"

Vanaf Oktober 1872, toe sy agtien jaar oud was, sluit sy haar weeklikse korrespondensie met haar suster Maria af met:

"Your very affectionate sister Agnes Vintcent" (SAB: MSB 512).

Die inwoners, soos ook dié elders in die Britse Ryk, het so baie van vertoon gehou dat selfs wanneer slegs enkele mense by 'n gebeurtenis betrokke was, 'n poging aangewend is om plegstatigheid en glans aan die verrigtinge te verleen. Alles is op swierige en luisterryke wyse gedoen -- of dit nou die skoolprysuitdeling was, die seremoniële inwyding van 'n gebou of die tewaterlating van 'n roeiboot. Nuwe predikante en die regter van die Rondgaande Hof is in die distrik ingewag en die dorp met fanfare binnegelei. Optogte, wapperende vlae, baniere met slagspreuke, versierde strate, blaasorkeste, lang toesprake, heildronke en hoera's, beligte geboue en "fairy lights" was aan die orde van die dag en moes veel gedoen het om die saai en eentonige lewe van die burgers op te luister.

Die gemeenskap se voorliefde om adresse te oorhandig, sluit hierby aan. Met die besoek in 1901 van die hertog en hertogin van Cornwall en York aan Suid-Afrika, is A.I. Vintcent, C.W. Noble en R.G. Dymond afgevaardig om na Kaapstad te gaan en namens Mosselbaai 'n adres aan die koninklikes te oorhandig. Dit is deur eerw. C.E. Jones gemaak en was "beautifully engrossed and illuminated on Hfst. XIII

vellum". Die dokument is vooraf in die venster van Dickenson se winkel in Marshstraat uitgestal waar dit deur die gemeenskap bewonder kon word. 'n Geïllumineerde adres is ook die volgende jaar aan die Koning gestuur om hom met die herstel van sy siekte en sy kroning geluk te wens. Ook dié kunswerk is in Dickenson se winkel uitgestal (MBA 23.7.1901: Address; 13.8.1901: Address; 26.8.1902). Daar is nie slegs op hierdie wyse aan hooggeplaasdes eer betoon nie, maar feitlik elke gesiene manlike burger wat die Baai verlaat het om hom elders te vestig, het so 'n dokument ontvang. Al die adresse was uit die aard van die saak nie geïllumineer nie. Die inhoud van die wense is in die Advertiser geplaat asook die vereerde se antwoord daarop. Dr. Thomas Kitching het met sy vertrek in 1871 afgesien van die adres van die gesiene burgers, ook een van die "working men of Mossel Bay" ontvang as blyk van waardering vir sy werk onder die armes (MBA 27.6.1871).

Die taalgebruik van die tyd was besonder deftig en fleurig en die meeste toesprake hoogdrawend. Dit is te betwyfel of al die toesprake wat tydens skoolprysuitdelings gelewer en in die koerant aangehaal is, ooit deur die leerlinge verstaan is. Woorde en uitdrukking soos die volgende is dikwels deur die redakteur van die Advertiser en briefskrywers gebruik: "pedestrian exertion" (wandel), "the natatory art" (swem) en "valetudinarians" (herstellendes). Daar is dikwels na die see as "the briny" verwys, na die hawe as 'n "harbour of refuge" en die stadsaal was altyd "chastely" of "tastefully" versier.

Die koerant het gewaarsku dat daar op taalgebruik gelet moes word en datveral meisies nie "slang" moes gebruik nie: "To an experienced ear there are many phrases perfectly innocent in themselves, which tell as plainly as possible in what sort of society those using them are accustomed to move." Daar is gewaarsku teen onder meer die woord "awfull" soos in die uitdrukking "awfully jolly" wat as vulgär beskou is en nie deur die "upper ten" (die elite) gebruik

word nie. "But a still worse word is 'beastly', which, though certainly one most inappropriate in a lady's mouth, is far from uncommon nowadays. 'What beastly weather', ''tis a beastly shame', are bad enough, and should be corrected even in a schoolboy; but his sister should decidedly be taught that such language is quite unpardonable", lui die berig verder (MBA 12.3.1884: Terms). Meisies se aandag is by 'n ander geleentheid daarop gevestig dat die gewilde uitroep "Dear me!" aan die Keltiese "Dia mi!" wat "My God!" beteken, ontleen is (MBA 29.1.1889: L&G).

Groot klem is gelê op fatsoenlik gedrag. Die Advertiser het onder die opskrif "Vulgar Habits" geskryf: "Asking questions private and personal is a vulgar habit, telling your own business [...] is another. [...] Talking in public, hard staring at table, insolent disrespect to husband, wife, sister, or brother, showing temper in trifles, making scenes in public, showing an embarrassing amount of fondness and making love in public [...] -- all these are signs of evidences of vulgarity -- vulgarity of a far worse type than that which eats fish with a steel knife, and says, 'You was', and 'Each of the men were'" (MBA 2.8.1882). In die volgende uitgawe van die koerant het daar toevallig 'n advertensie van Divine, Hall & Co verskyn vir "Fish carvers, Fish Eating Knives and Forks, Sardine Forks and Tongs" (MBA 9.8.1882).

Soos ook in Engeland, was dit nie fatsoenlik vir jongmense van die verskillende geslagte om alleen met mekaar te verkeer nie. Aggie Vintcent het in 1869, op vyftienjarige ouerdom, vir haar swaer geskryf: "Just imagine with whom Miss Jacoba carries on now -- with Mr. Cairncross. [...] fancy they drove all the way from Geelbeksvlei quite alone [...]" (SAB: MSB 512 A. Vintcent-A. van der Bijl, 15.6.1869). Die plaas Geelbeksvlei was sowat twee uur se ry van Mosselbaai (MBA 22.8.1877: Arrival). 'n Briefskrywer het twintig jaar later in die Advertiser verklaar: "the young ladies and young gentlemen, though well known to each other, are seldom seen together; and as to walking together, that is

SALE OF HOUSEHOLD FURNITURE

THE Undersigned is instructed by Mrs JOHN MUDIE to sell,
by Public Auction, at her Residence in Marsh Street, on

Tuesday, 12th February, 1901,

AT 10 O'CLOCK IN THE FORENOON,

All her substantial Household & Domestic
Equipment, partially set forth,
as under—

Drawing Room—Piano (by Holdenesse & Holdenesse),
2 Music Stools, Music Stand—21 Day Clock, under
glass Shade—2 Candelabras with Mirror—3 Bracket
Lamps with Mirrors—Ladies' Work Table—Gipsy
Table—Other Tables—Wnatrot—Suite Furniture in
Crimson Rep—Pair Crimson Rep Curtains—Flower
Stands.

Dining Room—Massive Telescope Dining Table—Large
Sideboard with plate glass front—Dinner Wagon—
Ladies' Writing Table—8 Day Clock & Bracket—
Dining Room Suite in Leather—Hanging Lamp—
Linoleum.

Billiard Room—2 Mahogany Book Cases—uit
Furniture in leather—8 Day Marble Clock with Stand—
Music Stand.

Hall—Hat Stand with Marble Shelf & Mirror—2 Chairs—
Barometer—Refrigerator—Suite Furniture.

Bed Room No. 1—Double Brass Mounted Bedstead
with spring and coir mattresses—Splendid Double
Mahogany Wardrobe with p'ate glass mirror—Mahog
any Dressing Table with oval mirror—Cheval Glass—
1 Chest of Drawers with marble top—Marble Top
Washhandstand—Secretaire or Writing Desk.

Bedroom No. 2—Bedroom Suite in Maple, consisting
of Wardrobe, Dressing Table, Marble Top Washhand-
stand—Towel Horse—Writing Table—Book Case—
American Dining Table—2 Commodes.

Bedroom No. 3—Clothes Press—Wardrobe—Mahogany
Washhandstand and Dressing Table—Towel Horse—
Bedsteads.

Bedroom No. 4—Mahogany Dressing Table—Marble
Top Washhandstand—Clothes Press with drawers—
American Chest of Drawers.

Passage Upstairs—Linen Press—Matting.

Bath Room—2 Marble Top Washhandstands—Baths—
Chest of Drawers—Folding Bedstead—Large Parrot
Cage—Earth Closet.

Pantry—Crockery—Glassware—Silver, &c.

Die ganse inhoud van huise is gereeld van die hand gesit
wanneer mense weggetrek het. Hierdie vendusie-advertensie
(1901) van die weduwee John Mudie gee 'n aanduiding van die
inhoud van 'n deftige huishouding. Die regter van die
Rondgaande Hof het van 1899 in haar huis tuis gegaan
(MBA 5.2.1901).

out of the question" (MBA 1.6.1889: Correspondence).

Veral vroue moes teen onfatsoenlikheid beskerm word. 'n Leser het aan die blad geskryf om beswaar te maak daarteen dat die rubriekskrywer van "Odds and Ends" hom skuldig gemaak het aan onverfyndheid deurdat hy na 'n gesette man as "Bulky Bowels" verwys het. "Wit is one thing, -- vulgarity another, and when you bear in mind that your paper is just as likely to fall into female hands, as well as male, a little care ought to be used in the expressions used", lui die vermaning (MBA 13.4.1881: Correspondence). 'n Ander manlike inwoner het beswaar aangeteken teen die gewoonte van 'n sestal jong mans om Sondagaande voor die diens buite die St. Peter's kerk te staan en rook waar vroue by hulle moes verbystap. Hy het voorgestel dat die polisie moes ingryp indien die skuldiges dit nie staak nie. Redakteur McIntyre het saamgestem dat dit 'n "objectionable practice" was, maar was seker dat die optrede van die jong mans sonder kwade bedoelings was en dat dit nie weer sou gebeur nie (MBA 21.11.1899: Correspondence).

Die inwoners was so op vertoon gesteld dat hulle, ten spyte van 'n builepes-epidemie en tifus, heftig gekant was teen die instelling van 'n municipale vuilwaterverwyderingstelsel aangesien die gedagte aan "slop carts" op straat, eenvoudig te aanstootlik was. Die feit dat die nuwe stelsel die onhigiëniese toestande grootliks sou verbeter, was van minder belang. Selfs die Advertiser het die teenwoordigheid van dié waens op straat betreur en dit as 'n "publicly offensive system" beskryf.

Die Advertiser het gedurende die eerste twee dekades nooit berig oor enige botsings tussen wit en bruin nie. Dienste in die NG kerk is deur lidmate van albei groepe bygewoon, alhoewel hulle apart gesit het, en wit en bruin kinders het op Sondagskoolpartytjies saam gespeel. Ook lede van die wit en bruin matigheidsbewegings het sporadies saam gesellig verkeer. Albei rasse het aan

die boeresportbyeenkoms op Koninginsdag deelgeneem, alhoewel aparte wedrenne meestal vir die groep gehou is. Bruin en wit mans het saam by die Poort geswem.

Rassistiese berigte het egter van 1890 in die Advertiser verskyn. Die eerste was 'n hoofartikel waarin die redakteur teen die moontlike koms van Asiate beswaar gemaak het: "We in South Africa for many years yet to come will have quite enough on our hands to cope with the barbarism now in our midst and around us, without permitting the influx of the vices, the immorality, the filth, and the degradation of the 'heathen Chinee' or the Asiatic, which would only add ten thousandfold to present difficulties [...] We have no desire to see the names of such firms as 'Mahomed, Ismail & Co' figuring in our streets or advertised in our prints, as they do in the Transvaal" (MBA 20.5.1890: Hoofartikel). In hierdie jaar het die koerant ook begin om daarteen beswaar te maak dat sekere lede van die bruin gemeenskap die sypaadjies gebruik. Die blad het dit nie teen alle bruinmense gehad nie, maar teen die laer klasse, "the great unwashed" of "dirty niggers", wat nie geweet het dat hulle moes opstaan wanneer "their betters" aangekom het nie. Daar is ook van hul "wanton offensiveness to ears polite" geskryf en daar is gemeld dat fatsoenlike burgers dit soms vanweë die "liederlijk" taalgebruik nie in Marshstraat kon waag nie. Daar is aanbeveel dat die stadsvaders soortgelyke regulasies uitvaardig as wat in sommige dorpe in Natal en Transvaal gegeld het waarvolgens lede van ander rasse in die straat moes loop. Redakteur McIntyre het in die laat negentigerjare geskryf dat dit hoog tyd was dat die polisie ingryp. 'n Inwoner het in die briekolom van die blad gevra: "Why are these people not made to understand that they must walk in the street, and leave the side-paths to their betters?" Die sypaadjiekwessie het tot in die 20ste eeu voortgeduur (MBA 30.12.1890: Notes; 24.2.1891: Notes; 14.9.1879: Order; 15.2.1898: Afd. Raad & Divisional Council; 20.3.1900: Correspondence).

In 1891 het die koerant voorgestel dat aparte swemure vir wit en bruin mans by die Poort ingestel word (MBA 6.1.1891: Notes), maar dit het slegs by 'n voorstel gebly. In 1897 het ook lidmate van die NG Kerk daarteen begin beswaar maak dat hulle dienste saam met ander rasse moes bywoon. Van 1900 is bruinmense afsonderlik aangeneem en gedoop, maar hulle het andersins gewone lidmate gebly tot 1926 toe hulle aangemoedig is om by die Berlynse Sendingkerk aan te sluit.

Volgens die sensus van April 1891 was die Suid-Westelike Sirkel, waaronder Mosselbaai geval het, die enigste sirkel in die Kolonie waarin die wit bevolking die bruin bevolking oortref het. Op Mosselbaai was daar egter 250 meer bruinmense as wittes. Die wit inwonertal van die dorp self was 907 terwyl die bruin inwonertal 1 157 was. In die distrik Mosselbaai het die wit burgers 3 461 getel en die bruines, 3 830 (MBA 19.5.1891: Census).

13.4 Evaluasie

Die bergagtige randjie waarteen die dorp aangelê is, was vir die Victoriaanse inwoners, wat liries geraak het oor die welige plantegroei, murmelende strome en fluweelagtige sypaadjes van George, 'n steen des aanstoots. Die stadsvaders het geglo dat die sogenaamde onaantreklikheid van die kaal koppie besoekers sou weghou. Mosselbaai is van 1886 af as gesondheidsoord bemark en sy heilsame klimaat en ligging is sterk aangeprys. Die Advertiser het onophoudelik beswaar gemaak teen die onwelriekendheid van die dorp, maar die Raad het min insig getoon wat toerisme betref. Hulle het nie slegs toegelaat dat karkasse op die strand by die Punt gelaat word nie, maar het dié terrein as ideaal vir dié doel aangewys, ongeag die feit dat dit naby die vernaamste toeristeattraksie, die Poort-swemsloep, was. Menslike ontlasting is tot die eeuwending hier en op die ander strande gestort. Die gevolg was dat die hele kusstrook wat aan die dorp gegrens het uiters onaangenaam was: Munrobaai, die

Aloestraat-gebied, die hawe, die Whale Hole, die Punt. Die openbare vullishoop was nie slegs by die hawe waar besoekers aangekom het nie, maar ook naby die hotelle waar hulle tuisgeaan het. Slagwerk, wat tot die einde van 1890 in die middedorp gedoen is, het verder tot die onaangename atmosfeer bygedra. 'n Stortvloed briewe aan die pers het van die inwoners se ontevredenheid getuig.

Dit is ironies dat die uitbreek van pokke en pes nodig was om die stadsvaders te laat besef dat die higiëniese toestand op die dorp uiterst onbevredigend was. Met die uitbreek van hierdie epidemies, wat Middeleeuse afmetings kon aanneem, het hulle hul laissez faire-houding laat vaar en vinnig tot aksie oorgegaan. Die epidemies het die goeie gevolg gehad dat die dorp deeglik gereinig en sanitêre verbeterings aangebring is. Dit is onbekend hoekom daar nooit ernstig ondersoek ingestel is na die gebruik van seewater vir die was van die dreineringstelsels nie. Die apatiese houding wat die Mosselbaaise munisipaliteit teenoor dorpsake geopenbaar het, was nie uniek nie en dieselfde houding is onder meer ook op Oudtshoorn (Appel 1979: 454) en in Kaapstad aangetref.

Een van die gebeurtenisse wat die grootste invloed op die daaglikselike dorpslewe uitgeoefen het, was die aanlê van water van Kleinbosch af. Die inwoners het amper anderhalf dekade lank 'n ernstige watergebrek ondervind en hul lewens is hierdeur op bykans elke terrein negatief beïnvloed. Die meeste briewe in die plaaslike blad oor 'n enkele onderwerp het dan ook oor waternaleenthede gehandel. Na die voltooiing van die projek in 1886 is nie slegs badkamers in wonings en die hotelle aangebring nie, maar kon brande met sukses bestry word, afvoerslote gewas word, en die dorp deur die aanplant van bome en die aanlê van tuine verfraai word. Die Kleinbosch-skema was, as die inwonertal in ag geneem is, volgens die Advertiser die grootste waterprojek wat tot in daardie stadium deur 'n gemeenskap in die Kaapkolonie aangepak is (MBA 10.2.1886: Hoofartikel). Dit het £26 000 gekos (MBA 7.9.1887: Hoofartikel) en die kontrakteurswerk is

deur 'n plaaslike firma, Courtney & Delbridge, uitgevoer (MBA 3.3.1886: Hoofartikel). Dit is egter moeilik begrypbaar dat die water ten duurste van die Outeniekwaberge aangelê is sonder dat 'n geskikte reservoir daarvoor gereed was en twee-derdes daarvan dertien maande lank in die see geloop het.

Die tydsbegrip het in die Victoriaanse Tydperk grootliks verander. Die gemeenskap, wat gewoond was aan die stadige perd en die os, kon nou skielik per trein reis teen sowat 64 tot 80 kilometer per uur. Stoomskepe het die tydsduur van die vaart van Europa grootliks verminder en die elektriese telegraaf het boodskappe binne enkele sekondes oor honderde kilometers gestuur. Stoomaangedrewe masjinerie in fabrieke was daarvoor verantwoordelik dat groot hoeveelhede goedere vervaardig is in slegs 'n breukdeel van die tyd van voorheen toe dit met die hand gedoen is. Koerante met vars nuus, moontlik gemaak deur die telegraaf en later die ondersese kabel, is in hul duisendtalle per uur gedruk deur stoomdrukperse en het die gevoel van onmiddellikhed verder verhoog. Selfs afbeeldings was nie meer 'n tydrowende proses nie aangesien die uityinding van fotografie kitsportrette van mense en tonele moontlik gemaak het (Altick 1973: 96-97).

Alhoewel alles so ingrypend verander het, was die pas van die lewe op 'n dorpie soos Mosselbaai steeds stadig en het die inwoners volop tyd vir ontspanning gehad. Sport het baie gehelp om die tyd te verdryf en het 'n belangrike rol in die daaglikse lewe gespeel. Interdorpse wedstryde het sosiale kontak tussen die inwoners van buurdorpe bewerkstellig. Die fiets het op hierdie gebied ook 'n bydrae gelewer aangesien dit ryers in staat gestel het om te reis en hul uitkyk te verbreed.

Mosselbaai het snel Engeland se voorbeeld op sportgebied gevolg en nuwe sportsoorte het die hawedorpie soms in dieselfde jaar as Kaapstad bereik. Die gemeenskap het egter net so gou weer belangstelling verloor en jaarlikse

Divine, Hall & Co.



MEN'S CLOTHING, PER LATE STEAMERS.

Black Diagonal Jackets, Vests, & Trowsers
Do. in Suits complete

China Silk Jackets
White Drill Jackets

Latest Styles, in Hard and Semi-Soft Felt
Hats

Flannels for Tennis Suits or Dresses
Tennis Caps, Embroidered



BOYS' CLOTHING.

Galatea and Drill Suits
Felt Hats, Straw Sailor Hats
Serge Knicker. Suits

Mossel Bay Annual Wool Market.

PUBLIC SALE

OF Household Furniture.

The Annual Wool Sale will be held on
Thursday, 24th October, 1889,

SALE TO COMMENCE AT 7 A.M. SHARP.

MR E. B. GARDINER having
decided to remove his family
from Mossel Bay, has instructed the
undersigned to sell by Public Auction
on

Wednesday, Oct 30, 1889,
Commencing at 10 a.m.
AT

'n Geillustreede advertensie vir mans- en seunsdrag wat
in 1889 in die plaaslike koerant verskyn het.

(MBA 8.10.1889)

toernooie was nodig om te verhoed dat sportsoorte doodloop. Die Mossel Bay Advertiser het dikwels teen die jong mans se traagheid beswaar gemaak (MBA 16.11.1887; 3.4.1894: Notes; 21.10.1902) en 'n rubriekskrywer het by geleentheid geskryf: "I've often noticed in Mossel Bay, a thing is started, people take it up, go in for it with great gusto, it lasts for two or three years, it weakens and gradually dies out" (MBA 4.11.1890: Notes). Hierdie apatie was nie beperk tot Mosselbaai nie en het die sportbeoefening op die meeste groot dorpe in die Kolonie gekenmerk (MBA 19.10.1887: Aquatics).

Sport het 'n besonder belangrike bydrae tot die emansipasie van die vrou gelewer aangesien dit haar vir die eerste keer die geleentheid gebied het om in die openbaar op te tree deur sportpryse te oorhandig en later selfs 'n paar woorde individueel tot die wenners te rig. Dit was swimregulasies wat 'n vrou genoeg het om een van die eerste briewe (deur 'n vrou) aan die pers te rig. Vroue moes dekades lank tevrede wees met die speel van die stommige kroukiespel, maar in die middel van die tagtigerjare is tennis ingevoer wat nie net meer opwindend was nie, maar vroue ook in staat gestel het om sport saam met lede van die teenoorgestelde geslag te beoefen. Die Mosselbaai-vroue was besonder geesdriftig op sportgebied. Skaars twee jaar na die stigting van 'n vrouekrieketklub in Engeland is die spel op Mosselbaai gespeel. Vrouehokkie het in dieselfde jaar op Mosselbaai as in Kaapstad gewild geraak. Die "decadence of the women and their mannish manners" is in hierdie tyd deur lede van die gemeenskap betreur. 'n Vrou het hierop gereageer: "the lords of creation would have everything to themselves nowadays if we did not descend to their level" (MBA 7.6.1898 Opinion).

Inwoners kon ook by verskeie verenigings aansluit om hul vryetyd te verwyl. Sommige verenigings was bloot op vermaak ingestel en ander het dit ten doel gehad om op te voed. Van die verenigings is deur nuwe intrekkers gestig wat 'n besondere belangstelling in byvoorbeeld die skilderkuns of sang gehad het. Die

inwoners was onmiddellik vuur en vlam en het in groot getalle aangesluit om aan die nuwe tydverdrywe deel te neem. Hul geesdrif het egter gou verflou en die vereniging het, net soos sekere sportklubs, gekwyn en uiteindelik doodgeloop. Die Advertiser se klag oor die inwoners se gebrek aan "go", het oor die jare soos 'n refrein opgeklink.

Vroue was slegs welkom om aan te sluit by verenigings wat hul op die verskaffing van vermaak of die beoefening van die kunste toegelê het, soos die toneel-, musiek-, skilder- en fotografiese vereniging. Hulle kon ook liefdadigheidswerk doen. Die verenigings wat gestig is met die doel om op te voed, soos die Mutual Improvement Society, die biblioteek en die debatsvereniging, was hulle egter nie beskore nie. Dit is opmerklik aangesien lede van die vroulike geslag onder die akademiese presteerders van die dorp getel het. Een van die eerste twee mense wat deur middel van die plaaslike Seunskool gematrikuleer het (1894), was byvoorbeeld mej. Powrie, 'n onderwyseres aan dié skool. Mej. Annie Mitchell van die Meisieskool het in 1896 die eerste plek in die Kaapkolonie behaal toe sy die onderwyserseksamen afgelê het (MBA 28.1.1896: Examinations) en mej. Emily Hall, het die derde plek in die Elementary Examinations van die Kaapkolonie verwerf (MBA 8.7.1890: Schools).

Alhoewel die skole op die dorp nie groot was nie, het Mosselbaai uitstekende studente opgelewer. Eerw. Thomas Sheard se seun Robert was die eerste wat plaaslik in die Kaapkolonie, dit wil sê aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, 'n M.A.-graad behaal het (1874) en die sakeman J.F. Hudson se seun George was in 1875 op sewentienjarige ouderdom die jongste kandidaat om die B.A.-graad aan dieselfde universiteit te behaal. Van die plaaslike seuns is na Engeland vir verdere opleiding, soos die seuns van apteker Ebenezer Powrie en dr. Thomas Kitching, wat albei medies gaan studeer het.

Daar was by die mans weinig belangstelling in onderwyssake. Vergaderings was slegs vir manlike ouers en is gewoonlik net deur komiteelede bygewoon. Die jaarlikse prysuitdelings daarenteen, kon deur almal bygewoon word en daar is gevind dat die gehoor dikwels net uit vroue bestaan het. Vroue het in skoolsake belang gestel en sou op onderwysgebied 'n bydrae kon lewer indien hulle toegelaat is. Volgens die Advertiser was dit nie aan die vroulike lede te wyte dat verenigings doodgeloop het nie, maar aan die mans. Die matigheidsbewegings en die Heilsleëer, wat vroulike werkers verwelkom het, het grootliks by die vrou se inisiatief en volharding baat gevind. In 1906, toe 'n vrou vir die eerste keer verkies is om in die skoolkomitee te dien, het die koerant dit as 'n "capital idea" beskryf. Daar is gemeld dat sy self kinders het, maar haar naam is nie genoem nie (MBA 22.5.1906: Lady).

Mosselbaai se ontwikkeling was nou verbonde aan die see en sy welvaart het grootliks van sy maritieme infrastruktuur afgehang. Die hawe het aanvanklik vinnig ontwikkel en die in- en uitvoer het met rasse skrede toegeneem soos die Baai deur die bou van passe met die binneland verbind is. Die hawe het egter begin agteruitgaan toe daar na die ontdekking van diamante begin is om Kaapstad en Port Elizabeth per spoor met Kimberley te verbind. Soos die spoorlyn dieper die binneland in gevorder het, het dié twee hawestede al hoe meer van Mosselbaai se regmatige hinterland oorgeneem en is produkte wat vroeër deur Mosselbaai uitgevoer is, deur hulle hanteer. Mosselbaai het onverpoos en verbete om sy regte geveg en die grootste deel van die drie dekades kan gevvolglik as 'n tydperk van stryd beskou word.

Mosselbaai is inderdaad op stiefmoederlike wyse behandel. Afgesien van die feit dat spoorverbinding meermale beloof is, net om weer teruggetrek te word, was die inwoners ontevrede omdat die owerheid wat deur die hawe en omliggende distrikte verryk is, nie bereid was om staatsgeld vir haweverbeterings beskikbaar te stel nie. Die versiende redakteur Powrie het reeds in 1876

gewaarsku dat die Baai indien dit nie 'n spoorverbinding sou kry nie, tot 'n vissersdorpie sou verval. Die South African Trade Journal and Shipping Gazette het in 1892 geskryf dat Mosselbaai reeds vir twintig jaar "persistently, cruelly and inexplicably" deur die owerheid geïgnoreer is (Augustus 1892: 103). Die plaaslike blad het by geleentheid die algemene gevoel opgesom toe mismoedig verklaar is: "De wereld is voor Tafelberg en Tafelbaai gemaakt. Er bestaat geen Mosselbaai" (MBA 24.5.1876: Nieuws).

Die handelsgemeenskap was egter oortuig dat Mosselbaai weer sou regkom wanneer spoorverbinding bewerkstellig is. Redakteur McIntyre het in Mei 1901 geskryf:

"Once the railway is completed to Mossel Bay, and the line from Riversdale continued to this place, then the fulness of time shall have arrived to throw off the handicap which has been unjustly laid upon it, and it will stride forward by leaps and bounds to justify its claim to be a place of call for all nations' bearers of merchandise to and fro, and will hold its own with any of the ports that at present are free from the handicap imposed by the present absence of railway communication with the interior" (MBA 21.5.1901: Hoofartikel).

Dié verwagtings is egter nie bewaarheid nie aangesien Mosselbaai sy verlore handel vir goed kwyt was en selfs nie die komst van die spoorweg die Baai se glorie kon herstel nie.

Gedurende die laaste drie dekades van die Victoriaanse Era het Mosselbaai daar heel anders uitgesien as vandag. Dieselfde strate met dieselfde name is nog daar, maar 'n groot deel van die sjarme van die Victoriaanse hawedorp het saam met talle van die historiese geboue verdwyn. In veral Marshstraat het bitter weinig oorgebly om aan 'n tyd te herinner toe statige wonings en sakegeboue die

straat belyn het. Die historiese dorpsentrum het as gevolg van die ywer waarmee gesloop en gebou is, sy eertydse karakter verloor, alhoewel dit die besoeker nog kan geluk om skielik om 'n hoek te stap en onverwags op 'n stukkie Victoriaanse Mosselbaai af te kom.

Hierdie geboueverlies is bitter jammer aangesien die geboue van 'n vergange tydperk feitlik die enigste tasbare band met die destydse inwoners vorm. Daar is ook 'n sekere interaksie tussen 'n gebou en die mense wat dit opgerig en deur die jare daarin gewoon of gewerk het. Dit bly 'n onthutsende ervaring om 'n petrolpomp of winkelsentrum te vind waar die spore van die eertydse burgers moes gewees het.

Van die geboue wat gesloop is, kan die volgende veral uitgesonder word:

*Die historiese Point House by die Punt, waar die Frog Rock-woonstelgebou tans staan.

*The Castle (die latere Cedar Hall) wat deur die Blands opgerig is en later deur verskeie hooggeplaasde gesinne bewoon is. Dié gebou het aanvanklik plek gemaak vir 'n motorhawe, wat daarna vervang is deur 'n winkelsentrum. 'n Boom van die oorspronklike tuin het behoue gebly.

*Die Vintcent-woning wat reeds voor dorpswording deur C.F. Pohl, pionierbouer van Mosselbaai, opgerig is en die eerste huis in die nedersetting was. (Gesloop in die vyftigerjare van huidige eeu.)

*Die residensie en die herewonings van Marshstraat, soos dié van die Kitching- (1968) en die Dymond-gesin (1968).

*Die eerste N.G. kerk in Blandstraat (1971) en die Lutherse kerk in Montagustraat (1979).

*Die twee Baker-geboue: die biblioteek op die hoek van Marsh- en Kerkstraat (1965) en die kantoorgebou van Reitz, Versfeld en Lourens in Marshstraat.

*Die VOC-graanskuur in Gravestraat (1949) en die tronk in Blandstraat (sestigerjare van huidige eeu).

*Die Wassung-sakegebou op die hoek van Marsh- en Kerkstraat, Divine, Hall & Co se gebou op die hoek van Bland- en Kerkstraat (sestigerjare van huidige eeu), die Union Hotel in Blandstraat (1935) en die Gavins se woning-cum-winkel op die hoek van Kerk- en Springstraat (1978).

Die proses is egter nog nie beëindig nie. In 1988, die jaar van die Dias-fees, is die ou enkelverdiepingkantien van die Matfields, die "Rose & Crown", in 'n drie verdieping gebou omskep. Daar word ook gevrees vir die behoud van ander geboue. Dit is besonder verblydend dat enkele geboue -- E.J. Meyer se meul en pakhuis en die Munro's se twee huise by Munrohoek -- vir die Dias-fees gerestoureer is. 'n Replika van die VOC-graanskuur en nog 'n Munro-geboutjie is ook opgerig. Dié geboue word almal sinvol benut. Die betreklik nuwe belangstelling in en waardering vir die verlede van Mosselbaai kan moontlik mee help om verdere verlies te beperk.

Daar is dikwels in die Mossel Bay Advertiser geskryf dat 'n bepaalde struktuur tot lengte van dae as monument vir 'n sekere inwoner sou dien. Dit is deerniswekkend aangesien niemand vandag, skaars 'n eeu later, selfs bewus is daarvan dat so iemand ooit gelewe het nie, en dikwels ook glad nie belang stel

nie. So is die Standard Hotel 'n gedenkteken vir oud-vuurtoringwagter John Armstrong, wat die hotel van 'n beskeie huisie in 'n dubbelverdieping omskep het. Armstrong is vandag vergete en dit is onbekend dat die hotel eens besonder nederig daar uitgesien het. Min inwoners weet ook selfs dat die Ocean View Hotel in Blandstraat vroeër die Standard Hotel geheet het. Die Victoria Park, wat Mosselbaai altyd aan die Goue Jubileum van koningin Victoria moes herinner, het nou 'n heel ander naam (Giddy-park) en van die ander "monumente" is intussen al gesloop.

Afgesien van individue het ook hele families wat sinoniem met Mosselbaai was, verdwyn. Dit sou vir die Laat-Victoriaanse inwoners ondenkbaar gewees het dat Mosselbaai sou kon voortbestaan sonder Horaks, Powries, Wassungs, Sheards, Harries', Mudies, Mataré's en Brunse om die toon aan te gee. Van die bekende families wat nog oor is, is die Vintcents, die Munro's, die Cuffs, die Zietsmans, die Mullers en die Meyers.

Met hierdie studie is gepoog om van die vergete "Bayonians" en van die geboue wat deel van hul Mosselbaai uitgemaak het, aan die vergetelheid te ontruk en opnuut bekend te stel. Daar word iets weergegee omtrent hul ideale, hul frustrasies, gewoontes, lewensbeskouing, optrede, leefwyse en veral dit wat nie op historiese foto's sigbaar is nie -- die stof, die onwelriekendheid, die vuil afvoerslote en ander onaangenaamhede waarmee hulle daagliks moes saamleef. Die belangrikste gebeure, wat intussen onherroeplik deel van die dorp se geskiedenis geword het, is ook weergegee. Hopelik sal dit tot 'n beter begrip van die hede, die vlietende oomblik, bydra.

By die opening van die eerste biblioteek wat in 'n winkel gehuisves was en slegs vyf boeke, 'n paar koerante en dertig intekenare gehad het, het een van hierdie vroeë inwoners, ds. T. van der Riet, gesê:

"We have every reason to expect that this place will become a large, it might be (for aught we know) the chief city of the colony; and then our harbour will contain barques and steamers, heavily laden with the produce of all climes; our houses, coffers filled with silver and gold, our churches have spires, and our palaces and villas, sages of all learning, our schools, Latin, Greek, and Hebrew scholars in great number, and our Library, hundreds of subscribers, and thousands of volumes, neatly bound, and orderly shelved in spacious apartments. But still this 3rd day of November [1856] will remain the anniversary of its first establishment, -- on which we ourselves will be remembered by posterity with gratitude, as the first founders of this institution [...]" (SA Comm Advt & CT Mail 20.11.1856: MB Library & Reading Room).

AFKORTINGS

AK	Aktekantoor, Kaapstad
Almanac	Cape of Good Hope Almanac
Argus	The Cape Argus
BDM	Bartolomeu Dias-museum
C Chron	The Cape Chronicle
C Times	Cape Times
ea	en ander
EB Mac	Encyclopaedia Britannica Macropaedia
EB Mic	Encyclopaedia Britannica Micropaedia
EML	Early Municipal Letters
erf	erfregister
GA	The George Advertiser
Gazette	Cape of Good Hope Government Gazette
gd	geen datum
gp	geen plek
GF	George Freehold
GKH	George and Knysna Herald
Geo	George
HSW	Het Suid Western
IOGT	Independent Order of Good Templars
KA	Kaapse Argiefbewaarplek
L&G	Local and General
LKK	Lutherse kerkargief, Kimberley
MB	Mosselbaai / Mossel Bay
MBA	The Mossel Bay Advertiser
MBF	Mossel Bay Freehold
Afks.	

MMB	Municipality of Mossel Bay
msc	manuscript
NMC	National Monuments Council
Oudt Cour	The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend
Oudt Trib	Oudtshoorn Tribune
Overberg Cour	Overberg Courant and General Advertiser
RNG	Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede
SAB	Suid-Afrikaanse Biblioteek
SABW	Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek
SA Comm Advt	South African Commercial Advertiser
SATJ	South African Trade Journal and Shipping Gazette
SESA	Standard Encyclopaedia of Southern Africa
vol	volume

BRONNE

1. BOEKE EN TYDSKRIFARTIKELS

Agar-Hamilton, J.A.I.

1976 Robert Gray (Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, Deel I), Kaapstad.

Altick, R.D.

1974 Victorian people and ideas, Londen.

Amphlett, G.T.

1914 History of the Standard Bank of South Africa Ltd. 1862-1913, Glasgow.

Anoniem

1850 Pioneers of South African municipal government XIV: Charles William Black of Mossel Bay (The South African Municipal Magazine, Mei 1850).

Anoniem

1857 Tristan D'Acunha (The Mission Field, Januarie 1857).

Anoniem

1891 South African import houses III (South African Trade Journal and Shipping Gazette, Desember 1891).

Anoniem

1892 General description of the town and district of Mossel Bay, an unjustly neglected port and undeveloped watering place and health resort. Mossel Bay, uitgegee vir die South African and International Exhibition, Kimberley.

Anoniem

- 1957 Mossel Bay library 100 years old (South African Libraries, Januarie 1957).

Anoniem

- 1959 'n Geskiedkundige oorsig 1859-1909-1959 (Halfeeu-gedenkblad van die Hoërskool Punt, 1909-1959).

Anoniem

- 1960 La Rochelle Paarl, 1860-1960, uitgegee by geleentheid van die eeufees van die La Rochelle Meisieskool, Paarl.

Anoniem

- 1969 Prince Vintcent (Perspective, the South African Monthly Review, Julie 1969).

Appel, A.

- 1979 Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu: 'n sosio-historiese studie (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth).

Aronson, J.

- 1965 Encyclopedia of furniture, Londen.

Avery, G.

- 1970 Victorian people in life and in literature, Londen.

Blount, E.

- 1821 Notes on the Cape of Good Hope, made during an excursion in that colony in the year 1820, Londen.

Boëseken, A.J.

- 1983 Van oorloë en vrede onder die suidersterre, 1795-1910, Kaapstad.

Bolsmann, E. H.

- 1978 voorwoord The Mount Nelson, Pretoria.

Booyens, B.

- 1982 Nagmaalsnaweek deur die jare: 'n Kerkhistoriese studie,

Br.

Kaapstad.

Botha, C.G.

- 1918a The origin and early history of our roads (Motoring in South Africa, 1.4.1918).

Botha, C.G.

- 1918b The origin and early history of our roads (Motoring in South Africa, 1.6.1918).

Botha, C.G.

- 1919 The origin and early history of our roads (Motoring in South Africa, 1.2.1919).

Brock, B.B. & Brock, B.G.

- 1976 Historical Simon's Town, Kaapstad.

Brookes, E. H.

- 1981 T.L. Schreiner (Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, Deel IV), Pretoria.

Brown, W.E.

- 1960 The Catholic Church in South Africa from its origins to the present day, Londen.

Bryden, H.A.

- 1897 The Victorian Era in South Africa. A short history of progress from the Cape to British Central Africa during her Majesty's reign, 1837-1897, Londen.

Buckle, D.

- 1986 The Vintcents of Mossel Bay (gp).

Burchell, S.C.

- 1967 Age of progress, Time-Life International, Nederland.

Burrows, E. H.

- 1952 Overberg Outspan: A chronicle of people and places in the South Western Districts of the Cape, Kaapstad.

Burton, E.

1972 The early Victorians at home, 1837-1861, Londen.

Cape Government Railway Departement

1909 Cape Colony to-day, Kaapstad.

Cillié, P.J.

1967 The conditions for a free, vigorous and responsible press in South Africa (The Newspaper in South Africa. Issued by the Board of Extra Mural Studies, University of Cape Town), Kaapstad.

Cranfield, G.A.

1978 The press and society: From Caxton to Northcliff, Londen.

Davids, J.J.

1960 The history and development of the education of the Coloured people in the George- Knysna area up to 1952 (Ongepubliseerde B.Ed-skripsie, Universiteit van Kaapstad).

De Kock, M. H.

1924 Selected subjects in the Economic History of South Africa, Kaapstad.

De Kock, V.

1955 The fun they had! The pastimes of our forefathers, Kaapstad.

De Kock, W.

1983 'n Wyse van spreke: Die ontstaan van die pers in Suid-Afrika, Kaapstad.

Du Plessis, D.B.

1976 History and development of the Port of Mossel Bay (The Civil Engineer in South Africa, Februarie 1976).

Du Toit, P.J.

1988 Amateurtoneel in Suid-Afrika, Pretoria.

Du Toit, P.S.

1976 Onderwys in Kaapland 1652-1975: 'n Historiese oorsig,
Pretoria.

Encyclopaedia Britannica Micropaedia (10 dele)

1974 Chicago, 15de uitgawe.

Encyclopaedia Britannica Macropaedia (19 dele)

1974 Chicago, 15de uitgawe.

Evans, J.

1966 The Victorians, Cambridge.

Fall, R.G.

1918 History of golf at the Cape, Kaapstad.

Franklin, M.

1975 The story of Great Brak River, Kaapstad.

Fransen, H. & Cook, M.A.

1980 The old buildings of the Cape, Kaapstad.

Fry, P.S.

1976 2 000 Years of British life. A social history of
England, Wales, Scotland and Ireland, Londen.

Gibson, A.G.S. (red)

1900 voorwoord Sketches of church work and life in the Diocese
of Capetown, Kaapstad.

Goodwin, A.J. H. & Malan, B.D.

1935 Archaeology of the Cape St. Blaize cave and raised
beach, Mossel Bay (Annals of the South African Museum),
Augustus 1935.

Gottschling, E.F.

1896 Mosselbay (Berliner Missions-Berichte, Januarie 1896).

Gray, C. (red)

1876 Life of Robert Gray Bishop of Cape Town and
Metropolitan of Africa, Deel II, Londen.

Gray, R.

1856 Three months' visitation in the autumn of 1855 with an
account of his voyage to the Island of Tristan
D'Achuna, in March, 1856, Londen.

Grobler, V.

1977 The history of dentistry in South Africa 1652-1900,
Kaapstad.

Grütter, W. & Van Zyl, D.J.

1982 Die verhaal van Suid-Afrika, Kaapstad.

Haasbroek, P.G.

1941 George's fascinating 130 years of history (Cape
Times, 28.5.1941).

Hattersley, A.F.

1969 An illustrated social history of South Africa,
Kaapstad.

Hawes, W.

1859 A description of the Cape Colony: Its products and
resources, Londen.

Hayward, H. (red)

1965 World furniture, New York.

Heese, J.A.

1986 Suid-Afrikaanse geslagregisters, Deel I, Pretoria.

Hern, A.

1967 The seaside holiday: The history of the English
seaside resort, Londen.

Hugo, A.M.

1972 Carl Otto Hager (Suid-Afrikaanse biografiese

woordeboek, Deel II), Kaapstad.

Ingpen, B. en Pabst, R.

1985 Maritime South Africa; A pictorial history, Kaapstad.

Jonathan

1898/99 Van Uniondale naar Mosselbaai (Ons Tijdschrift, 1898/1899).

Joyce, P. (red)

1981 South Africa's yesterdays, Kaapstad.

Jurgens, A.A.

1943 inleid. The handstruck letter stamps of the Cape of Good Hope from 1792 to 1853 and the postmarks from 1853 to 1910, Kaapstad.

Kapp, P. H. ea

1984 Geschiedenis van die Westerse beskawing Deel II: Van Rewolusie tot wêreldoorlog, Pretoria.

Kemp, P.

1988 The Oxford companion to ships and the sea, Oxford.

Kennedy, R.F.

1967 Catalogue of pictures in the Africana Museum, Deel III, Johannesburg.

Laidler, P.W.

1937 History of medicine II (S.A. Medical Journal, 10 Julie 1937).

Laidler, P.W.

1939 The growth and government of Cape Town, Kaapstad.

Laidler, P.W.

1952 A tavern of the ocean, Kaapstad.

Laidler, P.W. & Gelfand, M.

1971 South Africa: its medical history 1652-1898, Kaapstad.

Lastovica, E.

- 1987 Sequah, a Quack in Nineteenth Century Cape Town (Cabo, 1987).

Laurence, P.

- 1930 The life of John Xavier Merriman, Londen.

Laws, H.W.

- 1861 Mossel Bay as a harbour of refuge (The Nautical Magazine and Naval Chronicle, November 1861).

Leverton, B.J.T.

- 1977 Sir John Coode (Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, Deel III), Kaapstad.

Lindsay, D. & Washington, E.S.

- 1967 A portrait of Britain between the exhibitions, 1851-1951, Londen.

Long, U.

- 1947 An index to authors of privately owned manuscripts relating to the history of South Africa, Londen.

Luckin, M.W.

- 1915 The history of South African cricket, Johannesburg.

Malherbe, E.G.

- 1925 Education in South Africa (1652-1922), Kaapstad.

Merchant, E.

- 1979 Centenary of St. Peter's Church, Mossel Bay 1879-1979, (Nuusbrief), (gp).

Muller C.F.J. ea

- 1979 South African history and historians: A bibliography, Pretoria.

Murray, M.

- 1933 Ships and South Africa: A maritime chronicle of the Cape with particular reference to mail and passenger

liners from the early days of steam down to the present, Londen.

Murray, M.

1953 Union-Castle chronicle 1853-1953, Londen.

Nel, D.E.

1947 Die hawe en fabrieksnywerhede van Mosselbaai
(Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch).

Newman, W.A.

1855 Biographical memoir of John Montagu, Londen.

Oberholster, J.A.S.

1956 Die Gereformeerde Kerke onder die kruis in Suid-Afrika: hul ontstan en ontwikkeling, Kaapstad.

Pama, C.

1977 Bowler's Cape Town. Life at the Cape in early Victorian times 1834-1868, Kaapstad.

Parkes, M. en Williams, V.M.

1988 Knysna the forgotten port: The maritime story, tweede druk, Knysna.

Pells, E.G.

gd. European, Coloured and native education in South Africa 1652-1938, Kaapstad.

Phillip, P.

1981 British residents at the Cape 1795-1819: Biographical records of 4 800 pioneers, Kaapstad.

Phillips, J. & P.

1978 The Victorians at home and away, Londen.

Picard, H.W.J.

1969 Grand Parade: the birth of Greater Cape Town 1850-1913, Kaapstad.

Picton-Seymour, D.

- 1977 Victorian buildings in South Africa 1850-1910,
Kaapstad.

Picton-Seymour, D.

- 1989 Historical buildings in South Africa, Kaapstad.

Playne, S.

- 1910 Cape Colony: It's history, commerce, industries, and resources, Londen.

Raubenheimer, H.P.M.

- 1943 Die distrik George en die dorpe George en Mosselbaai
(Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch).

Reader, W.J.

- 1974 Victorian England, Londen.

Redgrave, J.J.

- 1947 Port Elizabeth in bygone days, Wynberg.

R. H.J.

- 1982 Medicine man (Africana Notes and News, Maart 1982).

Rosenthal, E.

- 1977 Fish horns and hansom cabs: Life in Victorian Cape Town, Johannesburg.

Rosenthal, E.

- 1975 voorwoord Victorian South Africa, Kaapstad.

Rossouw, F.

- 1987 South African printers and publishers 1795-1925,
Kaapstad.

Sansom, W.

- 1974 Victorian life in photographs, Londen.

Scheffler, H.

- 1976 Die kulturele lewe van die diamantdelfwers te Kimberley

van 1870 tot 1890 (Ongepubliseerde MA-verhandeling,
Universiteit van Pretoria).

Scheffler, H.

1986 Die Munro's van Munrohoek, Mosselbaai (Restorica, April
1986).

Scheffler, H.

1987 Mosselbaaise kapel eerste Suid-Afrikaanse kerk (Die
Burger, 13.4.1987).

Scheffler, H.

1988a Mosselbaai -- van ankerplek tot Victoriaanse hawedorp
(Lantern, Januarie 1988).

Scheffler, H.

1988b Crozierhuis het lang geskiedenis (Die Burger,
18.7.1988).

Scheffler, H.

1988c Die redding van die Huijs te Marquette (De Kat, Julie
1988).

Shaw, G.

1975 Some beginnings: The Cape Times (1876-1910), Kaapstad.

Snymann, J. H.

1979 Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902, (Argiefjaarboek
vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Deel II), Pretoria.

Special Commissioner

1893a Mossel Bay (The South African Trade Journal and Shipping Gazette, Februarie 1893).

Special Commissioner

1893b Mossel Bay (The South African Trade Journal and
Shipping Gazette, Maart 1893).

Speigh, W.L.

1966 Rare shells lie on Mossel Bay beach (The 1820,

Februarie 1966).

Stals, E.L.P.

- 1961 George; Die verhaal van die dorp en distrik,
Stellenbosch.

Standard Encyclopaedia of Southern Africa, Deel IV

- 1971 eerste uitgawe, Kaapstad.

Standard Encyclopaedia of Southern Africa, Deel IX

- 1973 eerste uitgawe, Kaapstad.

Stander, S.

- 1988 Mosselbaai 500, Mosselbaai.

Stern, M.F.

- 1970 The early postal history and postage stamps of the Cape of Good Hope (Old Cape: Lectures given in a course at the University of Cape Town's Public Summer School, January -- February, 1970).

Steyn, G.F.

- 1945 Eeufees-gedenkboek N.G. Gemeente, Mosselbaai 1845-1945,
Mosselbaai.

Stroebel, A.C.

- 1969 'n Ekonomiese ondersoek na vervoer-fasilitete in Suid-Kaapland met besondere verwysing na die belangrikheid van Mosselbaaihawe (Ongepubliseerde M.Comm-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch).

Strutt, D. H.

- 1975 Fashion in South Africa, 1652-1900: An illustrated history of styles and materials for men, women and children, with notes on footwear, hairdressing, accessories and jewellery, Kaapstad.

Strydom, M.J.

- 1976 Henricus Hubertus Juta (Suid-Afrikaanse biografiese

woordeboek, Deel I), Kaapstad.

Tapson, W.

1961 A history of the Diocese of George, published in commemoration of the Golden Jubilee of the foundation of the Diocese of George 1911-1961, George.

Tingsten, H.

1972 Victoria and the Victorians, Londen.

Trumpelmann, G.P.J.

1976 Herman Theodor Wangemann (Suid-Afrikaanse biografiese woerdeboek, Deel I), Kaapstad.

Turner, M.

1988 Shipwrecks and salvage in South Africa 1505 to the present, Kaapstad.

Van der Merwe, P.J.

1937 Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770-1842), Den Haag.

Van der Merwe, W.

1982 Die Berlynse Sending in Suid-Afrika (Lantern, Desember 1982).

Wangemann, H.T.

1886 Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika, Berlyn.

Widdicombe, J.

1915 Memories and musings, Londen.

Williams, F.

1969 The right to know, Londen.

Wright, L.

1960 2de druk Clean and decent, the fascinating history of the bathroom and the water closet and sundry habits, fashions & accessories of the toilet principally in Great Britain, France & America,

Londen.

Zöllner, L. & Heese, J.A.

1984 Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag,
 Pretoria.

2. PERIODIEKE PUBLIKASIES

Beaufort Courier, 18.2.1876

The Cape Argus, 10.3.1858

The Cape Argus, 30.10.1858

The Cape Argus, 21.12.1858

The Cape Argus, 1862 -- 1863

The Cape Argus, 17.10.1871

The Cape Argus, 23.3.1876

The Cape Argus, 11.4.1962

The Cape Chronicle, 22.2.1861

The Cape Chronicle, 31.1.1862

The Cape Times, 28.8.1877

The Cape Times, 9.3.1883

The Cape Times, 1.10.1894

The George Advertiser, (1864 - 1870)

George and Knysna Herald, 19.4.1882

George and Knysna Herald, 2.7.1884

George and Knysna Herald, 16.11.1887

George and Knysna Herald, 21.11.1888

George and Knysna Herald, 16.11.1892

George and Knysna Herald, 18.11.1896

George and Knysna Herald, 6.1.1897

George and Knysna Herald, 12.10.1910

George and Knysna Herald, 9.11.1910

George and Knysna Herald, 14.10.1925

The Mossel Bay Advertiser, (1871 - 1902)

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 16.12.1879

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 20.1.1880

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 2.11.1880

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 7.12.1880

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 7.6.1881

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 15.2.1888

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 11.7.1888

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 14.8.1888

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 9.10.1888

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 23.6.1892

The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend, 12.12.1893

The Oudtshoorn Tribune, 2.2.1882

The Oudtshoorn Tribune, 29.6.1882

The Oudtshoorn Tribune, 22.2.1883

The Oudtshoorn Tribune, 12.4.1883

Overberg Courant, 7.3.1860

Overberg Courant, 15.4.1863

Overberg Courant, 16.12.1863

Overberg Courant, 7.12.1864

South African Commercial Advertiser, 20.11.1856

South African Commercial Advertiser, 30.5.1857

The South African Illustrated News, 10.5.1884

The South African Trade Journal and Shipping Gazette, August 1892

The South African Trade Journal and Shipping Gazette, February 1893a

The South African Trade Journal and Shipping Gazette, March 1893b

Standard and Mail, 15.2.1876

Het Suid Western, 16.6.1976

Uitenhage Times, 18.2.1876

Union Line Gazette, Januarie 1897

De Zuid-Afrikaan, 31.12.1873

3. HISTORIESE MANUSKRIPTE

Bartolomeu Dias-museum, Mosselbaai:

Early Municipal Letters 1852-1859

Early Municipal Letters, Complaints 21.12.1864

File L2 Commerce (Firms Closed)

File A2 History

File A3 History

Kaart van Mosselbaai, C.1859, geen nommer

Br.

Foto-versameling

J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch:

Strömsöe, K.: The origins and development of early Cape material culture: A research project by the S.A. Cultural History Museum, Kaapstad

Lutherse kerkargief, Kimberley:

Ecker, F.W.: Kroniek van die Sendingstasie te Mosselbaai (gd). 'n Vertaling deur J.C. Scheffler is gebruik.

Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Kaapstad:

An Annotated Survey of Buildings of Architectural, Historical and Contextual Importance in the Central Area of Mossel Bay, 1985 (ongepubliseerde verslag)
Lêer 3/K/Kaa/77

Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad

Album 9

Coats, P.R.: The Cape Town English press index for the year 1871 & 1872

Craill, P.: George (Cape Province) and surrounding districts; information extracted and collected by Peter Craill from archives, private and church records, newspapers, books of travel and other sources, c.1680-c.1966; MSC 6

Fairbridge, W.E.: "Fairbridge cards"

Hudson, J.F.: Diary en route to South Africa in 1837

Merriman, A.: Diaries, notebook and account book 1867-1892, MSC 14

Rex family manuscript, MSC 9 (Journal of Thomas Henry Duthie 1847-1849 and Br.)

Journal for 1832)

Vintcent family papers 1859-1926, MSC 512

4. REGERINGSPUBLIKASIES

Blue-Book for the Colony of the Cape of Good Hope 1858-1879, Kaapstad.

Cape of Good Hope Almanacs 1801-1802; 1804-1887, Kaapstad.

Cape of Good Hope index to the Government Gazette of the Cape of Good Hope for
the half year ended 31st December, 1881, Kaapstad, 1882.

Cape of Good Hope index of Government proclamations and notices 1803 - 1881,
Kaapstad, gd.

Cape of Good Hope index of Government proclamations and notices 1881 - 1891,
Kaapstad, 1891.

Cape of Good Hope index of Government proclamations and notices 1891 - 1901,
Kaapstad, 1902.

Cape of Good Hope Government Gazette, 29.6.1848

Cape of Good Hope Government Gazette, 15.2.1849

Cape of Good Hope Government Gazette, 8.11.1849

Cape of Good Hope Government Gazette, 2.5.1850

Cape of Good Hope Government Gazette, 30.5.1850

Cape of Good Hope Government Gazette, 23.1.1851

Cape of Good Hope Government Gazette, 27.3.1851,

Cape of Good Hope Government Gazette, 11.12.1851

Cape of Good Hope Government Gazette, 15.7.1852

Cape of Good Hope Government Gazette, 29.1.1864

Cape of Good Hope Government Gazette, 12.4.1864

Cape of Good Hope Government Gazette, 7.2.1868

Cape of Good Hope Government Gazette, 30.9.1870

Cape of Good Hope Government Gazette, 31.7.1877

G.14 1893 Reports of District Surgeons

G.24 1895 Reports of District Surgeons

G.55 1896 Reports of District Surgeons

G.48 1898 Reports of District Surgeons

Municipality of Mossel Bay, Bye-Laws and regulations, 1884, Kaapstad.

Municipality of Mossel Bay, Rules of order and bye-laws and regulations of Mossel Bay, 1899, Mosselbaai.

5. ARGIVALE BRONNE

Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad

Bataafse Republiek (BR)

BR 550 Dagverhale (1) Goewerneur Janssens se reis na Mosselbaai en omgewing, 1804: 15.

Colonial Office (CO)

CO 2918 Letters received from Resident Magistrates, 1855

CO 2943 Letters received from Resident Magistrates, M-O, 1857

CO 2957 Letters received from Civil Commissioners, M-N, 1858

CO 2984 Letters received from Resident Magistrates, 1859

CO 4027 Memorials received S-Z, 1845

CO 4057 Memorials received T-Z, 1850

Archives of the Magistrate District Mossel Bay (1/MBA)

1/MBA 3/1/7/1/1 Letters received (Miscellaneous) 1864-1907

1/MBA 4/1/1/2/1 Letters Despatched (Departements and Miscellaneous) 1848-1854

Argiefbiblioteknommer 7028: 'n Kort skets van Hartenbos, die landgoed van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (SAS & H); opgestel vir die Van Riebeeckfeesvierings, Maart-April 1952

Inventaris 5/16/13: Vrymesselary

Kaarte

M1/1435 Plan of Old Town Hall, 1931

M1/3267 Mossel Bay harbour and railways, with bay and land reclaimed, gd

M1/3269 Mossel Bay, showing coastline with soundings, gd

M1/3270 Mossel Bay, showing factory and business areas, roads etc., gd

M2/211 Mossel Bay, showing lighthouse and adjacent country and soundings of the bay. F. Skead, C.P. Watermeyer, B.J. May, 1864

M3/563 Admiralty chart, J. Dayman, F. Skead, D.J. May, W. Stanton, 1867

M3/1910 Divisional map, field cornetcies, farms, Cape Vacca, Flesh, Fish Bays, Mossel Bay village, 1890

M3/3245 Map of Col. Division of Mossel Bay, received from Surveyor General, gd

M4/212 Mossel Bay, gd

M4/854 Aliwal South, Mossel Bay -- Municipal Water Supply: Kleinbosch Scheme, General Plan, P. Gerrand, 1882

Foto's

AG 16350.1-.3

Br.

AG 16351.1-.3

AG 16352

AG 16353.1-.4

J 2803

Aktekantoor, Kaapstad

Mosselbaai Erfregister vol 4: 2871

Mosselbaai Erfregister vol 4: 2877

Mosselbaai Erfregister vol 4: 2969

Mosselbaai Erfregister vol 4: 2983

Mosselbaai Erfregister vol 4: 3022

Mosselbaai Erfregister vol 4: 3027

Mosselbaai Erfregister vol 4: 3067

Mosselbaai Erfregister vol 4: 3100

Mosselbaai Erfregister vol 5: 3108

Mosselbaai Erfregister vol 5: 3130

Mosselbaai Erfregister vol 5: 3390

George Freeholds vol 1-14 (6.9.1814 -- 8.4.1858)

Mossel Bay Freeholds vol 1-3 (21.12.1858 -- 31.10.1919)

Transfers vol 28: 455 1/2, 17.12.1863

Transfers vol 28: 457, 29.6.1864

Transfers vol 195: 9704

Transfers vol 299: 80, 2.5.1828

Transfers vol 752: 33, 4.1.1849

Persoonlike mededelings

Barnett, Barbara

1989 Pinelands, Kaapstad.

Delport, adj. V.

1989 Vlootkollege, Gordonsbaai.

Lloyd-Jones, eerw. D.

1988 St. George-katedraal, Kaapstad.

Powrie, J.A.E.

1989 Froggy Pond, Simonstad.

Scheffler, J.C.

1989 Santos Haven, Mosselbaai.

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30	31	32	33	34	35	36	37	38	39	40	41	42	43	44	45	46	47	48	49	50	51	52	53	54	55	56	57	58	59	60	61	62	63	64	65	66	67	68	69	70	71	72	73	74	75	76	77	78	79	80	81	82	83	84	85	86	87	88	89	90	91	92	93	94	95	96	97	98	99	100	101	102	103	104	105	106	107	108	109	110	111	112	113	114	115	116	117	118	119	120	121	122	123	124	125	126	127	128	129	130	131	132	133	134	135	136	137	138	139	140	141	142	143	144	145	146	147	148	149	150	151	152	153	154	155	156	157	158	159	160	161	162	163	164	165	166	167	168	169	170	171	172	173	174	175	176	177	178	179	180	181	182	183	184	185	186	187	188	189	190	191	192	193	194	195	196	197	198	199	200	201	202	203	204	205	206	207	208	209	210	211	212	213	214	215	216	217	218	219	220	221	222	223	224	225	226	227	228	229	230	231	232	233	234	235	236	237	238	239	240	241	242	243	244	245	246	247	248	249	250	251	252	253	254	255	256	257	258	259	260	261	262	263	264	265	266	267	268	269	270	271	272	273	274	275	276	277	278	279	280	281	282	283	284	285	286	287	288	289	290	291	292	293	294	295	296	297	298	299	300	301	302	303	304	305	306	307	308	309	310	311	312	313	314	315	316	317	318	319	320	321	322	323	324	325	326	327	328	329	330	331	332	333	334	335	336	337	338	339	340	341	342	343	344	345	346	347	348	349	350	351	352	353	354	355	356	357	358	359	360	361	362	363	364	365	366	367	368	369	370	371	372	373	374	375	376	377	378	379	380	381	382	383	384	385	386	387	388	389	390	391	392	393	394	395	396	397	398	399	400	401	402	403	404	405	406	407	408	409	410	411	412	413	414	415	416	417	418	419	420	421	422	423	424	425	426	427	428	429	430	431	432	433	434	435	436	437	438	439	440	441	442	443	444	445	446	447	448	449	450	451	452	453	454	455	456	457	458	459	460	461	462	463	464	465	466	467	468	469	470	471	472	473	474	475	476	477	478	479	480	481	482	483	484	485	486	487	488	489	490	491	492	493	494	495	496	497	498	499	500	501	502	503	504	505	506	507	508	509	510	511	512	513	514	515	516	517	518	519	520	521	522	523	524	525	526	527	528	529	530	531	532	533	534	535	536	537	538	539	540	541	542	543	544	545	546	547	548	549	550	551	552	553	554	555	556	557	558	559	550	551	552	553	554	555	556	557	558	559	560	561	562	563	564	565	566	567	568	569	570	571	572	573	574	575	576	577	578	579	580	581	582	583	584	585	586	587	588	589	590	591	592	593	594	595	596	597	598	599	600	601	602	603	604	605	606	607	608	609	610	611	612	613	614	615	616	617	618	619	620	621	622	623	624	625	626	627	628	629	630	631	632	633	634	635	636	637	638	639	640	641	642	643	644	645	646	647	648	649	650	651	652	653	654	655	656	657	658	659	660	661	662	663	664	665	666	667	668	669	660	661	662	663	664	665	666	667	668	669	670	671	672	673	674	675	676	677	678	679	680	681	682	683	684	685	686	687	688	689	690	691	692	693	694	695	696	697	698	699	700	701	702	703	704	705	706	707	708	709	710	711	712	713	714	715	716	717	718	719	720	721	722	723	724	725	726	727	728	729	730	731	732	733	734	735	736	737	738	739	730	731	732	733	734	735	736	737	738	739	740	741	742	743	744	745	746	747	748	749	750	751	752	753	754	755	756	757	758	759	750	751	752	753	754	755	756	757	758	759	760	761	762	763	764	765	766	767	768	769	770	771	772	773	774	775	776	777	778	779	770	771	772	773	774	775	776	777	778	779	780	781	782	783	784	785	786	787	788	789	790	791	792	793	794	795	796	797	798	799	800	801	802	803	804	805	806	807	808	809	800	801	802	803	804	805	806	807	808	809	810	811	812	813	814	815	816	817	818	819	810	811	812	813	814	815	816	817	818	819	820	821	822	823	824	825	826	827	828	829	820	821	822	823	824	825	826	827	828	829	830	831	832	833	834	835	836	837	838	839	830	831	832	833	834	835	836	837	838	839	840	841	842	843	844	845	846	847	848	849	840	841	842	843	844	845	846	847	848	849	850	851	852	853	854	855	856	857	858	859	850	851	852	853	854	855	856	857	858	859	860	861	862	863	864	865	866	867	868	869	860	861	862	863	864	865	866	867	868	869	870	871	872	873	874	875	876	877	878	879	870	871	872	873	874	875	876	877	878	879	880	881	882	883	884	885	886	887	888	889	880	881	882	883	884	885	886	887	888	889	890	891	892	893	894	895	896	897	898	899	890	891	892	893	894	895	896	897	898	899	900	901	902	903	904	905	906	907	908	909	900	901	902	903	904	905	906	907	908	909	910	911	912	913	914	915	916	917	918	919	910	911	912	913	914	915	916	917	918	919	920	921	922	923	924	925	926	927	928	929	920	921	922	923	924	925	926	927	928	929	930	931	932	933	934	935	936	937	938	939	930	931	932	933	934	935	936	937	938	939	940	941	942	943	944	945	946	947	948	949	940	941	942	943	944	945	946	947	948	949	950	951	952	953	954	955	956	957	958	959	950	951	952	953	954	955	956	957	958	959	960	961	962	963	964	965	966	967	968	969	960	961	962	963	964	965	966	967	968	969	970	971	972	973	974	975	976	977	978	979	970	971	972	973	974	975	976	977	978	979	980	981	982	983	984	985	986	987	988	989	980	981	982	983	984	985	986	987	988	989	990	991	992	993	994	995	996	997	998	999	990	991	992	993	994	995	996	997	998	999	1000	1001	1002	1003	1004	1005	1006	1007	1008	1009	1000	1001	1002	1003	1004	1005	1006	1007	1008	1009	1010	1011	1012	1013	1014	1015	1016	1017	1018	1019	1010	1011	1012	1013	1014	1015	1016	1017	1018	1019	1020	1021	1022	1023	1024	1025	1026	1027	1028	1029	1020	1021	1022	1023	1024	1025	1026	1027	1028	1029	1030	1031	1032	1033	1034	1035	1036	1037	1038	1039	1030	1031	1032	1033	1034	1035	1036	1037	1038	1039	1040	1041	1042	1043	1044	1045	1046	1047	1048	1049	1040	1041	1042	1043	1044	1045	1046	1047	1048	1049	1050	1051	1052	1053	1054	1055	1056	1057	1058	1059	1050	1051	1052	1053	1054	1055	1056	1057	1058	1059	1060	1061	1062	1063	1064	1065	1066	1067	1068	1069	1060	1061	1062	1063	1064	1065	1066	1067	1068	1069	1070	1071	1072	1073	1074	1075	1076	1077	1078</td

